Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van ’n onderhandelde skikking. ’n Stelsel-analities en politiek strategiese perspektief

JPG Bosman
orcid.org/0000-0002-5781-078X

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Artium in Politieke Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. André Duvenhage

Gradeplegtigheid: Mei/Junie 2023
Studentenommer: 11641495

VERKLARINGS

Ek, Jan Pieter Georg Bosman, verklaar hiermee dat die studie: *Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van ’n onderhandelde skikking. ’n Stelsel-analities en politiek-strategiese perspektief / The Afrikaner Broederbond and the establishment of a negotiated settlement. A system-analytical and political-strategic perspective,* my eie werk is en dat al die bronne wat ek gebruik het, ten volle erken en beskryf is.

GETEKEN: JPG Bosman DATUM: 25 November 2022

ERKENNINGS

Graag gee ek hiermee erkenning aan die volgende persone en instansies:

My familie, veral my vrou Marike en kinders, wat soms my afwesigheid en frustrasie met die deeltydse studie moes duld.

My studieleier, Prof. André Duvenhage, wat my op elke vlak vergesel het met advies en soms streng leiding.

Mnr. Dries Wiese, voorsitter van die Afrikanerbond, wat my aangemoedig het om my horisonne te verbreed, deur verdere studie. Dank ook aan die Afrikanerbond wat vir my studietyd afgestaan het.

Die lede en nie-lede met wie ek onderhoude kon voer om nuwe perspektiewe te kry of om onduidelikhede op te klaar en by wie ek soms nuwe leidrade ontvang het waarmee ek kon werk.

Mev. Zabeth Botha by die Erfenisstigting, waar die Afrikaner-Broederbond se argief bewaar word, het dikwels gehelp om dokumente op te spoor.

Beide die Afrikanerbond en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat dit finansieel moontlik gemaak het om oor twee jaar die voorgeskrewe voorbereidende kursus en studie te kon doen en verpligtinge na te kom.

Die Hemelse Vader, wat aan my die deursettingsvermoë en motivering gegee het om ’n onafgehandelde taak na 30 jaar uiteindelik weer op te neem en af te handel.

OPSOMMING

Die beëindiging van apartheid deur die onderhandelde skikking tussen politieke rolspelers, wat gelei het tot die nuwe Suid-Afrikaanse politieke bedeling, word allerweë as ’n merkwaardige proses beskou. Die proses het nietemin nie in ’n vakuum gebeur nie en daar is ander rolspelers, buite die politieke omgewing, wat ’n pertinente rol gespeel het in die verandering in denke in die Afrikaner establishment om ’n klimaat te skep waarbinne staatkundige hervormings kon plaasvind. Een van die rolspelers was die Afrikaner-Broederbond. Die studie lig die rol van die Afrikaner-Broederbond uit binne ’n stelsel-analitiese perspektief. Die Afrikaner-Broederbond se rol binne die voorbereiding van denke in Afrikanergeledere en beïnvloeding van die stelsel, met spesifieke verwysing na die Nasionale Party en regering, word metodologies en teoreties ontwikkel volgens Easton se stelsel-analitiese benadering wat besonder waardevol is vanuit ’n polities-staatkundige perspektief.

Sedert sy stigting, het Die Afrikaner-Broederbond hom op verskeie oomblikke in sy bestaan in die politieke staatkundige dampkring bevind. Die Afrikaner-Broederbond, wat aanvanklik as kultuur- en Afrikanerbelange-organisasie gevestig is, het toenemend as Afrikaner dinkskrum vir die Nasionale Party opgetree en na die 1948 verkiesing, ook vir die Nasionale Party in regering. Dit word in die studie uitgelig en bespreek. Die republikeinse ideaal van die Afrikaner-Broederbond kon hierdeur verwesenlik word, maar die Afrikaner-Broederbond het toenemend betrokke geraak in die ontwikkeling van apartheid, wat skeidingsmaatreëls afgedwing het in ’n poging om die wit bevolking, meer spesifiek Afrikaners te beskerm.

Die Afrikaner-Broederbond was in die 1980’s en vroeë 1990’s integraal deel van ’n politieke stelsel, wat gedefinieer word as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend vir ’n gemeenskap toebedeel word. Die studie is toegespits op die stelsel-analise wat funksioneer in ’n omgewing wat deur verskeie interne en buite-faktore beïnvloed word, waaronder ekonomiese, maatskaplike en ekologiese substelsels. Die politieke stelsel reageer op eise aan die insetkant wat soms ekonomies, soms kultureel en soms sosiaal-maatskaplik is. Soms is die eise van so ’n aard dat dit die stabiliteit van die stelsel bedreig, wat bepaald die geval was in die 1980’s. Al die faktore wat aanwesig was en ’n effek op die voortgesette stabiliteit gehad het word in die studie uitgelig. Die stelsel kan deur die nodige aanpassings te maak reageer op die eise om sodoende weer stabiliteit teweeg te bring. Deur die direkte en indirekte ondersteuning van die Nasionale Party in die 1980’s en vroeë 1990’s het die Afrikaner-Broederbond as ’n Afrikanerbelange-organisasie en dinkskrum aan die insetkant tot die stelsel ’n pertinente rol gespeel. Deur insette tot die stelsel en deur die interaksie met die regering, is

beleid aan die uitsetkant beïnvloed. In die stelsel is terugvoer gegee aan lede, wat oorwegend die kiesers van die Nasionale Party was.

Toe dit blyk dat die Nasionale Party-regering in 1985 stagneer met hervormings het die Afrikaner-Broederbond leiding geneem om Afrikanerdenke te begin beïnvloed en sodoende 'n omgewing geskep waarbinne die aard en omvang van hervormings momentum kon kry. Die studie neem die tydperk in oorweging en verwys na een van die belangrikste, indien nie dié belangrikste nie, beleidsdokumente van die AB. Die dokument, *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner,* wat teen November 1986 aan afdelings gestuur is, het ongetwyfeld 'n skeiding in denke oor die staatkundige rigting verteenwoordig. Hiermee is die Rubicon oorgesteek.

Die dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* was 'n raamwerk dokument. 'n Aantal standpunte is verder ontwikkel, waaronder *Konsepriglyne vir die Staatkundige gesprek.* Ondersoeke na moontlike staatkundige modelle is gedoen en word aan die hand van interne beleidsdokumente verder in die studie toegelig.

Die Afrikaner-Broederbond het vir homself 'n rol gesien in die staatkundige prosesse wat moes volg onderweg na 'n onderhandelde skikking. Die rol, soos deur die studie aangetoon, het nie gematerialiseer nie en die Afrikaner-Broederbond is in werklikheid deur die Nasionale Party gemarginaliseer en uitgesluit van die skikking en die voorafgaande prosesse tot die skikking. Met die oog op die studie het die Afrikaner-Broederbond se rol wat in 1986 begin het, uiteindelik geëindig met die ondersteuning van die 1992-referendum. Ook die ondersteuning was voorwaardelik, want die studie lig uit dat daar verwagtinge na aanleiding van ondernemings was oor 'n opvolg referendum, waarin die wit bevolking se steun en mening getoets sou word rakende die finale voorstelle tot 'n grondwetlike bedeling wat uit die onderhandelde skikking sou volg.

Die Afrikaner-Broederbond het deur omvattende polities-staatkundige voorstelle bloot die klimaat help skep vir die Afrikaner establishment om apartheid te beëindig. Dit word in die studie bevestig. Die voorstelle en die voorafgaande interaksie met die ANC het 'n politieke klimaat help skep waarbinne 'n onderhandelde skikking kon plaasvind. Die Afrikaner-Broederbond, wat voorstelle help ontwikkel het om bestaansvoorwaardes vir die Afrikaner te verseker, was nietemin nie deel van onderhandelinge nie en was aangewese op die Nasionale Party om sy belange te behartig. Die studie wys in die evaluering daarop dat daar nie net politieke prysgawe was nie, maar dat die bestaansvoorwaardes van die Afrikaner soos in 1986 voorsien is, ook in die proses prysgegee is. Vir 'n lang tydperk was daar 'n besonder noue

verwantskap tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond. In die kritieke periode van onderhandelinge het die Nasionale Party verkies om die pad van onderhandeling alleen te stap en nie kundige rolspelers uit die Afrikaner establishment of belangegroepe soos die Afrikaner-Broederbond te betrek nie. Daarom is Afrikanerbelange op die syspoor geplaas en was die skikking gevolglik ŉ elite-skikking tussen politieke partye.

Deur toegang tot interne dokumente, waaronder notules en ander besprekingsdokumente, sowel as onderhoude met rolspelers in en buite die organisasie in dié tyd, kon waardevolle insigte en perspektiewe ontwikkel word.

TREFWOORDE:
Afrikaner; Afrikaner-Broederbond; Afrikanerbelange; skikking; Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner; belangegroep; dinkskrum; onderhandelinge; referendum; stelsel-analise; onderhandelde skikking

ABSTRACT

The ending of apartheid through a negotiated settlement between political role players which led to the new South African political dispensation is widely regarded as a remarkable process. However, the process did not take place in a vacuum, and other role players outside the political environment played a pertinent role in changing mindsets within the Afrikaner establishment to create a climate within which political reforms could take place. One of these role players was the *Afrikaner-Broederbond*. The study highlights the role of the Afrikaner-Broederbond from a system-analytical perspective. The Afrikaner-Broederbond's role in preparing thinking in Afrikaner ranks and influencing the system, with specific reference to the National Party and government, is developed methodologically and theoretically within Easton's system-analytical approach, which is particularly valuable from a political perspective.

Since its establishment, the *Afrikaner-Broederbond* has found itself in the political arena at various junctures. The *Afrikaner-Broederbond*, which was initially established as an organisation to promote culture and Afrikaner interests, increasingly functioned as an Afrikaner think-tank for the National Party and, after the 1948 election, also for the National Party in government, as highlighted and discussed in the study. While the republican ideal of the *Afrikaner-Broederbond* could be realised through this, the *Afrikaner-Broederbond* became increasingly involved in the development of apartheid and its separation measures in an attempt to protect the white population and, more specifically, the Afrikaners.

In the 1980s and early 1990s, the *Afrikaner-Broederbond* was an integral part of a political system, which is defined as the interaction through which values are authoritatively attributed to a community. The study focuses on the system analysis that functions in an environment which is influenced by various internal and external factors, including economic, social and ecological subsystems. The political system then responds to demands on the input side, which are sometimes economic, sometimes cultural, and sometimes social. Sometimes the demands are of such a nature that they threaten the stability of the system, which was certainly the case in the 1980s. All of these factors that were present and that had an effect on continued stability are highlighted in the study. The system could respond to the demands by making the necessary adjustments in order to reinstate stability. Through the direct and indirect support of the National Party in the 1980s and early 1990s, the *Afrikaner-Broederbond* as an Afrikaner-interests organisation and think-tank, played a pertinent role on the input side of the system

and, through interaction with government, influenced policy on the output side. Feedback in the system was given to members who were predominantly also National Party voters.

When it appeared in 1985 that the National Party government's reform process was stagnating, the *Afrikaner-Broederbond* took the lead in influencing the Afrikaner mindset, thereby creating an environment within which the nature and extent of reform could gain momentum. The study takes this period into consideration, and refers to one of the more important, if not the most important, policy documents of the *Afrikaner-Broederbond*. The document, *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner / Basic Political Conditions for the Continuing Survival of the Afrikaner,* which was sent to branches by November 1986, undoubtedly represented a division in ways of thinking about the political direction. With this, the Rubicon was crossed.

The Basic Political Conditions for the Continuing Survival of the Afrikaner, was a framework document. Various points of view were further developed, including *Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek / Draft Guidelines for Constitutional Discussion,* and investigation was done into possible political models. These are further examined in the study, using internal policy documents as a basis.

The Afrikaner-Broederbond realised a role for itself in the political processes that constituted the journey towards a negotiated settlement. However, this role, as pointed out in the study, did not materialise, and the *Afrikaner-Broederbond* was in fact marginalised and excluded by the National Party in the settlement as well as the processes preceding it. For the purposes of the study, the *Afrikaner-Broederbond's* role, which began in 1986, finally ended with its support of the 1992 referendum. This support was conditional, however, and the study shows that there were expectations from businesses about a follow-up referendum testing the white population's support for, and opinion of, a constitutional dispensation following from the negotiated settlement.

Through comprehensive political proposals, the Afrikaner-Broederbond simply helped to create the climate for the Afrikaner establishment to end apartheid. This is confirmed in the study. The proposals and preceding interaction with the ANC also helped create a political climate within which a negotiated settlement could take place. However, the Afrikaner-Broederbond, while helping to develop proposals to ensure certain conditions of existence for the Afrikaner, was not involved in the negotiations and was dependent on the National Party to represent its interests. In the evaluation, the study points out that not only was there a political sacrifice; the conditions of existence of the Afrikaner as provided for in 1986, were

also given up in the process. For a long time, there was a particularly close relationship between the National Party and the *Afrikaner-Broederbond*. In the critical period of negotiations, the National Party however chose to walk the path of negotiation alone and not involve expert role players from the Afrikaner establishment, or interest groups such as the *Afrikaner-Broederbond*. For this reason, Afrikaner interests were sidelined, and the settlement was consequently an elite settlement between political parties.

Through access to internal documents, including minutes and other discussion documents, as well as interviews with role players within and outside the organisation at the time, valuable insights and perspectives could be developed.

KEY WORDS:

Afrikaner; Afrikaner Broederbond; Afrikaner interests; settlement, Basic Political Conditions for the Continuing Survival of the Afrikaner; interest group; think-tank; negotiations; referendum; system analysis; negotiated settlement

INHOUDSOPGAWE

VERKLARINGS ii

ERKENNINGS iii

OPSOMMING iv

ABSTRACT vii

INHOUDSOPGAWE x

LYS VAN FIGURE xvi

LYS VAN TABELLE xvii

LYS VAN AFKORTINGS xviii

HOOFSTUK 1: Inleiding tot die tema van die Afrikaner-Broederbond as ’n fasiliteerder van verandering in die polities-staatkundige skikking van die 1990s 1

1.1 Agtergrond tot studie 1

1.2 Probleemstelling 3

1.3 Algemene navorsingsvraag 4

1.3.1 Spesifieke navorsingsvrae 4

1.4 Navorsingsdoelwitte 5

1.5 Teoretiese raamwerk en vertrekpunt 6

1.6 Navorsingsbenadering en -ontwerp 7

1.7 Navorsingsmetode 8

1.7.1 Literatuurstudie 8

1.7.2 Primêre bronne 9

1.7.3 Sekondêre bronne 9

1.7.4 Semigestruktureerde onderhoude 10

1.8 Etiese oorwegings 11

1.9 Beperkinge van studie 11

1.10 Bydrae van navorsing 12

1.11 Hoofstukindeling 12

HOOFSTUK 2: Konseptuele vertrekpunte en stelsel-analitiese raamwerk 14
2.1 Inleidende oriëntering 14
2.2 Die dimensies van geesteswetenskappe 15
2.3 Die teorie van die konseptualisering van begrippe 18
2.3.1 Konseptualisering as denkkonstruk 18
2.3.2 Konseptuele raamwerke as strukture van wetenskap 21
2.3.3 Die konseptualisering van begrippe in die studie 23
2.4 Easton se stelsel-analise 36
2.4.1 Die stelsel-analitiese model as vertrekpunt 37
2.5 Stabiele en onstabiele stelsels 45
2.5.1 Stabiliteit in komplekse stelsels 46
2.5.2 Onstabiliteit in komplekse stelsels 46
2.6. Die Afrikaner-Broederbond as rolspeler in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel 48
2.7 Die teoretiese toepassingskonteks op die Afrikaner-Broederbond 49
2.7.1 Die Afrikaner-Broederbond as belangegroep 49
2.8 Stelselonstabiliteit in Suid-Afrika in die 1980's 50
2.9 Gevolgtrekking en evaluerende perspektief 52
HOOFSTUK 3: Die geskiedenis en ontwikkeling van die Afrikaner-Broederbond 55
3.1 Inleiding 55
3.2 Die konteks en agtergrond vir die stigting van die Afrikaner-Broederbond 56
3.3 Die stigting van die Afrikaner-Broederbond 59
3.4 Vertroulike werkswyse van die Afrikaner-Broederbond 60
3.5 Historiese rol en doelwitte 62
3.6 Die noue verbintenis met die Nasionale Party 66
3.7 'n Interne siening en belewenis van die AB 72
3.8 Die AB as 'n Afrikanerbelange-organisasie 74
3.9 Persepsies oor die Afrikaner-Broederbond 76
3.10 Apartheid as ideologie 79
3.11 Apartheid as beleid en ideologie word al stewiger gevestig 82

3.12 Die Nasionale Party aan bewind en Afrikanernasionalisme 87
3.13 Die tuislandbeleid 89
3.14 Die bruin bevolking word vervreem 92
3.15 Die Indiër bevolking 94
3.16 Die aanvaarding dat apartheid nie kan werk nie en verandering in denke om ’n nuwe bestel te vestig 94
3.17 Die spanning in die Afrikaner-politiek en die Afrikaner-Broederbond 98
3.18 Samevatting 100
HOOFSTUK 4: Die krisis van die staatkundige bestel in die 1980’s 102
4.1 Inleiding 102
4.2 Kommunisme en die rooi gevaar 104
4.3 Die binnelandse situasie en onstabiliteit 105
4.3.1 Sharpeville en Soweto-onluste en geweld 105
4.3.2 Swart politieke weerstand: Swartbewussyn 107
4.3.3 Die ANC as die leidende swart party 107
4.3.4 Swart intimidasie en onregeerbaarheid 114
4.3.5 Swart onderwys raak ’n gevegsterrein 116
4.3.6 Die swart werksmag word ’n politieke krag 117
4.3.7 Die kerke in die stryd teen apartheid 118
4.3.8 Wit Afrikaanse protesbewegings 120
4.4 Buurlande en die Verdediging van grense in SWA 121
4.4.1 Suidwes-Afrika 121
4.4.2 Diensplig 122
4.5 Suid-Afrika in internasionale konteks 123
4.5.1 Ekonomiese sanksies 124
4.5.2 Direkte internasionale betrokkenheid 125
4.5.3 Statebond 126
4.5.4 Verenigde State van Amerika 127
4.5.5 Verdere internasionale isolasie 128

4.5.6 Kulturele, akademiese en sport boikot van Suid-Afrika 128
4.6 Die regering en die Nasionale Party se hervormings 129
4.6.1 Die aanvanklike optrede teen verset 130
4.6.2 Driekamer-parlement 130
4.6.3 Die gevolge van die Rubicon-toespraak – en die NP 132
4.7 ’n Nuwe bedeling moes volg 135
4.7.1 Die ekonomiese en onvolhoubare koste van apartheid 136
4.7.2 Wit interaksie met die ANC – buite die regering 138
4.7.3 Die internasionale venster van geleentheid vir Suid-Afrika 140
4.7.4 Die staat gelei deur die NP begin self intern met hervorming 141
4.7.5 Die regering se interaksie met Mandela en die ANC 143
4.8 Die Nasionale Party neem die leiding en begin met hervormings 146
4.9 Onderhandelinge begin 149
4.9.1 Die ANC, dialoog en die nuwe bedeling 149
4.9.2 Die vrylating van Mandela 150
4.9.3 Die onderhandelinge, fases en veronderstellings 151
4.9.4 Ooreenkomste onderweg na onderhandelinge om struikelblokke uit die weg te ruim 152
4.9.5 Kodesa en veelparty onderhandelinge 153
4.9.6 Finale tussentydse grondwet (18 November 1993) 156
4.9.7 Geweld in die 1990’s en die druk op onderhandelinge 156
4.10 Die referendum – 1992 158
4.11 Die verkiesing op 27 April 1994 160
4.12 Wit konserwatiewe optredes 161
4.13 Die siening dat die NP-regering nog ’n tyd lank kon uithou 163
4.14 Samevatting 165
HOOFSTUK 5: DIE AFRIKANER-BROEDERBOND: POLITIEKE IDEOLOGIE EN STRATEGIESE VISIE 168
5.1 Inleiding 168

5.2 Die AB bevraagteken die stelsel 171
5.3 Frustrasie met PW Botha wat nie kon hervorm nie 176
5.4 ’n Oorsigtelike siening oor die AB se rol om leiding te neem met die onwikkeling van voorstelle 181
5.5 Die voorstelle vir ’n staatkundige bedeling en PW Botha 183
5.6 Gesprekvoering met die ANC 184
5.7 1986: Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner (BSV) 189
5.7.1 Groepsregte 196
5.8 Februarie 1987 Staatkunde Dinkskrum 198
5.9 1989: Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek-dokument 200
5.10 2 Februarie 1990 staatkundige hervormings en die AB 203
5.11 AB-verteenwoordiging tydens onderhandelinge as ’n moontlikheid 206
5.12 Die AB en die laaste wit referendum 212
5.13 Ander beleidsdokumente wat gesirkuleer en openbaar gemaak is 214
5.14 Onderhandelinge en die uitsluiting van belange rolspelers 215
5.15 Evaluasie van onlangse staatkundige dokumente 217
5.16 Samevatting 219
HOOFSTUK 6: Evaluering: Die Afrikaner-Broederbond as rolspeler van verandering maar nie as ’n rolspeler in die onderhandelde skikking nie 222
6.1 Inleiding 222
6.2 Die teoretiese begronding van die studie 223
6.3 Die rol van die AB teenoor die NP in die aanloop tot ’n nuwe bedeling 224
6.3.1 Inleiding 225
6.3.2 Die AB as belangegroep in die verhouding tot die Nasionale Party 225
6.3.3 Gevolgtrekking 226
6.4 Die noodsaak van verandering gesien in die lig van die onstabiliteit van die 1980’s 227
6.4.1 Inleiding 227
6.4.2 Suid-Afrika as onstabiele stelsel en die staatkundige krisis 227

6.4.3 Gevolgtrekking 228
6.5 Die AB se wegbreek van apartheid en die klimaatskeppende rol vir veranderinge in die 1980's 229
6.5.1 Inleiding 229
6.5.2 Die AB se rol op staatkundige terrein 230
6.5.3 Gevolgtrekking 231
6.6 Is die navorsingsvrae beantwoord en die doelstellings bereik? 231
6.7 Evaluering en gevolgtrekking 232
6.7.1 'n Moontlike aanbeveling 236
6.7.2 Ruimte vir verdere studie 236
BIBLIOGRAFIE 238
Bylaag A: Lys van die Afrikaner-Broederbond se voorsitters en uitvoerende hoofamptenare 252

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2-1: DIE VYF DIMENSIES VAN GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING 18

FIGUUR 2-2: TOESTANDE, ORIËNTASIE EN HANDELINGE VAN ONTLEDINGSEENHEDE 20

FIGUUR 2-3: ALTERNATIEWE TOT GESKILBESLEGTING 34

FIGUUR 2-4: KOMPONENTE VAN 'N POLITIEKE STELSEL GEPLAAS BINNE DIE TOTALE OMGEWING 40

FIGUUR 2-5: 'N EENVOUDIGE REKONSTRUKSIE VAN EASTON SE STELSEL-ANALISE 40

FIGUUR 2-6: DIE STELSEL-ANALISE SOOS AANGEPAS VIR DIE AFRIKANER-BROEDERBOND SE INVLOED OP DIE NASIONALE PARTY ... 49

FIGUUR 4-1: DIE STELSEL-ANALISE SOOS TOEGEPAS OP SUID-AFRIKA (EKSTERNE EN INTERNE OMGEWING) 103

FIGUUR 5-1: DIE STELSEL-ANALISE SOOS VAN TOEPASSING OP DIE AB IN DIE VERHOUDING MET DIE NP 169

LYS VAN TABELLE

Tabel 4-1: Terreur en die verskuiwing na sagte teikens 113

Tabel 4-2: Statistiese analise deur die SAP vir 1976-1990 114

Tabel 4-3: Analise van dodelike gevalle weens ANC optrede 114

Tabel 5-1: Lys van AB Studiedokumente sedert 1990 216

LYS VAN AFKORTINGS

AB	Afrikaner-Broederbond
ANC	African National Congress
AWB	Afrikaner Weerstandbeweging
AZAPO	Azanian People Organisation
BAAM	British Anti-Apartheid Movement
BSV	*Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*
COSATU	Congress of South African Trade Unions
ECC	End Conscription Campaign
EPG	Eminent Persons Group
COSAG	Concerned South Africans Group
HNP	Herstigte Nasionale Party
ICC	International Cricket Council
IDASA	Institute for a Democratic Alternative for South Africa
IOK	Internasionale Olimpiese Komitee
KODESA	Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
KP	Konserwatiewe Party
MK	UmKhonto we Sizwe
NG	Nederduits-Gereformeerde Kerk
NI	Nasionale Intelligensie
NP	Nasionale Party
NDR	Nasionale Demokratiese Revolusie
OAE	Organisasie vir Afrika Eenheid
OPEC	Organisation of the Petroleum Exporting Countries
PFP	Progressiewe Federale Party
SABRA	Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede
SADCC	*Southern African Development Coordination Conference*

SAKP	Suid-Afrikaanse Kommuniste Party
SVR	Staatveiligheidsraad
SWAPO	South West Africa People's Organisation
TBVC	Transkei, Bophuthatswana, Venda, Ciskei
UDF	United Democratic Front
UR	Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond
VPOF	Veelparty Onderhandelingsforum
VN	Verenigde Nasies
VSA	Verenigde State van Amerika

HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE TEMA VAN DIE AFRIKANER-BROEDERBOND AS ’n FASILITEERDER VAN VERANDERING IN DIE POLITIES-STAATKUNDIGE SKIKKING VAN DIE 1990S

1.1 Agtergrond tot studie

“Die grootste risiko wat ons vandag neem is om nie risiko te neem nie.” Prof. Pieter de Lange in sy termyn as voorsitter van die Afrikaner-Broederbond.

Die Afrikaner-Broederbond as ’n Afrikaner-belangegroep het deur verskeie besprekingsdokumente, leierskapstandpunte en aksies in die 1980’s ’n deurslaggewende rol gespeel in die vorming van Afrikaners se politieke denke. Hierdeur is Afrikaners, veral die Nasionale Party en die regering, sodanig beïnvloed dat hulle ’n instrumentele rol gespeel het in die politieke hervormings wat op 2 Februarie 1990 aangekondig is. Die hervormings het uitgeloop op ’n nuwe staatkundige bedeling in 1994 (Afrikanerbond, 1997:20-21).

Reeds in die sestigerjare, maar duideliker in die sewentiger- en tagtigerjare, het dit geblyk dat apartheid onder die beleid van afsonderlike ontwikkeling, onbedoelde negatiewe gevolge gehad het. ’n Nuwe ordelike en aanvaarbare politieke oplossing of staatkundige oplossing moes gesoek word. Dit is binne hierdie konteks dat die Afrikaner-Broederbond reeds vanaf die einde van die 1970’s en met versnelde tempo in die 1980’s die beleid bevraagteken het. Hierdeur is ’n proses begin om deur gesprek en beïnvloeding die denke van Afrikaners, wat die oorheersende groep in die Nasionale Party en die regering was, te verander. Die verandering in denke het hervormings gebring wat noodwendig tot ’n nuwe bedeling gelei het. Dit is deur mnr. F.W. De Klerk, voormalige president, bevestig tydens ’n toespraak by die Bondsraad van die Afrikanerbond in 2015, toe hy gesê het: *“* die AB – onder leiding van veral prof De Lange – het gehelp om die weg te baan vir ’n onderhandelde oplossing – ‘n oplossing wat die regte en vryhede van alle Suid-Afrikaners kan beskerm” (De Klerk, 2015:1). Dit is hierdie standpunt wat verder in die studie bespreek word, aangesien die Afrikaner-Broederbond dikwels verkwalik word vir die politieke skikking en die gevolge daarvan.

Die Afrikaner-Broederbond as ’n Afrikaner-belangegroep het ’n vertroulike karakter gehad wat vir lede die ruimte geskep het om diepgaande gesprekke te kon voer. Mettertyd het die Afrikaner-Broederbond as ’n dinkskrum, volgens Knecht (2008:53), ’n besondere invloed uitgeoefen op die denke van lede van die regering en die Nasionale Party. Volgens Giliomee (2021:1) kon die interaksie bewerkstellig word aangesien feitlik alle ministers en eerste

ministers lede van die Afrikaner-Broederbond was. Hierdie besondere verhouding tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party word in die studie bespreek.

Die groter ongerustheid en onbestendigheid in die politieke bestel in die 1970's en 1980's het die Afrikaner-Broederbond genoop om indringende aandag te begin gee aan die einde van apartheid en soeke na en ontwikkeling van 'n nuwe bedeling. Die sneeubaleffek moet herlei word na die ingrypende dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* (Afrikaner-Broederbond, 1986c), wat sedert Julie 1986 vir bespreking onder lede versprei is. Met hierdie dokument het die Afrikaner-Broederbond 'n wegbreek van die verlede geopenbaar en die Afrikaner begin voorberei vir verandering. Die inhoud van die dokument, en direkte beïnvloeding van sy lede in die Nasionale Party en die regering, het onvermydelik die proses begin wat sou lei tot 'n nuwe staatsbestel binne 'n grondwetlike demokrasie. Met die dokument het die Afrikaner-Broederbond ook bepaalde voorwaardes vir onderhandeling gevestig waarbinne taal, kultuur en algemene menseregte beslag moes kry.

Gegewe die besef dat staatkundige hervorming onvermydelik was, het die dokument as uitgangspunt die mees basiese voorwaardes geformuleer wat die Afrikaner se voortbestaan in 'n nuwe bedeling kon verseker. Dit sou in taal, kultuur en onderwys gegrond wees, en met hierdie geformuleerde versekering het die Afrikaner-Broederbond begin om die pad na hervorming voor te berei.

Dit is veral belangrik om daarop te let dat die Afrikaner-Broederbond die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* beskou het in die lig van die erkenning dat: "die uitsluiting van effektiewe swart deelname aan staatkundige prosesse tot op die hoogste vlak 'n bedreiging vir blanke voortbestaan inhou wat nie met die behoud van die status quo of 'n verdere konsolidering van mag in blanke hande afgeweer kan word nie" (Afrikaner-Broederbond, 1986c:9-10).

Die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*-dokument, wat ook deeglik met lede, die regering en die NP-koukus bespreek is, se uitgangspunt was duidelik dat die aanvaarbaarheid van 'n nuwe bedeling vir die meerderheid van Suid-Afrikaners, uiteraard ook vir die meerderheid van Afrikaners, oorweeg moes word. Dit moet veral beskou word teen die agtergrond van die onstabiliteit in Suid-Afrika in die 1980's, die bevraagtekening van apartheid op morele gronde en die toenemende internasionale isolasie van Suid-Afrika. Die BSV-dokument moet ook beskou word teen die agtergrond van toenemende frustrasie met die pas van hervorming wat swart politieke strewes en verwagtinge moes aanpak.

Die Afrikaner-Broederbond, wat midde-in die frustrasie verkeer het, het as dinkskrum die leiding geneem om voorstelle te ontwikkel.

Dit is daarom onvermydelik dat die Afrikaner-Broederbond deur sy werk, besinning en beredenering ’n katalisator was vir veranderinge en ’n belangrike rolspeler was in die totstandkoming van die grondwetlike bedeling. Die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* is in fyn besonderhede in die Afrikaner-Broederbond se geledere bespreek maar is ook opgevolg met ander besprekingsdokumente, waaronder *Konsepriglyne vir die staatkundige gesprek in 1989.*

1.2 Probleemstelling

Suid-Afrika se veelbewoë geskiedenis van apartheid en die tydperk vanaf die middel tagtigerjare, veral betreffende die inisiatiewe rakende die staatkundige hervorming, is deeglik gedokumenteer. Staatkundige hervorming was nodig om Suid-Afrika se toenemende politieke onstabiliteit, ekonomiese werklikhede en internasionale isolasie onder die loep te neem. Die verwysing na die spesifieke rol wat die Afrikaner-Broederbond gespeel het om nuwe staatkundige voorstelle te ontwikkel, Afrikaners te bemagtig en voor te berei vir die veranderinge wat sou kom, verdien verdere aandag.

Dit is die doel van die studie om die spesifieke rol wat die Afrikaner-Broederbond binne die historiese verband van die 1980’s gespeel het, verder te ondersoek en te omskryf, veral vanuit ’n stelsel-analitiese perspektief. “Die UR (Uitvoerende Raad) van die AB is daarvan oortuig dat, as dit nie vir die konstruktiewe rol was wat die AB en sy lede in hulle persoonlike aktiwiteite gespeel het nie, die demokratiese oorgangsproses in Suid-Afrika stellig heelwat moeiliker sou gewees het” (Afrikanerbond, 1997:iv).

Na aanvanklike gesprekvoering met die ANC in 1985, het die Afrikaner-Broederbond die grondwerk vir interne bespreking begin met sy dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner.* Dit moes die basis vestig vir ’n proses van staatkundige verandering. Die inhoud van die dokument het die verwagting geskep dat die uitgangspunte in die dokument die grondslag moes vorm vir enige onderhandelinge wat in die toekoms sou plaasvind. In hierdie studie word die besondere polities-strategiese rol van die Afrikaner-Broederbond as belangegroep, veral as dinkskrum vir die Nasionale Party en die regering, uitgewys en verder bespreek.

Die Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner, wat as basisdokument en vertrekpunt vir 'n nuwe bedeling moes dien, het uiteindelik bloot die klimaat, veral onder Afrikaners, geskep vir die nuwe politieke en demokratiese staatkundige bedeling. Veral word die besondere wyse waarop die klimaat in Afrikaner-geledere geskep is, verder ondersoek.

Easton se stelsel-teorie word in die studie bespreek en word deurlopend van toepassing gemaak op die politiek strategiese omgewing in die 1980s en 1990s. Hieruit voortvloeiend word die stelsel teorie ook as teoretiese begronding gebruik in die ontleding van die rol en plek van die Afrikaner-Broederbond in die totstandkoming van 'n onderhandelde skikking.

1.3 Algemene navorsingsvraag

Uitgaande van 'n stelsel-analitiese en strategiese politieke perspektief is die vraag: Watter rol het die Afrikaner-Broederbond in die 1980's gespeel in die ontwikkeling van staatkundige voorstelle en die vorming van denke in Afrikanergeledere, sowel as klimaatskepping ter aanvaarding en voorbereiding van die onderhandelde skikking wat tot die nuwe demokratiese bedeling gelei het?

Die studie sal die beleidsdokumente, standpunte, aksies en gebeure, asook rolspelers binne die Afrikaner-Broederbond binne die historiese konteks ontleed en interpreteer.

1.3.1 Spesifieke navorsingsvrae

Die volgende navorsingsvrae sal in die studie beantwoord word:

1) Kan die stelsel-teorie toegepas word op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel van die 1980's, en wat was die Afrikaner-Broederbond se rol as vertroulike belangegroep met betrekking tot die politieke stelsel waarna verwys word?
2) Hoe het die geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond sedert sy ontstaan in 1918 verloop, veral met betrekking tot die opvoedkundige, ekonomiese en politieke bemagtiging van die Afrikaner in sy verhouding met die regerende Nasionale Party en die toepassing van apartheid?
3) Wat was die breë staatkundige omgewing van die 1980's, veral gesien in die lig van die politieke en ekonomiese krisis waarin Suid-Afrika hom bevind het?
4) Watter polities-strategiese rol het die Afrikaner-Broederbond gespeel in hierdie tydperk van politieke en staatkundige onstabiliteit en wat was die inhoud en effek van die

belangrike *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voorbestaan van die Afrikaner* en ander soortgelyke dokumente en aksies wat tot die nuwe bedeling gelei het?

5) Was die Afrikaner-Broederbond 'n katalisator tot denkeveranderinge by Afrikaners, wat uiteindelik tot die onderhandelde skikking en die nuwe staatkundige bedeling gelei het? 'n Evaluering en beoordeling van die rol van die Afrikaner-Broederbond.

1.4 Navorsingsdoelwitte

Die volgende navorsingsdoelwitte word gestel:

1) Die toepassing van die stelsel-teoretiese perspektief op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel in die tydperk 1976-1992. Daarna word die Afrikaner-Broederbond, as 'n vertroulike Afrikanerbelange-organisasie, geplaas as 'n fasiliteerder van verandering binne die stelsel. In die politieke stelsel is insette tot die stelsel gemaak wat 'n rol gespeel het in die staatkundige hervormings en wat uitset betref is die kieserspubliek en veral Afrikaners hiervoor voorberei.
2) Sedert sy ontstaan in 1918, was die Afrikaner-Broederbond op verskeie kwessies toegespits, maar het deurgaans as 'n Afrikanerbelange-organisasie en dinkskrum opgetree. Deur sy vertroulike werkswyse het die organisasie aktief bygedra tot die opvoedkundige, ekonomiese en veral later politieke bemagtiging van die Afrikaner. Veral is daar deurlopend 'n leidende rol gespeel rakende staatkundige vraagstukke en oplossings. In die tydperk ter sprake moet die noue verbintenis met die Nasionale Party en die toepassing van die beleid van apartheid, hetsy deur direkte ondersteuning of deur as dinkskrum van die Nasionale Party op te tree, vasgestel word.
3) Die breë politieke en staatkundige omgewing van die 1980's en gevolglike krisissituasie in Suid-Afrika het die agtergrond gevorm vir die veranderinge wat noodwendig sou volg. Noodtoestande, onluste, terreur, ekonomiese afplatting en internasionale isolasie en sanksies het as katalisators gedien vir dringende besinning binne die Afrikaner-Broederbond. Die noodsaaklikheid van stabiliteit en die beëindiging van apartheid, het politieke koersaanpassings genoodsaak, wat deur 'n skikking binne 'n nuwe staatkundige bedeling gevestig moes word.
4) Die tydperk van politieke en staatkundige onstabiliteit en diepgaande voorleggings aan die Afrikaner-Broederbond het gelei tot breedvoerige gesprekke in die geledere van die Afrikaner-Broederbond. Deurdat die Afrikaner-Broederbond as dinkskrum kon optree, kon voorstelle ontwikkel word. Deur sy beïnvloedingsrol ten opsigte van die Nasionale Party en lede van die Suid-Afrikaanse regering, kon die Afrikaner-Broederbond optree as 'n katalisator vir veranderinge.

5) Deur evaluering van die voorafgaande, kan vasgestel word of die Afrikaner-Broederbond ’n rol gespeel het as katalisator en fasiliteerder van verandering in Afrikaners se denke. Die rol van die Afrikaner-Broederbond in die tydperk in die aanloop tot die onderhandelde skikking sal veral geëvalueer word.

1.5 Teoretiese raamwerk en vertrekpunt

Easton (1965:21) omskryf ’n politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met inbegrip van skaars middele, vir ’n samelewing toebedeel word.

Die Afrikaner-Broederbond se rol binne die voorbereiding van denke in Afrikanergeledere en beïnvloeding van die stelsel, met spesifieke verwysing na die Nasionale Party en regering, sal metodologies ontwikkel en teoreties verklaar word. Die teorie en die instrument van ontleding word oorwegend gevind in Easton se stelsel-analitiese benadering, wat vanuit ’n polities-staatkundige perspektief besonder waardevol is.

Enige studie het ’n teoretiese begronding nodig om dit binne ’n wetenskaplike konteks te plaas. Dit is eweneens van toepassing op politieke studies. Die stelsel-analise van David Easton, is by uitstek daarop gerig om die omvattende politieke proses en die funksie van die rolspelers in die stelsel te verklaar. Die stelsel-analise word volledig in Hoofstuk 2 bespreek en deurgaans in die studie van toepassing gemaak.

Binne die stelsel-analitiese raamwerk as teoretiese grondslag, word die historiese funksionering van die Afrikaner-Broederbond beskryf ingevolge eise, insette, uitsette en terugvoer tot die stelsel. Die stelsel-analitiese perspektief word op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel toegepas soos in die tydperk ter sprake. Verskeie omgewingsfaktore en rolspelers het die stelsel beïnvloed. Een van die rolspelers betreffende beïnvloeding was die Afrikaner-Broederbond, wat insette tot die stelsel gelewer het en wat uitset betref, terugvoer gegee het aan sy lede en indirek aan die Nasionale Party se kieserskorps. Die optrede as dinkskrum van die NP het beïnvloeding tot gevolg gehad, waardeur die Afrikaner-Broederbond ’n bepaalde rol gespeel het in die staatkundige hervorming. Die kieserspubliek, veral Afrikaners, is gereeld deur hulle terugvoer getoets en voorberei vir veranderinge, waardeur die Afrikaner-Broederbond deel gehad het aan uitset wat gelewer is rakende die stelselmodel. Die stelselteorie het volgens Cronje (2014:23) die volgende kenmerke: dit het ’n groot aantal rolspelers of deelnemers; die rolspelers of deelnemers het gereelde onderlinge interaksie; deur hierdie interaksie word terugvoer oor tevredenheid al dan nie, met omstandighede binne

die stelsel gegee. Binne die ontleding word die Afrikaner-Broederbond beskou as ’n rolspeler in, of deelnemer aan die stelsel.

Die terugvoer vind volgens Cronje (2014:24) op twee wyses neerslag. Eerstens geskied terugvoer op ’n wyse om die stelsel te stabiliseer. Hiervolgens is die rolspelers of deelnemers tevrede met hulle omstandighede en word die status quo gehandhaaf. Die tweede vorm van terugvoer is om die stelsel te verander. Dit word uitgevoer deur die rolspelers en deelnemers wie se verwagtinge nie verwesenlik word nie.

Die Afrikaner-Broederbond, wat in die studie omskryf word as belangegroep en Afrikaner-dinkskrum, het ’n wesenlike invloed op die politiek van die dag (die regering en die Nasionale Party) uitgeoefen. Die Afrikaner-Broederbond het homself soos volg omskryf:

> Die AB is primêr 'n meningsvormende denke-inisiërende instelling wat die geleentheid aan sy lede bied om aktueel en dinamies standpunte te stel en te verneem, tot nuwe insigte te kom, en om dan die insigte en perspektiewe in sy besondere invloedsfeer, volgens eie oordeel en inisiatiewe, te stel en verder uit te dra. Lede oefen dus vanuit die omgewing en kultuur van die AB individueel invloed uit op politieke, kerklike en ekonomiese terreine (Afrikanerbond, 1997:iv).

Binne die kenmerke van die stelselteorie wat in die studie uiteengesit word, was die Afrikaner-Broederbond, as ’n Afrikanerbelangegroep en dinkskrum, gevolglik ’n belangrike rolspeler of deelnemer aan die stelsel. Dit is veral dié rol wat in die studie uitgelig en bespreek word. Vanuit ’n stelselperspektief word die Afrikaner-Broederbond as ’n besonder invloedryke belangegroep en dinkskrum voorgehou. (Die invloed en rol as dinkskrum om denke te verander, veral deur die dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*, word in verdere hoofstukke bespreek.)

1.6 Navorsingsbenadering en -ontwerp

Kwalitatiewe navorsing behels ’n diepgaande ondersoek na ’n gestelde verskynsel of ’n bepaalde gebied en neem die ondersoek verby die beperkinge van ’n kwantitatiewe analise. Dit is gerig op die sosiale en kultuur-historiese agtergrond waarin die data ingebed is. Kwalitatiewe navorsing is dus ’n metode wat gemoeid is met die sosiale aspekte van die wêreld en hoe dit deur bepaalde individue beleef en ervaar word (Engelbrecht, 2021:110).

Hierdie navorsing is gevolglik kwalitatief van aard en sal primêr berus op ’n omvattende literatuurstudie van die onderwerp rakende die rol van die Afrikaner-Broederbond. Oor die rol

en betrokkenheid in die 1980's, veral in die aanloop tot die onderhandelde skikking en 'n nuwe staatkundige bedeling vir Suid-Afrika, is verskeie bronne geraadpleeg. Vir die beskouing van apartheid en die krisisperiode in die 1980's is daar gesaghebbende bronne gebruik. Oor die rol van die Afrikaner-Broederbond en die soeke na 'n staatkundige model wat die politieke strewes van alle Suid-Afrikaanse burgers op 'n moreel regverdigbare wyse sou bevat, is die Afrikaner-Broederbond se interne dokumente by die argief en hoofkantoor geraadpleeg.

Volgens Cresswell (1998:15) is kwalitatiewe navorsing 'n ondersoekende proses wat berus op bepaalde metodes en riglyne om 'n spesifieke sosiale of menslike verskynsel in sy natuurlike konteks te verken. "'n Kwalitatiewe werkswyse neem die ondersoek verby die beperkinge en grense van kwantitatiewe analise deur die gerigtheid op die sosiaal en kultuur-historiese agtergrond waarin die data ingebed is. Dit fokus verder op die interaksie en geleefde ondervinding van deelnemers, soos byvoorbeeld mense met wie onderhoude gevoer word" (Engelbrecht, 2021:110).

1.7 Navorsingsmetode

1.7.1 Literatuurstudie

Die doel van 'n literatuurstudie is nie alleen om die resultate van vorige soortgelyke studies te bekom nie maar bied ook insig in vakkundiges of akademici se verskillende benaderings. Dit dra daartoe by om die studieveld af te baken en moontlike leemtes in die literatuur aan te vul of uit te lig (Hartell & Bosman, 2021:32).

Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van 'n onderhandelde skikking. 'n Stelsel-analities en politiek-strategiese perspektief is die gevolg van diepgaande blootstelling aan verskeie bronne in die argief van die Afrikaner-Broederbond. Daar moet in hierdie stadium vermeld word dat die navorsingsidee en -tema geprikkel is in die navorser se aanvanklike betrokkenheid by die tegniese voorbereiding van die omvattende manuskrip van professor E.L.P. Stals oor die geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond. Die manuskrip, wat die geskiedenis bevat, is reeds in 1998 afgehandel maar is in 2020 deur die navorser tegnies voorberei vir kommersiële drukwerk en bekendstelling in 2021. Die navorser het ook direkte toegang tot 'n groot aantal ongepubliseerde en onverwerkte dokumente in die argief van die Afrikaner-Broederbond, asook by die hoofkantoor van die Afrikanerbond, wat in die studie oor die tema gebruik is. Die werk van Stals is oorsigtelik oor die periode en tema ter sprake en handel nie spesifiek met die interne werkinge van die Afrikaner-Broederbond en die inhoud van besprekingsdokumente nie.

Met die hulp van die NWU-biblioteek is die volgende bronne geraadpleeg om vas te stel of soortgelyke studies reeds onderneem is:

- Nexus Database Systems
- Sabinet
- Google ETD

Daar is sover bekend en vasgestel kon word geen vorige studie op die spesifieke terrein onderneem nie.

1.7.2 Primêre bronne

'n Groot aantal ongepubliseerde dokumente in die argief van die Afrikaner-Broederbond sluit in toesprake van voorsitters van die Afrikaner-Broederbond in die periode ter sprake, transkripsies, gepubliseer en ongepubliseer, van onderhoude met rolspelers, veral voorsitters van die Afrikaner-Broederbond, sowel as notules van die vergaderings van die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond. Tydens die navorsing is 'n aantal primêre bronne opgespoor, wat insluit:

Verskeie brondokumente van die Afrikaner-Broederbond:

- Ongepubliseerde besprekingsdokumente
- Besprekingsdokumente in die argief van die Afrikanerbond
- Toesprake van voorsitters van die Afrikaner-Broederbond
- Notules van vergaderings van die Uitvoerende Raad, werkswinkels en veral komitees van die Uitvoerende Raad
- Transkripsies van onderhoude vir die samestelling van die 2018-Eeufeesboek *Broederskap,* wat in opdrag van die Afrikanerbond deur prof. O.J.O. Ferreira geskryf is.

Persoonlike dokumentebundel oor die Afrikaner-Broederbond:

Prof. Pieter de Lange, voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1983-1993), se persoonlike dokumentebundel (Die AB se rol in die hervormingsproses) wat in die Afrikanerbond se hoofkantoor in Johannesburg beskikbaar is, is ook geraadpleeg.

1.7.3 Sekondêre bronne

Dit sal veral van belang wees om die bogenoemde inligting te kontroleer aan die hand van verskeie bronne wat geraadpleeg is. Die data is ook gekontroleer deur die semi-gestruktureerde onderhoude wat met verskeie rolspelers gevoer is. Verskeie eksterne en omvattende werke het in die laaste dekades die lig gesien. Enkele werke is toegespits op die

Afrikaner-Broederbond, maar meer op die “geheime aard” en lidmaatskap daarvan, terwyl andere terloops verwys na die rol van die Afrikaner-Broederbond of individue betrokke. Hierdie bronne is ook geraadpleeg. Daar is ’n groot aantal bronne beskikbaar waaronder E.L.P. Stals *se Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond,* O.J.O. Ferreira *se Eeufeesgeskiedenis van die Afrikaner-***Broederbond** *en die Afrikanerbond | 1918 – 2018* en Wilken en Strydom se *The Super-Afrikaners – Inside the Afrikaner-Broederbond* en A.N. Pelser se *Die Afrikaner-Broederbond.* Die bronne handel egter met die oorsigtelike geskiedenis en met verskillende temas. Die spesifieke rol van die Afrikaner-Broederbond oor die 1980’s in die oorgang na ’n nuwe staatkundige bedeling is nog nie behoorlik nagevors nie.

1.7.4 Semigestruktureerde onderhoude

In die navorsing sal onderhoude ook gevoer word met individue wat in die betrokke tydperk ’n rol gespeel het. Hierdie onderhoude sal semigestruktureerd wees, met spesifieke vrae gerig op die studie. Hierdie persone was aktiewe rolspelers binne en buite die Afrikaner-Broederbond se Uitvoerende Raad, of op die Afrikaner-Broederbond se Staatkunde Komitee, of lid van die Suid-Afrikaanse Kabinet in die 1980’s, sowel as amptenare in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling. Veral van belang is die rol van individue en die gesprekke in die Staatkunde Komitee van die Afrikaner-Broederbond. Heelwat van die rolspelers was lede van die Afrikaner-Broederbond en bevestiging van lidmaatskap al dan nie, sal weens etiese oorwegings ook in die navorsing aangedui word. Etiese klaring vir die metode van navorsing is reeds verkry.

Heelwat van die agtergrond van interne Afrikaner-Broederbond dokumente, asook die ontstaan en verdere hantering daarvan kan deur die rolspelers bevestig word. Die interaksie tussen die Afrikaner-Broederbond, die regerende party en die wedersydse invloed op mekaar kon slegs deur die onderhoude bevestig word. Dit was belangrik om van die rolspelers te nader aangesien sekere waarnemings wat vanuit dokumente gemaak is, slegs deur hulle gekontroleer en geverifieer kon word. Die insette vanuit die onderhoude is bloot ter agtergrond van reeds gestaafde feite.

Semigestruktureerde onderhoude is met rolspelers gevoer en word in die navorsing aangehaal met die verwysing na die betrokke persoon. Onderhoude is gevoer met verskeie lede van die Staatkundige Komitee van die Afrikaner-Broederbond, lede van die Uitvoerende Rade van verskillende termyne van die Afrikaner-Broederbond, senior lede van die Nasionale Party wat oud-ministers ingesluit het en ook amptenare wat by die Departement van Staatkundige ontwikkeling betrokke was. In een geval is daar ook met ’n amptenaar van Nasionale Intelligensie gesprek gevoer

Die betrokke persone het vooraf ’n e-pos ontvang rakende die aard van die studie en hulle is versoek om die navorser te woord te staan. Daar is vooraf rakende die semigestruktureerde onderhoude ’n aanduiding gegee van die tipe vrae wat gevra sou word en sekere relevante dokumentasie is vooraf aan hulle voorsien. Waar lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond ter sprake is, is die persone gevra of lidmaatskap geopenbaar mag word.

1.8 Etiese oorwegings

Hierdie studie het bloot beperkte of lae-risiko etiese implikasies. Gesprekke met rolspelers vind plaas binne die raamwerk van die studie en voldoen aan etiese vereistes. Dit is uitgeklaar deur die nodige prosesse en instellings. Alleen waar rolspelers toestemming verleen sal name en lidmaatskap gebruik word.

Etiese klaring vir die ondersoek is verkry volgens die voorskrifte van BaSSREC, die Noordwes-Universiteit se etiekkomitee vir navorsing in basiese en sosiale wetenskappe, met verwysingsnommer: NWU-00979-22-A7

Goedkeuring is reeds in Maart 2021 vanaf die Nasionale Raad van die Afrikanerbond verkry vir volledige en omvattende gebruik van bronne in die argief van die Afrikaner-Broederbond.

1.9 Beperkinge van studie

Die doel van die studie is om selfstandige en outonome navorsing te doen. Die studie is ’n breë verkenning en nie grondige navorsing nie. Dit ontleed die rol van die Afrikaner-Broederbond binne ’n bepaalde historiese tydperk en binne ’n bepaalde stelsel-analitiese raamwerk. Dit bepaal ook die impak en invloed van die Afrikaner-Broederbond as ’n vertroulike Afrikanerbelange-organisasie op die werkswyse van die regerende party.

Die studie is toegespits op die werkinge en besprekings van die Afrikaner-Broederbond en die breë prosesse van onderhandelinge gedurende die 1990’s. Die studie word verder hoofsaaklik afgebaken tot Maart 1992, met die laaste wit referendum wat toe plaasgevind het. Vir die doel van die studie word dit beskou as die parameters van die studie en die onderhandelinge en die uitkomste van onderhandelinge en skikking volg na die datum. Dit word dus nie in die studie volledig behandel nie.

1.10 Bydrae van navorsing

Sover vasgestel kon word, is daar nie tevore navorsing oor die rol van die Afrikaner-Broederbond vanaf die middel 1980's in die oorgang na die nuwe bedeling gedoen nie. Die navorsing sal daarop wys dat die grondwetlike bedeling grotendeels aangevoor is vanuit die denke van Afrikaners in die 1980's. *Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van 'n onderhandelde skikking. 'n Stelsel-analities en politiek-strategiese perspektief* kan 'n bydrae lewer in die perspektiewe oor Afrikaners se rol in die totstandkoming van die politieke skikking en die oorgang na die nuwe staatkundige bedeling.

Die navorsing het ten doel om deur die gebruik van interne Afrikaner-Broederbond dokumentasie aan te toon dat daar deeglik besin is oor die politieke situasie in die 1980's. Vanuit die besinning is daar daadwerklik oplossings gesoek wat deurdag en deeglik beredeneer is in die geledere van die Afrikaner-Broederbond. Die dokument van 1986, *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*, met strategiese en ondersteunende rigtingwysers, het ook die belange van Afrikaners deeglik verreken. Die benadering vanuit die dokument het ongetwyfeld die klimaat geskep vir die hervormings en die skikking wat sou volg.

1.11 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding
Hierdie hoofstuk handel oor die tema en agtergrond, die motivering van die studie en probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings, sowel as die metodologie en proses van die studie.

Hoofstuk 2: Belangegroepe binne 'n stelsel-analitiese raamwerk en vertrekpunt
Met die stelsel-analise as vertrekpunt en binne die metodologiese raamwerk word die Afrikaner-Broederbond as 'n Afrikanerbelangegroep en dinkskrum geplaas as 'n rolspeler binne die politieke bedeling. Verskeie begrippe wat in die studie hanteer word, is verder gekonseptualiseer. Die rol van belangegroepe, veral die Afrikaner-Broederbond se noue interaksie met die Nasionale Party en regering, is verder nagevors.

Hoofstuk 3: Die Afrikaner-Broederbond as instelling en die geskiedenis en ontwikkeling van die Afrikaner-Broederbond
Hierdie hoofstuk handel oorsigtelik en histories met die ontstaan van die Afrikaner-Broederbond, sy doelwitte en doelstellings. Daar word ook kortliks verwys na wat die Afrikaner-Broederbond vermag het – binne die opvoedkundige, ekonomiese en politieke

bemagtiging van Afrikaners. Die verhouding van die Afrikaner-Broederbond met die Nasionale Party en senior lede van die regering, die ontwikkeling van apartheid, sowel as die rol en interaksie as meningsvormer en dinkskrum vir die beïnvloeding van denke word ondersoek. Laastens word die bevraagtekening van apartheid toegelig.

Hoofstuk 4: Die krisis van die staatkundige bedeling in die 1980's
Die breë politieke en staatkundige omgewing binnelands, sowel as die isolasie gedurende die 1980's, word in hierdie hoofstuk verken. Die toepassing van apartheid en die voortslepende gevolge van noodtoestande, onluste, terreur, ekonomiese afplatting en internasionale isolasie en sanksies, was onhoudbaar. Die onstabiele staatkundige omgewing het dringende besinning en politieke koersaanpassings geverg. Die rol van die Afrikaner-Broederbond in die tydperk met die ontwikkeling van staatkundige voorstelle word verder toegelig.

Hoofstuk 5: Die Afrikaner-Broederbond: Politieke ideologie en strategiese visie
Met die Afrikaner-Broederbond se dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner,* wat in Julie 1986 aan lede gestuur is, verbind die organisasie homself tot 'n nuwe bestel. Dit moes deur middel van onderhandeling beding word. Verskeie interne dokumente het momentum begin verleen aan die moontlikhede van 'n nuwe staatkundige bedeling. Met die bekendstelling van die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* het die organisasie finaal weggebreek van apartheid. Die BSV dokument het ook die voorwaardes vir Afrikaner oorlewing en voortbestaan in die nuwe bedeling bevestig. As gevolg van die besondere verhouding met die regering en die Nasionale Party het die Afrikaner-Broederbond 'n bepalende invloed op die nuwe staatkundige bedeling gehad. Met die laaste wit referendum van 17 Maart 1992 en die aanvang van onderhandelinge het daardie invloed afgeneem.

Hoofstuk 6: Evaluering – Die Afrikaner-Broederbond as rolspeler van verandering
In die samevattende hoofstuk word die voorafgaande hoofmomente van direkte en indirekte betrokkenheid van die Afrikaner-Broederbond saamgevat. Daar volg dan kritieke afleidings oor die polities-strategiese rol wat die Afrikaner-Broederbond gespeel het in die beïnvloeding van Afrikaner-denke, die einde van apartheid, en die politieke skikking en oorgang na 'n nuwe bedeling. Die vraag of die Afrikaner-Broederbond 'n rol tydens die onderhandelde skikking gespeel het, sal ook toegelig word.

Vervolgens word die konseptualisering van begrippe, die ontleding van die aard van belangegroepe en die stelsel-analitiese model wat as vertrekpunt vir die navorsing in Hoofstuk 2 gedien het, omskryf.

HOOFSTUK 2: KONSEPTUELE VERTREKPUNTE EN STELSEL-ANALITIESE RAAMWERK

"But aside from considerations of change, if a system is to avoid turmoil or near chaos, the basic ways for processing demands into outputs and the broad limits within which these outputs may fall, must be stabilized. As we shall see, this is one of the primary conditions that will prevent even deep and passionate conflict over day to day outputs from shattering a system." (Easton, 1965:193)

2.1 Inleidende oriëntering

In enige studie probeer ŉ wetenskaplike ŉ teoretiese onderbou verskaf en sy of haar wetenskaplike werk berus daarop. Ongeag die waardes, norme en oortuigings word begrippe (definisies en proposisies) gebruik wat 'n sistematiese siening van verskynsels bied, met die doel om die verskynsels te verduidelik en te voorspel. Volgens Mouton & Marais (1992) is begrippe primêr die instrumente waardeur die werklikheid begryp word. Dikwels maak nie-wetenskaplikes ook van verwysingsraamwerke gebruik, maar volgens Duvenhage (1994:15) word dit afgelei uit ŉ bepaalde kultuurkonteks om die probleme, verskynsels en gebeure te verstaan. Om aanspraak te kan maak op ŉ wetenskaplike studie is dit nodig om dit teoreties te begrond. Hierdie veronderstelling en argument is volgens Duvenhage (1994:15) ook op die politieke wetenskap van toepassing. Die teendeel is ook geldig, dat indien daar nie ŉ teoretiese onderbou en begronding is nie, die studie ook nie aanspraak sou kon maak op wetenskaplike status nie.

ŉ Navorser sou waarskynlik vanuit enige wetenskap die Afrikaner-Broederbond se rol kon evalueer binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die uitdaging was om dit vanuit ŉ politieke perspektief te benader en van toepassing te maak. Ten einde die wetenskaplike basis van die studie te begrond moes ŉ politieke model gebruik word. Die mees toepaslike teoretiese onderbou vir die studie is gevind in die stelsel-analise wat deur Easton ontwikkel is en in die politieke wetenskap toegepas word. Die model is daarop gerig om die omvattende politieke stelsel, en die funksie van die rolspelers in die stelsel wat binne ŉ omgewing funksioneer, te verklaar. ŉ Stelsel, volgens Heywood (2013:20), is ŉ georganiseerde of gekompliseerde geheel, met onderling verwante en interafhanklike dele wat ŉ kollektiewe entiteit vorm. Gevolglik word die stelsel-analise van Easton in die studie op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel toegepas.

Volgens die stelsel-analitiese model, wat later volledig omskryf word, is daar insette tot en uitsette na aanleiding van die stelsel en ŉ volledige omgewing waarbinne die stelsel funksioneer. Op grond van die stelsel-analise en rakende die tydraamwerk in die studie word

die toepassing op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel gemaak. Hiervolgens word die Afrikaner-Broederbond as ’n vertroulike Afrikanerbelange-organisasie binne die stelsel as ’n rolspeler van verandering geplaas. In die politieke stelsel word die toepassing gevind deurdat die Afrikaner-Broederbond insette tot die stelsel gemaak het. Die insette het die klimaat voorberei vir die staatkundige hervormings. Wat uitsette na aanleiding van die stelsel betref, is die kieserspubliek en veral Afrikaners hiervoor voorberei.

Metodologie word volgens Mouton & Marais (1992:16) gedefinieer as die “logika onderliggend aan die toepassing van wetenskaplike metodes in die bestudering van werklikheidsverskynsels." Volgens Lombard (2021) staan die interpretasie van werklikheidsgebeure voorop, wat ’n kwalitatiewe benadering tot navorsing vereis. Die studie en die meegaande hoofstuk word gevolglik vanuit ’n kwalitatiewe benadering bespreek.

Die teoretiese basis en doelwitte van die hoofstuk word soos volg uitgeengesit:

- Die dimensies van geesteswetenskappe
- Die teorie van die konseptualisering van begrippe
- Die konseptualisering van die begrippe wat in die studie oor die Afrikaner-Broederbond se rol in die staatkundige hervormings gebruik word
- Die stelsel-analitiese model
- Stabiele en onstabiele stelsels
- Rolspelers in die stelsel en die toepassing in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel met die Afrikaner-Broederbond as rolspeler binne die stelsel
- Belangegroepe en die rol van die Afrikaner-Broederbond

Die hoofstuk se hoofdoel (verwys Hoofstuk 1) is om ’n kontekstuele raamwerk te bied en as riglyn vir die res van die studie te dien. Die konseptuele begrippe dien as agtergrond waarbinne die stelsel-analise as vertrekpunt en teoretiese onderbou en basis vir die studie dien.

2.2 Die dimensies van geesteswetenskappe

Die studie word teoreties vanuit die geesteswetenskappe benader. Geesteswetenskaplike navorsing word deur Mouton & Marais (1992:7) omskryf as: “’n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur ’n bepaalde verskynsel in die werklikheid op ’n objektiewe wyse bestudeer word ten einde ’n geldige begrip van die verskynsel daar te stel.” Vanuit die omskrywing kan

bepaalde en duidelike karaktertrekke of dimensies gevind word wat verskillende aspekte van een proses is; dit word kortliks uitgelig.

Die ontologiese dimensie is die studie van die syn of werklikheid. Die benaming is ontleen aan die Griekse *ontos* (being), wat omskryf kan word as die mens in sy omvattende verskeidenheid. Mouton & Marais (1992:11) verwys hierna as: “menslike handelinge, eienskappe, instellings, gedag, maaksels, ensovoorts.” Die werklikheid word volgens Lombard (2021:9) beskou “as ’n produk van sosiale, historiese, politiese of ekonomiese interaksie.” Deur die eksterne invloede kan die werklikheid derhalwe gedurig verander. Vanuit hierdie benadering word die navorsing oor die Afrikaner-Broederbond binne die Easton-model ondersoek. Die beïnvloedingsrol word veral waargeneem binne die Suid-Afrikaanse konteks aangesien die werklikheid van die omgewing deurlopend verander het.

Die Epistemologiese dimensie is die soeke na waarheid en word afgelei vanuit die Griekse *episteme,* wat die ware kennis aandui, en *logos* wat kunde aandui. Waar die aanvanklike wetenskap daarop ingestel was om waarheid en sekerheid te verkry, is die hedendaagse wetenskap eerder daarop ingestel om waarheid te verkry wat geldig en betroubaar is. Die epistemiese ideaal moet volgens Mouton & Marais (1992:13) wees om: “bevindinge te genereer wat so na as moontlik aan algehele sekerheid kom.” Die werklikheid word volgens Lombard (2021:9): “geken en gerapporteer volgens slegs waarneembare feitelikhede wat objektief benader kan word.”

Die metodologiese dimensie word afgelei van die Griekse *methodos,* wat aandui hoe wetenskaplike navorsing beplan, gestruktureer en uitgevoer word om aan die eise van wetenskaplikheid te voldoen. Metodologie word volgens Mouton & Marais (1992:16) gedefinieer as die: “logika onderliggend aan die toepassing van wetenskaplike metodes in die bestudering van werklikheidsverskynsels”. Volgens Lombard (2021:9) staan die interpretasie of vertolking van werklikheidsgebeure voorop, wat ’n kwalitatiewe benadering tot navorsing vereis.

Die teleologiese dimensie is afgelei van die Griekse *telos,* wat doel aandui en word toegeskryf aan Aristoteles se stelling dat die mens van nature kennis begeer. Die volgende onderskeid word deur (Mouton & Marais, 1992:13-14) getref, naamlik deur ’n teoretiese ideaal (kennis ter wille van kennis), volgens Francis Bacon se stelling “kennis is mag”, in ’n praktiese ideaal (kennis ter wille van mag) om te skakel, wat nie wedersyds uitsluitend is nie.

Die teoretiese doel van die geesteswetenskappe word omskryf as:

- Beskrywend van wetmatighede in menslike gedrag;
- Verstaan van reëlmatige patrone in menslike handelinge;
- Verklaring van gedrag op grond van kousale wette, en
- Voorspelling van toekomstige gedrag, ensovoorts.

Die praktiese doel van die geesteswetenskappe sluit in:

- Beheer oor menslike gedrag;
- Hervorming van die samelewing seur sosiale probleemoplossing;
- Terapie van die menslike gees/persoonlikheid;
- Radikale emansipasie (bevryding) van die onvrye mens;
- Verskaffing van betroubare inligting vir maatskaplike besluitneming, ens. (Mouton & Marais, 1992:14).

Laastens is die sosiologiese dimensie ter sprake, wat binne die wetenskaplike navorsing as ’n gemeenskaplike of samewerkende handeling omskryf word. Dit bepaal dat die navorser nie in isolasie kan optree nie, en dat die navorser met die gemeenskap, of in samewerking met ander, handel. Binne dié dimensie kan die navorser binne die wetenskaplike gemeenskap kennis uitruil en publiseer, wat navorsing in die openbare ruimte plaas. Dit vereis nietemin ook dat die doelstellings en waardes van die navorsingsgemeenskap aanvaar word. Dit sluit morele implikasies en navorsingsetiek in (Mouton & Marais, 1992:9-12).

’n Verdere aspek wat Babbie (2013:46) in die sosiologiese dimensie van navorsing lys, is objektiwiteit en ideologie aangesien navorsers menslik is en daarom ook subjektief is. Om objektiwiteit en neutraliteit te demonstreer verwys hy na Max Weber se lesing “Science as a Vocation”, waarin Weber die frase *waardevrye sosiologie* vasgelê het: “Weber coined the phrase value-free sociology and urged that sociology, like other sciences, needed to be unencumbered by personal values if it were to make a special contribution to society*”* (Babbie, 2013:46).

Sosiologiese navorsing, veral navorsing met betrekking tot betwiste sosiale kwessies, kan daarom nie bloot steriel en waardevry objektief beoordeel word nie. Dit is toenemend so wanneer verskillende ideologieë teenoor mekaar gestel word. Dit word bevestig deur (Mouton & Marais, 1992), wat ook die tema behandel en meld dat, wanneer ’n navorsingsgemeenskap ’n standpunt ingeneem het met betrekking tot ’n bepaalde belanggroep of ideologiese skool,

dit interessant is om die: “verband tussen ideologiese aannames en navorsing binne navorsingsgemeenskappe te bestudeer.”



Aangepas uit Mouton & Marais, 1992:7

Figuur 2-1: Die vyf dimensies van geesteswetenskaplike navorsing

Dit blyk duidelik uit die bogemelde omskrywing, en uiteengesit in Figuur 2-1, dat geesteswetenskaplike navorsing se verskillende dimensies dui op ’n gemeenskaplike menslike handeling, ’n studie van die werklikheid, gerig op die begrip van die mens sowel as ’n geldige begrip of verstaan van die mens, en dit is objektief van aard.

2.3 Die teorie van die konseptualisering van begrippe

2.3.1 Konseptualisering as denkkonstruk

Konseptualisering dui op die bevestiging van die betekenis of op die proses waardeur spesifieke terme in ’n studie geformuleer of ontwikkel word. Daarsonder sou ’n studie nie moontlik wees nie aangesien verskillende terme of begrippe moontlik verskillend geïnterpreteer kan word deur verskillende mense. ’n Konsep dui dus op die abstrakte beskrywing, of ’n denkkonstruk wat gevorm is deur die veralgemening van die kenmerke van die term. In navorsing is daar volgens Babbie (2013) ’n proses om tot 'n ooreenkoms te kom oor terme wat gebruik word en die resultaat word ’n konsep genoem: *“Conceptualization, then, produces a specific, agreed-on meaning for a concept for the purposes of research*” (Babbie, 2013:166).

Volgens Mouton & Marais (1992:60) is konsepte (begrippe) primêr die instrumente waardeur die werklikheid begryp word. Daarvolgens is: “konsepte simbole van betekenis: simboliese konstrukte waardeur die werklikheid aangedui of gespesifiseer word.”

In ’n wetenskaplike ondersoek soos hierdie, dui Babbie (2013:172) aan dat die spesifisering van konsepte afhang van nominale en operatiewe definisies. 'n Nominale definisie word bloot toegewys aan 'n term sonder dat daar enige aanspraak daarop is dat die definisie 'n "regte" entiteit verteenwoordig. Nominale definisies is arbitrêr maar verteenwoordig tog 'n mate van konsensus, of konvensie, oor hoe 'n spesifieke term gebruik moet word. Konseptualisering vereis derhalwe volgens Plano (1976:291-294) die ontwikkeling van konseptuele raamwerke om sistematiese ondersoek en ontleding in werking te stel. Hiervolgens vereis konseptualisering die ontwikkeling van konseptuele raamwerke om sistematiese ondersoek en ontleding aan die gang te sit.

'n Operatiewe definisie spesifiseer presies hoe ’n konsep gemeet sal word of hoe dit operatief inslag sal vind, of dit bepaal ons bedrywighede en hoe ons sal optree. 'n Operatiewe definisie is nominaal eerder as werklik, maar dit hou die voordeel in dat dit maksimum duidelikheid sal weergee oor wat 'n konsep beteken in die konteks van 'n gegewe studie (Babbie, 2013:172).

Konseptualisering is sentraal in die soeke na kennis sowel as in die oordra van kennis. Verskillende konsepte mag verskillende betekenisse inhou vir verskillende mense, afhangend van die perspektief of die filosofiese begronding. Hieroor sê (Mouton & Marais, 1992), dat konsepte deel van ’n geesteswetenskaplike taalspel is: “Selfs konsepte soos vryheid, revolusie en mag wat deel van die alledaagse leefwêreld en omgangstaal is kry dikwels nuwe betekenis wanneer dit binne die geesteswetenskaplike teorieë (soos die van Karl Marx) geïntegreer word” (Mouton & Marais, 1992:62).

Mouton & Marais (1992:40) stel dit as vereiste dat, wanneer die breë tema van ’n studie vasgestel is, die spesifieke eenheid van ontleding geïdentifiseer moet word. Dit word bevestig deur Babbie (2013:98): “*Units of analysis, then, are those things we examine in order to create summary descriptions of all such units and to explain differences among them*.”

Vier hoofkategorieë van ontledingseenhede word vervolgens onderskei, volgens Mouton & Marais (1992:40-42) se uiteensetting: Individue, Groepe, Organisasies en Sosiale Artefakte.

- ***Individue:*** word ook bestudeer as navorsing oor groepe, stamme en bevolkings gedoen word. Die inligting wat van die individu verkry word, word vir die groep of bevolking saamgevoeg.

- ***Groepe:*** sluit onder meer gesinne, bendes, asook sensusblokke in. Groepe het eienskappe of kenmerke wat nie op individue of en individuele gedrag van toepassing is nie. Gesinne kan byvoorbeeld waardes soos lojaliteit en samehorigheid deel, terwyl bendes bepaalde norme soos solidariteit en kollektiewe verantwoordelikheid deel.
- ***Organisasies:*** Formele sosiale organisasies soos onder meer maatskappye, kerke, en universiteite, het bepaalde eiesoortige eienskappe soos organisatoriese struktuur, gesagstrukture, verteenwoordigendheid van minderheidsgroepe op die diensstaat, arbeidsverhoudinge en produktiwiteit. Vir hierdie studie is dit belangrik om die aard en kenmerke van die groep en organisasie beter te verstaan, aangesien die Afrikaner-Broederbond later in die afdeling bevestig sal word as 'n Afrikanerbelangegroep. Sekere kenmerke word aan die aard en werkswyse van die organisasie toegeken.
- ***Sosiale artefakte:*** Dit verwys na die sosiale maaksels wat produkte van menslike wesens en menslike gedrag is.
    - ***Sosiale voorwerpe*** sluit in boeke, skilderye, motors, geboue, liedere en grappe.
    - ***Sosiale interaksie*** is byvoorbeeld huwelikseremonies, hofsake, verkeersoortredings, egskeidings, rasse-onluste, prostitusie en jeugmisdaad.

In die bogenoemde ontledingseenhede volgens Mouton & Marais (1992:40-42), en soos bevestig deur Babbie (2013:229), word daar vervolgens onderskei tussen toestande, oriëntasie en handelinge van individue, groepe, organisasies en sosiale artefakte, wat in die volgende grafika (Figuur 2-2) duidelik gedemonstreer word.



fii

(Mouton & Marais, 1992:42)

Figuur 2-2: Toestande, oriëntasie en handelinge van ontledingseenhede

As ontledingseenheid word die toepassing in die studie op die Afrikaner-Broederbond as organisasie gerig, met sy doelstellings en werkswyse of handelinge wat in Hoofstuk 3 verder bespreek word. As teoretiese veronderstelling soos hier bo beskryf, het die Afrikaner-Broederbond as organisasie bepaalde eiesoortige eienskappe, soos 'n organisatoriese struktuur, gesagslyne en handelinge, en dit voldoen gevolglik duidelik aan die vereistes wat aan 'n ontledingseenheid gestel word. Die oriëntasie en handeling onderskei die tipe organisasie. Die Afrikaner-Broederbond as spesifieke tipe organisasie met spesifieke handelswyse of werkswyse, onderskei die organisasie van ander. Die oriëntasie en handelinge, naamlik as dinkskrum en belangegroep van vertroulike aard, soos van toepassing op die Afrikaner-Broederbond, sal later in die hoofstuk bespreek word.

2.3.2 Konseptuele raamwerke as strukture van wetenskap

Konseptuele raamwerke word onderskei op grond van die funksies wat daaraan toegeken word. Daar word onderskei tussen drie basiese kategorieë, naamlik tipologieë (wat verskynsels klassifiseer), modelle (analogieë), en teorieë (verklarings van verskynsels). Volgens Mouton & Marais (1992:139) word die struktuur van wetenskap geskep wanneer stellings volgens rigtinggewende of regulatiewe belange of oriëntasies georden en saamgevoeg word in konseptuele raamwerke. Vervolgens word tussen drie konseptuele raamwerke onderskei:

Tipologieë: 'n Tipologie word gedefinieer as 'n konseptuele raamwerk wat verskynsels klassifiseer volgens sekere tipiese eienskappe wat dit met ander soortgelyke verskynsels gemeenskaplik het. Mouton lig die volgende voorbeelde uit, naamlik mense word as introverte of ekstroverte geklassifiseer, samelewings as demokraties of totalitêr, houdings as konserwatief of progressief, en waardes as inklusief of eksklusief.

Modelle: Alhoewel 'n model en teorie dikwels in dieselfde verband as sinonieme gebruik word, is daar tog 'n onderskeid wat na behore uitgelig moet word. Volgens (Mouton & Marais, 1992) se beskrywing gee 'n model bloot voor om 'n gedeeltelike weergawe van die verskynsel te wees. Daar word ook na 'n model verwys as 'n analogie, wat 'n gedeeltelike ooreenstemming is tussen twee dinge wat in ander opsigte verskillend van mekaar is. Kaplan (2017:164) dui aan: "the model is a particular mode of representation, so that not all its features correspond to some characteristics of its subject matter."

Volgens Mouton & Marais (1992:144) word vier kenmerke van modelle onderskei:

i. Modelle identifiseer sentrale probleme of vrae oor die verskynsel wat nagespeur behoort te word;
ii. Modelle beperk, isoleer, vereenvoudig en sistematiseer die domein wat bestudeer word;
iii. Modelle voorsien ŉ nuwe taalspel *(universe of discourse)* waarbinne oor die verskynsel gepraat kan word, en
iv. Modelle voorsien verklarende sketse en die middele waardeur voorspellings gemaak kan word.

In hierdie navorsing word veral daarop gewys dat Mouton & Marais (1992:142) spesifiek verwys na die sosiale wetenskappe, waarbinne modelle van politieke dinamika, pertinent David Easton se stelsel-teoretiese model, sowel as Popper se evolusionêre model, hul oorsprong in biologiese analogieë het. Die stelsel-teoretiese model van Easton word later in die hoofstuk in meer besonderhede bespreek.

Teorieë: ‘n Teorie[1] word volgens Kerlinger & Lee (2000:11) gedefinieer as: “*A Theory is a set of interrelated constructs (concepts) definitions and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables with the purpose of explaining and predicting the phenomena*.” Volgens Mouton & Marais (1992:146) verklaar teorieë verskynsels deur spesifieke oorsake te identifiseer wat tot die verskynsel aanleiding kan gee.

Die waarom-vraag word gewoonlik deur ŉ verklaring beantwoord en dui aan dat ŉ: “verskynsel verklaar word wanneer aangedui kan word waarom dit plaasgevind het.” (Mouton & Marais, 1992:145) Twee tipes verklarings kom voor, naamlik:

- Kousale verklarings wat veralgemeen en wetmatig is;
- Rasionele verklarings wat redes, motiewe of doelstellings wat kontekstueel gebonde is, verskaf.

In die navorsing oor die Afrikaner-Broederbond binne die staatkundige bestel en met die teoretiese onderbou in stelsel-analise speel veranderlikes, “*variables*”, soos deur Kerlinger & Lee (2000:11) omskryf, ŉ belangrike rol. Die voorafgaande uiteensetting het die korrekte gebruik van begrippe verduidelik sowel as die belang daarvan vir stelsel-analise. Binne die politieke stelsel-analise van Easton is daar voortdurende veranderlikes teenwoordig wat inset

[1] Die Griekse woord *theöria* vestig die betekenis van die indringende bestudering en beskouing van verskynsels en probleme om dit te probeer verstaan.

en uitset betref. Die konseptuele raamwerk van die studie verwys na die samevoeging van begrippe en is volgens Duvenhage (1994:44): “simboliese konstrukte waarmee die werklikheid geklassifiseer word.” Die basiese begrippe wat in hierdie studie gebruik word, word verder toegelig om die teoretiese raamwerk van die studie toe te lig.

2.3.3 Die konseptualisering van begrippe in die studie

In die studie word ’n aantal sleutelbegrippe gebruik wat vervolgens bespreek moet word ten einde die konteks te verklaar waarbinne die begrippe gebruik gaan word. Daarom gaan die bespreking van begrippe nie gebaseer wees op verskillende uitgangspunte oor die terminologie nie, maar veel eerder om die kernbetekenis te vestig en te verduidelik soos dit toepassing vind in die studie.

Daar word aanvaar dat die nominale omskrywing van die begrippe wel problematies mag wees en tot meningsverskil aanleiding mag gee. Die kernbegrippe wat omskryf sal word sluit in *staat*, *politiek* en *politieke party, belangegroepe*, veral geheime of vertroulike groepe. Binne die raamwerk van die studie sal die begrip *Afrikaner* ook gekonseptualiseer word. Daar word aangedui dat die begrip *Afrikaner* omskryf word in die konteks van die studie en nie volgens die huidige en soms omstrede siening van Afrikaner nie.

2.3.3.1 Die staat

Die moderne nasiestaat het sy oorsprong so ver terug as met die Vrede van Wesfale in 1648. Die Vrede van Wesfale, wat ’n einde gebring het aan die Dertigjarige Oorlog en gelei het tot die val van die Habsburg-ryk, word oor die algemeen beskou as die een kritieke aanleidende gebeurtenis in die ontwikkeling van die moderne soewereine staatstelsel.

Die basiese vereistes vir ’n staat is vasgelê in die klassieke definisie van ’n staat wat by die Montevideo-Konvensie van 1933 oor die Regte en Verpligtinge van die Staat deur die volgende kenmerke gedefinieer is, naamlik ’n vasgestelde en gedefinieerde grondgebied, ’n permanente bevolking, ’n effektiewe regering, en die vermoë om betrekkinge met ander state aan te gaan (Dixon, 2013:105; Heywood, 2013:58).

In Verloren van Themaat & Wiechers (1985:7) word ’n staat soos volg omskryf: “As ’n regspersoon bestaande uit ’n gemeenskap van mense wat op ’n bepaalde grondgebied onder ’n bepaalde gesag en volgens gemeenskaplike regsreëls lewe.” Daar word dus nie ’n internasionale dimensie bygevoeg nie maar dit is sterker toegespits op die interne regsorde van die staat. Daar word wel bygevoeg dat onafhanklikheid ook soms as kenmerk van ’n staat voorgehou kan word, maar nie ’n vereiste is nie.

Benewens die bostaande basiese vereistes vir staatskap, voeg Geldenhuys (2022) by dat staatspraktyke bewys het dat drie verdere verwante maatstawwe geld, te wete soewereiniteit, onafhanklikheid en internasionale erkenning.

Suid-Afrika het sedert 1910 met Uniewording, 1961 met Republiekwording en in 1994 met die eerste verkiesing van ’n demokratiese regering en die afhandeling van die 1996-grondwet, voldoen aan die basiese kriteria vir staatskap en die riglyne binne die moderne internasionale reg.

Die vier voormalige kolonies van Suid-Afrika is deur die Zuid-Afrika Wet van 1909 in ’n unie saamgevoeg onder ’n enkele soewereine owerheid. Die soewereine oppergesag van die parlement is duidelik in die wet gestel. Alhoewel dit ’n selfstandighede eenheid geskep het, was dit steeds in baie opsigte onderhewig aan die Britse parlement en regering (Verloren van Themaat & Wiechers, 1985:200-202).

Vir hierdie studie, en om die tydsgrense in konteks te plaas, word verstaan dat Suid-Afrika as staat aan die basiese vereistes vir staatskap voldoen het, naamlik ’n vasgestelde en gedefinieerde grondgebied, ’n permanente bevolking, ’n effektiewe regering en die vermoë om betrekkinge met ander state aan te gaan. Daar word vervolgens gehandel met die werkinge van politiek en ’n politieke party.

2.3.3.2 Politiek en politieke partye

Bondig gestel kan politiek omskryf word as al die aktiwiteite wat betrokke is om mag te bekom om die staat te bestuur. Dit is nietemin belangriker om te verstaan dat verskillende fokusse op die begrippe val en dat so ’n bondige omskrywing deur die uitlewing daarvan verskillend deur verskillende ideologiese perspektiewe geïnterpreteer word.

Politiek bestaan uit die idees, instellings en aktiwiteite wat aanleiding gee tot, en/of deel vorm van die proses waarin reëls op ’n gesagvolle wyse vir ’n bepaalde samelewing neergelê en afgedwing word (Kotzé & Van Wyk (1986:130). Dit word soortgelyk deur Plano (1976:291-294) omskryf as menslike aktiwiteite wat verband hou met die neem en implementering van besluite wat met die gesag van die gemeenskap vir wie die besluite geneem word, beklee is.

Politiek word dus verbind met die uitoefening van invloed, ’n stryd om mag waarin politieke partye hul bestaansreg vind. Dit vorm die basis vir Easton (1965:21) se waardevolle interpretasie van ’n politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met

inbegrip van skaars middele vir ’n samelewing toebedeel word. Dit is ’n algemeen aanvaarde omskrywing en sal later verder toegelig word.

Politieke gedrag word vervolgens deur Ake (1975:271) omskryf as enige aksie deur enige lid van die gemeenskap wat die gedrag bepaal waarbinne besluite oor die verspreiding van mag geneem kan word. Mag en gesag staan sentraal in al die omskrywings en dit bepaal die politieke omgewing wat verder ontleed word en van toepassing gemaak word op Easton se stelsel-analitiese benadering.

Interpretasies van staatsmag hou vervolgens vir Heywood (2013:221) duidelike implikasies in vir die verwagte rol, verantwoordelikhede en funksies van die staat teenoor die rol van private individue. Die interpretasie en uitvoering van hierdie kwessies wentel veral om die politiek, verkiesings en politieke partymededinging.

Binne die deurlopende stryd om mag, en om beheer oor hulpbronne te verkry, skep dit ruimte vir die funksionering van politieke partye wat volgens Heywood (2013:222) ’n groep mense is wat georganiseerd is met die doel om regeringsmag te verkry deur verkiesings of ander middele.
Politieke partye het volgens Heywood (2013:222) die volgende eienskappe:

- Hulle beoog om regeringsmag te verkry deur deelname aan verkiesings.
- Hulle is georganiseerd met formele “kaartdraende” lidmaatskap.
- Hulle handel gewoonlik met verskeie kwessies in hulle manifeste, wat breedweg reageer op regeringsbeleid of nuwe beleid formuleer.
- Hulle kan deur beleid gewoonlik onderskei word rakende voorkeure en ideologiese identiteit.

Nelson (2018:322) argumenteer verder dat, benewens die sentrale rol wat politieke partye in die konsolidering van demokrasie in samelewings speel, hulle rolle veel verder strek. Hy ken die volgende rolle toe:

- Die artikulering van openbare beleidsprioriteite, samelewingsbehoeftes en samelewingsprobleme soos deur lede en ondersteuners geïdentifiseer.
- Die sosialisering en opvoeding van kiesers in die funksionering van die politieke stelsel en die onderliggende waardes waarop die stelsel geskoei is.

- Die balansering van opponerende eise en die omskakeling daarvan in algemene beleidsrigtings.
- Die aktivering en mobilisering van die burgery tot deelname aan politieke besluitneming en die omskakeling van hulle sienings in werkbare beleidsrigtings.
- Die kanalisering van die openbare mening na die regering.
- Die werwing en opleiding van kandidate om openbare ampte te beklee.

Politiek word ook soms verklaar as die kuns van die moontlike; die kuns van regering en die studie van wie kry wat, waar, wanneer en hoe. Die uitoefening van invloed, beheer en mag en die toedeling van beheer oor hulpbronne of waardes word derhalwe in wese die sentrale kern van politieke partye se bestaan. Dit is egter nie net politieke partye wat so 'n rol speel nie; sonder om self aan verkiesings deel te neem, speel belangegroepe ook 'n bepalende rol en daar word vervolgens stilgestaan by die begrip.

In hierdie studie en konseptualisering van die begrip *politieke party* voldoen die Nasionale Party aan die gestelde rol en doelwit. As die regerende party is beleid bepaal binne die politieke omgewing wat die stelsel-analise daarstel. Wat inset betref, het die Afrikaner-Broederbond as dinkskrum bepaalde insette tot die stelsel gelewer, wat deur die Nasionale Party in berekening gebring is. (Die verwantskap met die Nasionale Party word in Hoofstuk 3 deeglik bespreek.)

2.3.3.3 Druk- en belangegroepe

Dit is vervolgens nodig om die aard van belangegroepe te omskryf, aangesien dit in die studie as begrip gebruik word in die beskrywing van die Afrikaner-Broederbond. Bepaalde druk- of belangegroepe se werkswyse word deel van die politieke speelveld met die bevordering van eiesoortige belange. Politieke partye poog soms om die belange direk of indirek aan te pak of te verteenwoordig. Volgens Heywood (2013:247) is daar 'n direkte verband tussen belangegroepe en die politiek, met direkte koppeling (*linkage*) tussen die regering en diegene wat regeer word. Hy omskryf 'n belangegroep meer spesifiek as 'n georganiseerde assosiasie of vereniging wat ten doel het om die beleid of aksies van 'n regering te beïnvloed. Dit lei daartoe dat die prosesse van regering op 'n manier beïnvloed word om 'n gewenste beleid en/of uitkoms te verseker

Roskin (1991:192) omskryf daarenteen 'n belangegroep as 'n groep wat gemeenskaplike ingesteldhede deel deur dit te omskryf as 'n: "*shared-attitude group that makes certain claims upon other groups in society by acting through the institutions of government*." Volgens hom

is sommige belangegroepe meer tydelik of kortstondig van aard terwyl ander meer permanent van aard is.

Bogenoemde twee omskrywings is nietemin nie duidelik nie en kan ook teenstellend wees. Heywood argumenteer dat die regering beïnvloed word, terwyl Roskin daarenteen die argument voer dat regeringsinstellings gebruik word om aan gemeenskapseise te voldoen.

Dit blyk derhalwe reeds uit die bostaande dat ŉ belangegroep ten doel het om die beleid of aksies van ŉ regering te beïnvloed. Dit is in dié opsig ŉ belangrike onderskeid wat tussen organisasies se werkswyses getref word. Met betrekking tot hierdie studie kan reeds bepaal word dat die Afrikaner-Broederbond as ŉ belangegroep opgetree het en dat sy lede se belange in interaksie met die Nasionale Party bevorder is. Die koppeling tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party word verder ontleed deur die noue interaksie en assosiasie te beskou. (Die spesifieke verhouding word in Hoofstuk 3 verder toegelig.)

Kriek (1984:568) bring Heywood en Roskin se omskrywings bymekaar deurdat hy die aktiwiteite van owerheidsinstellings, drukgroepe, verkiesings, politieke partye en sosiale groepe met mekaar in verband bring. Volgens hom is almal deur interaksie met mekaar verbonde en word sodoende deel van die politieke proses.
ŉ Belangegroep vorm daarom deur sy werkwyse en die aard van sy aktiwiteite deel van die politieke stelsel; deur insette om beleid te beïnvloed en daardeur deel van die stelsel-analise te word, soos later omskryf word. Volgens Cloete (2021b) het belange- en drukgroepe en/of -netwerke die potensiaal om verandering en beïnvloeding in beleidsverandering teweeg te bring: “Enkele geïnstitusionaliseerde of informele beleidsbeïnvloeders/-aktiviste kan selfs primêre drywers van verandering wees, afhangende van hulle legitimiteit by en toegang tot beleidmakers” (Cloete, 2021b:5).

Die studie dui verder daarop dat die Afrikaner-Broederbond as belangegroep en dinkskrum deur dié werkswyse reeds vroeg in sy bestaan op indirekte wyse deel van die politieke speelveld geword het, tesame met die bevordering van eiesoortige belange. Politieke partye poog soms om die belange direk of indirek aan te pak of te verteenwoordig. Heywood (2013:247) tref die verdere onderskeid tussen verskillende organisasies of drukgroepe wat hulle lede se belange (gewoonlik materieel van aard) beskerm en bevorder, teenoor groepe en organisasies wat toegespits is op die gedeelde waardes, ideale of beginsels, en dit bevorder. Die noue interaksie tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond stem ooreen met die omskrywing. Daar word later in die studie aangetoon dat die noue verhouding tussen die AB en NP vir etlike dekades gemeenskaplike belange bevorder het. Die

gemeenskaplike belang sou oorwegend wees om die ideaal van wit- en Afrikaneridentiteite te beskerm en te bevorder.

Wanneer ’n spesifieke saak of belang derhalwe bevorder moet word, is daar verskillende maniere om mense bewus te maak en te mobiliseer om ’n spesifieke kwessie of saak by die politieke spektrum te betrek. Alhoewel sommige strategieë mag wissel, dui Roskin (1991:202) aan dat verskillende werkswyses of doelwitte aan belangegroepe toegewys word, naamlik:

- Deur die uitvoerende gesag te beïnvloed. Deur steunwerwing word gepoog om die wetgewende en uitvoerende proses op een of ander wyse te beïnvloed deur bepaalde uitkomste te verseker.
- Om die administrasie te beïnvloed. Die senior uitvoerende politieke gesag word gereeld genader vir gesprek en om oortuiging teweeg te bring.
- Om die regsgesag te nader. In heelwat gevalle word die howe genader om ’n bepaalde uitkoms te probeer bereik. Dit word op twee maniere gedoen. Eerstens om die hof direk te nader met ’n aansoek namens ’n instansie of groep. Tweedens om as vriend van die hof (*amicus curiae*) toe te tree ter ondersteuning van ’n saak wat voor die hof dien.
- Om die openbare mening te mobiliseer. Heelwat vorme van kommunikasie word ingespan om die belangegroep se siening en standpunte oor te dra.

Heywood (2013:256) ken verskillende werkswyses en benaderings toe rakende taktiek en strategie van verskillende belangegroepe en drukgroepe, wat die volgende kenmerke toon:

- Openbare simpatie en steun vir die belangegroep en sy doelwitte;
- die omvang van lidmaatskap en sy aktivistiese optrede;
- die finansiële basis en organisatoriese vermoë;
- die vermoë om deur optrede ’n regering te verontrief of te ontwrig, en
- persoonlike of institusionele verbintenisse met politieke partye of regeringsinstellings.

Die sukses van belange- en drukgroepe hang af van faktore en die uitwerking daarvan op standpunte, optredes en aanbevelings, deur beïnvloeding. Volgens Cloete (2021b:5) word dit ook beïnvloed deur hulle: “beheer oor of toegang tot die openbare mening of hulpbronne, soos populêre ondersteuning in gemeenskappe, befondsing en ander ondersteunende faktore.”

Voortspruitend uit voorafgaande omskrywings kan bepaal word dat ’n drukgroep 'n groep individue en/of organisasies is wat aktief om ’n bepaalde kwessie georganiseerd is om ’n

gemeenskaplike en gevestigde belang te bevorder en te verdedig. Die doel en uitkoms is om verandering in die openbare beleid teweeg te bring, deur druk op die regering uit te oefen.

Teen bogenoemde agtergrond en samevattend word ’n belangegroep met die oog op hierdie studie gestel as ’n organisasie wat beide gemeenskaplike en gevestigde belange nastreef en bevorder, en sy invloed in die politieke omgewing uitoefen om die belange te bevorder. Dit word gedoen deur beleid of optrede te beïnvloed. Uit die voorafgaande blyk dit dat die Afrikaner-Broederbond as ’n *Afrikanerbelangegroep* en *Afrikaner-dinkskrum* gekonseptualiseer moet word, wat ’n bepaalde rol en invloed gehad het op beleidsbepaling om bepaalde belange te beskerm of te bevorder. Die Afrikaner-Broederbond voldoen in hierdie verband aan die konseptuele omskrywing van ’n *belangegroep*. Dit is nietemin ook belangrik om Cloete se verwysing te herhaal dat belangegroepe ook belangrike dryfvere vir verandering kan wees. Die studie gaan in latere hoofstukke daarop toegespits wees.

Vervolgens word aandag gegee aan die konseptualisering van vertroulikheid aangesien dit ’n belangrike kenmerk van die Afrikaner-Broederbond was wat werkswyse betref.

2.3.3.4 Vertroulike en geheime organisasies

Die belangrikste punt van kritiek teen die Afrikaner-Broederbond was sy vertroulike werkswyse. Sommige beskryf die werkswyse as geheimsinnig. Alhoewel dit in meer besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek word, is dit nodig om *vertroulike organisasies* te konseptualiseer. Belangegroepe soos bo omskryf, vind dit soms in hulle werkwyse nodig om vertroulik of in geheimhouding te funksioneer. Dit maak dit soms ingewikkeld om die bestaan van geheime of vertroulike organisasies te konseptualiseer.

Die bestaan van die vertroulike of geheime belangegroep word volgens Spence (2019) gewoonlik nie geheim gehou nie, maar kenmerke en die aard van aktiwiteite sou insluit:

- Sommige oortuigings of praktyke word vir die publiek verberg en vereis 'n eed van geheimhouding en lojaliteit.
- Uitstaande status of spesiale kennis word aan lede gegee.
- Die groep se lidmaatskap is op een of ander manier beperkend, soos op grond van ras, geslag, godsdienstige verbintenis of alleen op uitnodiging.

Spence (2019) verwys na sommige van die groepe of organisasies wat rituele en wagwoorde het en doelstellings waarin lede glo of trou sweer. Die bekendste geheime organisasie, die Vrymesselaars, verkies om na hulself as 'n “vereniging met geheime” te verwys.

Volgens Jackson (2015:1) het so ’n organisasie geheime kennis in sy besit; óf dit is bevorderlik vir sy interne werkswyse of struktuur, óf hy kan dit selfs aanwend as ’n beloning om beheer oor sy lede te behou. Sommige organisasies is nie beperk tot ’n gebied of ’n land nie en funksioneer internasionaal om die organisasie en/of sy lede se eksklusiewe belange te bevorder.

Met die oog op hierdie studie moet dit nietemin duidelik gestel word dat, alhoewel die Afrikaner-Broederbond deur individue en die media soms as ’n geheime organisasie beskryf is, het die Afrikaner-Broederbond homself as ’n vertroulike organisasie beskou deurdat lidmaatskap vertroulik was en besprekings en werkswyse in ’n vertroulike omgewing gebeur het: “Verpligte vertroulikheid is reeds op 21 September 1921 in die grondwet van die organisasie opgeneem.” (Afrikanerbond, 1997:2) Die spesifieke werkswyse rakende vertroulikheid word verder in Hoofstuk 3 bespreek.

Met verwysing na die Afrikaner-Broederbond se vertroulike karakter skryf Knecht (2008:52):

> *A secret organisation cannot play a publicly active role, undermining in principle its claim to have been an influential actor in a negotiated political process. Secondly, a secret society brings with it an ominous, conservative, destructive image that is in ideological terms diametrically opposed to a liberal transformation. Instead, secret societies provide a wealth of material for conspiracy theories, which are not tenable in this case.*

In die evaluering van sy vertroulike karakter het die Afrikaner-Broederbond deur sy aanvaarde vertroulike werkswyse in werklikheid sy eie probleem geskep. Min instellings se ledelyste en notules en vergaderings is in die openbare domein. Deur egter soveel klem op vertroulikheid te plaas het persepsies oor die Afrikaner-Broederbond ontstaan wat nie maklik afgeskud kon word nie.

Ter samevatting en met verwysing na die studie word die vertroulikheid van die Afrikaner-Broederbond eerstens beskou as vertroulikheid rakende lidmaatskap en tweedens rakende die vertroulike werkswyse van vergaderings en byeenkomste.

Die Afrikaner-Broederbond beskryf homself telkens as ’n Afrikanerbelange-organisasie, daarom moet die begrip *Afrikaner* ook omskryf word. Daar word vervolgens oorgegaan na die bespreking van die begrip *Afrikaner(s)* vir wie, en uit wie se belange die Afrikaner-Broederbond vanuit sy verklaarde doelstelling opgetree het.

2.3.3.5 Afrikaner en Afrikanerskap

Dié begrip hou die grootste potensiaal in vir onduidelike of omstrede vertolking aangesien dit soms verskillend geïnterpreteer word. Daar sal gepoog word om met die oog op die doel en aard van die inhoud van die verdere hoofstukke 'n eenvoudige begrip daar te stel wat geëvalueer en gemeet moet word aan die tydperk ter sprake, naamlik die 1960's tot 1980's. Die term *Afrikaner* het sedertdien 'n meer inklusiewe en verruimende betekenis gekry.

Verskillende betekenisse is met verloop van tyd aan die benaming of begrip Afrikaner geheg. Die ontstaan daarvan kan nietemin reeds teruggevoer word na die negentiende eeu, waarin die term Afrikaner gebruik is vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die wit bevolking. Die begrip Afrikaner hou vir hierdie studie wel 'n voorwaarde van ras in, aangesien dit so deur die Afrikaner-Broederbond omskryf is.

Steyn (2015:31) is van mening dat 'n nierassige definisie wel moontlik is, maar dat die geskiedenis volke skep: "en ras kan 'n vormende krag in die wording van 'n volk wees."
'n Aantal konkrete tradisionele kenmerke word deur De Klerk (1999:14) aan Afrikaners toegedig:[2]

i) Die Afrikanerroeping om die evangelie en beskawing in Afrika te versprei; gevolglik is geglo dat hulle deur God aan die Suidpunt van Afrika geplant is.
ii) Die Afrikaner is uitsluitlik 'n blanke (wit) ras en wie nie wit is nie, word uitgesluit.
iii) Die Afrikaner is Christelik, meer spesifiek Calvinisties Christelik (die grondmotief van Calvinisme is dat die hele werklikheid op alle lewensvlakke moet buig voor die gesag van Bybelse beginsels).
iv) Die Afrikaner dra in sy kultuur die erfenisse van sy Europese stamlande.

Die tradisionele siening van Afrikaners in die algemeen word verder bevestig deur dr. P.J. Meyer, destydse Voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, tydens 'n Bondsraad in 1968:

> die Afrikanervolk as Christelik-nasionale, histories geworde gemeenskap met eie onderskeibare Calvinistiese geesteshouding, leefwyse en tradisies wat in die eie moedertaal as onderskeibare inhoude en vorms tot uitdrukking kom; nie voortbestaan ter wille van bloot fisiese en versekerde voortlewe nie, maar voortbestaan om die werk wat

[2] Daar moet vermeld word dat Dr. Willem de Klerk lid van die Afrikaner-Broederbond se Uitvoerende Raad was.

> God Drieënig van die Bybel aan ons opgedra het, te doen in die tyd wat Hy ons daarvoor gun (Meyer, 1968:9).

Met die Afrikaner gekontekstualiseer in die betrokke tydperk ter sprake,[3] word die rol van die Afrikaner-Broederbond opnuut beklemtoon deur die AB se vernaamste doelstelling, naamlik om die Afrikaner van homself bewus te maak, sy belange en identiteit te bevorder, en dat dit gestel sou word teenoor ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (wit en swart). Die Afrikaner sou vanaf 1948 in 'n regerende posisie wees en dit was een van die doelstellings om veral die wit bevolking, spesifiek die Afrikaner, deur afsonderlike ontwikkeling te beskerm. Hierin kon die Afrikaner-Broederbond 'n handige vennoot wees om as dinkskrum binne die Afrikaner establishment, die beleid te help ontwikkel en bevorder. Die skuld van apartheid word gevolglik vandag om die nek van Afrikaners gehang. (In Hoofstukke 3 en 4 word die ontwikkeling van apartheid, die gevolge en ook die bevraagtekening van die beleid deur Afrikaners verder hanteer.)
"Die Afrikaner is 'n Blanke wat Afrikaans praat en 'n Christelike lewensbeskouing het soos in die Calvinisme na vore kom" (Afrikaner-Broederbond, 1985d).

Vanuit bostaande sal daar met die oog op die studie volstaan word met die omskrywing vir die tydperk ter sprake, en verwys Afrikaner spesifiek na die wit, Afrikaanse bevolking van Suid-Afrika. Dit vorm die grondslag vir die betrokke belang wat die Afrikaner-Broederbond in sy doelstellings verwoord en bevorder het. Dit sou ook op dié grondslag die gemeenskaplike belang wees van beide die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond. Dit is in die gedefinieerde Afrikanerbelang wat die Afrikaner-Broederbond as dinkskrum en belangegroep opgetree het.

2.3.3.6 Konflik en onderhandelde skikking

Die begrippe *konflik* en *onderhandelde skikking*, as 'n gevolg van onderhandeling, sal net kortliks en gedeeltelik behandel word. Suid-Afrika was in 'n ernstige konfliksituasie vasgevang, wat die politieke stelsel in die 1980's en vooraf, onstabiel gemaak het. Alternatiewe maniere van geskilbeslegting moes oorweeg word om 'n politieke skikking tussen die strydende partye te bereik. Konflik word deur Jacoby (2008:19) beskou as: "enige situasie waarin twee of meer sosiale entiteite of 'partye' (hoe ook al gedefinieer of gestruktureer) besef dat hulle onderling onversoenbare doelwitte het." Coser (1968:232) beskou konflik as: *"…* a struggle over the values and claims to scarce status, power and resources in which the aims of the opponents

[3] Die Afrikaner-Broederbond het ras uit sy lidmaatskap verwyder in 1991 en Afrikanerskap word inklusief en nie-diskriminerend gedefinieer. .

are to neutralize, injure, or eliminate their rivals". Konflik kan verskillende vorme aanneem, wat insluit tussen partye/groepe, tussen gemeenskappe, ideologieë en tussen kulture.

Van besondere belang is die omskrywing wat Anstey (2010:5) aan sosiale konflik gee, wat insluit:

i) Opsetlike en beplande gedrag ten einde skaars waardes (hulpbronne) te verkry en weerstand uit te skakel.
ii) Dat dit plaasvind in 'n sosiale struktuur.
iii) Dit sluit die gebruik van mag in om hindernisse of weerstand uit te skakel.
iv) Deur strategiese aksie kan die opponent onder die indruk gebring word dat tegemoetkoming of oorgawe die druk kan verlig.

Met die oog op die studie sal die konflik omskryf word as die onversoenbare posisies ten opsigte van verskille in waardes of oortuigings, mededinging tussen twee of meer partye vir sekere hulpbronne; gevolglik het die botsende opponente die doel om mekaar uit te skakel, te neutraliseer of te beseer.

Hieruit spruit dit dat oplossings gevind moet word om die konflik te hanteer, ten einde die konflik permanent of ten minste vir die langtermyn te staak. Levinger & Rubin (1994) identifiseer ses alternatiewe maniere om konflik te hanteer:

- Oorheersing/dominansie: Wanneer een party poog om sy wil op een of ander wyse op fisiese of sielkundige wyse af te dwing.
- Kapitulasie: Die een party gee eensydig oor aan die ander ongeag wat die opponerende kant ook al eis of verwag.
- Onttrekking: Die een party stap weg van die konflik en weier om langer 'n party tot die konflik te wees.
- Onaktiwiteit (*inaction*): Die een party doen doelbewus niks nie, met die hoop of verwagting dat dinge met verloop van tyd sal verander.
- Onderhandeling: Twee of meer onderling afhanklike partye gebruik die gee-en-neem van aanbiedinge en teenaanbiedinge in 'n poging om 'n wedersyds aanvaarbare skikking te bereik.
- Derdeparty-ingryping: 'n Individu of groep wat nie deel vorm van die konflik nie of wegstaan daarvan, help die partye in die konflik om die kwessies te identifiseer en 'n skikking te bereik (Levinger & Rubin, 1994:202-204).

Volgens die uiteensetting in Figuur 2-3 word die benadering van alternatiewe geskilbeslegting in die Suid-Afrikaanse konteks toegepas. Die studie sal toegespits wees op die konflik wat in Suid-Afrika ontstaan het en oorwegend rasgebaseerd was. Vanuit die wit (blanke) hoek van die konflik is mag afgedwing deur wetgewing en die gebruik van die weermag en die polisie. Vanuit die swart hoek is die toepassing van apartheid beveg met gewapende geweld en protes. Konflik is 'n bedreiging vir stabiliteit in die stelsel, en word ook in die studie behandel. Verskillende rolspelers het op verskillende tye op die konflik gereageer. Uiteindelik kon die konflik alleen deur onderhandeling aangepak en opgelos word. Die rol van die Afrikaner-Broederbond om voorstelle te genereer ten einde oplossings vir die konflik te bied, word verder ondersoek.



Figuur 2-3: Alternatiewe tot geskilbeslegting

Geskilbeslegting word omskryf as: "*the informal or formal process that two or more parties use to find a peaceful solution to their dispute*" Shonk (2021:1).

Konflik word op die volgens wyses besleg: litigasie; resolusie; bemiddeling; fasilitering; versoening; arbitrasie; onderhandeling. Dit dien as algemeen geldende wyses van konflik-hantering en kan eweneens net so in die politieke omgewing van toepassing gemaak word op grond van dieselfde wyses waarvolgens 'n skikking tussen die strydende partye verkry word. (Shonk, 2021:1)

Zartman (1987:7-18) se beskouing is dat onderhandeling as een van die mees basiese prosesse beskou word en dat dit nie ’n statiese gebeurtenis is nie. Hy identifiseer gevolglik vier komponente in 'n onderhandelingsproses:

- Dit behels die deelname van partye as rolspelers, en interaksie tussen hulle.
- Dit behels waardes, belange of eise wat partye aan die ander partye stel met die doel om kollektiewe keuses te maak.
- Die uitkoms van onderhandelinge; Zartman beklemtoon dat alle onderhandelinge 'n uitkoms het, selfs al word dit as onsuksesvol beskou.
- Onderhandeling dui op wedersydse beweging van posisies en slegs indien daar beweging vanaf aanvanklike posisies plaasgevind het, het onderhandeling plaasgevind (Zartman, 1987:7-18).

Daar geld soms ’n opvatting dat die onderhandelde skikking in Suid-Afrika in die 1990’s die begin en die einde van die nuwe bedeling was. Hierdie studie poog om aan te dui dat die onderhandelinge ’n voorafgaande proses gehad het waarin belanghebbers en rolspelers voor onderhandelinge deur verskeie ander rolspelers beïnvloed is, waaronder die Afrikaner-Broederbond.

Die vooronderhandelingsfase het ’n besliste aanloop gehad, self voor die 2 Februarie 1990 aankondigings van mnr. F.W. De Klerk,[4] wat die proses van hervormings ingelui het. Reeds in 1985 ontmoet prof. Pieter de Lange, destydse voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, mnr. Thabo Mbeki van die ANC in New York. Verdere en gereelde interaksie met die ANC kom uit die geledere van die Afrikaner establishment, wat akademici en sakelui insluit. Later volg ontmoetings met nywerheidsleiers en politieke partye. Die proses sou meer formeel raak toe verteenwoordigers van regeringsinstellings en die ANC, veral mnr. Nelson Mandela, terwyl hy in die gevangenis was, ontmoet het. In dié verband het Nasionale Intelligensie die leiding geneem. Die proses van vooronderhandeling word later in meer besonderhede bespreek. Daar moet nietemin vermeld word dat vooronderhandelinge ’n formele deel van ’n onderhandelingsproses is, want dit gee volgens Pantev (2000:53) aan partye die geleentheid tot toenadering tot mekaar, sonder dat daar enige verpligting op enige party rus. In die verband kan terugverwys word na Suid-Afrika, want die rolspelers wat in die vooronderhandelingsfase met die ANC kontak gehad het, het dit meestal sonder instemming of medewete van die

[4] Verkies tot president en lid van die Afrikaner-Broederbond in 1989.

regering gedoen. Hulle sou daarom in elk geval nie enige ondernemings namens die Suid-Afrikaanse regering met die ANC kon aangaan nie.

Die meeste gesaghebbende bronne van daardie tyd het aanvaar dat onderhandelinge op nasionale vlak en in die politieke sfeer moes plaasvind. Die belangrikste voorwaarde vir onderhandeling in die Suid-Afrikaanse konteks is volgens Hugo & Kotzé (1983:5) dat daar gunstige houdings onder die leiers van die verskillende groepe moes wees, en hulle vra reeds in 1983: “Gaan ons daadwerklike pogings aanwend om oor regverdigbare en haalbare alternatiewe te onderhandel vóór of ná ’n burgeroorlog?” Dit dui daarop dat die stelsel toe reeds die wesenskenmerke van onstabiliteit getoon het en dat die alternatief enersyds onderhandeling, en andersyds burgeroorlog sou wees. Die studie sal in Hoofstuk 4 verder wys op die mate van onstabiliteit wat reeds in Suid-Afrika geheers het.

Samevattend moes Suid-Afrika ’n oplossing soek vir die konflik, en onderhandeling was die enigste wyse om dit te bereik. (Hieroor sal daar in Hoofstuk 5 meer uitgebrei word.)

Met die oog op die Suid-Afrikaanse konteks word onderhandeling dus omskryf as die proses waardeur twee of meer partye deur die gee en-neem van aanbiedinge en teenaanbiedinge 'n wedersyds aanvaarbare skikking probeer bereik. Hierdie is die basiese konseptualisering wat in die studie oorweeg en aangewend gaan word. Die ondersoek probeer deur die konseptualisering die konteks stel vir die studie wat vanuit ’n stelsel-analitiese perspektief verder benader sal word. Soos aangedui, kan verskillende begrippe verskille betekenisse inhou, daarom is gepoog om deur die konseptualisering ’n bepaalde omskrywing te gee wat binne die konteks van die studie gelees en geïnterpreteer moet word.

2.4 Easton se stelsel-analise

Soos reeds gestel, het enige studie ’n teoretiese begronding nodig om dit binne ’n wetenskaplike konteks te plaas. Dit is eweneens van toepassing op politieke studies. Die stelsel-analise van David Easton,[5] is by uitstek daarop gerig om die omvattende politieke proses en die funksie van die rolspelers in die stelsel te verklaar. ’n Stelsel is, volgens Heywood (2013:20), ’n georganiseerde of gekompliseerde geheel, met onderling verwante en onderling afhanklike dele wat ’n gesamentlike entiteit vorm.

[5] ’n Kanadees gebore Amerikaanse politieke wetenskaplike.

Easton (1965:21) se waardevolle interpretasie van ’n politieke stelsel (*system analysis*) word vervolgens ontleed en toegepas op die politieke stelsel in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1980 tot 1990. Die Afrikaner-Broederbond word, as ’n belangegroep binne die stelsel, as rolspeler geplaas wat ’n invloed binne die stelsel uitoefen. Die invloed geld insette asook uitsette en word breedvoerig in die afdeling hanteer.

Binne die teoretiese verduideliking kan gevra word waarom die stelsel-analitiese benadering, spesifiek Easton se stelselmodel, toegepas word? Met in- en uitsette en die terugvoer of terugvoerkoppeling of kommunikasie, soos dit in die afdeling bespreek word, is daar bepaalde rolspelers wat ’n invloed binne die stelsel uitoefen. Easton se benadering is die enigste vergelykbare model waarbinne die rol van die Afrikaner-Broederbond in die politieke stelsel geplaas en geëvalueer kan word.

Die spesifieke navorsingsvraag wat hierdeur beantwoord sal word, sal wees of Easton se stelsel-analise toegepas kan word op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel van die 1980’s, en op die Afrikaner-Broederbond se rol as vertroulike belangegroep, as rolspeler met betrekking tot die politieke stelsel waarna verwys word.

Die afdeling word onder die volgende teoretiese besprekingspunte verdeel:

- Die stelsel-analitiese model as vertrekpunt
- Die rolspelers in die stelsel
- Insette en uitsette in die politieke stelsel
- Terugvoer of terugkoppeling in die stelsel
- Stabiele en onstabiele stelsels
- Die stelsel-analise se toepassing op die Afrikaner-Broederbond as ’n rolspeler in die stelsel
- Die rol van die Afrikaner-Broederbond as ’n Afrikanerbelangegroep wat rakende insette (beïnvloeding) en uitsette (terugvoer) in die stelsel ’n bepaalde rol gespeel het

2.4.1 Die stelsel-analitiese model as vertrekpunt

Dit is voortdurend nodig om politiek, stelsels en die omgewing waarbinne dit funksioneer feitelik te interpreteer en te organiseer. Een van die vernaamste modelle van politieke analise is die stelsel-analise wat in die 1960’s deur David Easton ontwikkel is. Die doelwit van die analise word deur Easton (1965:14-15) soos volg verklaar: “The perspectives of a systems

analysis of political life impel us to address ourselves to the following kind of question. How can any political system ever persist whether the world be one of stability or of change?"

Vir doeleindes van verdere bespreking moet 'n politieke stelsel eers omskryf word. Easton (1965:21) formuleer dit as daardie interaksie waardeur waardes gesaghebbend vir 'n gemeenskap toebedeel word. Dit onderskei daarom 'n politieke stelsel van ander stelsels.

Die interaksie in die stelsel-analise word verder deur Easton (1965:25-27) beskryf op grond van die konstante verbindings (inset- en uitset-veranderlikes en kernveranderlikes). Dit is die vermoë van die politieke stelsel om bindende besluite te neem en dit min of meer konsekwent af te dwing. Al hierdie veranderlikes in die stelsel word deur middel van kommunikasie- en terugkoppelingsnetwerke aanmekaar gehou (Kriek, 1984:556).

In dié stelsel word waardes gesaghebbend vir 'n gemeenskap toebedeel. Waardes en hulpmiddels is enige bate of idee wat rolspelers binne die politieke stelsel as waardevol vir hulle sou identifiseer. 'n Politieke stelsel reageer op die eise wat deur rolspelers binne die stelsel gestel word, deur besluite en beleide wat vir die rolspelers waarde het (Cronje, 2013:53). Die noodsaak van waardes word verder deur Easton (1965:24) beklemtoon in sy gevolgtrekking dat alle politieke stelsels wat volhoubaar voortbestaan op twee bene staan: 1) dat hulle waardes vir 'n samelewing kan toeken, en 2) dat die meeste lede in die samelewing oorreed kan word om hierdie toekenning van waardes as bindend te aanvaar, ten minste vir die meeste van die tyd.

'n Politieke stelsel-analise is, voortspruitend uit die bogenoemde, gebaseer op die veronderstelling dat waardes toegeken en aanvaar word. Hierin lê die onderskeid van die politieke stelsel van ander stelsels. Dit word ook beskou as die wesenlike veranderlike in die stelsel-analise.

Easton (1965:30) se verdere veronderstelling is dat elke politieke stelsel in 'n totale omgewing bestaan en funksioneer. Dit word verder deur Cronje (2013:56) beklemtoon, wat die omgewing omskryf as 'n "intra-maatskaplike omgewing" van ekologiese, biologiese, persoonlikheids- en sosiale rolspelers, en 'n "buite-maatskaplike omgewing" van internasionale politieke en sosiale rolspelers (verwys na Figuur 2.4). Dit dui daarop dat 'n konstante stroom van gebeure en faktore die omgewing binne die politieke stelsel kan beïnvloed. Hierin speel verskeie rolspelers 'n rol en die rol van die Afrikaner-Broederbond sal binne dié omgewing verder ontleed word.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat verskillende omgewingsfaktore ŉ invloed op politieke interaksie het. Kriek (1991:111) wys daarop dat ŉ politieke stelsel soms deur ekonomiese eise in beweging gebring word, ander kere deur kulturele eise, of deur religieuse of selfs bloot gewone sosiale eise. Daaruit word afgelei dat een of meer, of ŉ kombinasie van verskillende eise, ŉ rol sal speel binne ŉ stelsel.

(Easton, 1965) se komponente van ŉ politieke stelsel in die totale omgewing (Figuur 2.4) begin deur die rolspelers in beide die interne, of intra-gemeenskap, of maatskaplike omgewing te identifiseer en sluit die ekologiese, biologiese, persoonlikhede en sosiaal-maatskaplike komponente in. By die sosiaal-maatskaplike komponent word ŉ verskeidenheid ander komponente ingesluit, soos die kulturele stelsel, sosiale struktuur, ekonomiese stelsel, demografiese stelsel en ander substelsels.

Uit Figuur 2.4 kan afgelei word dat die belangrike fokuspunte van die stelselbenadering pogings is om die voortbestaan en stabiliteit van politieke stelsels te verseker. Die politieke stelsel is nie afgesonder van ander stelsels nie maar vorm deel van verskeie stelsels, waaronder die sosiaal-maatskaplike stelsel, die ekonomiese stelsel en ander substelsels. Dit is belangrik om daarop te let dat die internasionale stelsel ook substelsels het wat eweneens die plaaslike politieke stelsel kan beïnvloed. In die politieke stelsel is daar voortdurende insette en eise, sowel as interne en eksterne bedreigings wat 'n politieke stelsel moet verwerk.

So ŉ politieke stelsel moet voortdurende aanpassings ondergaan om by sy veranderende omgewing aan te pas. Voorbeelde hiervan is tegnologiese en ekonomiese veranderings, en die vermoë van 'n politieke stelsel om sy geformuleerde doelstellings te verwesenlik. Die studie beoog om dit uit te lig, en sal in verdere hoofstukke duideliker omskryf word. Die eksterne gemeenskap of maatskaplike omgewing sluit al die internasionale rolspelers in, wat weer stelsels op hulle eie vorm.



Easton (1965:23)

Figuur 2-4: Komponente van 'n politieke stelsel geplaas binne die totale omgewing

Dit word gaandeweg duidelik hoe die sosiaal-maatskaplike, polities-staatkundige en ekonomiese omgewing 'n besondere invloed op binnelandse onstabiliteit gehad het. Binne sodanige omgewing in die Suid-Afrikaanse konteks word die Afrikaner-Broederbond se rol as 'n rolspeler betreffende in die inset en uitset, sowel as terugvoer, geëvalueer.



Volgens Duvenhage (2007)

Figuur 2-5: 'n Eenvoudige rekonstruksie van Easton se stelsel-analise

In Easton se stelsel-analise is daar 'n groot aantal rolspelers wat in verskeie komponente werksaam is. Individueel of gesamentlik oefen die rolspelers 'n invloed of effek van een of

ander aard binne die stelsel uit. Die rolspelers binne die politieke stelsel (Figuur 2.5) is volgens die stelsel-analise in interaksie binne die omgewing deur insette in die politieke stelsel, asook uitsette en terugkoppelingsprosesse.

Die stelsel-analise het volgens Cronje (2014:23) die volgende kenmerke:

- Daar is ’n groot aantal rolspelers of deelnemers teenwoordig.
- Die rolspelers of deelnemers binne die stelsel het gereelde interaksie met mekaar. Die deelnemers of rolspelers kan wissel van individue of organisasies.
- Deur hierdie interaksie word terugvoer binne die stelsel gegee oor die tevredenheid met omstandighede in die stelsel.

Easton (1965:21) se waardevolle interpretasie van ’n politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met inbegrip van skaars middele vir ’n samelewing toebedeel word, aktiveer dus in wese die rolspelers in die stelsel. Dit is die rolspelers wat rakende inset deurentyd in interaksie met mekaar is, daarom sal die rol verder toegelig word.

2.4.1.1 Die rolspelers in die stelselbenadering

Die rolspelers in die politieke stelsel se deelname word bepaal volgens die eise en ondersteuning in die stelsel wat inset en uitset betref. Cronje (2013:43) stel die volgende definisie voor waarbinne die rolspelers funksioneer:

> *Any system comprising an innumerable number of participants, whose participation results in outputs greater than the sum of their parts, and the behaviour of which is driven by opposing forces of positive and negative feedback. Actors in the system interact with each other in how they place demands on the system. Those demands become sources of negative and positive feedback on the system. Where negative feedback predominates the system remains stable. However, where positive feedback predominates non-stable behaviour may occur.*

Wat die rolspelers betref, is dit belangrik om daarop te let dat ’n rolspeler of -spelers se gedrag of verandering in optrede, hoe gering ook al, ’n uitwerking of invloed mag hê op die ander rolspelers. Dit kan gevolglik ook direk of indirek ’n bepalende invloed uitoefen op die stelsel waarin die persoon ’n rolspeler is. ’n Klein, op die oog af onbelangrike verandering in die gedrag van een rolspeler in so ’n stelsel, kan volgens Cronje (2014:26) die ander rolspelers in die

stelsel beïnvloed en sodoende die toekoms verander. Die AB sal op grond van dié kenmerk van die stelsel wat uitgelig is, in verdere hoofstukke geëvalueer word.

Binne die stelsel is die resultaat van die interaksie tussen deelnemers groter as die individuele rolspelers of deelnemers se samestellende dele. Daarom word 'n politieke stelsel vervolgens deur Cronje (2013:41) beskou as 'n stelsel waarin kiesers, sakemanne, belangegroepe, politici, wetgewers, sosiale aktiviste, werkers, regters en joernaliste voortdurend met mekaar in interaksie is, terwyl almal van hulle uiteenlopende eise aan die stelsel stel. Die gevolg of resultaat van hierdie interaksie is beleidsraamwerke, groeivlakke en konflikte, wat kenmerke van die stelsel is.

In die interaksie is belangegroepe een van die rolspelers, en soos reeds vroeër aangetoon, voldoen die Afrikaner-Broederbond aan die vereistes van 'n belangegroep, soos gekontekstualiseer. Binne die politieke stelsel oefen bepaalde rolspelers op een of ander wyse 'n invloed uit. Die invloed en die rol van die AB in interaksie met die regering en die regerende party sal verder in die studie uitgelig en beklemtoon word.

2.4.1.2 Insette en uitsette in die politieke stelsel

Insette in die politieke stelsel word getipeer as eise en ondersteuning. Daar is volgens Ahmad & Eijaz (2011:192-193) die volgende eise:

- Die toewysing van goedere en dienste wat infrastruktuur, onderwys en geleenthede kan insluit;
- die regulering van gedrag, soos openbare veiligheid;
- deelname binne die politieke stelsel, soos die reg om te kan stem, en
- deelname in beleidsbepaling deur kommunikasie en inligting.

Ondersteuning vir 'n stelsel word ook bepaal deur belastingbetaling, gehoorsaamheid aan reëls en regulasies, en deelname aan verkiesings (Ahmad & Eijaz, 2011:192).

Insette en uitsette tot die stelsel het in die politieke stelsel bepaalde gevolge vir stabiliteit. In die stelsel-analise word daar, volgens Duvenhage (2007:8), gepoog om politieke veranderinge binne die raamwerk van 'n stelsel te verklaar en ewewigtigheid (ekwilibrium) word veronderstel. Die ekwilibrium, volgens Duvenhage (2007:8), is die vermoë van die stelsel om die omgewingseise te hanteer en kritieke balanse of ewewig te verseker. Politieke stabiliteit of onstabiliteit word bepaal deur die aard van die interaksie tussen die stelsel en sy omgewing.

’n Politieke stelsel (regering) is volgens Labuschagne (2021:3) oor die lang termyn stabiel as sy uitsette (beleid, besluite en handelinge) in ewewig is met die insette (eise en druk) van die samelewing, waaruit die stelsel vanuit verskillende perspektiewe ontleed kan word:

- Een daarvan is om die invloed van die verbindingsveranderlike wat inset betref (vraag en steun/eise en ondersteuning) op die kernveranderlike van die politieke stelsel na te gaan.
- ’n Verdere perspektief is om te bepaal hoe ekwilibrium in die politieke stelsel bereik word ter wille daarvan om uitsette te lewer.
- Toegespits op uitsette as sodanig, word beklemtoon dat die politieke stelsel ’n besondere funksie verrig, naamlik om die samelewing deur middel van sy handelinge te verander.

Binne die politieke stelsel kan alles gevolglik deurlopend herlei word na die voortdurende vloei van handelinge, invloed en kommunikasie (terugkoppelingsmeganisme), wat heen en weer tussen die stelsel en sy omgewing beweeg.

2.4.1.3 Terugvoer of terugkoppeling in die stelsel

Easton (1965:30) gebruik die term terugvoer om aan te dui hoe rolspelers reageer op die uitsette binne 'n politieke stelsel. Waar die rolspelers of deelnemers in ’n stelsel tevrede is met uitsette wat gelewer word, sal hulle meer ondersteuning binne die stelsel verleen – soortgelyk sal negatiewe terugvoer, indien deelnemers teleurgesteld of ontevrede is met die stelsel se uitsette, lei tot bepaalde eise binne die stelsel, wat dan 'n vorm van positiewe terugvoer is.

Die uitsette (beleide en besluite) deur middel van terugkoppelingsmeganismes of terugvoer word volgens Kriek (1991:111) met die insette in verband gebring om die sirkelgang van die politieke proses te demonstreer. Volgens Coetzee & Wessels (2004:61) dui terugvoering ook op die invloed wat uitsette van die politieke stelsel op die toekomstige insette van die politieke stelsel gaan uitoefen. ’n Politieke stelsel het bepaalde terugvoer meganismes, waarvan Cronje (2013:42) twee onderskei wat met die oog op hierdie studie krities belangrik is. Eerstens is daar negatiewe terugvoer wat verandering belemmer. Die negatiewe kragte poog volgens Cronje om die stabiliteit in ’n stelsel te verseker of die ekwilibrium van die stelsel of status quo te handhaaf. Positiewe terugvoer, volgens Cronje, poog om verandering in die stelsel teweeg te bring. Beide die positiewe en negatiewe terugvoer is daarom in voortdurende konflik met mekaar.

Terugvoer of terugkoppeling in die stelsel is gevolglik ’n belangrike segment van die stelsel-analise, want dit bepaal hoe die stelsel gaan reageer. In die toepassing daarvan op die rol van die Afrikaner-Broederbond sal in die studie aangedui word hoe terugvoer plaasgevind het deur interaksie met die Nasionale Party. Die terugvoer het plaasgevind om stabiliteit in die stelsel te verseker.

2.4.1.4 ’n Evaluering van die stelsel-analise

Die belangrikste insigte wat uit die bogenoemde verkry word, is dat die stelsel-analise op die politieke stelsel van toepassing is. Die stelsel kan in ’n volkome (totale) omgewing geplaas word, wat wetenskaplik geïnterpreteer en deurlopend geëvalueer kan word. Die stelsel-analise verskaf gevolglik ’n teoretiese raamwerk vir die wetenskaplike ontleding van die politieke proses. Dit kan daarom ook as ’n instrument gebruik word om veranderinge te verduidelik om stelselstabiliteit te verseker.

In die evaluering van die stelsel-analise bevestig Kriek (1984:559) voorts ook die rol van die kleinste eenheid binne die stelsel. Dit is die interaksie tussen individue; hy maak die gevolgtrekking dat die kern van politiek bestaan uit aksies, reaksies en interaksies.
Die stelsel se vernaamste mikpunt is gevolglik om stabiliteit in die politieke omgewing te verseker deur te reageer op die voortdurende eise en interne en eksterne bedreigings. Dit bly ook nodig om voortdurende aanpassings te maak. Die oogmerk van aanpassings in die politieke stelsel en die veranderende omgewing is om stabiliteit te verseker.

Die stelsel-analise is eweneens van toepassing op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. Dit is daarom moontlik om Easton se stelsel-analise toe te pas. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing word gekenmerk deur politieke partye en ’n omgewing wat invloed uitoefen op, en gereeld eise stel aan die politieke stelsel. Veral is dit van toepassing op die polities-staatkundige omgewing van die 1980’s. Deur 'n deeglike ontleding, en aan die hand van Easton se stelsel-analise, kan die politieke omgewing van die 1980’s behoorlik geëvalueer word. Dit word breedvoerig behandel in Hoofstuk 4. Die invloed van die Afrikaner-Broederbond as agent van verandering en akteur in die stelsel word in Hoofstuk 5 verder hanteer. Die belangrikste en invloedrykste rolspelers of deelnemers in die stelsel kan geïdentifiseer word en die klem kan val op die vraag of hul eise deur die stelsel in ag geneem en beantwoord kon word. Terugvoer in die stelsel sal in latere hoofstukke in besonderhede beantwoord word.

Deur die toepassing van die stelsel-analise word gepoog om antwoorde te soek op die vraag hoe politieke stelsels kan bly voortbestaan te midde van veranderinge; soms ook radikale veranderinge. Dit kan verstaan word as ’n omgewingsverkenning wat binne die totale

omgewing gedoen is, waarvan die politieke stelsel deel is. Van verdere belang is dat die stelsel-analise volledig en wetenskaplik aangewend kan word om stabiliteit en onstabiliteit binne die stelsel te verstaan. In die Suid-Afrikaanse konteks word later geargumenteer dat die rolspelers in die stelsel ook die proses van 'n stelselverandering kon help fasiliteer om stelselstabiliteit te verseker.

2.5 Stabiele en onstabiele stelsels

Ake (1975:271) omskryf politieke gedrag as enige aksie deur enige lid van die gemeenskap wat die verspreiding van mag om besluite vir die gemeenskap te kan neem, beïnvloed. Politieke gedrag kan net in ’n georganiseerde gemeenskap plaasvind waarbinne politieke uitruilings kan plaasvind. Ake (1975:271) omskryf die politieke uitruilings as transaksies of kommunikasie tussen politieke deelnemers of rolspelers. Politieke stabiliteit word vervolgens bepaal deur die gereeldheid van politieke uitruiling; hoe meer gereeld die politieke uitruiling plaasvind, hoe meer stabiel is die stelsel. Politieke verandering kan in ’n stabiele omgewing plaasvind solank die politieke uitruilings op gereelde basis plaasvind.

Easton (1965:15) beskou die stabiliteit van ’n politieke stelsel in ’n omgewing van verandering en onstabiliteit as een van die grootste uitdagings, en vra: “How can a political system ever persist, whether the world be one of stability or one of change?” Dit is binne dié konteks dat verandering binne die stelsel geëvalueer moet word, want daar word verder in die studie geargumenteer dat verandering deur onstabiliteit teweeg gebring kan word, of dat verandering gemaak word om stabiliteit te verseker.

Onstabiliteit vind plaas as die patroon van politieke uitruilings op een of ander manier oortree word. Ake (1975:272) argumenteer dat politieke stabiliteit gewoonlik gemeet word aan die patroon van optredes wat ’n wesenlike politieke invloed het. Dit sluit staatsgrepe, politieke geweld, grondwetlike krisisse, korrupsie op hoë vlak in openbare ampte, sluipmoorde op politieke leiers, en burgerlike onrus in. In dié verband stel Ake (1975:273) die belangrike punt dat die elite in die samelewing soms die verandering bepaal en bestuur. Daarom kan voorspellings selfs gewaag word om die aard en mate van stabiliteit te bepaal, aangesien die verandering gewoonlik plaasvind na gelang van die elite se eise en behoeftes.

In hoofstukke 5 en 6 word na die rol van die elite verwys betreffende die onderhandelde skikking en die rolspelers daarby betrokke. Die elite se eise en behoeftes word in die Suid-Afrikaanse konteks geëvalueer volgens die onderhandelde skikking wat in die 1990’s tot ’n

nuwe bedeling gelei het. Die skikking moes stabiliteit teweegbring, en verandering in die onstabiele omgewing is sodoende bereik.

2.5.1 Stabiliteit in komplekse stelsels

Stabiliteit word volgens Labuschagne (2021:3) verkry as die politieke stelsel in staat is om die landsburgers se sosio-ekonomiese omstandighede deur sy beleid, handelinge en praktiese stappe te verbeter of bevredigend te hanteer. Die verbeterde of bevredigende handhawing van sosio-ekonomiese omstandighede oortref of voldoen aan die eise van die samelewing. As die beleid tekortskiet, maar die gaping nie onoorbrugbaar groot is nie, is daar nie druk op die stelsel nie. Daar is dan volgens Labuschagne (2021:3) ’n kalmerende balans (ekwilibrium of ewewigtigheid) tussen eise (insette) en uitsette.

2.5.2 Onstabiliteit in komplekse stelsels

Wanneer onstabiliteit intree, funksioneer die stelsel se kalmerende balans anders en die stelsel word onder druk geplaas. ’n Kritieke uitdaging ontstaan wanneer die eise meervoudig is en die politieke stelsel oorlaai word. Dit plaas die stelsel onder druk, want die politieke uitsette is nie meer in staat om die inset-eise te bevredig of te laat afneem nie. Die kapasiteit van die politieke stelsel word gevolglik oorskry, met ’n verlies aan kritieke ewewig (Labuschagne, 2021:3).

Wanneer die teenwoordigheid van positiewe en negatiewe terugvoer deurentyd verwissel, wissel die stelsel ook tussen ’n stabiele en onstabiele staat, volgens Cronje (2013:15). Daarvolgens kan ’n stelsel periodieke stabiliteit of onstabiliteit ervaar.

Stelsels kan ook chaotiese gedrag openbaar as resultaat van die verskillende elemente wat onvoorspelbare gedrag demonstreer, wat nie met enige mate van sekerheid aangedui kan word nie. Selfs klein veranderinge kan mettertyd ’n toekomstige bepaalde gedrag tot gevolg hê (Cronje, 2013:18). In sodanige omstandighede kan dit soms moeilik of onmoontlik wees om die oorsaak en gevolg na te spoor.

Stelsel-entropie verwys na die mate van wanorde binne stelsels en die teenwoordigheid van wisselvalligheid, onreëlmatigheid en inkonsekwentheid ingevolge die suksesvolle funksionering van die betrokke stelsel. Dit hou verband met vorme van stelsel- en institusionele verval. Dit kan ook van toepassing wees binne stelseltransformasie, soos deur Duvenhage (2020:248) omskryf as ’n poging tot die radikale, omvangryke, snelle en fundamentele verandering van ’n stelsel deur ’n meer progressiewe uitkoms te verseker.

Politieke en staatkundige verval verwys volgens Duvenhage (2020:247) na maatstawwe soos die mate van politieke beheer oor die gebied en toesig (nie noodwendig beheer nie) oor nasionale hulpbronne; vermoë ten opsigte van belastingheffings en invordering; die ontwikkeling en uitbouing van infrastruktuur; die vermoë om dienste te lewer, en die instandhouding van gebruike wat met goeie regering en administrasie verband hou.

Stelselinploffing/-ontploffing word gelyk gestel aan die vermoë/onvermoë van ’n stelsel om omgewingseise doelmatig aan te pak. *Stelselinploffing* beteken volgens Duvenhage (2020:247) ’n uiterste toestand van entropie, met as uitkoms ’n stelsel wat verbrokkel en vervang word met ’n nuwe stelsel of stelsels.

Chaotiese stelsels het verskillende toepassingsvorme, maar volgens Duvenhage (2020:248) *w*ord chaotiese stelsels geassosieer met wisselvalligheid, onreëlmatigheid en inkonsekwenthede, voorgestel as ’n wanordelike stelsel met onvoorspelbare gedragspatrone. Die sogenaamde “*butterfly effect*” wat in die chaos-teorie ingesluit is, word deur Cronje (2014:25) soos volg omskryf: “*when a butterfly flaps its wings on one side of the world, it would cause a storm on the other side*.”

Stelseltransformasie word volgens Duvenhage (2020:248) voorgehou as ’n poging tot die radikale, omvangryke, snelle en fundamentele verandering van ’n stelsel deur ’n meer progressiewe uitkoms te verseker. Stelseltransformasie verteenwoordig volgens Duvenhage (2020:248) in “sekere opsigte die teenpool van vorme van *stelsel-entropie* tot die mate wat ontwikkeling (in al sy vorme en dus ook transformatiewe verandering) teenoor institusionele en staatkundige verval staan”.

Uitgaande van die voorafgaande bespreking van die stelsel-analise word stabiliteit verkry as die politieke stelsel in staat is om op een of ander wyse op insette of eise te kan reageer. Dit doen die politieke stelsel deur sy uitsette soos beleid, handelinge en praktiese stappe wat die eise verbeter of dit bevredigend kan hanteer. As ’n stelsel se veranderinge doelmatig en doelbewus bestuur word en eise in haalbare en realistiese uitsette omskep word, kan ’n bepaalde positiewe uitkoms ten opsigte van stabiliteit in die politieke stelsel bereik word.

Die Afrikaner-Broederbond se rol en bydrae in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel moet beskou word teen die omvattende en soms gewelddadige eise aan die kant van insette in die stelsel. Die noodsaak vir veranderinge soos in Hoofstuk 4 bespreek, het indringende reaksie betreffende uitsette geverg. Die reaksie op die politieke verwagtinge en die verwagtinge van

swart mense het in die 1980's toenemend gelei tot onstabiliteit wat op sosiale, ekonomiese en politieke terreine van die stelsel 'n groot invloed gehad het.

2.6. Die Afrikaner-Broederbond as rolspeler in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel

Binne die tema van die studie: *Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van 'n onderhandelde skikking. 'n Stelsel-analities en politiek-strategiese perspektief,* is daar in breë trekke verwys na die konseptualisering van begrippe wat in die studie gebruik word en die stelsel-analise is ook as teoretiese raamwerk vir die studie bespreek.

Die stelsel-analise se toepassing op politieke stelsels en die hedendaagse uitkyk op die wêreld vind volgens Kriek (1984:576) aansluiting by mekaar. Hiervolgens kan 'n omvattende reeks verskynsels op 'n meer sistematiese en geïntegreerde wyse geïnterpreteer en beskryf word.

In die lig van die voorafgaande kan die aard en omvang van die politieke stelsel in Suid-Afrika in die 1970's en 1980's binne die politieke stelsel geplaas word. Easton (1965:21) se omskrywing as daardie interaksies waardeur waardes gesaghebbend vir 'n gemeenskap toebedeel word, sal omvattend bespreek word in die toepassing van apartheid en die Afrikaner-Broederbond se reaksie daarop.

In Figuur 2.6 word die Afrikaner-Broederbond se rol binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en invloed op die Nasionale Party gedemonstreer. Gebaseer op die stelsel-analise kan die besondere rol beoordeel en geëvalueer word. Gerig op hierdie teoretiese raamwerk word die staatkundige bestel in Suid-Afrika soos in die 1980's as 'n komplekse stelsel voorgehou. As invloedryke belangegroep in die 1980's, het die Afrikaner-Broederbond insette gelewer tot die Nasionale Party as regerende party. Wat uitsette betref, is kiesers voorberei en bemagtig op die noodsaak vir veranderinge en die politieke skikking wat sou volg.



Figuur 2-6: Die stelsel-analise soos aangepas vir die Afrikaner-Broederbond se invloed op die Nasionale Party

Die Afrikaner-Broederbond se rol in die 1980's kan as proaktief beskryf word en vind aansluiting by Easton (1965:193) se standpunt dat verandering en die proses van verandering bestuur moet word. In 'n stabiele stelsel kan eise op 'n bestuurde wyse aangepak word ten einde onrus of chaos in 'n stelsel te vermy. "*As we shall see, this is one of the primary conditions that will prevent even deep and passionate conflict over day to day outputs from shattering a system*" (Easton, 1965:193).

Die politieke klimaat van die 1980's was een van stelsel-onstabiliteit en die Afrikaner-Broederbond het deur sy interaksie met, en invloedryke rol in die regering, deurentyd gepoog om die herstel van stelselstabiliteit in Suid-Afrika te verseker. Dit was daarop gerig om verandering binne die grootste mate van stabiliteit teweeg te bring.

2.7 Die teoretiese toepassingskonteks op die Afrikaner-Broederbond

2.7.1 Die Afrikaner-Broederbond as belangegroep

In die toepassing van die teoretiese grondslag wat vooraf bespreek is, moet daar 'n verband gevind word met die Afrikaner-Broederbond. Eerstens word die verwantskap met 'n belangegroep beskou. Die mees toepaslike omskrywing van belange word juis deur Easton (1965:21) in sy stelsel-analise gegee as daardie belange wat nouer gedefinieer kan word met verwysing na instrumentele waardes. Dit is die waardes waardeur 'n persoon of 'n groep sy mees fundamentele doelwitte wil implementeer. Die instrumentele waardes van die Afrikaner-Broederbond word in latere hoofstukke deeglik omskryf. Daar kan nietemin reeds gestel word

dat die Afrikaner-Broederbond, alhoewel soms as kultuurorganisasie omskryf, homself in werklikheid in die praktyk as ’n Afrikanerbelange-organisasie bevind het.

Kriek (1984:568) bevestig die rol van belangegroepe in die stelsel-analise deurdat die verbandhoudendheid in die stelsel na vore kom in die aktiwiteite van owerheidsinstellings, drukgroepe, verkiesings, politieke partye en sosiale groepe. Die interaksie met mekaar is die verbintenis met die politieke stelsel.

Die Afrikaner-Broederbond as lede-organisasie het na die belange van sy lede omgesien. Hierdie belange het alle aspekte van sy lede se lewens op verskeie terreine geraak. Dit sluit onderwys, regswese, landbou, ekonomie, sport, musiek, ontspanning, taal en godsdiens in. Hoe die Afrikaner-Broederbond as belange-organsiasie binne die politieke terrein beweeg het word ook verklaar met die volgende standpunt. “Wanneer sake wat tot sy werksterrein behoort het aktuele politieke sake geword het, het hy (AB) nie geaarsel om daaroor beginselstandpunte in te neem vir soverre dit die belang van die Afrikaner raak nie” (Afrikanerbond, 1997:iii). Oor die vertroulike aard en karakter van die Afrikaner-Broederbond sê die Afrikanerbond (1997:ii): “was vertroulikheid vir die organisasie ’n middel tot ’n doel ... sodat ... diepgaande en openhartige debat oor aktuele en sensitiewe sake ten beste in ’n vertroulike kameraadskaplike atmosfeer gevoer kon word.”

Die werkswyse en terreine waarbinne die AB werksaam was, sal in meer besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek word. Die polities-staatkundige belang was ook vir die Afrikaner-Broederbond van wesenlike belang. Die noue verhouding met die Nasionale Party word in Hoofstuk 3 in groter besonderhede bespreek. Veral van belang was die politieke omstandighede en die groter onstabiliteit in Suid-Afrika, wat die AB genoop het om groter en meer direkte betrokkenheid en benadering te volg. Deur die standpuntinname in die dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* het die AB die belange van sy lede tot direk in die politieke arena geneem. Dit het die Afrikaner-Broederbond se rol verander van suiwer belangegroep na ’n drukgroep, aangesien die politieke stelsel in Suid-Afrika toenemend onstabiel geraak het.

2.8 Stelselonstabiliteit in Suid-Afrika in die 1980’s

In die oorsigtelike afdeling word die Suid-Afrikaanse politieke toneel net kortliks geskets. (Die breë politieke en staatkundige omgewing, binnelands sowel as die isolasie van die 1980’s, word volledig in Hoofstuk 4 verken.)

Die voortslepende gevolge van noodtoestande, onluste, terreur, ekonomiese afplatting en internasionale isolasie en sanksies was onhoudbaar. Dringende besinning oor politieke koersaanpassings en soeke na ’n staatkundige bestel tydens die 1970’s en 1980’s was die direkte gevolg. Dit was vanaf die middel 1980’s duidelik dat die toepassing van apartheid nie langer volhoubaar was nie. Die politieke stelsel het volgens Coetzee & Wessels (2004:69) al meer stelselonstabiliteit in die tydperk ter sprake ervaar en moontlike stelselvernietiging was aan die orde van die dag.

In 1984 is die ANC se revolusionêre aanslag deur die gewapende stryd onder leiding van UmKhonto we Sizwe (MK) verder geneem. Dit het berus op die mobilisering van die massas, die vestiging van ondergrondse strukture, en isolasie van Suid-Afrika op internasionale gebied (ANC, 1984; Jeffery, 2019:72). Openbare protes, onluste en terreur het ’n dekade en langer geduur, ’n tydperk wat onstabiliteit veroorsaak het. “Every form of mass resistance was used – school boycotts , political strikes, rent strikes, consumer boycotts and massive rallies and marches coupled with escalating sabotage by the ANC” (Waldmeir, 1997:46). (Die agtergrond en konteks word meer volledig in Hoofstuk 4 behandel.)

Internasionale isolasie en ekonomiese sanksies wat in felheid toegeneem het, het onstabiliteit teweeggebring. Die regering en rolspelers in die politieke stelsel moes ook die ekonomiese gevolge deeglik verreken. Dit het veranderinge in die polities-staatkundige omgewing genoodsaak. Dit was duidelik in die middel 1980’s dat die politieke stelsel nie kon oorleef en stabiel sou bly, solank apartheid toegepas is nie. Stelselonstabiliteit en stelselvernietiging was die onmiddellike bedreiging vir die politieke stelsel (Coetzee & Wessels, 2004:69).

Staatkundige hervormings het noodsaaklik geraak en kon alleen bereik word deur onderhandeling. Ten einde die stadige pas van hervorming in die 1980’s weer stukrag te gee, was dringende en ingrypende voorstelle nodig om stabiliteit in die stelsel te bewerkstellig. Die Afrikaner-Broederbond, wat homself as ’n rolspeler binne die politieke stelsel gevestig het, het gevolglik in 1986 aktiewe voorstelle begin maak om ’n klimaat vir verandering te skep. Dit was veral nodig om Afrikaners in sy geledere en ook in die breë Afrikaner establishment te beïnvloed tot ’n besef van die noodsaak vir veranderinge in die stelsel.

Hoe belangrik die Afrikaner-Broederbond se invloed en rol in die stelsel-verandering in Suid-Afrika sou word, word deur (Knecht, 2008:61) soos volg bevestig:

> *The gradual admission within the Afrikaner Broederbond that the revolutionary conditions in South Africa could only be peacefully resolved through the political participation of the black population at all levels was revolutionary in itself*.

Die Afrikaner-Broederbond se voorstelle (soos in latere hoofstukke uitgewys word) het vir die tydperk ter sprake 'n totale wegbreek van apartheid behels. Dringende en noodsaaklike koersaanpassings en 'n nuwe staatkundige orde was noodsaaklik. Dit was veral belangrik dat die veranderinge bestuur moes word en dat Afrikaners ter wille van eie oorlewing en voorbestaan die leiding moes neem. Dit sluit opnuut aan by stelseltransformasie, wat volgens Duvenhage (2020:248) voorgehou word as 'n poging tot die radikale, omvangryke, snelle en fundamentele verandering van 'n stelsel deur 'n meer progressiewe uitkoms te verseker. Die staatkundige voorstelle in die BSV-dokument en latere dokumente, asook die beïnvloeding van Afrikaners, was in alle opsigte voorstelle tot stelseltransformasie.

2.9 Gevolgtrekking en evaluerende perspektief

> *But aside from considerations of change, if a system is to avoid turmoil or near chaos, the basic ways for processing demands into outputs and the broad limits within which these outputs may fall, must be stabilized. As we shall see, this is one of the primary conditions that will prevent even deep and passionate conflict over day to day outputs from shattering a system* (Easton, 1965:193).

Die hoofstuk het begin met 'n plasing van die studie binne die dimensies van geesteswetenskappe en navorsing is op dié grondslag geëvalueer. Daarna het die konseptualisering van begrippe ter sprake in die studie, soos die staat, politiek en die politieke party, belangegroepe, die Afrikaner, en konflikhantering met spesifieke verwysing na onderhandelinge en skikking as 'n meganisme om konflik te hanteer, gevolg. Die agtergrond van die stelsel-analise en die toepassing op Suid-Afrika se politieke stelsel van die 1980's is behandel. As belangegroep in die stelsel en as rolspeler wat insette lewer, is die stelsel van toepassing gemaak op die Afrikaner-Broederbond.

Die doel van die hoofstuk was om te bepaal of Easton se stelsel-analise toegepas kan word op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel van die 1980's en die Afrikaner-Broederbond se rol met betrekking tot die politieke stelsel waarna verwys word.

Daar is gepoog om die moeilik aanpasbare politieke stelsel te omskryf, wat bestaan uit verskillende diverse, outonome maar soms ook onderling afhanklike komponente of

dissiplines wat saamgebind word deur verskeie elemente, wat afsonderlik in eie reg gekompliseerd kan wees. Daar is verskillende insette in so ’n stelsel, en dié insette of eise word beïnvloed of geaktiveer deur verskillende rolspelers of deelnemers. Die staatkundige en politieke bedeling van die 1980’s was so ’n stelsel, met verskillende rolspelers of deelnemers, waarvan die Afrikaner-Broederbond ’n invloedryke rolspeler was.

Dit is belangrik om daarop te let dat Suid-Afrika in die 1980’s ’n hoogs onstabiele omgewing was en dat verskeie rolspelers op die interne omgewing ’n invloed gehad het, waaronder die destabilisering van die land deur onluste en terreur, die buite-parlementêre omgewing, interne druk deur die media en ander belange- en drukgroepe, asook die buitelandse omgewing met die toepassing van internasionale isolasie en ekonomiese sanksies. Binne die omgewing was die Afrikaner-Broederbond ’n klein belange-komponent wat ter wille van die oorlewing van Afrikaner-belange ’n besonder invloedryke rol gespeel het. In die stelseltransformasie, volgens Duvenhage (2020:248), was dit ’n poging om ’n radikale, omvangryke, snelle en fundamentele verandering van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel teweeg te bring. Dit is gedoen deur voorstelle te maak en die klimaat te skep vir ’n politieke skikking om ’n meer progressiewe uitkoms te verseker.

Binne die toepassing van die stelsel-teoretiese perspektief, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse politieke stelsel van die 1980’s, was dit die doelwit om uit te lig dat die Afrikaner-Broederbond, wat as rolspeler insette in die stelsel gelewer het, wel ’n bepaalde rol gespeel het in die staatkundige hervormings as uitsette van die stelselmodel. Die kieserspubliek, veral Afrikaners, is daarvoor voorberei, wat as terugvoering in die omgewing van die stelselteorie gedien het.

Om die konteks van verdere hoofstukke wat die rol in die totstandkoming van ’n nuwe staatkundige bestel verder uiteensit, te verstaan en te interpreteer, moet die omstandighede of omgewing verstaan word waarbinne die Afrikaner-Broederbond bepaalde veranderinge aan die stelsel oorweeg en voorgestel het. Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel van die 1980’s was onstabiel op politieke, ekonomiese en maatskaplike (sosiale) vlakke. Nuwe perspektiewe moes binne die raamwerk van ingewikkelde stelsels ontwikkel word om die onstabiliteit aan te pak met die oog op moontlike langtermyn positiewe veranderinge. Dit voldoen volledig aan die Easton-model soos deur Kriek (1984:565) omskryf, deurdat die politiek, ingevolge lewensprosesse, daarin slaag om in ’n wêreld van sowel stabiliteit as verandering in die stelsel te kan bly voortbestaan.

In die stelsel-analitiese raamwerk word die historiese funksionering van die Afrikaner-Broederbond ontleed op grond van eise, insette, uitsette en terugvoer. Binne die toepassing van Easton se stelsel-teoretiese perspektief was die Afrikaner-Broederbond volgens alle aanduidings en ontledings 'n aktiewe rolspeler wat bepaalde belange bevorder het. Deur insette tot die stelsel het die Afrikaner-Broederbond 'n rol gespeel in die verruiming van denke onder Afrikaners, wat sentraal in die stelsel gestaan het en wat gelei het tot 'n politieke skikking. Wat uitset betref, is die kieserspubliek, veral Afrikaners, deur terugvoer gereeld getoets en voorberei vir veranderinge.

Die Afrikaner-Broederbond het deur proaktiewe beïnvloeding en as aktiewe rolspeler bygedra tot stelseltransformasie van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. So kon 'n onstabiele stelsel in die middel 1980's fundamentele verandering ondergaan om sodoende stabiliteit te herstel. Deur onder andere die Afrikaner-Broederbond se ondersteuning, kon 'n klimaat gevolglik geskep word vir 'n politieke skikking om 'n meer progressiewe uitkoms te verseker.

'n Historiese perspektief op die ontstaan van die Afrikaner-Broederbond in 1918 word nou gebied, asook die belangrike kontekstualisering van die rol van die Afrikaner-Broederbond as belange-organisasie vir Afrikaners sedert 1918 in die politieke hoofmomente van die Afrikaner. Veral word die simbiose tussen die Nasionale party en die Afrikaner-Broederbond as instrumente van politieke mag in die politieke stelsel ook in Hoofstuk 3 bespreek. Die bydrae tot die ontwikkeling van apartheid en die latere bevraagtekening van die onmenslikheid van die beleid kom ook ter sprake. Die wese van die Afrikaner-Broederbond se rol om die kernwaardes van die Afrikaner se voortbestaan te verseker, sal hieruit duideliker na vore kom.

HOOFSTUK 3: DIE GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKANER-BROEDERBOND

3.1 Inleiding

Die metateoretiese benadering wat in die studie gevolg word, is in Hoofstuk 2.4 uiteengesit. Die teorie van die stelsel-analise sowel as verskeie begrippe wat in die studie gebruik is, is behandel. As Afrikanerbelangegroep het die Afrikaner-Broederbond in 1985 en later toenemend soos 'n drukgroep binne die politieke stelsel opgetree. Dit is gedoen omdat die stelsel al meer onstabiel begin raak het, en staatkundige veranderings sou kon voldoen aan swart politieke strewes en verwagtinge. Betreffende inset tot die stelsel het die Afrikaner-Broederbond met wesenlike voorstelle gekom, wat daarop gerig was om stukrag aan politieke hervormings te gee. Deurentyd was die Afrikaner-Broederbond as 'n Afrikanerbelangegroep deur sy insette daarop gerig om stelselstabiliteit te bevorder in 'n hoogs onstabiele omgewing. Die insette moes daartoe bydra om die klimaat te help skep vir die totstandkoming van 'n onderhandelde skikking.

As rolspeler in die politieke stelsel in die 1980's het die Afrikaner-Broederbond 'n besonder noue interaksie en verwantskap met die Nasionale Party gehad. Oor dekades heen was die meeste eerste ministers en staatspresidente lede van die Afrikaner-Broederbond. In hierdie hoofstuk word die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond beskou. Sy werksaamhede met betrekking tot die opvoedkundige, ekonomiese en politieke bemagtiging van die Afrikaner, word veral beskou en bespreek. Laastens word die noue verhouding en verbintenis met die regerende Nasionale Party en die toepassing van apartheid, sowel as die bevraagtekening van die beleid, beantwoord. Deur die opwelling van Afrikanernasionalisme kon 'n oorwinning vir die Nasionale Party in 1948 bekom word. Afrikanernasionalisme is deur die Nasionale Party beskerm en bevorder, maar deur die toepassing van die apartheidsbeleid het dit tot onmenslikheid en onreg teenoor andere gelei.

Alhoewel die vertroulike werkswyse van die AB in sy funksionering tot bepaalde persepsies gelei het, sal die AB se rasionaal vir die werkswyse ook bespreek word. Die bedoeling is nie om die persepsies reg te stel nie, maar die konteks van die werkswyse word behandel.

As 'n Afrikanerbelange-organisasie het die organisasie mettertyd in die polities-staatkundige omgewing 'n rol begin speel. Hierdie rol, veral die invloed op en verhouding met die Nasionale Party en senior lede van die regering, word in die hoofstuk bespreek.

Met betrekking tot hierdie navorsing, en soos reeds gekonseptualiseer, word die term Afrikaner gekoppel aan die omskrywing van Giliomee (2004:307), as 'n blanke Afrikaanssprekende wat die Gereformeerde geloof aanhang. Dit stem ook ooreen met die omskrywing van De Klerk (1999:14), wat roepingsbewustheid toevoeg tot sy siening van die Afrikaner as 'n uitsluitlik blanke (wit) ras van Calvinisties Christelike oortuiging. Meyer (1968:9) baseer die AB se eie siening ook hierop tydens die Bondsraad[6] in 1969, met die omskrywing van die Afrikanervolk as Christelik-nasionaal, "historiesgeworde gemeenskap", met Afrikaans as moedertaal en 'n sterk roepingsbewustheid. Die omskrywing en konseptualisering van Afrikaner as wit Afrikaanssprekende is vir die studie van besondere betekenis want dit is daardie belange wat deur die Afrikaner-Broederbond bevorder is. In die hedendaagse konteks het die Afrikanerbond, en andere, 'n inklusiewe begrip oor Afrikaners.

Die ontwikkeling van die beleid van apartheid, die toepassing daarvan en later die bevraagtekening van die beleid op morele gronde, word in die hoofstuk bespreek. Afrikaners se denke oor apartheid het 'n latere uitwerking op Afrikanerpolitiek gehad, met skeurings op ander terreine wat ook in die Afrikaner-Broederbond gevoel is. Die betrokkenheid en invloed in die politieke stelsel het bydraend tot interne en eksterne druk, tot verandering in die staatkundige bestel gelei. Hierdeur word die navorsingsvraag beantwoord, naamlik hoe die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond, en sy werkswyse met betrekking tot die opvoedkundige, ekonomiese en politieke bemagtiging van die Afrikaner, sy verhouding met die regerende Nasionale Party gevorm het.

Om die konteks te kan verstaan is dit nodig om die agtergrond vir die stigting van die Afrikaner-Broederbond in 1918 te bespreek.

3.2 Die konteks en agtergrond vir die stigting van die Afrikaner-Broederbond

Op 31 Mei 1902 word die Vrede van Vereeniging wat op die Anglo-Boereoorlog (11 Oktober 1899-1902) gevolg het, gesluit. Gedurende die oorlog het Brittanje nagenoeg 500 000 soldate gestuur om teen 'n Boeremag van ongeveer 100 000 te veg. In die oorlog is ongeveer 23 000 Britse soldate gedood, terwyl die Boere ongeveer 4 000 manskappe verloor het (Leach, 1987:80). Volgens Giliomee (2004:219) het ongeveer 5 000 Boere gesterf, en meer as 26 000 vrouens en kinders, wat sowat 'n tiende van die republieke se bevolking was, het ook gesterf. Hierdie oorlog se nagevolge het Afrikaners nader aan mekaar gebring, te midde van die

[6] Nasionale kongres van die Afrikaner-Broederbond wat in die tydperk tweejaarliks gehou is.

ontsaglike sosio-ekonomiese en maatskaplike gevolge vir Afrikaners. Volgens Welsh (2009:10) was Afrikaners verarm, oorwonne, magteloos, hulle moraal was laag, en hulle is gelaat met ’n geïnternaliseerde minderwaardigheidskompleks.

Na die oorlog het boerekrygers teruggekeer en wanhoop en verslaenheid en die gevolge van die stryd, het hulle begroet. Hulle beskawing was volgens Pelzer (1979:2) kaal gestroop. Statige plaasopstalle is afgebrand, landerye verwaarloos en verbrand, groot- en kleinvee kuddes is weggevoer of op die plase doodgemaak. Al hierdie dinge was die resultaat van die “verskroeide aarde-beleid” wat deur die Britse magte toegepas is (Giliomee, 2004:220).

Agt jaar na die einde van die oorlog is die South Africa Act deur die Britse Parlement goedgekeur en die Unie van Suid-Afrika is in 1910 goedgekeur. Hierdeur is die twee Boererepublieke en die twee Britse kolonies verenig (Leach, 1987:34). Met dié stap het die Britse regering weggedraai van die verantwoordelikheid teenoor Suid-Afrika se nie-wit bevolking. Dit sou in die geskiedenis wat op daardie periode gevolg het, ontsaglike negatiewe en onmenslike gevolge hê.

Daar is werklik geglo dat die Afrikaner nooit voorheen so verenig en eensgesind was nie. In die grondwet van die Unie van Suid-Afrika is die volgende onderneming as waarborg gegee, naamlik dat daar nie teenoor die Afrikaner, sy taal of enigiets wat sy eie is, gediskrimineer sou word nie. Alhoewel die grondslag gelê is vir die Unie en moontlike Afrikaner-eenheid, was daar twee besondere denkrigtings in die politieke omgewing wat die toekoms sou bepaal. Aan die een kant wou generaals Louis Botha en Jan Smuts die Unie teen elke prys laat slaag deur versoening, en aan die ander kant wou generaal Hertzog die Afrikaner-gedagte en -ideaal verder bevorder (Giliomee, 2004:228-230). Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het Botha en Smuts die Afrikaners gedwing om saam met Brittanje kant te kies teen Duitsland. Volgens Pelzer (1979:4-5) het Afrikaners geen beweegrede of aanleiding gehad om teen Duitsland kant te kies nie. Toe Suid-Afrikaanse troepe in Suidwes-Afrika, ’n buurkolonie onder Duitse beheer, moes optree, het van die Boeregeneraals wat in die stryd teen Brittanje gedien het, protes aangeteken. Hierop het die Rebellie van 1914 gevolg, ’n broederstryd van Afrikaner teen Afrikaner, met ernstige gevolge. Die Rebellieleiers is gevang en in tronke aangehou en daar was optrede teen diegene wat die Rebellie goedgesind was. Dit het egter aan leiers soos D.F. Malan bepaalde aansien besorg (Giliomee, 2004:333-335).

Die brose vrede en unie-ooreenkoms van 1910 het tydens die 1914-15 Rebellie weer ou wonde oopgekrap. Op vele wyses is afsku getoon vir die Afrikaanse taal, en teenoor al die dinge wat vir die Afrikaner belangrik was. Vir diegene aan die ontvangkant het dit hulle

vasberadenheid net meer versterk en die saak van Afrikanernasionalisme is onbeskaamd en onverskrokke gestel (Giliomee, 2004:330-332). Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is die krisis in Afrikanergeledere tot die uiterste gevoer. Dit het gebeur toe pro-Britse elemente oral in Suid-Afrika die magtelose verdeeldheid van die Afrikaner aangegryp het om uiting te gee aan hulle gevoel van minagting vir die Afrikaanse taal en alles wat eie aan die Afrikaner was (Afrikaner-Broederbond, 1968:1).

Snel maatskaplike veranderinge, armoede en die ongelykheid tussen Afrikaners en Engelse, sowel as die gewaarwording dat Afrikaneridentiteit bedreig word, het volgens Welsh (2009:11) aanleiding gegee tot die omstandighede waarbinne 'n nuwe Afrikanernasionalisme ontstaan het.

Daar bestaan wel wisselende syfers oor Afrikaner-armoede soos dit in dié tyd geheers het. Giliomee (2004:297) meld die getalle wat beraam was as 106 000, oftewel 7,5% van die blanke bevolking en ook Hertzog wat in die 1920's na 150 000 verwys het. 'n Amptelike verslag het in 1924 volgens Giliomee (2004:297) verwys na 200 000 armblankes, terwyl die Carnegie-kommissie van 1933 (soos aangehaal deur Giliomee, 2004:297) se bevinding was dat daar 300 000 armblankes was, wat sowat 17% van die wit bevolking uitgemaak het.

Daar kan volgens Welsh (2009:49) parallelle getrek word tussen die Afrikaner se ervaring van nederlaag en onderwerping aan die gedwonge imperialisme en die swart bevolking se ervaring van onderdrukking, alhoewel daar nie naastenby dieselfde ervaring van diskriminasie teen Afrikaners was nie. Afgesien van politieke en ekonomiese onderdanigheid verwys Hertzog (soos aangehaal deur Welsh, 2009:49) in 1912 na die oordrewe respek vir die oorwinnaar, gepaardgaande gebruike, moraliteit, magte, regte en alles wat vreemd is; teenoor 'n minagting vir die eie taal, gebrekkige geloof in onsself, ons taal en ons lewensduur, 'n lae opinie van ons literatuur, en die vrees om as onvoldoende verkleineer te word.

In 1917 het D.F. Malan (soos aangehaal deur Giliomee, 2004:309) verklaar dat Afrikaners oral as minderwaardiges (teenoor die Engelse bevolking) hanteer word: "in die staatsdiens, die skool, op elke kennisgewingbord en in die openbare lewe. Die gevolg is dat Afrikaners hulself ook as minderwaardig beskou."

Aansluitend by die bostaande gedagte dat Afrikaners op daardie stadium 'n intense lae selfbeeld en minderwaardigheidsgevoel gehad het, was daar groot kommer by leiers. As individue kon Afrikaners nie die mas opkom nie en die klimaat was bevorderlik vir die skep van 'n organisasie wat Afrikaners se belange kon behartig en bevorder.

Tydens die 50-jarige viering van die Afrikaner-Broederbond verwys Meyer[7] ook na omstandighede van Afrikaners in die tydperk toe die Afrikaner-Broederbond in 1918 gestig is, en na die volksvernedering binne die omvattende maatskaplik-ekonomiese geheel van die verarmde platteland waarbinne Afrikaners hulself bevind het: “Ons was die armes en die armblankes, die boeredom sonder markte en sonder kapitaal, die laagsbesoldigde ongeskoolde werkers in die myne en die fabrieke” (Meyer, 1968:5).

3.3 Die stigting van die Afrikaner-Broederbond

Die veldtog van verdagmaking en verguising van Afrikaners het ’n hoogtepunt bereik op die aand van 13 April 1918. ’n Poging is volgens Giliomee (2004:352) aangewend om ’n vergadering van Nasionaliste wat in Johannesburg deur dr. D.F. Malan toegespreek is, te ontwrig. Daarna is ’n vandalistiese aanval deur ’n vyandige skare, waaronder soldate, op die Nasionale Klubgebou gemaak waartydens alles stukkend gebreek en die meubels in die straat verbrand is. Daar was nie vanuit onsimpatieke regeringsgeledere enige optrede of standpunt nie en Afrikanergemoedere het nie tot bedaring gekom nie. Hierdie gebeure het ’n direkte invloed uitgeoefen op van die aanwesiges en hulle plan van aksie. Volgens Pelzer (1979:5-6) het verskeie vergaderings daarna plaasgevind waarby onder andere H.W. van der Merwe, Henning Klopper, ds. J.F. Naude, en Danie du Plessis betrokke was. Gevolglik is daar op 5 Junie 1918 in Malvern oorgegaan tot die stigting van ’n organisasie tussen die 14 aanwesige lede. Almal het blykbaar net in een rigting gedink en gevoel – die “aaneensmelting” van Afrikaners. Die naam van die organisasie wat vir die aanvanklike stigting bekend sou staan as *Jong Suid-Afrika* het eers by die tweede vergadering op 2 Julie 1918 die naam *Afrikaner-Broederbond* gekry (Pelzer, 1979:6-7).

Vanuit die aanvanklike grondwette kon vasgestel word wat die doelwitte van die organisasie was en word aangehaal in die taalgebruik van die tyd:

1) Die aaneensmelting van Afrikaners; Afrikaners oor die lengte en breedte van ons land, die verlang na die opheffing van ons volk, te laat saamwerk om die verskil van opienie oor volksvraagstukke uit die weg te ruim, en 'n gesonde en vooruitstrewende eensgesindheid te bewerkstellig.
2) Die ontwikkeling van 'n egte, ruimhartige demokratiese volkslewe, en die opleiding van die Afrikaner tot die regte gebruik daarvan.

[7] Dr P.J. Meyer was Voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1960-1972).

3) Die opwekking van die selfbewussyn van die Afrikaner, en die inboeseming van liefde vir sy taal, geskiedenis, tradisies, land, volk en godsdiens.
4) Die bevordering van oorspronklike Suid-Afrikaanse kuns en kultuur in alle opsigte.
5) Die veredeling van die samelewing op grondslag van die skoon ou sedes en karaktertrekke van ons volk.
6) Die behartiging van die ekonomiese belange van Afrikaners, en insonderheid die van Broers van die Loge.
7) Die handhawing van die beginsels van Jesus Kristus (Pelzer, 1979:7; Stals, 2021:9).

Vanuit hierdie doelstellings kan die opregtheid en eerbaarheid van die ontstaan van die organisasie bepaal word, sowel as die diep Christelike karakter en patriotisme teenoor die land. Hiermee is die ontstaan van die organisasie in breë trekke omskryf. Dit is belangrik om die optredes en aktiwiteite van die Afrikaner-Broederbond ook deurlopend te meet en te evalueer aan die hand van die ontstaansdoelwitte van 1918. Die doelstellings toon ŉ baie sterk grondslag van waardes en is in die jare wat volg ook op verskillende wyses geïnterpreteer, beoordeel en toegepas. Pelzer (1979:11) se mening is dat die ontstaansdoelwitte ook al omskryf is as die gewete van die Afrikaner.

Die ontstaansdoelwitte het met verloop van jare verander maar die oogmerke was deurentyd in belang van Afrikaners, en veral gerig op die ekonomiese ellende, selfbeeld en gebrokenheid van die Afrikaners. Al die optredes wat later gevolg het, was daarop gerig om die Afrikaner op alle lewensterreine te bemagtig.

Die stelsel-analise kan ook op die stigting van die Afrikaner-Broederbond van toepassing gemaak word. Die stelsel funksioneer in ŉ bepaalde omgewing bestaande uit kulturele, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike elemente en vele meer. Op alle terreine word die Afrikaners se belange geraak. Oor die Afrikaner-Broederbond se tipering as ŉ Afrikanerbelange-organisasie bevestig Pelzer (1979:104) dat die Afrikaner-Broederbond reeds van vroeg in sy bestaan ingestel was om te waak oor die belange van die Afrikaner.

3.4 Vertroulike werkswyse van die Afrikaner-Broederbond

Oor die vertroulike werkswyse wat soms in groot omstredenheid gehul was, skryf Pelzer (1979:16) dat die bepaling op 20 Februarie 1932, veertien jaar na stigting, aanvaar is. Volledigheidhalwe word die besluit volledig gestel:

> Die Bond is streng vertroulik van aard. Niks hoegenaamd omtrent die lidmaatskap, strewe en werksaamhede van die Bond mag aan buitestaanders meegedeel word nie, uitgesonderd in die volgende gevalle:
>
> 1) Waar dit onvermydelik is, mag 'n broer sy eie lidmaatskap openbaar, bv.teenoor sy eggenote.
> 2) By werwing mag die Grondwet en, met hul toestemming, die lidmaatskapvan ander broers meegedeel word.
> 3) Die Uitvoerende Raad gee magtiging tot optrede in die openbaar deur 'nafdeling of deur die Bond as geheel waar dit noodsaaklik lyk.

Hiervolgens is vertroulikheid en die werkswyse wat aanvaar is volgens Pelzer (1979:21) slegs ŉ "stadium wat benut word om die uiteindelike sukses van ŉ vrugbare gedagte in die openbaar te verseker."

Met spesifieke verwysing na die Afrikaner-Broederbond se vertroulike karakter skryf (Knecht, 2008:52):

> *"a secret organisation cannot play a publicly active role, undermining in principle its claim to have been an influential actor in a negotiated political process. Secondly, a secret society brings with it an ominous, conservative, destructive image that is in ideological terms diametrically opposed to a liberal transformation. Instead, secret societies provide a wealth of material for conspiracy theories, which are not tenable in this case."*

Oor die werkswyse skryf De Klerk (1997:192) dat dit ŉ aanstoot vir die lede van die publiek was wat die negatiewe persepsie gevoed het. Dr. Gerrit Viljoen se mening hieroor word soos volg deur De Klerk (1997:192) verduidelik: "Geheimhouding as onverbiddelike gebod het hy teengestaan, met die argument dat die AB ook ŉ openbare profiel moes kry. Dat die AB oop moet wees, het hy ook teengestaan met die argument dat vertroulikheid en strategie ook sy plek het in die bestuur van ŉ organisasie."

Die redes vir vertroulikheid gedurende die vorige dekades is volgens die Afrikanerbond (1997:4) geleë in die volgende:

- Dat lede se eie openbare belange nie vooropgestel word nie;

- ’n gees in die organisasie te skep van openhartige en onbevange deelname en gesprekvoering, en
- aanvanklik was die stigters van die organisasie in die openbare sektor werksaam en wou hulle deur vertroulike lidmaatskap viktimisasie verhoed.

Veral van belang word daarop gewys dat die organisasie by geen aktiwiteite of standpunte betrokke was wat: “staatsgevaarlik, ondermynend of as ’n sameswering om iets onwettigs te doen beskou kan word nie” (Afrikanerbond, 1997:4).

Oor die vertroulike aard van die Afrikaner-Broederbond skryf Matisonn (2015:84) egter:

“*Secret societies destroy the conscience of the individual, because they force on him a double morality and a dual loyalty. The church and society’s only recourse against them is to expose them.”*

In die evaluering van die vertroulike karakter het die Afrikaner-Broederbond self ook verwarrend opgetree. In sommige stukke word verwys na die geheime van die organisasie, of geheimhouding, en in andere na vertroulikheid. Ook bronne soos bo aangehaal verwys soms na die vertroulike aard en andersins na vertroulikheid. Die kwessie het waarskynlik alle goeie werk wat die Afrikaner-Broederbond gedoen het, in ’n nadelige lig gestel. Soms is die klem op vertroulikheid geplaas, terwyl dit volgens die AB se eie dokumentasie bloot ’n werkswyse was. Deur die klem so swaar op vertroulikheid te plaas is wanpersepsies geskep, maar juis as gevolg van daardie werkswyse kon die Afrikaner-Broederbond nie in die openbaar daarop reageer nie. Gevolglik het persepsies en die negatiewe beeld toegeneem en is dit nooit bevredigend aangespreek nie.

Ter samevatting en met verwysing na die studie word die vertroulikheid van die Afrikaner-Broederbond daarom eerstens beskou as die vertroulikheid van lidmaatskap en tweedens die vertroulike werkswyse tydens vergaderings en byeenkomste.

3.5 Historiese rol en doelwitte

Welsh (2009:14) lig enkele prestasies van die Afrikaner-Broederbond in die 1930’s en 1940’s uit, naamlik die vestiging van die Afrikaner “establishment.” Dit moet omskryf word as ’n Afrikaner-stelsel, omdat die Afrikaner se krag begin spruit het uit sy organisasielewe, wat dekades lank die Afrikaner se doen en late gevestig en geïnspireer het. Dit het oor dekades heen Afrikaners se mag gekonsolideer. Die vernaamste hiervan was die totstandkoming van

die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigingе (FAK) wat in 1929 tot stand gekom het en vir dekades daarna die openbare gesig van die Afrikaner-Broederbond was (Giliomee, 2004:353).

Die tweede prestasie, volgens Welsh (2009:14), was die besondere vermoë wat die Afrikaner-Broederbond ontwikkel het om die dienste en kundigheid van die room van die Afrikaner-intellektuele te benut.

Hierdie besondere vermoë van die Afrikaner-Broederbond sou vir dekades daarna die krag en besondere brandpunt van die organisasie wees. Hieruit sou die dinkskrum ontstaan wat op alle lewensterreine insette gelewer het deur besprekings en kundige besprekingsdokumente. Dit sou lede bemagtig om in hulle daaglikse werkplek en in omgang met mense, 'n beïnvloedingsrol te kon speel.

Oor die spesifieke rol wat vooraf uitgelig is, sê dr. Gerrit Viljoen[8] (soos aangehaal deur De Klerk, 1997:193), in sy siening van die Afrikaner-Broederbond dat dit 'n "dinkskrum-organisasie is wat mense slyp tot intelligente benaderinge oor sake van die dag. Die kernfokus moet wees om te beïnvloed."

In die AB se historiese oorsig oor die eerste 50 jaar van die sy bestaan lig die AB (Afrikaner-Broederbond, 1968:6-7) die volgende fases uit:

- In die eerste aktiewe fase van sy bestaan is die samehorigheidsgevoel versterk met die uitbouing van die Nasionale Party, die amptelike erkenning van Afrikaans en die stigting van die FAK.
- In die tweede fase wat strek vanaf 1929 tot 1939, het die klem geval op die ekonomiese, maatskaplike en politieke knelpunte waarin die Afrikaner homself bevind het. Dit sluit in die bemoeienis met die armblankevraagstuk, die stigting van 'n eie handelsbank, naamlik Volkskas, die Ekonomiese Volkskongres van 1939 en die Reddingsdaadbond, die Ekonomiese Instituut en Handelsinstituut wat hieruit gespruit het, en vele ander.
- Die derde fase tot ongeveer 1948 was gekenmerk deur die Tweede Wêreldoorlog. Daar word opnuut bevestig dat die AB aan geen versetbeweging teen die oorlog deelgeneem het nie. Die diep verdeeldheid wat wel deur steun vir en teen deelname aan die oorlog veroorsaak is, het in Afrikanergeledere verdeeldheid veroorsaak. Daarin het die AB sy taak

[8] Dr. Gerrit Viljoen was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1974-1980).

gesien as instrument om die bande te heel. Dit is in aansluiting by sy stigtingsdoelwitte. Die wyse waarop Suid-Afrika wel in die oorlog betrek geraak het, het die oortuiging laat ontstaan dat dit in die toekoms verhoed kon word. Dit sou kon gebeur deur die vestiging van ’n republiek. Daarom het die UR van die Afrikaner-Broederbond reeds in daardie tyd ’n beleidskommissie benoem om te werk aan “ontwerpgrondwet” vir die republiek. (Hiermee het die Afrikaner-Broederbond hom dus reeds volledig binne die staatkundige arena bevind.)

- Die vierde fase na 1948 het nuwe betekenis aan die Afrikaner-Broederbond gegee. Na die Nasionale Party se oorwinning het die AB meer aandag aan die formulering van ’n republikeinse beleid en praktiese stappe tot republiekwording gegee. Voorts is aandag ook gegee aan verskeie volksfeeste, waaronder die inwyding van die Voortrekkermonument. Veral van belang was die totstandkoming en oprigting van SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) om aandag op die gebied van rasseverhoudinge toe te spits. In die tydperk ter sprake ontwikkel die Afrikaner-Broederbond ook heelwat studiestukke met temas oor rasseverhoudinge.
- In die volgende fase vanaf 1961 met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika het die Afrikaner-Broederbond hom al meer met die politieke omgewing bemoei en toenemend homself op die terrein van die staat bevind. Dit sou die denke van die Afrikaner-Broederbond ten opsigte van apartheid oor die volgende paar jaar rig. Die oprigting van verskeie onderwysinstellings deur die Afrikaner-Broederbond het ook aandag geniet en is aanvanklik deur die totstandkoming van ’n Afrikaanse geneeskundige fakulteit by die Universiteit van Pretoria verwesenlik. Later is ook die Randse Afrikaanse Universiteit gestig (Afrikaner-Broederbond, 1968:6-7).

Dat Afrikanernasionalisme binne die toepassing van apartheid toenemend die brandpunt binne die Afrikaner-Broederbond geword het, word bevestig in die oproep van H.B. Thom,[9] Voorsitter in 1955 (soos aangehaal deur Pelzer, 1979:92):

> Die stryd om die behoud en uitbouing van die toekoms van die blanke en nie-blanke in Suidelike Afrika is in wese 'n stryd om die verinniging en behoud van ons Protestants-Christelike geloof; 'n stryd om die behoud en versterking van die Afrikanervolk as die roepingsbewuste draer van die toekoms van Suid-Afrika as blywende tuiste vir sy aparte blanke en nie-blanke volksgemeenskappe; 'n stryd om ons Engelssprekende medeburgers van die Republiek positief by ons Afrikaanse toekomstaak in te skakel; 'n

[9] Prof. H.B. Thom was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1952-1960)

> stryd om ons nie-blanke volksgroepe te beskerm teen die uitbuitende, intimiderende, roekelose opstokers wat met behulp van liberaliste en humaniste die oogmerke van die kommunisme, en daarmee vernietiging van die toekoms van blankes en nie-blankes as selfrespekterende, aparte gemeenskappe bevorder.

Met bogenoemde standpunt van Thom word die Afrikaner-Broederbond se toekomsvisie vir die volgende dekades duidelik gestel. Die kerntaak van die Afrikaner-Broederbond sou hiervolgens wees om die skeidingsmaatreëls wat apartheid sou bring, te ondersteun ten einde die wit belang te beskerm en te bevorder. Hierin word egter nie die latere kwetsende wetgewing gelees wat apartheid sou bring nie. *Groot apartheid*, naamlik die vestiging van tuislande, is in 'n ander lig gesien. Met Afrikanernasionalisme stewig gevestig het apartheid nietemin mettertyd 'n ander, onmenslike betekenis gekry, wat verder in die hoofstuk bespreek word.

Du Preez (2012:xxviii-xxix) verduidelik aan die hand van prof. Pieter De Lange[10] se siening dat die Afrikaner-Broederbond se doelwit in die vroeër jare was om die Afrikaner 'n moderne stedelike persoon te maak terwyl hy 'n Afrikaner bly. De Lange (2013:15) brei uit op die standpunt en bevestig hiervolgens dat dit die primêre rol van die Afrikaner-Broederbond was dat die Afrikaner wat verstedelik het, in 'n: "moderne en veranderde wêreld moet oorleef en presteer", en om hom: "te begelei sodat hy 'n byderwetse Afrikaner kan wees."

Volgens Du Preez (2012:xiv) is verskeie sosiale en ekonomiese opheffingskemas soos die Reddingsdaadbond, ekonomiese instellings soos die Helpmekaarfonds, banke, media-ryke, nywerhede en finansiële instellings soos Volkskas, Federale Volksbeleggings, Federale Mynbou óf begin, óf deur die Afrikaner-Broederbond gehelp om aan die gang te kom. Die Afrikaner-Broederbond het ook 'n direkte betrokkenheid gehad by die stigting van die Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg), die Goudstad Onderwyskollege en die Universiteit van Port Elizabeth.

Die doel van hierdie afdeling is bloot om 'n oorsigtelike blik op die Afrikaner-Broederbond te gee. Die historiese rol wat die Afrikaner-Broederbond in die bemagtiging van die Afrikaner gespeel het, is in ander bronne deeglik opgeteken en word nie hier herhaal nie. In sy stigtingsdoelwitte het die Afrikaner-Broederbond verskeie lewensterreine uitgelig. Oor verskeie dekades is die Afrikaner op ekonomiese en opvoedkundige terrein bemagtig. Die

[10] Prof. Pieter de Lange was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1983-1993).

grootste taak was die politieke bemagtiging van Afrikaners, waarvan die eerste stap bereik is toe die Nasionale Party in 1948 die verkiesing wen. Hierna het Republiekwording gevolg. Soos reeds verduidelik, het die Afrikaner-Broederbond homself al meer op die politieke terrein begewe. In die stelsel-analise word hierdie rol duidelik uitgelig, want die AB het as belangegroep en later as drukgroep al meer betreffende inset 'n rol begin speel. Die noue verhouding met die Nasionale Party is hieruit gevestig en word vervolgens bespreek.

3.6 Die noue verbintenis met die Nasionale Party

Een van die grootste en geldigste punte van kritiek teen die AB was sy noue en intieme verbintenis met die Nasionale Party. Hierdie kritiek was nie onvanpas nie en is trouens selfs deur die AB bevestig en aangemoedig. Alhoewel die werklikheid anders aandui, was die Afrikaner-Broederbond in sy eie statutêre verpligtinge daartoe verbind om nie tot die partypolitiek toe te tree nie. Art. 88 van die Afrikaner-Broederbond se reglement reël die verhouding:

> In verband met die werksaamhede van algemene afdelingsvergaderings kan die vergadering enige volksvraagstuk of geskiedkundige punt bespeek met die doel om op onpartydige wyse uit te vind wat die beste is vir die sedelike, intellektuele, maatskaplike en staatkundige vooruitgang van ons nasie. Geen spreker mag egter optree as propagandis vir die een of ander bestaande politieke party of vir partypolitiek as sodanig of vir 'n bepaalde kandidaat nie (Afrikaner-Broederbond, 1968:14-15).

Wat die politieke invloed en noue verbintenis met die Nasionale Party betref is dit ongetwyfeld so dat die Afrikaner-Broederbond homself gevestig het as 'n groot invloed op die land se politieke en ekonomiese lewe. Die noue verhouding tussen organisasie en party word deur verskeie bronne, intern en ekstern, bevestig:

> *at the height of its power in the 1950s and 1960s few senior appointments went to non-broeders in die cabinet (Malan, Strijdom, Verwoerd and Vorster were all members as is Botha) the National Party parliamentary caucus and provincial councils (Leach, 1987:108).*

Oor die interaksie tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond sê Wilkins & Strydom (2012:9): "It is the fusion of these two bodies, the Cabinet and Broederbond Executive Council and the forces they individually and collectively represent, that gives the National Party its present position of extraordinary power in South Africa."

Du Preez (2012:29) is van oordeel dat dit duidelik is dat die Afrikaner-Broederbond se doelwit ver verby die aanvanklike kulturele oogmerke gestrek het. Volgens hom toon die Afrikaner-Broederbond se dokumente dat die organisasie by partypolitieke sake betrokke geraak het. 'n Belangrike en moontlik geldige punt word gemaak dat, in die AB se oogmerk om Afrikanerbelange te bevorder, die beste politieke instrument om dit te bereik, die Nasionale Party was.

Hierdie voorafgaande sienings is nie verkeerd nie. Die leierskap van die Afrikaner-Broederbond het soms selfs die organisasie se eie vereistes en beperkinge oor politieke deelname geïgnoreer. Op dié wyse is willens en wetens daaraan meegewerk om die persepsie te vestig dat die Afrikaner-Broederbond 'n burgerlike vennoot van die Nasionale Party was. Dit word bevestig in die stelling van dr. Piet Meyer, Voorsitter van die Afrikaner-Broederbond by 'n Bondsraad in 1963: "In die tweede plek moet ons die huidige regering onder leiding van dr H.F. Verwoerd met al ons kragte steun en so lank moontlik aan bewind hou" (Meyer, 1963:6).

Hiermee is die aanvaarde grense tussen party en die burgerlike samelewing oorgesteek en was die Bondsraad se taakstelling in werklikheid 'n opdrag aan lede. Ongelukkig het standpunte soos hierdie meegewerk om 'n persepsie na werklikheid te verander. Die taakstelling van die 1963-Bondsraad sou vir dekades hierna nog 'n remskoen vir die Afrikaner-Broederbond wees in sy pogings om afstand tussen homself en die Nasionale Party te skep. Dit lei soms tot die vraag of die noue verhouding tussen Meyer en Verwoerd nie 'n ernstige belemmering vir die organisasie geword het nie.

Oor die verhouding tussen party en organisasie skryf Pelzer (1979:63): "Alhoewel die AB nie 'n politieke organisasie is nie, staan hy teenoor die politiek nie onverskillig nie. En omdat die AB altyd in die brandpunt van Afrikanerbelange aangetref word, is dit onvermydelik dat verwikkelinge op die politieke terrein 'n invloed op die gang van sake in die organisasie moet hê."

Die noue verbintenis met die Nasionale Party word bevestig deur senior politici soos F.W. De Klerk:[11] "Dit (met verwysing na die Afrikaner-Broederbond) was nie regstreeks aan enige

[11] Mnr. F.W. De Klerk was President van die RSA (1989-1994) en het sy lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond telkens in die openbaar bevestig.

spesifieke politieke party verbonde nie, hoewel dit vir ’n lang tyd vir alle praktiese doeleindes die Nasionale Party ondersteun het” (De Klerk, 1991:61).

In die verhouding tot die Nasionale Party stel Giliomee (2004:373) die teendeel vir die bewering dat die Afrikaner-Broederbond die Nasionale Party gemanipuleer het. Volgens hom het die Nasionale Party die AB as ’n klankbord gebruik en die AB het hom deurentyd aan kabinetsbesluite onderwerp. Die belangrike uitsondering, wat verder in die studie ook duidelik sal blyk, is die verwysing van Giliomee (2004:373) dat die Afrikaner-Broederbond slegs in die 1960’s en met Verwoerd op die toppunt van sy mag: “die AB as ’n soort ideologiese polisieman opgetree” het.

Dit was wel oor baie jare heen die gebruik in die Afrikaner-Broederbond om noue kontak te behou met AB-lede wat in die regering gedien het of op enige wyse as besluitnemers opgetree het. Hierdeur het die gebruik ontstaan om in gesprek of in korrespondensie te verwys na “broers of vriende in verantwoordelike kringe”. Hierdie “broers in verantwoordelike kringe” het ook dikwels as sprekers by verskillende byeenkomste van die Afrikaner-Broederbond opgetree (Afrikaner-Broederbond, 1996:3).

Oor die AB se rol in, en verhouding met die politiek, en oor besorgdheid wat onstaan het oor die verhouding tussen die AB en die Nasionale Party, het die AB se Bondsraad in 1966 die bewoording in sy grondwet herbevestig: “dat die AB bo die partypolitiek verhewe is en dus nie aan die een of ander party gekoppel is nie.” Oor die besluit skryf Pelzer (1979:167): “Die AB het geen begeerte om voog oor een of ander politieke party te wees nie, maar is aan die ander kant ook nie aan een of ander politieke party ondergeskik nie! Die AB is soewerein in sy optrede en ondergeskik alleen aan die hoogste belang van die Afrikanerdom!”

Dat spanning in Afrikanerpolitiek het nie die AB ongedeerd gelaat nie en is in die geskiedenis van die AB duidelik opgeteken. Dit het trouens ’n besonder negatiewe effek op die organisasie gehad en uiteindelik ook skeuring veroorsaak. Midde-in die politieke woelinge en gevolglike stigting van die Konserwatiewe Party in 1982 beskryf Leach (1987:108) dit as: *“it set in motion an earthquake within the organisation which since the early part of the century had virtually controlled the political life of South Africa which had helped organise the victory of the National Party in 1948, ...”*

Die interaksie tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party en regering het verskeie vorme aangeneem, waaronder wedersydse lidmaatskap, direkte gesprekke,

studiestukke en breë ondersteuning van die owerheidstrukture. So is beleid op direkte of indirekte wyse beïnvloed. Hieroor sê Knecht (2008:62):

> *An analysis of the social structure of the Afrikaner Broederbond shows that the organisation developed into an elite coalition during the first decades of its existence, uniting representatives of the functional elite and especially representatives of the highest power elite (government leaders, cabinet members and members of parliament)*

Giliomee (2021:1) sluit hierby aan as hy sê dat sommige joernaliste die AB as buitengewoon invloedryk beskou het omdat al die NP-leiers en die meeste NP-kabinetslede lede van die Afrikaner Broederbond was. Die vraag is nietemin deur Giliomee gevra of daar bewyse van AB-invloed op die kabinet was en of die AB net een van verskeie drukgroepe was wat op die kabinet invloed probeer uitoefen het, en wat deur die kabinet gebruik is om sy besluite uit te dra. (Dit is die vraag wat onder andere in verdere hoofstukke aan die orde sal kom.)

Leach (1987:108) is meer krities in sy beskrywing dat die AB deur die houvas op die Nasionale Party die ekonomiese en politieke mag in Suid-Afrika beheer het. Hierteenoor staan Welsh (2009:15) se siening wat dit bevraagteken: *"If the AB was a secret driving force undergirding Afrikaner nationalism, the NP remained its public standard bearer claiming to speak on behalf of all Afrikaners when in the 1930s and 1940s this was palpably untrue."*

Smith (2009:112), as 'n oud-lid en krities oor die werkswyse van die AB, skryf vanuit sy persoonlike waarneming en sê dat hy in die tyd van sy lidmaatskap tot die besef gekom het dat die Afrikaner-Broederbond eintlik maar 'n stutorganisasie van die Nasionale Party was: "In die besprekings is soveel aandag aan regeringsbeleid bestee dat dit vir my gevoel het asof ons medeverantwoordelik was om regeringsbeleid te bepaal en uit te voer." In sy verdere en latere evaluering sê hy: "Die direkte wyse waarop die staatspresident, die eerste minister, lede van die kabinet en volksraadslede persoonlik betrokke was by die AB, het aan die lede die gevoel gegee dat hulle as't ware medebetrokke was by die regering van die land" (Smith, 2009:134).

Hierdie siening sluit aan by die standpunt dat daar van "vriende in verantwoordelike kringe" gepraat word as daar verwys is na ministers of ander senior regeringsamptenare. Die gereelde interaksie met die regering het lede van die AB inderdaad bemagtig, maar ook in kontak gebring op 'n vlak wat nie vir almal beskore was nie. Hier kan dus na 'n mate van bevoorregting verwys word, want lede van die Afrikaner-Broederbond is by byeenkomste op 'n vertroulike

basis voorgelig en ingelig oor sake in die regering. Uiteraard kon dit die persepsie, ook by lede, skep dat hulle medebetrokke was.

Op sy vraag of die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party kop in een mus was, het dr. Willem de Klerk[12] in De Klerk (1997:191) 'n kwalifiserende "ja" geantwoord. Volgens hom was dit 'n gebruik dat gesprekke gevoer is tussen die Afrikaner-Broederbond se leierskap en die regeringshoof en regeringsleiers: "Die agenda was 'n verskeidenheid van politieke en kulturele aktiwiteite. Daar was tye dat die AB die skoothondjie van die NP-base was."

Hierdie siening dat die "AB die skoothondjie van die NP base was" is 'n belangrike indruk van 'n lid van die Uitvoerende Raad van die AB. Hiermee word die persepsie omgekeer dat die AB die politieke mag beheer het. Dit sou ook uit latere handelinge blyk dat die standpunt inderdaad korrek was, want die NP het in die vroeë 1990's sy rug heeltemal op die AB gedraai in die onderhandelingsproses. (Dit word in Hoofstuk 5 verder toegelig.)

Met die 50-jarige viering van die AB se bestaan in 1968 het 'n ander wesenlike probleem na vore gekom wat die dilemma van die organisasie se bestaansrede uitlig: "die indruk ontstaan dat die AB passief geraak het in die verwagting dat die Nasionale Party voortaan sal voorsien in al die behoeftes van die Afrikaner" (Afrikaner-Broederbond, 1968:6).

Die dilemma het die "spanning" tussen organisasie en party uitgelig, want die NP in regering het die belang van die Afrikaner op hom geneem en Afrikaners het te gemaklik die taak aan die NP uitkontrakteer. Dit het in effek ook die AB se selfgestelde rol oorgeneem, wat die AB se toekomstaak verder bemoeilik het.

Die 1963-taakstelling van die Bondsraad wat later reggestel is, word egter in 1980 herhaal toe direkte steun aan die Nasionale Party versoek is. 'n Mosie by 'n Bondsraad[13] van die AB word op 2 September 1980 eenparig aanvaar met die volgende bewoording: "Die Bondsraad besluit dat die UR versoek word om stappe te oorweeg om individuele lede te beweeg om, soos dit in die motivering gestel is, 'van die pawiljoen af te klim en die arena te betree' deur in hulle persoonlike hoedanigheid aktief aan die werksaamhede van die NP deel te neem." (Afrikaner-Broederbond, 1996) Dit word wel in die 1996-brondokument gekwalifiseer, wat uitwys dat dit

[12] Dr. Willem de Klerk was 'n voormalige lid van die Uitvoerende Raad.

[13] Die Bondsraad is die hoogste gesagsliggaam van die Afrikaner-Broederbond.

nie moontlik is om te bepaal of: “hierdie besluit praktiese waarde gehad het sover dit deelname aan die werksaamhede van die Nasionale Party betref nie.”

Met die oog op hierdie hoofstuk, asook die verhouding met mnr. P.W. Botha (wat later volg), is dit belangrik om kennis te neem van ’n gesprek tussen Botha[14] en die Uitvoerende Raad op 19 Februarie 1985, waarin prof. Pieter De Lange die volgende stel oor die verhouding tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party: “Die organisasie wil nie los van die Broers in die Nasionale Party optree nie, maar selfstandig van die party. Dit hou in dat die organisasie sy onafhanklikheid van denke behou en vir homself bepaal wat in belang van die Afrikanersaak is” (Afrikaner-Broederbond, 1985g:3).

Later in dieselfde jaar, op 10 Oktober 1985, formuleer die Uitvoerende Raad die verbintenis en betrokkenheid by die politieke omgewing en daar word aangetoon dat die Afrikaner-Broederbond “nie daarop ingestel is om een politieke party bo ’n ander te bevorder nie.” (Afrikaner-Broederbond, 1985a:2) Dit word verder duidelik gestel dat die AB die staatkundige belange van Afrikaners as ’n prioriteit ag en deelname aan die politieke gesprek word soos volg gemotiveer: “Die AB sal nie realisties en relevant wees as hy nie by die ontwikkelinge van die dag betrokke is nie.” (Afrikaner-Broederbond, 1985a:3)

In ’n onderhoud wat die navorser met prof. Fanie Cloete gevoer het, het Cloete (2021a) wel die mening gehuldig dat daar ’n sikliese verhouding tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party was. Die verhouding het afgehang van die persoonlikhede betrokke, en was soms nouer, maar dikwels het individue ook wegbeweeg van mekaar. As ’n senior amptenaar in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling is Cloete (2021a) van mening dat hy nooit bewus was van enige Afrikaner-Broederbond-dokument of standpunt wat ingedra is nie. Hyself het eers na die tyd uitgevind van die lidmaatskap van kollegas en die bestaan van dokumente wat in die geledere van die Afrikaner-Broederbond gesirkuleer is.

Vir hierdie studie moes die verhouding met die Nasionale Party meer omvattend bespreek word, aangesien dit meer ingewikkeld is as wat ooglopend voorkom. Vanuit die voorafgaande kan derhalwe afgelei word dat die verhouding met die Nasionale Party op ’n wedersydse basis in die 1948-verkiesing voordelig was. Die simbiotiese verhouding met die Nasionale Party was wel daarop gerig om Afrikanernasionalisme te bevorder, en dit het die Nasionale Party besonder knap gedoen – soveel so dat die Afrikaner-Broederbond op ’n tydstip oor sy eie

[14] P.W. Botha was Eerste Minister (1978-1984) en Staatspresident (1984-1989).

bestaansreg getwyfel het. Die noue verhouding in die 1960's was wel klaarblyklik geskoei op die individuele goeie verhouding tussen enersyds Meyer as AB-voorsitter en andersyds Verwoerd as premier. Dit het die AB in 'n posisie geplaas wat direk betrokke kon wees by die ondersteuning en uitvoering van apartheid. Die verandering in denke sou eers in die 1970's volg en word later bespreek. Die AB sou nietemin nooit die beeld as direkte ondersteuner van die Nasionale Party kon afskud nie.

3.7 'n Interne siening en belewenis van die AB

Lidmaatskap van die AB, wat as vertroulike organisasie ewe omstrede is, word volgens Pelzer (1979:22): "beperk tot persone wat (a) Afrikaanssprekend is; (b) van Protestantse geloof; (c) skoon van karakter en vas van beginsel, ook in die handhawing van sy Afrikanerskap; (d) Suid-Afrika as hul enigste vaderland aanneem."

Om konteks te gee aan die navorsing en ook die agtergrond te skets tot latere gebeure is dit nodig dat sommige lede se belewenis van die Afrikaner-Broederbond ingesluit word. Die bedoeling is om 'n perspektief te gee op die AB se werkswyse en betrokkenheid in die staatkundige omgewing.

Volgens dr. P.J. Meyer, destydse voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (soos aangehaal deur Pelzer, 1979:1) is gesê: "Die Afrikaner-Broederbond is die Afrikanervolk op trek na sy eindbestemming." Hierdie woorde van 24 November 1969 was inderdaad kragtige woorde in die konteks van die tyd en die Afrikaner sou nog voor heelwat keuses gestel word oor wat die politieke eindbestemming is. Dit sluit nietemin aan by die oproep van prof. H.B. Thom (soos aangehaal in Afdeling 3.5), wat in verkorte weergawe aangedui word as:

- "'n Stryd om die behoud en versterking van die Afrikanervolk as die roepingsbewuste draer van die toekoms van Suid-Afrika as blywende tuiste vir sy aparte blanke en nie-blanke volksgemeenskappe;"
- en om die "toekoms van blankes en nie-blankes as selfrespekterende, aparte gemeenskappe (te) bevorder." (Pelzer, 1979:92)

Volgens mnr. F.W. de Klerk se ondervinding het bedrywighede van die AB nie regeringsprosesse regstreeks beïnvloed nie. Volgens hom was die hoofdoel van die AB die "bevordering van die Afrikaanse kultuur, taal, tradisies en leefwyse." Hy sê verder die Afrikaner-Broederbond "het nie die persoonlike belange van sy lede bevorder nie" en daar

“was geen vreemde rituele of onaanvaarbare gebruike in die Broederbond of die Ruiterwag[15] nie” (De Klerk, 1998:61).

Stals skryf in die voorwoord van sy boek oor die Afrikaner-Broederbond: “Dit moet in gedagte gehou word dat die AB een van talle soortgelyke organisasies of bewegings oor die wêreld heen is. Die wêreldgeskiedenis is deurspek van aksies om ’n bepaalde saak, of die belange van ’n bepaalde kultuurgroep, te beskerm en te bevorder” (Stals, 2021:11).

In die evaluering van verskillende bronne val dit telkens op dat voorsitters van die AB verskillende rolle vir die bestaan van die organisasie gesien het. Volgens sommige se belewenis was die werkswyse meer aktief en in ander gevalle weer meer passief: prof. J.C. van Rooy[16] se siening tydens ’n Bondsraad in 1933 was soos volg: “As organisasie moet die Bond homself feitelik net beskou as die krygsraad wat in die geheim ’n effektiewe krygsbeleid en groot aanvalsplanne uitwerk en wat dan die leërmagte van ander organisasies mobiliseer om die aanvalle uit te werk” (Van Rooy, 1933:10).

In 1963, midde-in die toepassing van apartheid, sien dr. Piet Meyer die rol van die Afrikaner-Broederbond soos volg:

> Die werkterrein van ons organisasie is die van die Afrikanervolk as 'n aparte historiese, Protestants-Christelike taal- en kultuurgemeenskap wat die verantwoordelikheid inhou om sy eie voortbestaan te verseker, te verryk en te veredel deur middel van 'n eie skool en opvoedingswese; deur produktiewe selfwerksaamheid tot voorsiening in al sy behoeftes; deur saambinding in 'n eie selfstandige staat; deur skeppende denke op wysgerigte en wetenskaplike gebied (Meyer, 1963:2).

Tydens ’n Bondsraad in 1966 verwys dr. Piet Meyer na die moord op dr. H.F. Verwoerd, asook na ’n geleentheid voor die moord, waarin die Afrikaner-Broederbond se rol teenoor Afrikaners met Verwoerd bespreek is en tref ’n vergelyking met die sye van ’n piramide (die Afrikaners), as synde die staatkundige, kulturele, ekonomiese en opvoedkundige sye met ons “eie Christelik-nasionale lewens-en wêreldbeskouing as basis” (Meyer, 1966:1).

[15] Die Ruiterwag was die vertroulike jeugvleuel van die Afrikaner-Broederbond.

[16] Prof. J.C. van Rooy was voorsitter van die AB vir twee termyne (1932-1938) en (1942-1952).

Oor die rol van die Afrikaner-Broederbond meen Van der Merwe (2021:13) dat die oogmerk was om as ŉ soort dinkskrum vir die Nasionale Party op te tree, veral in die hervormingsjare, maar dat dit nie altyd so goed ontvang is deur die Nasionale Party en lede in die regering nie. Die siening word onderskryf deur Meyer (2013:5), wat van mening is dat die Nasionale Party eerder die Afrikaner-Broederbond gebruik het om standpunte te toets.

In ŉ onderhoud met die navorser sê Mostert (2022) dat hy in verskeie komitees en later ook in die Staatsveiligheidsraad gedien het. Volgens hom was die meeste senior lede waarskynlik almal lede van die Afrikaner-Broederbond, en is die meeste van hulle waarskynlik beïnvloed deur besprekingsdokumente en standpunte van die Afrikaner-Broederbond. In die komitees tot op die hoogste vlakke is die Afrikaner-Broederbond nietemin nooit direk betrek of vermeld nie.

In hierdie studie is interne perspektiewe noodsaaklik om lede se ingesteldheid te bepaal. Dit is nietemin opvallend dat senior lede van die kabinet na die AB se dinkskrum-rol verwys, asook na die mindere rol van die organisasie; Meyer (2013:5) verwys ook na die NP as die senior vennoot. Dit is egter belangrik om kennis te neem dat nie alle lede dieselfde standpunte deel nie en soms baie wisselende standpunte gehad het. In nieregeringsgeledere word daar anders na die AB verwys, en staan die AB uit weens sy beïnvloedingsrol. Dit is nogtans ŉ feit dat die AB as ŉ Afrikanerbelange-organisasie op verskillende terreine opgetree het. Die polities-staatkundige omgewing was maar een terrein. Dit sou later blyk (in Hoofstuk 5) dat mnr. F.W. De Klerk nie gemaklik was met die polities-staatkundige rol van die AB nie en dit ook duidelik gestel het.

3.8 Die AB as ŉ Afrikanerbelange-organisasie

In Hoofstuk 2 is die rol van belangegroepe binne die stelselperspektief omskryf. Daar is voorts bevestig dat die Afrikaner-Broederbond gemoeid was met die polities-staatkundige omgewing. Volgens sy eie verklaarde omskrywing het die AB as ŉ Afrikaner-belangegroep opgetree en insette tot die stelsel gelewer. Die studie plaas die klem veral op beleid en insette tot beleid sowel as die invloed op die regering en die Nasionale Party. Daar word vervolgens van verskeie eksterne perspektiewe gebruik gemaak om die rol verder te bevestig.

ŉ Belangrike perspektief oor die besondere rol van invloed as drukgroep en belangegroep word soos volg deur Knecht (2008:62) gestel:

> *It was therefore able to act as a protagonist of political transformation in the role of a mediator between the ruling power elite and the Afrikaner people. Since Afrikaner Broederbond members communicated the ideological ideas of the Afrikaner Broederbond in their direct personal environment (family, friends, work), they also acted as multipliers.*

Die Afrikaner-Broederbond se rol as belangegroep moet veral ook beskou en geëvalueer word teen Cloete (2021b:5) se stelling dat meningsvormende individue of netwerke: “wat veral ten opsigte van ideologie of ander belange verskil, gewoonlik meeding om beleidmakers te probeer beïnvloed om beleidsveranderinge te doen wat die individue of netwerk se belange beter sal bevorder.”

Dit is krities belangrik, want hieruit kan voorts bevestig word dat die Afrikaner-Broederbond ’n besonder invloedryke rol gespeel het in die insette en ondersteuning tot die politieke stelsel, soos volgens Easton se stelsel-analise. Eweneens het die AB ook invloed op sy lede uitgeoefen deur die bevordering van besluite en beleide, wat uitset betref. As vermenigvuldigers in die omgewings van AB-lede by familie, vriende en kultuurkringe is die terugvoer binne die stelsel ook deurlopend gegee.

Cloete (2021a) beklemtoon die Afrikaner-Broederbond se rol as hoofsaaklik ’n drukgroep. Sy onderskeid van ’n belangegroep is geleë in die interaksie tussen die politieke omgewing en ’n politieke party. Volgens hom is ’n belangegroep gevolglik soms nie ’n drukgroep nie, maar ’n drukgroep is altyd ’n belangegroep. Die taak van ’n drukgroep is om te beïnvloed, wat die Afrikaner-Broederbond wel gedoen het. Daar was nietemin in die tydperk ter sprake verskillende belange- en drukgroepe, waarvan die Afrikaner-Broederbond een was.

As Afrikanerbelangegroep is die AB se werkswyse deeglik bevestig. Dit word onder meer ook deur die bogenoemde standpunte bevestig. In die stelsel-analise is die rol van groepe en belangegroepe ’n belangrike komponent wat inset betref ten einde beleid te beïnvloed. Dit verg ’n bepaalde werksverhouding met die regerende party in enige stelsel, wat in die verhouding tussen die AB en die NP bevestig is. Sommige persepsies waarmee die Afrikaner-Broederbond in die openbare mening te make gehad het, word voorts beskou.

3.9 Persepsies oor die Afrikaner-Broederbond

Die rol van die Afrikaner-Broederbond moet veral beskou word teen die agtergrond van die oorweldigende negatiewe persepsies in die openbare mening asook in die bronne wat geraadpleeg is. Dat die Afrikaner-Broederbond, deur sy vertroulike werkswyse en deurlopende stilswye oor sommige gepubliseerde materiaal nie gereageer het nie, dra ook nie daartoe by om persepsies te besweer nie.

Volgens Waldmeir (1997:52) het prof. Pieter de Lange in 1983 die voorsitterskap van die organisasie oorgeneem wat vir baie lank beskou is as: *"the sinister braintrust of apartheid".* Heunis (2007:6) skryf oor die persepsie dat die Afrikaner-Broederbond openbare mening en enorme mag binne die staatshiërargie uitgeoefen het, maar kwalifiseer dit self op grond van sy eie beperkte ervaring en: "is so 'n siening 'n geweldige oordrywing." Giliomee (2004:372) verwys selfs na 'n militêre intelligensieverslag van 1944 waarin beweer is dat die Afrikaner-Broederbond openbare mening kon manipuleer op 'n wyse: "wat selfs oorwinnings by die stembus irrelevant maak." Dit moet egter vermeld word dat dié verslag dikwels in die literatuur aangehaal word om die Afrikaner-Broederbond se "gewaande mag" te illustreer: *"There are prominent positions throughout the Civil Service which are held by Broederbonders, and the fact that some of these are vitally connected with the war effort is a cause for the gravest concern" (Matisonn, 2022:3).*

Die aanhaling uit die verslag word gebruik om die invloed van die AB uit te lig. Daar word nietemin dikwels buite rekening gelaat, of nie vermeld nie, dat die verslag in oorlogstyd geskryf is. Die politieke spanning in die land was aan die toeneem en die AB se ondersteuning van die Nasionale Party was vir die regering 'n bron van kommer.

Ook uit ander perspektiewe is dit waardevol om persepsies en insigte te beskou. Die doel van die Afrikaner-Broederbond was volgens Welsh (2009) om die as te wees waarom alle aspekte van Afrikanerskap gesentreer het: *"or rather the authority above them that would coordinate with a view to unity of direction and purpose"* (Welsh, 2009:13). Hierdie is wel 'n besonder akkurate beskrywing van die AB want dit is in ooreenstemming met die oogmerke en werksterreine van die AB om instellings te vestig wat die verskillende belange van Afrikaners kon behartig.

Die Afrikaner-Broederbond was volgens Waldmeir (1997:52) 'n organisasie wat afdelings in elke klein uithoek van die Afrikanerdom gehad het. Volgens haar was die AB 'n geheime geleikanaal na die elite Afrikaner, na feitlik elke onderwyser, sakeman, predikant, politieke en

kulturele leier. Sadie (Soos aangehaal deur Giliomee, 2004:533) het in 1990 in 'n proefskrif bevind dat 'n groep van: "ministers, parlementslede, presidentsraadslede en topamptenare, die bond beskou het as die organisasie met die meeste invloed op die kabinet met betrekking tot sosiopolitieke beleid."

Welsh (2009:198) bevestig voorts dat die Afrikaner-Broederbond 'n groot invloed uitgeoefen het op die Afrikaner as gemeenskap en dat die organisasie druk uitgeoefen het om die "regte mense" in die regte posisies aangestel te kon kry: "*but it was never in a position to dictate to the nationalist government, even though all six prime ministers/state presidents and the great majority of Cabinet ministers between 1848 and 1994 were members*."

Die verhouding tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond word vervolgens eerder as 'n tweerigting proses beskou:

> *"Government through its Broederbond members and in formal discussions, explained its problems and options, and received feedback and advice from Broederbond members. In turn, Broederbond members could explain policy in their various communities"* (Welsh, 2009:199).

Die voorafgaande beskrywing pas hiervolgens binne die stelsel-analise aangesien die uitgangspunt handel met die veronderstelling dat daar insette gemaak word tot die stelsel en dat beleid in die terugvoer van die stelsel, na lede gekommunikeer is. Die interaksie met die Nasionale Party word sodoende bevestig binne die stelsel-analise en daar het op die wyse 'n simbiotiese verhouding ontstaan. As politieke wetenskaplike het Welsh hiermee die AB se rol binne die teorie van die stelsel-analise verstaan.

Sparks (1995:72) beskryf die Afrikaner-Broederbond as: *"a powerful inner body of the white tribe's political intelligentsia who had played a pivotal role in directing the Afrikaner nationalist movement from its earliest years."* Hiervolgens was die Afrikaner-Broederbond aandadig in of betrokke by die ontwikkeling en uitvoering van die apartheidsbeleid: *"... first devised the apartheid ideology and functioned as the primary think tank for shaping government's strategy thereafter"* (Sparks, 1995:72).

Ook in hierdie stelling mag daar geldige kritiek wees en moet die aanvanklike ontwikkeling van gedagtes ook beskou word binne die raamwerke van die tyd en die klem op Afrikanernasionalisme. Oor die hervormingsrol wat die Afrikaner-Broederbond gespeel het, is hy van mening dat die organisasie 'n manier moes vind om te breek met apartheid en saam

met die swart meerderheid ’n uitweg te vind vir politieke beheer en terselfdertyd die identiteit van Afrikaners te behou (Sparks, 1995:72).

Alhoewel die aanvanklike werkswyse en aktiwiteite van die eerste drie dekades van die Afrikaner-Broederbond se bestaan positief uitgelig word, is Du Preez (2012:xvii) wel krities oor die daaropvolgende periode: *“All prime ministers and state presidents between 1948 and 1990 were Broeders and one can count the number of cabinet ministers during this period who were not members on one hand.”* Volgens Du Preez het die AB later ’n magshonger, etniese kliek geword wat deur fanatiese Afrikanernasionalisme voortgedryf is.

As oorhoofse bewaker van Afrikanerbelange in alle sfere van die samelewing het die Afrikaner-Broederbond wel ’n krities belangrike rol gespeel deur die vestiging van strukture en instellings. Hierin was bepaalde lede verteenwoordig; rigting is gegee en soms gekoördineer. Matisonn (2015:65) se beskrywing van die AB se werkswyse is moontlik nader aan die werklikheid: *“The Broederbond was not the sole driver of all policy of the Nationalist government, though it did often drive policy. As important was its role as the glue; it kept all spheres of the Afrikaner establishment, religious, cultural, educational, business in line.”*

Wat betrokkenheid op die polities-staatkundige terrein betref is dit Moodie (2012:3) se siening dat die Afrikaner-Broederbond homself altyd as ’n kulturele organisasie beskou het. Hy maak nietemin die belangrike stelling dat kultuur noodwendig morele en politieke implikasies het, daarom was die organisasie baie nou gemoeid met politieke kwessies.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar verskillende persepsies oor die Afrikaner-Broederbond bestaan. Die vertroulike karakter van die AB was die hoofoorweging waarom die organisasie soms nie op wanvoorstellings of verkeerde aannames in die openbaar gereageer het nie. Die persepsies het derhalwe gevestig geraak in die literatuur en het oor dekades daartoe bygedra dat ’n soms skewe beeld oorgedra is. Dit is nietemin so dat daar feitelike waarheid in van die stellings gevind kan word, maar dit kan nou bloot terugskouend gedoen word. In die historiese materiaal wat die AB in sy argief beskikbaar het, en deur publikasie van sy eie geskiedenis in die onlangse verlede, het die organisasie self op van die persepsies begin reageer. Dit bied vir navorsers ’n geleentheid om feite te verifieer en self op wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die persepsies.

3.10 Apartheid as ideologie

Die boustene vir apartheid is lank voor 1948 en die Nasionale Party se oorwinning gelê. Die Nasionale Party word gereeld beskou as die party wat die beleid van apartheid ontwikkel het. Daar word later aangetoon dat die toepassing van die beleid wel strenger en meer onmenslik geraak het onder die Nasionale Party. Die basiese boustene van apartheid en skeiding moet ook beskou word in die konteks van daardie tyd. Koloniale moondhede was aan die orde van die dag en menseregte het eers later beslag gekry. Vanaf die stigting van die Afrikaner-Broederbond was Afrikanerbelange die eerste prioriteit. Afrikaners was (soos in Afdeling 3.1 aangetoon) daarop gerig om ekonomies bemagtig te raak en die enorme armoede onder Afrikaners aan te pak.

Skeidingsmaatreëls en die eerste kenmerke van apartheid het reeds met Uniewording in 1910 al duideliker geword. Oorsigtelik kan vermeld word dat die *South Africa Act of 1909,* wat die Unie van Suid-Afrika gevestig het, reeds die reg van die swart bevolking weggeneem het om te kon stem en politieke verteenwoordiging te kon hê. Die daaropvolgende *Natives Land Act of 1913* het sekere gebiede geoormerk as "*Native reserves*." In die 1920's is wetgewing aanvaar wat gesegregeerde swart gebiede in stede en dorpe vasgestel het. Die aantal swart mense wat in stedelike gebiede kon werk is daarvolgens bepaal, en wetgewing het ook voorsiening gemaak dat hulle verwyder kon word as daar meer as die toegelate getal was. In 1926 het Hertzog reeds 'n aantal wette deurgevoer oor swart verteenwoordiging en verblyfreg, wat die politieke en territoriale oorheersing van die wit bevolking beskerm het (Leach, 1987:70-71).

In 1903 tot 1905 het die *South African Native Affairs Commission* onder die leiding van Sir Godfrey Lagden die netelige kwessie van grondbesit onderskei. Hy het met die "native policy" vorendag gekom wat gewaarsku het teen die aankoop van grond deur die swart bevolking buite die daargestelde reservate. Die aanbevelings van Lagden het statutêre krag verkry in die *Natives Land Act of 1913*. Die *Natives Land Act* moes 'n tydelike maatreël wees tot tyd en wyl 'n meer permanente oplossing vir die swart vraagstuk verkry kon word. Dit het verdere stukrag verkry in *The Native Trust and Land Act of 1936* (Welsh, 2009:31-32). Die denkwyse soos deur Lagden uiteengesit, was volgens Van der Merwe (2021:2) wel die agtergrond vir die latere ontwikkeling en verdere toepassing van apartheid.

Die enorme implikasies van die wetgewing en die latere implikasie van grondgebied sowel as die demografie wat nie in berekening gebring is nie, sou vir dekades daarna steeds 'n worstelstryd veroorsaak:

> *The grand total of seventeen and three-quarter million morgen for 13.7 per cent of South Africa's land surface will represent the extent of land that will either be owned by Natives or be held in trust for them. Great numbers of Natives will continue to reside on property outside of the Native areas as squatters or servants or in some other capacity but will not be able to enter into any agreement or transaction for the purchase, hire or other acquisition from a person other than a Native of any such land or any right thereto, interest therein, or servitude thereover except with the approval of the Governor-General. In such manner therefore will the rights of Natives in land be restricted so as to ensure attainment of the policy of territorial separation between Native and non-Native* (Rogers, 1949:7).

Afsonderlike ontwikkeling se einddoel was om die wit bevolking se voortbestaan te verseker. Dit kon gedoen word deur die instelling van beleide wat daarop gerig was om 'n hele samelewing en gemeenskappe te organiseer op die basis van ras.

> *What has happened in South Africa 1948 represents some of the most formidable social engineering that the twentieth century has witnessed, a system that has set in progress vast movements of population, that has led to hundreds of thousands of people being uprooted and that has created an army of functionaries whose task it is to enforce the whole order* (Leach, 1987:70).

Volgens die bostaande beskrywing was apartheid inderdaad 'n vorm van sosiale manipulering en sosiale ingenieurswese wat binne die kontekste van groot en *klein apartheid* plaasgevind het. Die model berus op die beskerming en bevordering van wit belange. Rasse moes geskei word en moes afsonderlik ontwikkel, leef en werk om enige resultate te behaal. Rasseskeiding het die norm geword.

Die filosofiese onderbou van apartheid het sy oorsprong in die beskerming van die wit bevolking se bestaan en oorlewing in Suid-Afrika gehad. Die Sauer-verslag wat die basis van die NP se apartheidsbeleid gevorm het, soos aangehaal deur Giliomee (2004:425), stel twee moontlike rigtings oor die kleurbeleid*:* "Aan die een kant is apartheid en aan die ander kant die beleid van gelykstelling." Sommiges se aandrang om die kleurskeidslyn uit te wis stuur volgens die Sauer-verslag af op: "die vernietiging van die blanke volk as 'n selfstandige en [self] regerende volk."

Die grondslag van die Nasionale Party se siening en toepassing van apartheid moet ook beskou word in die diepgaande besprekings en standpunte wat in die AB verreken is.

Afrikanerbemagtiging in ’n wit land was die ideaal. Reeds in 1933 het die AB ’n besprekingsdokument geformuleer wat in wese die grondslag gelê het vir die latere ontwikkeling van apartheid, wat na 1948 deur die Nasionale Party toegepas sou word (Afrikaner-Broederbond, 1968:12-13).

In September 1934 aanvaar die AB-Bondsraad die politieke beleidsdokument[17] van sewe punte:

> Dat die AB die eenheid van die Afrikanerdom alleen op 'n “Christelik-historiese” grondslag kon soek en daarom van al sy lede verwag het om die volgende sewe ideale na te streef:
>
> - Die verwydering van alles wat in stryd met die volle internasionale selfstandigheid van Suid-Afrika was;
> - die beëindiging van die mindere posisie van Afrikaanssprekendes en hulle taal in die staatsorganisasie;
> - die afskeiding van die gekleurde groepe in die land en vryheid aan hulle om onder voogdyskap van die blankes selfstandig te ontwikkel;
> - die beëindiging van die eksploitasie van Suid-Afrika se hulpbronne en bevolking deur uitlanders en die bevordering van nywerheidsontwikkeling;
> - die rehabilitasie van die boerestand en die bevordering van selfonderhouding deur werk vir alle burgers;
> - die nasionalisering van die geldhandel en koördinering van ekonomiese beleid, en
> - die verafrikaansing van die openbare lewe en onderwys, met vryheid tot eie ontwikkeling aan alle dele van die bevolking in soverre dit nie vir die staat gevaarlik was nie” (Stals, 1995:3).

Bostaande moet beskou word in die lig van die diskoers van die tyd. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die gebeure in Suid-Afrika nie in isolasie van wêreldgebeure en gebruike beskou moet word nie. Welsh (2009:41) beskryf die vroeë Suid-Afrikaanse omgewing soos volg: *“For much of the first half of the twentieth century South Africa’s racial system was broadly in alignment with a world of colonial empires and institutionalised racial discrimination.”*

Die beleidsdokument van 1933 moet ook saamgelees word met die roepingsbewustheid wat die AB vir Afrikaners gevisualiseer het. In die dokument *"Die grondslag en oogmerke van ons*

[17] Opgestel deur prof. L.J. du Plessis (Voorsitter 1930-1932), en is vooraf met AB-parlementslede uitgeklaar (Stals, 1995).

strewe", wat in 1953 opgestel is, is verklaar dat die Afrikaanse volk deur God aan die suidpunt van Afrika in die lewe geroep is*, "met 'n eie bestemming tot eer van sy Naam"* (soos aangehaal deur Stals, 2021:470). Hiervolgens sien die AB vir die Afrikaner 'n spesifieke rol.

Met die beleidsdokument van 1933 soos aanvaar in 1934, het die Afrikaner-Broederbond die eerste daadwerklike tree na die tuislandbeleid gegee. Hierdie eerste gedagtes sou latere stukrag kry in die ontwikkeling van apartheid. In die sewe punte wat tydens die 1934-Bondsraad gestel en aanvaar is, kon die werklike faktore wat hindernisse vir Afrikaners in daardie tyd was, ook raakgelees word. Toe reeds is die hunkering na 'n Republiek uitgespreek, en die minderwaardigheidskompleks van Afrikaners moes aangepak word. Die inmenging van buitelanders moes beperk word en Suid-Afrikaanse hulpbronne moes tot voordeel van die land benut word. Skeiding van rassegroepe is as 'n oplossing beskou, sowel as die nasionalisering van die geldhandel. Dit demonstreer iets van Afrikaners se politieke denke op daardie stadium, want beide dié kwessies het die potensiaal vir ernstige konflik en katastrofe ingehou. Soos later gedemonstreer word, was die "afskeiding van gekleurde groepe" 'n ideaal van 1934 wat aanvaar is. Hoe dit in die jare en dekades daarna in die praktyk gevestig sou word, sou blyk rampspoedig te wees.

3.11 Apartheid as beleid en ideologie word al stewiger gevestig

Die noue verhouding tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party is in die studie aangetoon. Onder die vaandel van Afrikanernasionalisme wen die Nasionale Party die verkiesing in 1948. Met soveel lede in die Nasionale Party kon die Afrikaner-Broederbond se denkwyses toenemend ontwikkel word as beleid binne die Nasionale Party en deur die regering bevorder word. Daar is reeds gewys op die AB se politieke beleidsdokument van 1933. Die kwessies moes nou politieke aandag geniet.

Na die Nasionale Party se oorwinning in 1948 het die Afrikaner-Broederbond min inisiatief geneem en eerder die regering nagevolg en ondersteun (Afrikanerbond, 1997:10). Die AB het sterker op die kultuurtaak gefokus en eers later, met republiekwording as 'n groeiende ideaal, tot die polities-staatkundige arena toegetree.

In Maart 1948 het die Nasionale Party vir die eerste keer die breë trekke van apartheid uitgespel na 'n ondersoek onder leiding van Paul Sauer, en dit gepubliseer in 'n verslag *Kleurvraagstuk-Kommissie van die Herenigde Nasionale Party* (Sauer Report, 1948: "Report of the Colour-Question Commission"). Die verslag moes as teenstelling dien met sterker aanbevelings as die Fagan-ondersoek. Die vorige VP-regering het die Fagan-kommissie in

Augustus 1946 aangewys om die rassevraagstuk te ondersoek en aanbevelings te maak. Volgens Stals (2021:203) het albei die kommissies naastenby dieselfde bevindings gehad maar het verskillende oplossings gebied. In die Sauer-verslag is gelykstelling tussen rasse verwerp aangesien dit die wit onafhanklike heersersras sou ondermyn en uiteindelik sou vernietig.

Apartheid het volgens Welsh (2009:21) se siening gegroei uit die historiese ondervinding van wittes en was gebaseer op die Christelike beginsels van reg en geregtigheid. Daar moet voorts aangedui word dat Fagan van die VP-regering 'n lid van die Afrikaner-Broederbond was en Sauer nie 'n lid nie, maar ander lede in die Sauer-kommissie, soos E.G. Jansen, prof. G.B.A. Gerdener, J.J. Serfontein en M.D.C. de Wet Nel wat in die kommissie gedien het, was wel AB lede (Stals, 2021:195).

Die Sauer-kommissie se verslag, waarop die Nasionale Party se beleid later gebaseer en geïmplementeer sou word, het geen statistiese data bevat nie en ook geen kosteberaming van die massiewe projek wat uiteindelik op sosiale en maatskaplike manipulering 'engineering' sou neerkom nie (Welsh, 2009:23).

Volgens Welsh (2009:21) kon die wese van apartheid in die volgende saamgevat word:

- Die voortbestaan van die wit bevolking van Suid-Afrika as 'n suiwer wit ras deur die volledige verwydering van enige rassevermenging ("*miscegenation*") tussen wit en swart. Die permanensie van die wit bevolking as 'n onafhanklike politieke gemeenskap en die verdere ontwikkeling van die gemeenskap op 'n Christelike-Nasionale grondslag wat op alle terreine beskerm moet word, en die daarstel van duidelike skeidslyne tussen wit en nie-wit, wat alle moontlike konflik van belange sou uitskakel.
- Die voortbestaan van die inheemse nie-wit ras en etniese groepe in Suid-Afrika as aparte volsgemeenskappe, deur alle invloede uit te skakel wat hulle onderskeie identiteite sou ondermyn. Moontlikhede moes daargestel word waarbinne die groepe afsonderlik kon ontwikkel op 'n natuurlike wyse, elk met sy eie volkskarakter en aard, waarin eie vermoëns ontwikkel kon word, aangevul en geïnspireer deur die Christelike beskawing, totdat hulle selfonderhoudende volkseenhede kon word.
- Die instandhouding van die tradisionele trusteeskap-beginsel moes toegepas word. Dit sou lei tot die groei van 'n nasionale trots en selfrespek in elke groep of volkseenheid. Voorts sou respek en agting tussen ras en rassegroepe aangemoedig word.

Hierdie siening word ook bevestig deur die standpunt van dr. Piet Meyer tydens ’n Bondsraad in 1966 te midde van die hoogtepunt van apartheid en die toepassing daarvan:

> Die toekoms van die blanke Afrikaans/Engelse gemeenskap en die toekoms van die nie-blanke volksgroepe van ons land hang in die eerste plek ten nouste met die voortbestaan van die Afrikanervolk as inheemse, aparte en selfstandige Westerse kultuurgemeenskap in Afrika saam. Dus, hoe suiwerder, hoe sterker, hoe meer selfbewus die Afrikanervolk op alle lewensterreine in Suid-Afrika optree, hoe beter sal dit met al die mensegroepe van ons land gaan, hoe veiliger is hulle toekoms. Dit beweer ek egter sonder enige chauvinistiese oorskatting van ons eie volk en sy waarde (Meyer, 1966:2).

Hierdie standpunt van Meyer gee uitdrukking aan die grondslag van apartheid, naamlik die beskerming en voortbestaan van wit Afrikaners, al is dit ten koste van andere. Die ideologie van apartheid is vervolgens op drie pilare gebou. Die eerste pilaar verwys na gebiedskeiding op elke vlak van die samelewing wat insluit afsonderlike state vir elke volksgroep, skeiding van rasse in gemeenskappe in woonbuurte, skole en elke ander vorm van menslike handeling. Die tweede pilaar was die wetgewende program wat deur wetgewing die toepassing van apartheid bewerkstellig het. Die derde pilaar was die saambinding van al die afsonderlike tuislande en groepe deur strukture van konsultasie (De Klerk, 1991:63-65).

Apartheid het ook ’n ander dimensie ontwikkel. Volgens De Klerk (1991:72) het Afrikaners dit as hoeksteen van hul bestaan en oorlewing beskou. Dit sou verder uitgeleef kon word in die nastrewing en verwesenliking van die republikeinse ideaal. Skeiding tussen rasse, veral tussen swart en wit, het die groter werklikheid begin word. Die aanvanklike teorie moes nou in praktyk toegepas word. Om dit reg te kry is daar onderskei tussen *groot apartheid* en *klein apartheid*. De Klerk (1991:56) omskryf die onderskeid soos volg:
Groot apartheid, wat die regering se apartheidsideologie verduidelik ten opsigte van die versnippering van Suid-Afrika in onafhanklike swart tuislande, en
Klein apartheid, wat verwys na die skeiding van rasse op alle vlakke van die samelewing wat deur diskriminerende wetgewing, wat skeiding sou bring, toegepas word.

’n Interessante perspektief op die rasionaal vir die toepassing van apartheid wat Waldmeir (1997:10) bied, is dat Afrikaners bevrees was dat swartmense sou doen wat onder Engelse bewind gebeur het, naamlik om hulle (wit Afrikaners) in ’n onderdanige minderheidsposisie te plaas in die land van hul geboorte. Apartheid is daarom gevestig om die vooruitgang en sekerheid van Afrikaners deur wit oorheersing te bevestig. Daarom is apartheid, ’n ideologie

wat hoofsaaklik ekonomiese grondslae gehad het, aanvaar om die oorwegend arm, landelike en laaggeskoolde Afrikaner in ’n vooruitstrewende burgerstand te ontwikkel

Apartheid is verder gegrondves in die beskouing van die Nasionale Party om te verdeel en te heers, volgens Waldmeir (1997:172-173). Etniese skeiding is beskou as die enigste basis waarop vrede gehandhaaf kon word: *“But the Afrikaners did not invent ethnicity even so. Tribalism is a reality throughout Africa, ignored only at one’s peril.”* (Waldmeir, 1997:173)

In dié verband het die Afrikaner-Broederbond bepaald ’n rol gespeel in die beïnvloeding van denke. Die Uitvoerende Raad het met die opstel van besprekingsdokumente die volgende motiewe in gedagte gehad, volgens ’n AB-Nuusbrief van 1960:

> Die aktueelste ondersoeke wat sonder versuim deur die beste gebruikmaking van die deskundigste breinkrag in ons organisasie aangepak sal word, is die volgende: (i) Hoe om onsself binne die huidige politieke kragveld van die wêreld as blanke staat te handhaaf en te versterk en ons plig en reg op eie voortbestaan te stel om as sodanig aanvaar te word; ii) Hoe om ons as blanke volk in Suid-Afrika te handhaaf te midde van 'n getalryke nie-blanke bevolking wat voortdurend teen ons aangehits word; (iii) Hoe om onsself te handhaaf in 'n vyandige Afrika wat die brandpunt tussen Oos en Wes geword het en dit seker nog lank sal bly (Pelzer, 1979:171).

Te midde van toenemende opbouende kritiek teen apartheid en die toepassing van apartheid in al sy fasette, spreek dr. Piet Meyer die Bondsraad in 1970 toe en sê:

> Ons moet egter altyd onthou dat ons beleid van afsonderlike ontwikkeling ook die Afrikaner en die Blanke se afsonderlike ontwikkeling beteken en dat dit vir ons 'n basiese strewe is wat ons geen ander volk ontsê nie. In ons strewe na selfontwikkeling en selfstandigheid, pas ons soos alle ander volkere eie afsonderlikheid of apartheid in al sy vorms toe, beskerm en verdedig ons ons eie identiteit en selfstandigheid en onderskei ons onsself en ons eie belange van die identiteit en belange van alle ander volke (Meyer, 1970:11).

Giliomee (2004:397) maak die gevolgtrekking dat die Afrikaner-Broederbond met die vroeë gedagtes van apartheid saamgestem en dit ook gesteun het. Hy kwalifiseer dit nietemin met die siening dat die Afrikaner-Broederbond nie apartheid ontwikkel en geformuleer het nie.

In die 1990's, met die staatkundige hervormings feitelik afgehandel, het die Afrikanerbond besin oor sy verlede en sy rol in apartheid, en die volgende geformuleer:

> Die beginselgrondslag van die beleid van afsonderlike ontwikkeling soos destyds deur die AB onderskryf, het die opregte bedoelings verteenwoordig van 'n beleid wat daarop gerig was om die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe – ook die Afrikaner – op die grondslag van selfbeskikking moontlik te maak. Die visie wat die AB vir die beleid gehad het, was dat daar in Suid-Afrika 'n samelewing tot stand sal kom (soos in Europa) waar 'n verskeidenheid volke elk in 'n eie nasiestaat, naas mekaar op die grondslag van volkome gelykheid, tot sy reg sal kom. In hierdie state sou gelyke menswaardigheid en 'n eie, ryk kultuurlewe, sonder politieke mag oor mekaar, die grondslag vir vreedsame evolusie van verhoudinge lê. Die beleid het egter mettertyd 'n aantal ontstellende gevolge opgelewer. Daar het, in plaas van gelyke menswaardigheid, 'n ras-aristokratiese samelewing, gegiet in 'n onbuigsame institusionele raamwerk, met uitgebreide diskriminasie ontstaan (Afrikanerbond, 1997:23).

Uit die voorafgaande herdefinieer die AB sy siening en die ondersteuning vir die beleid van apartheid. Dit is in ooreenstemming met ander sieninge wat in die studie gebruik en binne konteks geplaas is. Selfbeskikking het verskeie toepassings, en afsonderlike ontwikkeling soos dit aanvanklik ontwikkel was, sou neerkom op selfbeskikking vir die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika. Dit regverdig nietemin hoegenaamd nie die kwetsende maatreëls en sosiale manipulering van gemeenskappe nie. In die lig hiervan het die Afrikanerbond in 1997 sy verskoning vir apartheid soos volg aangebied: "Die AB kan nie ontken dat sy standpunte en houdings van die verlede, gesien vanuit die huidige perspektief, soms van ongevoeligheid en gebrekkige visie gespreek het nie. Wat in die verlede deur die AB gesê en gedoen is, was nie altyd versoenbaar met sy eie grondslag nie. Vir sover as wat sulke optrede bygedra het tot die onreg van die verlede, is ons jammer. In die Afrikanerbond leef die vaste voorneme om uit die foute van die verlede te leer" (Afrikanerbond, 1997:23).

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling word in later jare deur die Afrikaner-Broederbond bevraagteken. In die 1970's en 1980's (soos in Afdeling 3.13 bespreek word), is daar vanuit regeringsgeledere al meer erken dat die tuislandbeleid en instromingsbeheer nie slaag nie. Te midde van pogings tot hervorming sê prof. C.W.H. Boshoff[18] in sy voorsittersrede tydens 'n Bondsraad in 1982, dat die: "Afrikaner wat ook blanke oorheersing wil uitskakel wat ook

[18] Prof. C.W.H. Boshoff was voorsitter van die Afrikaner-Broderbond (1980-1983).

diskriminasie op grond van kleur wil afskaf, wat ook horisontale apartheid wil beëindig – maar dan deur die oprigting van vertikale strukture" (Boshoff, 1982:5). Die gedagte hierin vervat is nie ten gunste van 'n eenheidstaat nie, maar steeds afsonderlike strukture met volledige selfbeskikking vir elke gemeenskap. Later in sy toespraak doen hy voorspraak vir die reg tot selfbeskikking as hy daaroor sê: "dit is die staatkundige uitdrukking van sy lewens- en wêreldbeskouing, dis die onmisbare instrument van 'n volk se selfrespekterende voortbestaan" (Boshoff, 1982:6).

Uit die voorafgaande blyk dit gevolglik duidelik dat die Afrikaner-Broederbond ernstige bedenkinge oor die toepassing van die beleid gehad het. Dit blyk ook duidelik in latere besprekings in die studie dat Afrikaners geensins eendersdenkend was oor die politiek van die dag, apartheid en hervorming nie. Inteendeel, Boshoff se standpunt soos hier bo het aangedui hoe diep die politieke meningsverskille op daardie stadium was en hoe verwyderd die leierskap van die Afrikaner-Broederbond was van die staatkundige hervormings wat toe reeds deur die Nasionale Party begin is. Dit strook met 'n vroeëre standpunt dat die verhouding tussen die AB en die NP deur individue bepaal is; soms was die verhouding nader aan mekaar en soms verwyderd van mekaar.

3.12 Die Nasionale Party aan bewind en Afrikanernasionalisme

In 1948 wen die Nasionale Party-koalisie die verkiesing. Die resultaat van die verkiesing word deur Welsh (2009:24-25) beskryf as 'n kombinasie van enersyds die appèl tot Afrikaner-eenheid en andersyds die "swart gevaar"-verkiesing. Die "swart gevaar" en die oënskynlike bedreiging vir Afrikaner-identiteit en -heerskappy moes deur die toepassing van apartheid aangepak word. Die NP was volgens dr. D.F. Malan se siening (soos aangehaal deur Welsh, 2009:25): "georganiseerde Afrikanerdom in die politieke sfeer."

Toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, voor die implementering van verdere apartheidsmaatreëls, was Suid-Afrika volgens Welsh (2009:47) reeds 'n omvattende rasgebonde en rasgeskeide staat. Deur die toepassing van die ideologie van apartheid sou wetgewing net verder verskans wat in die praktyk reeds gevestigde toepassings was. Segregasie tussen rasse voor 1948 het veral die belange gedien van sekere gevestigde sektore van die wit samelewing, veral landbou, mynbou en arbeid. Die tydperk na 1948 was verder nou gekoppel aan 'n ideologie van nasionalisme en die Christelike geloof, wat 'n verskil gemaak het aan die ywer waarmee die maatreëls toegepas en geïmplementeer is. Volgens Zaaiman (2010:130) was Afrikanernasionalisme en segregasie nou verweef en in die 1950's is die Afrikanerkultuur nie net polities nie, maar ook op sosiaal-maatskaplike vlakke bevorder.

Van belang is die demografie in 1948 toe die Nasionale Party aan bewind gekom het. Die swart bevolking was 8,5 miljoen mense waarvan ongeveer 2 miljoen in stede en dorpe gewoon het, teenoor 1,6 miljoen wit mense in stede (Giliomee (2004:447). Dit moet in gedagte gehou met die maatskaplike manipulering om swart mense uit die stedelike gebiede in tuislande te vestig, wat een van die doelwitte van apartheid en die Nasionale Party was.

Die tydperk van NP-regering vanaf 1948 tot 1994 het in breë trekke, volgens Welsh (2009:52), drie duidelike fases van toepassing van apartheid gehad. Die fases se tydperke oorvleuel soms.
Fase 1: Het min of meer gestrek vanaf 1948 tot 1959 met die klem op die verskansing van die mag van die Nasionale Party en die verdere uitbreiding van diskriminasie;
Fase 2: In die tydperk van 1959 tot 1966 is die beleid “afsonderlike ontwikkeling” genoem, ’n “positiewe benaming” met die hoop dat 'n toenemend internasionale omgewing die beleid van die voorbereiding van selfregerende “tuislande” sou aanvaar, veral omdat onafhanklikheid van sommige state in Afrika toe begin plaasvind het;
Fase 3: Die fase het vanaf 1966 begin ontwikkel; apartheid het teen toenemende tempo begin erodeer en Afrikanernasionalisme het begin taan. (Veral fase 3 word in latere hoofstukke verder ondersoek.)

Apartheid het in die 1950’s toenemend verskans geraak deur wetgewing wat die diskriminerende maatreëls bevestig het. Apartheid het volgens Giliomee (2004:449) op verskeie grondslae berus:

- Die beperking van alle politieke mag tot wit mense;
- gedwonge woonbuurtskeiding;
- afsonderlike onderwys;
- die regulering van die arbeidsmark;
- instromingsbeheer wat die stroom van swartmense na stede beperk het, en
- die hoeksteen was die ontwikkeling van swart tuislande.

Die mate waartoe instromingsbeheer, as deel van die kern van apartheid, misluk het, word deur Giliomee (2004:460) aangetoon in die statistiek wat toon dat die swart stedelike bevolking van 2,4 miljoen mense in 1951 gegroei het tot 3,5 miljoen in 1960.

Apartheid het sy grondslag in verskeie vorme van wetgewing verkry en dit het toenemend, veral in die toepassing en implementering daarvan, groter veronregting en ontmensliking tot

gevolg gehad. Van die belangrikste apartheidswetgewing was die volgende wat kortliks uitglig word:

In 1950 word die Groepsgebiedewet aanvaar, wat as die hoeksteen van apartheid beskou word. Die *Resettlement of Natives Act 1954* is aanvaar, waarvolgens groot en gevestigde (bruin, Indiër en swart) gemeenskappe hervestig is. Die dra van pasboeke is gereguleer volgens die *Abolition of Passes and Coordination of Documents Act 1952,* waarvolgens 'n swart persoon nie langer as twee-en-sewentig uur in 'n area kon bly nie, tensy hy uitgesluit word deur Art 10(1) van die wet, wat onder andere aangedui het dat persone wel in 'n area kon wees as hy/sy aaneenlopend sedert geboorte daar gebly het, asook op grond van bepalings rakende werk, getroude status of met spesiale toestemming. Die wetgewing moes veral verseker dat swartmense in die tuislande bly (Leach, 1987:76-81).

Die demografie soos in die voorafgaande aangetoon, was een van die redes waarom apartheid misluk het. Die verstedeliking van swartmense was onstuitbaar en daarmee het politieke verwagtinge gepaard gegaan wat nie in die stelsel behandel of beantwoord kon word nie. Sosiale manipulering van die swart gemeenskap en die gedwonge verskuiwing na gebiede buite wit areas en later na tuislande, kon nie tred hou met toenemende verstedeliking nie. Die antwoord vir die Nasionale Party was om al meer wetgewing in te stel om skeiding toe te pas.

3.13 Die tuislandbeleid

Afsonderlike ontwikkeling moes bewerkstellig word deur selfbeskikking vir die swart gemeenskappe van Suid-Afrika. Tuislande in Suid-Afrika is gevestig volgens die aanbevelings van prof. F.R. Tomlinson en die Tomlinson-kommissie. Deur die aanbevelings is die 260 verspreide stamgebiede gekonsolideer in 'n aantal tuislande, waarvan elke tuisland gevestig en bewoon word deur een stam, soos die Zoeloes, Xhosas, Sotho's, Tswanas. Die voorstel was dat die tuislande mini-state sou word, elk met 'n eie regering as deel van 'n swart statebond wat kon inskakel by die Britse protektorate soos Swaziland, Basoetoland en Bechuanaland (nou Botswana) (Leach, 1987:82).

Die Tomlinson-kommissie[19] se hoofaanbevelings is egter nooit deur die Nasionale Party-regering onder Verwoerd aanvaar nie, dit is inteendeel verwerp.

[19] Die Tomlinson-verslag van 1954 het gevolg op 'n ondersoek gelas deur die regering om die ekonomiese lewensvatbaarheid van die swart gebiede te bestudeer.

Volgens Welsh (2009:59) was van die aanbevelings soos volg:

- Dat wit kapitaal toegelaat moes word om in die swart gebiede te investeer;
- dat individuele verblyfreg gemeenskaplike en tradisionele gronde moes vervang, en
- dat £104 miljoen bestee moes word aan ontwikkeling in die gebiede oor die volgende dekade. Giliomee (2004:465) meld dat dit sowat R10 miljard sou beloop in Randwaarde in 1998, en dat die bedrag oor 10 jaar bestee moes word aan ontwikkeling in die gebiede. Daarvolgens sou 50 000 nuwe werksgeleenthede per jaar geskep word.
- Die belangrikste aspek in die Tomlinson-verslag was die demografiese projeksies wat die volhoubaarheid van apartheid ernstig bevraagteken het.

Eerste Minister H.F. Verwoerd[20] het "afsonderlike ontwikkeling" op Bybelse beginsels gegrond: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." In 1960 het hy dit soos volg aan 'n Kaapse gemeente meegedeel: "Ons het 'n besondere posisie in Suid-Afrika, ons het die grond, ons het 'n land en ons moet op grond van die groot gebod dieselfde aan swartmense gee" (Waldmeir, 1997:11). Swartmense sou daarvolgens verskuif word na etniese tuislande, terwyl swartmense buite die gebiede soos vreemdelinge behandel en geduld sou word as trekarbeiders. Die rasse sou volgens die siening afsonderlik wees, maar gelykwaardig.

Dit was gedurende Vorster[21] se premierskap dat afsonderlike ontwikkeling, die basis van *groot apartheid*, onafhanklike tuislande gevestig het. Ten spyte van die feit dat minder as die helfte van die swart bevolking in 1970 in die tuislande gewoon het en 52% in "wit gebiede", is Transkei in 1976, en Bophuthatswana in 1977 geproklameer. Onder P.W. Botha[22] se premierskap is Venda in 1979 en Ciskei in 1981 gevestig (Welsh, 2009:90). In Junie 1983 is in 'n ondersoek deur die Surplus People's Project bevind dat meer as 3,5 miljoen mense sedert 1960 verskuif is. Meer as 'n driekwart hiervan was swartmense, waarvan sommige tot vier keer verskuif is (Leach, 1987:85). Volgens Waldmeir (1997:11) is tussen 3 en 4 miljoen mense na tuislande verskuif.

Bogenoemde verskuiwings van gemeenskappe op grond van ras was sosiale manipulering wat op ongekende skaal toegepas is. *Groot apartheid* en die vestiging van tuislande moes gedwonge selfbeskikking tot gevolg hê. Dit het moontlik teoreties na 'n werkbare oplossing gelyk maar in die praktyk het dit onmenslike en tragiese gevolge gehad wat vir dekades

[20] H.F. Verwoerd was Eerste Minister 1958-1966.

[21] Vorster was eerste minister van 1966-1978.

[22] Botha was eerste minister 1978-1984 en uitvoerende president vanaf 1984-1989.

daarna nog enorme implikasies ingehou het. Die toepassing van *groot apartheid* en die gevolge daarvan moes dringend en ernstig aangepak word.

Apartheid se doel was afsonderlike ontwikkeling in alle opsigte, nie net afsonderlike tuislande nie. Die tuislande moes ook onafhanklike swart ekonomieë vestig. Volgens Waldmeir (1997:24) wou Verwoerd nie beleggings toelaat om die tuislande lewensvatbaar te maak nie. Voorts is beleggings deur wit nywerhede ook nie toegelaat nie, aangesien dit die groei van onafhanklike swart kapitaal sou belemmer en kolonialisme bevorder.

Dit sal in later in die studie blyk dat die mislukking van tuislande en die gevolglike verstedeliking na wit gebiede waarskynlik om bogenoemde redes plaasgevind het. Tuislande is gevestig, maar is nooit toegelaat om ekonomies te ontwikkel en volhoubaar te wees nie.

Verwoerd het in daardie tyd, volgens Giliomee (2004:476), in die Afrikaner-Broederbond 'n ideale instrument gevind om sy ideologiese houvas te versterk. Vir Verwoerd was die belangrikste idee nie meer Afrikanernasionalisme nie, maar apartheid het vir hom die hoeksteen van eenheid geword. Hy het volgens Giliomee (2004:476) in dr. Piet Meyer[23] 'n bondgenoot gevind wat sy gedagterigtings sterk ondersteun het. Meyer se uitsprake in die verband is reeds behandel en dit bevestig die AB se noue verbintenis met Verwoerd en die NP in daardie tydperk.

Die dood van H.F. Verwoerd op 6 September 1966, het volgens Waldmeir (1997:23) die einde van die ideologie van apartheid ingelui. Hiervandaan sou die werklikheid onder Afrikaners begin posvat dat die algehele ideologie met sy uiterste weersprekings, ekonomies en pragmaties, polities en op grond van moraliteit, nie in stand gehou kon word nie.

Dit was eers na die Soweto-onluste in 1976 dat die werklikhede van die mislukking van die tuislandbeleid na behore uitgewys is. Destydse Eerste Minister John Vorster het 'n Kommissie van Ondersoek onder die Regter-President van Transvaal, Regter P.M. Cillie, aangestel. Regter Cillie het bevind dat die toepassing van apartheid 'n groot probleemfaktor was, onder meer instromingsbeheer (Waldmeir, 1997:23). *"An attitude of mind has been created which could make many [Soweto residents] resort to rioting ...[D]iscrimination has ...engendered not only dissatisfaction but also a great hatred in many. This dissatisfaction and hatred were some of the main factors that created the milieu and the spirit of revolt"* (Waldmeir, 1997:24).

[23] Dr. Piet Meyer was AB-voorsitter 1960-1972.

Met die tuislandbeleid het die Nasionale Party ’n stelsel geskep wat eenvoudig nie kon slaag nie. Die vestiging van tuislande sou aan bepaalde ekonomiese voorvereistes moes voldoen om enigsins die vermoë te hê om swartmense na beter geleenthede te lok. Die Nasionale Party was nie bereid om die beleid tesame met ekonomiese ondersteuning te implementeer nie. Nie net sosiale manipulasie van gemeenskappe is toegepas nie, maar dit het gepaard gegaan met ekonomiese ellende en rampspoed.

3.14 Die bruin bevolking word vervreem

Alhoewel apartheid dikwels beskou word as slegs van toepassing op die swart bevolking, is die bruin bevolking (Kleurlinge) ook geteiken. In 1951 het die Nasionale Party-regering die bruin kiesers van die gemeenskaplike kieserslys verwyder. Die bruin kiesers is op ’n aparte kieserslys geplaas, met die reg om vier wit lede van die parlement te verkies. Die omstrede wet is suksesvol in die hof teengestaan aangesien die vereiste tweederde meerderheid nie behaal is nie. Die Nasionale Party het gevolglik deur manipulasie die Senaat vergroot om wel die vereiste tweederde meerderheid te verkry, en die *Separate Representation of Voters Act* is suksesvol deur die Parlement gevoer (Leach, 1987:44).

Volgens Giliomee (2004:509) is alle kleurlingkiesers in 1971 van die munisipale kieserslyste verwyder en in 1972 het die termyne van bruin raadslede in die Wes-Kaap geëindig.

In die eerste dekades van die Nasionale Party se bewind het die regering die ideologie van apartheid al strenger op die bruin gemeenskap toegepas. Reeds gevestigde bruin gemeenskappe is verskuif na nuut aangewese Kleurlinggroepsgebiede. Afsonderlike grondwetlike strukture is vir hulle ontwikkel om self na hulle eie sake om te sien. “Die pogings het egter baie min ondersteuning van die kleurlinggemeenskap gekry” (De Klerk, 1998:109).

Bruinmense het die morele achilleshiel van apartheid geword. *Groot apartheid*, wat volgens die NP-regering die totale oplossing vir swartmense geword het, het nie ’n oplossing vir bruinmense gebied nie. ’n Tuisland soos in die geval van swart etniese stamme was nie ’n oplossing vir bruinmense nie. Op 23 Maart 1973 is die Theron-Kommissie aangestel met die volgende drieledige opdrag:

- Evaluering van die vordering van die Kleurlingbevolkingsgroep sedert 1960 op alle samelewingsterreine, insluitend die staatkundige terrein;
- die identifisering van knelpunte op die verskillende terreine, en

- om aanbevelings te maak oor die wyse waarop die ontwikkeling van die Kleurlingbevolkingsgroep op die verskillende terreine bevorder kon word (Cloete, 2021b:15-16).

In dieselfde week as die begin van die Soweto-onluste, maak die Theron-kommissie onder leiding van prof. Erika Theron die aanbeveling dat bruinmense se parlementêre verteenwoordiging aan hulle teruggegee moet word (Waldmeir, 1997:31). Die verslag het volgens Welsh (2009:96-97) besondere kritiek gelewer op die beleid van parallelle ontwikkeling, aangesien die lewensfere van wit en bruin so vervleg was dat dit nie geskei kon word nie. Die bestaande Westminster grondwetlike stelsel moes gevolglik verander word om vir die unieke behoeftes van die bruin bevolking voorsiening te maak.

Die Theron-kommissie het volgens Cloete (2021b:16-17) die volgende kernbevindinge bevat, naamlik die aanbeveling vir ’n eiesoortige grondwetlike struktuur wat die land se unieke omstandighede behoort te akkommodeer; bevredigende vorme van regstreekse Kleurlingverteenwoordiging en -seggenskap in besluitneming op owerheidsvlakke; ’n verdere aanbeveling in dié verband was dat ’n komitee van deskundiges voorstelle moet maak oor die statutêre aanpassings wat nodig mag wees.

Oor die kwessie van staatkundige uitdagings en bruin strewes verwerp AB-Voorsitter, dr. A.P. Treurnicht[24] in sy Bondsraad-toespraak in 1974 die gedagte van gelykheidsdwang waarvolgens ’n enkeling aanspraak op gelyke regte in enige gemeenskap sou hê, maar aanvaar nasionalisme: “omdat ons ’n veelheid van volkere het wat weier om in een kultuurverband, volksverband of selfs staatsverband deurmekaar geroer te word” (Treurnicht, 1974:6). Hy bevestig later in die toespraak dat Afrikaners aan bruinmense hul eie nasionale besef, en bewegings op alle lewensterreine gun, sowel as, en net soos swart volke wat die tuislandbeleid aanbetref ’n: “eie nasionale en volwaardige eie politieke en staatkundige bestel gun” (Treurnicht, 1974:10).

Heelwat klem word in verskillende AB-dokumente en besprekingsdokumente oor hervorming daarop geplaas dat daar van Januarie 1977 af op verskillende plekke in die land intensiewe dinkskrums of ideëberade soos dit toe genoem is, gehou is om te besin oor die “staatkundige toekoms van die Kleurling en Indiër enersyds en die swart volkere andersyds” (Afrikaner-Broederbond, 1996).

[24] Dr. A.P. Treurnicht was AB-voorsitter. (1972-1974)

In ’n gesprek met die Uitvoerende Raad van die AB sê P.W. Botha op 19 Februarie 1985 dat die beleid ten opsigte van kleurlinge vir dertig jaar verkeerd was. “Ons isolasie het groter geword deurdat ons mense van ons af wegdryf. In plaas van die aanslag af te slaan, het ons dit daardeur bevorder” (Notas van gesprek as bylaag Afrikaner-Broederbond, 1985g:3).

3.15 Die Indiër bevolking

Die Indiërgemeenskap, wat hoofsaaklik in KwaZulu-Natal gevestig is, se herkoms spruit uit die sowat 900 000 Indiërs wat vanaf 1860 as kontrakwerkers ingevoer is. Ook daardie gemeenskap was aan die ontvangkant van apartheid, en afsonderlike residensiële en sakegebiede is vir Indiërs geskep. Die gemeenskap moes ook persele ontruim wat vir geslagte lank deur families bewoon is. “Die amptelike beleid van die Nasionale Party was baie jare lank dat Indiërs na Indië gerepatrieer moes word” (De Klerk, 1998:111).

Soortgelyk as met die bruin bevolking, maar met nog minder sukses, is grondwetlike strukture vir die Indiërgemeenskap geskep. Indiërs het hulself georganiseer in die Natal en Transvaal Indian Congress. Dit het, soos later in die studie sal blyk, deel van gevestigde “struggle” strukture geword.

3.16 Die aanvaarding dat apartheid nie kan werk nie en verandering in denke om ’n nuwe bestel te vestig

Alhoewel die AB deur sy aanvanklike beleidsdokumente en standpunte die beleid van afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, het besinning ingetree. Die aanvanklike standpunte is vroeër in die studie aangetoon. Apartheid kon om verskeie redes nie volhoubaar uitgevoer word nie en ’n morele dimensie is later toegevoeg. In sy interne standpunte en veral in besprekingsdokumente het die AB in die 1970’s indirek die toepassing van apartheid begin bevraagteken. Die noue verhouding met die NP en die lidmaatskap van senior NP-lede het nietemin veroorsaak dat die bevraagtekening aanvanklik versigtig moes geskied.

Daar was verskeie faktore wat bygedra het tot die einde van apartheid. Die demografiese realiteite was ’n besliste en bepalende faktor. Teen die einde van die 1960’s was die swart bevolking se groeisyfer reeds meer as die totale wit bevolking. Dit het enorme druk op die tuislande geplaas en meer mense na stede gedwing. Dit was nie meer ekonomies haalbaar nie (Waldmeir, 1997:25). Die ekonomie en industrialisasie in stede het vaardighede begin vereis. Wit lone vir wit vaardighede moes hoër wees, terwyl swartmense met dieselfde vaardighede nie kon meeding nie. Dit het Afrikaners met ’n keuse gelaat. Bly arm maar etnies

suiwer, of raak welvarend. B.J. Vorster moes reeds in 1976 toegee dat swartmense met vaardighede in wit areas kon werk, met die instemming van wit vakbonde (Waldmeir, 1997:26).

Die demografiese realiteit begin reeds vroeg by die AB posvat. In 1977 sê die Afrikaner-Broederbond in ’n besprekingsdokument: “terwyl ekonomiese ontwikkeling in die tuislande en van grensgebiede bevorder word, moet aanvaar word dat daar onvermydelik ’n uitbreiding van Swartmense in die Blanke gebied gaan wees”. Veral wat betref die Witwatersrand word gesê: “Met 45% van alle swart werkers word hier ’n onvermydelike verdere swart groei aanvaar wat nie deur bevolkingsverskuiwingsplanne weggedink kan word nie." Daar is reeds gedink aan oplossings binne die huidige status quo en ’n wegbeweeg van vroeëre denke word as oplossing voorgestel: “’n Politieke raamwerk vir Soweto en moontlik ander soortgelyke konsentrasies as uitsonderingsituasies – moet oorweeg word” (Afrikaner-Broederbond, 1977).

Met die standpuntinname van die AB in 1977 begin daar reeds ernstige krake na vore kom met die toepassing van die beleid van apartheid. Die AB het geleidelik uit die rol van lojale ondersteuning aan die NP ten alle koste, begin om ernstige gebreke uit te wys. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die standpunte na die Soweto-onluste van 1976 in die AB gesirkuleer is. Onvermydelik moes daar na oplossings gesoek word. Die AB het homself geleidelik op die terrein begin vestig. Die AB kon hom nie langer net op kultuurgebied besig hou met die belange van die Afrikaner nie.

Die een werklikheid waarvan wit Suid-Afrika volgens Welsh (2009:93) nie kon ontsnap nie was dat die ekonomie afhanklik was van swart arbeid. In 1970 was 69% van die totale arbeidsmag swart en projeksies het aangedui dat die persentasie sou verhoog. Verskeie pogings is aangewend om die swart werkers in tuislande gevestig te kry en nywerhede is aangemoedig om te desentraliseer na die rand van swart gebiede. In Desember 1966 is maatreëls ingestel om die swart werksmag met 5% per jaar te verminder. Nie een van die praktiese stappe is suksesvol toegepas nie.

In die middel van die 1970’s het Afrikaners begin besef dat die stelsel en toepassing van apartheid ’n onmoontlike las geword het. Waldmeir (1997:30) se waarneming is dat Afrikaners in die tyd begin besef het dat apartheid ’n morele dilemma geraak het. Volgens haar het apartheid geleidelik aan die gewete van die Afrikaner begin knaag. Die *klein apartheid*-wetgewing het ten doel gehad om wit mense teen die verstedelikte swartmense te beskerm, maar die uitvoering van die wetgewing het volgens Van der Merwe (2021:2) net nuwe onregte teen swartmense na vore gebring.

Dat hieroor ook diepgaande gesprekke in die Afrikaner-Broederbond plaasgevind het, word duidelik uit dokumente in prof. De Lange se dokumentebundel: “Die twyfel oor die uitvoerbaarheid en die sedelikheidsbasis van die apartheidsbeleid het in die laat sestiger en vroeë sewentiger jare toegeneem en dit het dit vir lede van die AB moeilik gemaak voort te gaan om dit sondermeer te steun” (Afrikaner-Broederbond, 1996).

Nuwe politieke verdelings in die wit en Afrikaner-politiek het in die 1970’s begin ontstaan. Dr. Willem de Klerk het twee groepe onderskei, naamlik verkramptes en verligtes. Waldmeir (1997:34) breek die verdeling tussen verlig en verkramp nog duideliker af volgens klas/ekonomiese maatstawwe. Afrikaners wat deur die toepassing van apartheid bemagtig en opgehef is, het juis die stelsel begin bevraagteken. Dit was die verligtes wat begin aandring het op hervorming.

In Oktober 1983 publiseer die NG Kerk se Kaapse sinode ’n verslag waarin apartheid en apartheidswetgewing bevraagteken word: Hiervolgens kan apartheid nie deur die Skrif regverdig word nie en word rassisme verwerp. Ook in die verband word die onderskeid gemaak dat Afrikaners hulself wou beskerm deur wetgewing, maar dat omstandighede verander het (Leach, 1987:92-93).

Dat *groot apartheid*, naamlik die vestiging van tuislande, nie geslaag het nie, word deur De Klerk (1998:117) beklemtoon in twee faktore wat hy uitlig:

- Eerstens het die toevloei van swart Suid-Afrikaners na wit gebiede nie teen 1978 afgeneem, soos wat aanvanklik voorspel is en waarvoor beplan is nie;
- Tweedens het slegs vier van die tien tuislande onafhanklikheid aanvaar. Die ironie daarvan is volgens hom daarin geleë dat tuislande tot stand gekom het, maar dat die weiering om onafhanklikheid te aanvaar, die doodsklok vir *groot apartheid* gelui het.

Daar is mettertyd bevind dat die wetgewing, veral rakende groepsgebiede, nie prakties toegepas kon word nie. Pres. P.W. Botha het gevolglik reeds in 1985 begin aandui dat stappe sou volg om verstedeliking van swart gemeenskappe rondom instromingsbeheer moontlik te maak. Sekere vorme van grondeienaarskap en grondgebruik sou moontlik gemaak word (Leach, 1987:89). Verstedeliking van swartmense het ’n werklikheid geraak en in Januarie 1985 kondig die regering aan dat gedwonge verskuiwings nie verder gaan plaasvind nie (Leach, 1987:91).

Hierdie was die begin van die einde van die proses in die toepassing van *klein apartheid*, naamlik die diskriminerende en skeidingsmaatreëls wat nie langer volgens morele gronde toegepas kon word nie. Gedurende 1986 herroep die parlement meer as 34 diskriminerende instromingsbeheerwette nadat President P.W. Botha ook apartheid as ’n uitgediende konsep bestempel het. Een van die kwetsende en vernederende gevolge van die uitvoering van paswette is dat daar beraam word dat onder die verskillende paswette wat sedert 1916 toegepas is, meer as 8 miljoen swartmense ingevolge die wetgewing gearresteer is (Leach, 1987:94).

Volgens Leach (1987:289) het dr. Stoffel van der Merwe as senior NP-parlementslid in 1985 en latere minister, erken dat dele van apartheid nie geregverdig kon word nie. Die Westminster-stelsel, waarvolgens die wenner alles neem, kon ook nie in Suid-Afrika suksesvol wees nie.

In sy waarneming oor die einde van apartheid en die Nasionale Party se voornemens om dit af te takel, skryf Leach (1987:294) soos volg: “*Few ruling parties in the world had admitted so directly or implicitly that the policies which they have enforced over the years have been so misguided, have caused so much hardship to people and were so desperately in need of revision.”*

Oor apartheid en die toepassing daarvan sê prof. Pieter de Lange in 1993 in sy voorsittersrede by ’n Bondsraad:

> In die besef dat die magsmonopolie nie onbepaald deur die Blanke gehandhaaf kon word nie, het die Afrikaner gedurende die eerste fase van sy 45-jarige bewind gepoog om aparte state, dus aparte vryhede en magsterreine, polities en administratief, te skep. Dit het misluk. Enersyds het die vinnig groeiende mense getalle steeds die ekonomie se groei voorgebly en het ons ekonomies al meer verweef geraak. Andersyds het die kunsmatige skeidingspogings soveel misstande begin skep dat ons dit nie met ons gewetes kon versoen nie (De Lange, 1993:1).

Hiermee word die erkenning dat apartheid ’n verkeerde grondslag en uitgangspunt gehad het, bevestig. Die toepassing en implementering van apartheid was daarop gerig om wit en Afrikanerbelange te beskerm. In die proses is mense se regte ontneem en kon dit ook op morele basis nie langer ondersteun word nie. (Die erkenning en beëindiging van apartheid op grond van beide morele en ekonomiese oorwegings sal in hoofstukke 5 en 6 verder bespreek

word.) Die rol van die Afrikaner-Broederbond om die klimaat in Afrikanergeledere te skep vir die hervormings wat sou volg, sal veral verder bespreek word.

Dat hervormings noodsaaklik was, is egter nie algemeen aanvaar en ondersteun in Afrikaner-geledere nie. In beide die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond was daar ernstige spanning en woelinge.

3.17 Die spanning in die Afrikaner-politiek en die Afrikaner-Broederbond

Wit weerstand teen hervormings in die 1970's en die 1980's op verskillende terreine was 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse politieke toneel. Die eerste skeuring tussen verligtes en verkramptes vind plaas nadat Eerste Minister John Vorster in Februarie 1969 vir dr. Albert Hertzog as Minister van Pos- en Telekommunikasie afdank oor sy omstrede sienings oor televisie, asook sy uitlatings dat Engelse te liberaal is en nie belangrike poste in die regering moet beklee nie. Die konflik duur voort met die totstandkoming van die Herstigte Nasionale Party in 1970, wat deurentyd kommer uitspreek dat die regering se meer gematigde beleid sou lei tot bedreigings vir die Afrikanerdom (Leach, 1987:104).

Die driekamer-parlement was 'n oomblik van waarheid vir Afrikaners. Die spanning tussen Afrikaners oor die hervormings van President P.W. Botha lei uiteindelik in 1982 tot die totstandkoming van die Konserwatiewe Party. Die KP onder leiding van dr. A.P. Treurnicht,[25] destydse Transvaalse leier van die Nasionale Party, was in konflik met die leierskap van die Nasionale Party oor magsdeling. Die spanning bereik breekpunt op 23 Februarie 1982 toe 23 lede van die Nasionale Party buite stemming bly in 'n mosie van vertroue in President P.W. Botha en sy interpretasie van magsdeling met bruinmense en Indiërs, en die driekamer-parlement (Leach, 1987:105).

Die gebeure wat hierop gevolg het, was volgens Waldmeir (1997:45) die grootste skeuring in Afrikaner-politiek sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die Konserwatiewe Party met dr. A.P. Treurnicht as leier, word op 20 Maart 1982 in Pretoria gestig tydens 'n byeenkoms van sowat 7000 mense. Die wegbreek van en skeuring in die Nasionale Party het 'n effek op alle sfere van die Afrikaner-huishouding gehad, ingesluit kerke, skoolrade en die kulturele lewe van die Afrikaner, veral ook op die Afrikaner-Broederbond (Leach, 1987:108; Welsh, 2009:221-222).

[25] Dr. Treurnicht was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1972-1974).

Die politieke hervormings wat begin het, het die Nasionale Party weer andersins bevoordeel deurdat sowat 40% van Engelssprekende kiesers wat oorwegend die Progressiewe Federale Party (PFP) ondersteun het, President P.W. Botha gesteun het. Die gaping in beleid tussen die beleid van die Nasionale Party en die PFP het na 35 jaar begin vernou (Leach, 1987:115). Hiermee het die Nasionale Party begin om sy beeld en belang as party van voorkeur vir Afrikaners af te skud. Die wegbreek van konserwatiewe Afrikaners sou die weg baan vir die hervormings wat later sou volg.

Die siening dat die NP op daardie stadium sy eng siening van Afrikanerbelang begin afskud het, sou weer die belang stewiger vestig in die Afrikaner-Broederbond. Die party wat Afrikanernasionalisme tot sy uiterste gevoer het, het in breër belang begin optree. Dit sou in latere verkiesings al duideliker blyk. Die AB sou die Afrikanerbelange in die komende jare sterkter verteenwoordig en juis fokus op die voortbestaan van die Afrikanerbelang in politieke hervormings wat moes volg.

Heelwat lede van die Afrikaner-Broederbond sou met die skeuring van die NP wegbreek en die voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, Professor Carel Boshoff,[26] het ook bedank. Hy word in die komende maande die dryfveer van ’n meer konserwatiewe beweging wat Botha se hervormings sou teenstaan. Op die vooraand van die 2 November 1983-referendum word planne bekendgemaak vir ’n meer konserwatiewe beweging vir Afrikaners. In Mei 1984 vind die amptelike stigting van die Afrikaner-Volkswag plaas. Die stigting van die Afrikaner Volkswag voltooi gevolglik die spanning in Afrikaner-geledere. Enersyds die Nasionale Party wat deur die Afrikaner-Broederbond ondersteun word en andersyds die Konserwatiewe Party, ondersteun deur die Afrikaner-Volkswag (Leach, 1987:109-111).

In die geledere van die Afrikaner-Broederbond het twee rigtings al duideliker na vore getree. Enersyds was daar diegene wat wou volhard met die toepassing van apartheid in een of ander vorm asook wat Afrikaner selfbeskikking in ’n volkstaat of volkstate bevorder het. Andersyds was daar die duidelike versugting dat daar in ’n eenheidstaat ’n demokratiese oplossing vir al die mense van Suid-Afrika moes kom. Dit het staatkundige hervorming geverg en hiervoor het die Afrikaner-Broederbond toenemend intern begin voorberei. As ’n organisasie wat reeds duidelik betrokke was op die polities-staatkundige terrein het die AB begin werk aan oplossings wat Afrikaners se voortbestaan sou verseker in ’n nuwe staatkundige bedeling wat moes kom.

[26] Prof. Carel Boshoff was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1980-1983).

3.18 Samevatting

In die hoofstuk is die oorsigtelike geskiedenis en agtergrond behandel wat gelei het tot die stigting van die Afrikaner-Broederbond in 1918. Die ontstaansdoelwitte van die Afrikaner-Broederbond het gelei tot die opvoedkundige, ekonomiese en politieke bemagtiging van die Afrikaner en die uiteindelike oorwinning van die Nasionale Party. Deur die totstandkoming van die opwelling van Afrikanernasionalisme en die Republiek in 1961, is die Afrikaner se politieke strewes voltooi. Dit het egter terselfdertyd gebeur binne 'n ideologiese stelsel, naamlik apartheid, wat die Afrikaner-ideaal in stand moes hou.

In die krisistye van die Afrikaner het die Afrikaner-Broederbond deurgaans as 'n Afrikanerbelange-organisasie en dinkskrum opgetree. Deur sy vertroulike werkswyse het die AB aktief 'n leidende rol gespeel in staatkundige vraagstukke en oplossings.

Die noue verbintenis met die Nasionale Party en die toepassing van die beleid van Groot en *klein apartheid* is uitgelig. Dit het plaasgevind deur direkte ondersteuning vir die NP of deur as dinkskrum van die Nasionale Party op te tree. Dié rol is in die hoofstuk breedvoerig bespreek. Die bevraagtekening van apartheid het intern begin en daar is mettertyd begin met hervormings wat ook sy uitwerking op die lewe van die Afrikaner in al sy lewensfere tot gevolg gehad het.

Die rekonstruksie van die voorafgaande geskiedenis was nodig ten einde perspektief te kry op die staatkundige krisis wat gevolg het en wat in die volgende hoofstuk volledig behandel word.

Daar is uitgelig dat die demografiese en ekonomiese oorwegings 'n snellereffek op die beëindiging van apartheid gehad het, maar dit moet ook beskou word teen die agtergrond van die groter binnelandse en buitelandse klimaat van algehele weerstand teen apartheid. Binnelands het die revolusionêre klimaat in die 1980's as mikpunt gehad om stelselineenstorting deur stelselmatige stelselverval te bewerkstellig. (Dit sal volledig in Hoofstuk 4: Die krisis van die staatkundige bestel in die 1980's, ondersoek en uitgelig word.)

Die voortslepende gevolge van noodtoestande, onluste, terreur, ekonomiese afplatting en internasionale isolasie sowel as sanksies was onhoudbaar. Die verdere toepassing van apartheid het 'n bedreiging vir stabiliteit binne die bestaande politieke stelsel ingehou en stelselvernietiging was 'n ernstige bedreiging. *Stelselinploffing en* die onvermoë om stabiliteit te kon handhaaf binne die binnelandse en buitelandse omgewingseise het 'n nuwe stelsel of

stelsels vereis. Die omgewingseise wat ’n impak op stabiliteit in die stelsel gehad het word vervolgens bespreek.

Die AB was as rolspeler in die stelsel betrokke deur koersaanpassings en klimaatskepping. Die pas van hervorming het egter langsaam verloop. Ander omgewingsfaktore wat ernstige eise aan die bestaande orde of stelsel gestel het, het al meer onstabiliteit na vore gebring. Die omgewingsfaktore, binnelands sowel as op internasionale terreine, sal nou verder toegelig word.

HOOFSTUK 4: DIE KRISIS VAN DIE STAATKUNDIGE BESTEL IN DIE 1980'S

4.1 Inleiding

Easton (1965:21) se omskrywing van 'n politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met inbegrip van skaars middele vir 'n samelewing toebedeel word, dien as metateoretiese begronding vir die hoofstuk. Easton (1965:24) se gevolgtrekking dat alle politieke stelsels wat volhoubaar voortbestaan, op twee bene staan, word in die hoofstuk van toepassing gemaak, naamlik:

- dat hulle waardes vir 'n samelewing kan toeken, en
- dat die meeste lede in die samelewing oorreed kan word om hierdie toekenning van waardes as bindend te aanvaar, ten minste vir die meeste van die tyd.

In die stelsel-analise is verskeie rolspelers wat eise of insette tot die stelsel lewer. 'n Kritieke uitdaging onstaan, soos in Afdeling 2.5.2 bespreek, wanneer die eise meervoudig is en die politieke stelsel oorlaai word. Die stelsel word onder druk geplaas en onstabiliteit begin toenemend in die stelsel voorkom indien die toegekende waardes of hulpbronne nie meer as bindend aanvaar word nie.

Die weerhouding of wegneem van deelname aan die politieke stelsel binne die toepassing van maatskaplike en politieke ingenieurswese lei tot al meer onstabiliteit. Dit is dié rol wat in die hoofstuk uitgelig word en verder bespreek word. Die breë staatkundige krisis van die 1980's word bespreek, veral in die lig van die politieke en ekonomiese omgewing waarin Suid-Afrika hom mettertyd bevind het. Daar sal ook in die hoofstuk vasgestel word of die politieke en staatkundige omgewing van die 1980's en die gevolglike krisis in Suid-Afrika, die konteks gestel het vir die veranderinge wat noodwendig sou volg. Noodtoestande, onluste, terreur, ekonomiese afplatting en internasionale isolasie en sanksies het as katalisators gedien vir die einde van apartheid.

Hierdie binnelandse en buitelandse faktore in die politieke stelsel is deeglik verreken deur die Afrikaner-Broederbond se bekommernis oor, en soeke na 'n staatkundige bestel. Die eksterne omgewing het as katalisator gedien vir dringende besinning binne die Afrikaner-Broederbond, wat in die stelsel as dinkskrum vir die NP opgetree het. Die noodsaak aan stabiliteit in die

stelsel deur die beëindiging van apartheid het politieke koersaanpassings genoodsaak en dit sou deur 'n skikking, binne 'n nuwe staatkundige bestel, gevestig moes word.

In die voorafgaande hoofstukke is die ideologiese agtergrond van die toepassing van apartheid geskets. Die rekonstruksie van die geskiedenis is uitgelig binne die bevordering van Afrikanernasionalisme. Die toepassing van apartheid het swartmense uitgesluit van die basiese regte en voorregte van deelname aan demokrasie. In die hoofstuk word die polities-staatkundige toneel van die 1970's, meer spesifiek die 1980's, ontleed en geëvalueer.

Apartheid het in sy uitvoering twee belangrike komponente gehad, naamlik *groot apartheid,* wat die tuislandbeleid en gedwonge verskuiwings tot gevolg gehad het, en *klein apartheid*, wat in wetgewing vervat is om gedwonge skeiding tussen wit en swart op feitelik elke terrein van die samelewing te manipuleer.

Die Afrikaner-Broederbond was midde-in die stelsel, soos reeds bespreek. Binne die totale stelsel word onderskei tussen die omgewing van die interne gemeenskap en die omgewing van die eksterne gemeenskap, wat rolspelers was in die bevraagtekening van die politieke orde in Suid-Afrika. Verwys in die verband na Hoofstuk 2 en Easton se stelsel-analise. Dit word nou van toepassing gemaak op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel met die NP regering binne die politieke stelsel. Die sosiaal-maatskaplike en ekonomiese stelsels was veral onder druk, met opbouende weerstand wat bepaalde stelselonstabiliteit tot gevolg gehad het. In die omgewing van die eksterne gemeenskap het internasionale politieke stelsels sowel as internasionale ekonomiese stelsels toenemend begin bydra tot die isolasie van Suid-Afrika, soos voorgestel in Figuur 4-1.



Figuur 4-1: Die Stelsel-analise soos toegepas op Suid-Afrika (eksterne en interne omgewing)

Die breë politieke en staatkundige omgewing in die binneland, sowel as die internasionale isolasie van die 1980's, word in hierdie hoofstuk verken. Vanweë die omvang van gebeure en inligting word daar slegs oorsigtelik hiermee gehandel. Dringende besinning oor politieke koersaanpassings en soeke na oplossings vir die staatkundige bestel in die 1970's en 1980's was die direkte gevolg.

Die kritieke uitdaging in 'n politieke stelsel begin gevolglik onstaan wanneer die eise meervoudig is en die politieke stelsel oorlaai word. Die stelsel is onder enorme druk geplaas en die kapasiteit van die politieke stelsel is oorskry, met 'n verlies aan die kritieke ewewig. Dit het noodwendig gelei tot die hervormings wat die Nasionale Party in die laat 1980's begin maak het, die kritieke aankondigings van 2 Februarie 1990, en die politieke skikking wat gelei het tot 'n nuwe politieke bedeling.

4.2 Kommunisme en die rooi gevaar

Vrese vir kommunisme het die Nasionale Party-regering vir dekades voortgedryf. Dit was die rede vir die totale aanslag, ook teen buurlande soos Angola, Mosambiek en die sterk weerstand teen die ANC.

Die kommunistiese aanslag het vir 'n tyd lank besonder sterk op die agenda van die Afrikaner-Broederbond gefigureer. In sy voorsittersrede by die Bondsraad in 1964 lig dr. Piet Meyer, voorsitter, die kwessie uit en stel dit as taak vir die AB sedert die vorige Bondsraad. Meyer (1964:1) verwys hierna as hy sê: "Die UR het op die vorige Bondsraad aan u belowe om nie te rus alvorens die handlangers van die kommunisme en liberalisme in eie geledere opgespoor en hul invloed ongedaan gemaak is nie." In die hantering van die kwessie is 'n anti-kommunistiese Volkskongres deur die AB gereël. Daaruit voortspruitend is 'n Nasionale Raad teen Kommunisme gestig, met die taak: "waardeur die AB die stryd teen die liberaliste en die kommunisme binne die geledere van alle volksgroepe, blank en nie-blank, in ons land voer" (Meyer, 1964:3).

Dat die vrese moontlik nie ongegrond was nie, word bevestig deur Jeffery (2019:43), wat verwys na die Sowjetunie en die SAKP wat instrumenteel was om in 1961 die ANC in die gewapende stryd betrokke te kry.

Na die Morogoro-konferensie in 1969 het die ANC volgens Scholtz (2022b:166) reeds belangrike aspekte van SAKP-beleid oorgeneem. By 'n latere geleentheid is die Nasionale

Demokratiese Revolusie (NDR) ook as deel van ’n ANC-besluit aanvaar. Volgens Scholtz (2022b:94) was die SAKP baie duidelik oor sy strategie, en in ’n beleidsdokument van 1980 word die NDR as ’n eerste fase van die sosialistiese revolusie beskou.

Volgens Giliomee (2004:499) het die Koueoorlog aanleiding gegee tot antikommunisme en is aanvalle en kritiek teen apartheid as ’n vorm van kommunisme beskou. Dit sou ook ’n bedreiging inhou vir blanke heerskappy.

’n Kommunistiese klasse-oorlog kon lei tot ’n rasse-oorlog, want in Suid-Afrika was ras en klas volgens Waldmeir (1997:136) sinoniem. Vir Afrikaners was die weerstand teen die kommunisme op ekonomiese en politieke basis. Daar was ook ’n sterk geloofsfaktor teenwoordig aangesien daar volgens Waldmeir (1997:136) ’n oortuiging onder Afrikaners was dat nie net huise en plase onder ’n ANC-kommunistiese regering onteien sou word nie, maar dat kerke ook in geheel geskrap sou word.

Soos aangedui, is antikommunisme vir ’n geruime tydperk in die Afrikaner-Broederbond onder lede bevorder deur verskeie studiestukke en in toesprake deur voorsitters. Die stryd teen kommunisme sou vir etlike jare ’n tema vorm van dr. Piet Meyer se voorsittersredes. Die belangrike punt is vroeër gemaak dat die stryd teen kommunisme ingespan en aangewend is teen enige kritiek teen apartheid. Hieroor sê dr. Meyer in 1965: “Veral waar hulle hul daarop toespits om die verhouding kerk, staat en volk te vertroebel en om Afrikaans- en Engelssprekendes en om blankes en nie-blankes teen mekaar op te rui” (Meyer, 1965:2).

In die verband en in die stryd teen kommunisme sou die AB en die NP se verhouding sterker uitgebou word en sou dit ’n gemeenskaplike belang wees wat beide sterk en ondersteunend tot mekaar bevorder het.

4.3 Die binnelandse situasie en onstabiliteit

4.3.1 Sharpeville en Soweto-onluste en geweld

Soos reeds in die studie aangedui, het die verstedeliking wat plaasgevind het, nie aan die ideaal van *groot apartheid* voldoen nie. In die groot sentra rondom stede het al meer swart gebiede ontstaan. Hiermee tesame het politieke aspirasies toegeneem, waaraan die NP-regering nie wou voldoen nie. Dit het aanleiding gegee tot insette van protes en geweld binne die stelsel.

Swart geweld as protes teen die stelsel van apartheid het vanaf 1966 stukrag begin kry na die dood van 69 swart protesteerders aan die hand van die polisie op 21 Maart 1966 in Sharpeville. Hierdie insident was 'n belangwekkende invloed op gebeure wat in die binnelandse en internasionale omgewing sou volg (Giliomee, 2004:472; Welsh, 2009:72-73).

Oproerige geweld, gelei deur skoolkinders, begin op 16 Junie 1976 toe hulle in opstand kom teen Afrikaans wat in skole afgedwing word. Dit was 'n taal wat hulle nie verstaan het nie en verwerp het. Volgens Welsh (2009:100) was die Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling verantwoordelik vir die afdwing van die taalbeleid. Op die dag self is 15 mense dood waaronder die 13-jarige Hector Pieterson (Welsh, 2009:160). Op 6 Julie 1976 onttrek minister M.C. Botha (Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling) die verpligting van Afrikaans in swart skole (Welsh, 2009:171). Onherstelbare skade was nietemin reeds gedoen. Protes en geweld sou vir jare daarna nog gebruik word as vorm van teenkanting teen die toepassing van apartheid.

Die opstande van Junie 1976 duur nog 18 maande lank voort, en byna 600 mense is in daardie tyd gedood. Teen die tyd van finale onderdrukking van die geweld deur die regering, het nagenoeg 14 000 jeugdige swartmense uit die land uit gevlug en by die ANC in ander dele van Afrika aangesluit (Waldmeir, 1997:23). Die Soweto-opstande het nietemin aan swart verwagtinge die geleentheid gebied om 'n sielkundige oorwinning te behaal. Weerstand kon resultate behaal en dit is die internasionale arena ingedra.

Welsh (2009:155) is van mening dat die Soweto-opstande, wat begin het as protes teen verpligte Afrikaans, uitgebrei het as opstand teen die hele stelsel van Bantoe-onderwys. Welsh (2009:170) is ook van mening dat die Soweto-skoleopstand twee ander belangrike oorwegings tot gevolg gehad het. Die eerste is die siening dat die gewapende stryd nie net nodig was nie, maar onvermydelik om apartheid omver te werp. Tweedens het die Soweto-opstande ook gelei tot 'n nuwe lewe vir die ANC en honderde rekrute is uit die geledere van skoliere wat uit die land gevlug het vir die ANC se militêre vleuel gewerf (Leach, 1987:216).

Die 1976-opstande het 'n ernstige uitwerking op die wit gemeenskap se psige gehad. Afsonderlike ontwikkeling en die toepassing van *klein apartheid* deur wetgewing het gemeenskappe van mekaar vervreem. Die wit gemeenskap is skielik wakker geskud deur die woede en protes wat gesien is. Die gemaklike en stabiele lewens van die wit gemeenskap is versteur. Soos vroeër (in Hoofstuk 3.13) aangetoon, is die kwessie van swart politieke strewes en die verstedeliking van swart gemeenskappe ook indringend in die Afrikaner-Broederbond

bespreek. Hierdie was die eerste tekens dat die stelsel na onstabiliteit neig. ’n Oplossing moes gevind word.

4.3.2 Swart politieke weerstand: Swartbewussyn

Swart weerstand teen die Nasionale Party en apartheid neem verskeie vorme aan en manifesteer op verskillende wyses. Swartbewussynsgroepe, wat sy oorsprong in Afrika het, is in 1972 georganiseer in die Black People’s Convention, waarvan nege lede in 1976 skuldig bevind is aan terrorisme, en tronkstraf opgelê is (Leach, 1987:124). Een van die leiers van die beweging was Steve Biko, wat later in polisie aanhouding dood is. Die dood van Steve Biko op 12 September 1977 word nasionaal en internasionaal ’n versetsimbool. Dit gee nuwe stukrag aan onrus, wat op sy beurt weer staatsoptrede verg. Dit gee aanleiding daartoe dat ’n aantal swart bewussynsorganisasies op 19 Oktober van dieselfde jaar verban word (Jeffery, 2019:52). Na die verbanning van verskeie swart organisasies, (sien verderaan) word die Azanian People’s Organisation (Azapo) gestig, wat later die grootste teenstander van die United Democratic Front sou word (Leach, 1987:124).

Op 20 Augustus 1983 word die United Democratic Front (UDF) gestig. Die geleentheid word bygewoon deur 1000 verteenwoordigers van sowat 575 anti-apartheidsorganisasies om P.W. Botha se hervormings te stuit (Leach, 1987:121). In 1987 word die UDF en 16 ander organisasies verban en word Cosatu verbied om deel te neem aan politieke aktiwiteite (Welsh, 2009:245).

Hieruit sou dit duidelik blyk dat die golf van swart protes onstuitbaar was. Die stelsel ontlok al meer weerstand uit die interne omgewing. In die wit gemeenskap, veral in die Afrikanergemeenskap, het die verwikkelinge tot groeiende kommer gelei. Die NP-regering kon tot op daardie stadium daarin slaag om die woede te onderdruk deur organisasies te verban. Dit is in hierdie kookpot waarin die ANC homself stewig sou vestig en die leidende politieke organisasie sou word om swart politieke strewes verder aan te vuur.

4.3.3 Die ANC as die leidende swart party

> *National liberation movements are 'peoples' movements seeking freedom, independence, and / or autonomy from what are perceived as oppressive and usually 'alien' regimes. They are popular movements supported by whole communities of subjugated people, and depend on the active support of the population, mobilized by a revolutionary party or organisation* (Sluka, 1996:2).

Die ANC, wat in 1912 gestig is in reaksie op die Native Land Act, was ’n breë kerk van gedagtes en idees. Reeds op 26 Junie 1952 begin die ANC in samewerking met die *Natal and Transvaal Indian Congress* ’n veldtog van verset. Apartheidswette was die teiken en fasiliteite wat slegs vir blankes gereserveer was, is betree en aandklokreël maatreëls is geïgnoreer. Dit lei tot die arrestasie van 8500 vrywilligers. 40 persone is gedood in die onluste wat gevolg het. Dit het daartoe gelei dat die ANC die veldtog gestaak het (Welsh, 2009:111).

Die NP-regering se vervreemding van die bruin en die Indiër gemeenskappe deur kortsigtige wetgewende maatreëls het ’n klimaat geskep waarin die ANC sy invloed kon uitbrei na daardie gemeenskappe. In plaas daarvan om na ’n staatkundige oplossing te soek, is al meer onderdrukkende maatreëls gevestig. Dit het die ideale teelaarde vir die ANC gevestig om sy magsbasis te vergroot. Daar moes nuwe stukrag kom in die stryd teen apartheid.

Met Operasie Mayibuye is beplan om die regering binne ’n kort tyd omver te werp deur beide binnelandse opstande en invalle uit die buiteland. Volgens Scholtz (2022b:61-63) het uMkhonto we Sizwe (MK), die ANC se gewapende vleuel, nooit die geleentheid gekry om die planne uit te voer nie. Nelson Mandela en ander leiers van Operasie Mayibuye is in hegtenis geneem. Op 12 Junie 1964 is Mandela en sewe ander tot lewenslange tronkstraf gevonnis.

Die vonnisoplegging van Mandela het ’n versetsimbool teen apartheid geword. Hy was die simboliese figuur teen apartheid en mense in Suid-Afrika en ook internasionaal kon daarmee identifiseer. Mandela het met sy tronkstraf waarskynlik meer simboliese waarde gekry en as gesagsfiguur in die versetbeweging ’n gestalte gekry wat moontlik andersins nie sou gebeur nie. Deur die vonnisoplegging het die NP-regering ’n gesig aan die stryd teen apartheid gegee wat vir dekades daarna nog ’n dramatiese effek sou hê.

In die vroeë 1980’s was die ANC se strategie volgens Welsh (2009:271) gerig op vier aaneensluitende optredes: massa mobilisering, ondergrondse organisasie en strukture, gewapende stryd en propaganda, en internasionale isolasie van die apartheidstaat. Volgens Scholtz (2022b:85) verwys Oliver Tambo hierna as die ANC se vier pilare van revolusie. Jeffery (2019:72) dui dit meer spesifiek aan as Januarie 1984, met die ANC se vier pilare van revolusie wat daarop gerig was om die land onregeerbaar te maak.

Verset teen apartheid was toe hoofsaaklik gerig op protes en onrus. Dit is tot op daardie stadium effektief deur staatsmagte onderdruk. Die demokratiese golf wat oor Afrika gespoel het, het aanleiding gegee tot ’n volgende fase in die politieke strewes van anderskleuriges in Suid-Afrika. Die gewapende stryd teen apartheid en wit onderdrukking was die volgende fase.

4.3.3.1 Umkhonto we Sizwe as die gewapende militêre vleuel van die ANC

In die vestiging van die ANC se militêre vleuel Umkhonto we Sizwe (MK) het beide die ANC en die SAKP die standpunt gehuldig dat die gewapende stryd een faset was van ŉ veelfasettige strategie. In die 1969-*Strategy and Tactics of the South African Revolution* bevestig die ANC dat die revolusionêre stryd slegs kan slaag as politieke mobilisasie die militêre stryd kan ondersteun (Welsh (2009:140).

Umkhonto we Sizwe se taktiek het, volgens Scholtz (2022b:82-83), in Oktober 1978 verander na ŉ besoek van Joe Slovo, Oliver Tambo, Chris Hani, Thabo Mbeki en andere aan Viëtnam. Tydens die besoek, deur die bemiddeling van Moskou, het die guerrillavegter genl. Giap advies gegee. Hieruit het die ANC sy People's War ontwikkel. Die People's War was gebaseer op ŉ drie-jaarplan wat die gewapende stryd ingesluit het. Dit was deel van die politieke strategie in die totstandkoming van ŉ massabeweging in Suid-Afrika, en versterk deur ŉ ondergrondse netwerk. Die plan word deur Scholtz (2022b:83) soos volg saamgevat: "Die politieke stryd is primêr, die wydste moontlike nasionale front moet om ŉ minimumprogram gebou word om alle groepe in die stryd in te bind, maar in die proses moet die (ANC/SAKP) sy onafhanklikheid behou." Dit sou volgens Giliomee (2004:567) "ŉ volksoorlog wees wat onder andere ook die swart woonbuurte onregeerbaar maak."

Umkhonto we Sizwe het op 16 Desember 1961 begin met sabotasie-aanvalle in Durban, Port Elizabeth en Johannesburg. Hoewel die skade volgens polisieverslae beperk was, noop dit die regering om die Sabotasiewet van 1962 in te stel, wat sabotasie as hoogverraad verklaar waarvoor die doodstraf opgelê kon word (Welsh, 2009:127). Volgens Scholtz (2022b:51) is die dag vir die aanvalle gekies weens sy die simboliese waarde. 16 Desember is die datum waarop Afrikaners Geloftedag vier. In pamflette wat in die tydperk versprei is, het MK homself aan die swart bevolking bekendgestel. Daarvolgens was MK die bevryder van swartmense uit die verdrukking van apartheid en kolonialisme. MK se opperbevel het volgens Scholtz (2022b:57) vier opsies oorweeg, naamlik sabotasie, guerrillaoorlog, terrorisme en openlike revolusie. Soos die eerste gevalle van terreur aandui, is sabotasie gekies.

MK het volgens Welsh (2009:271) nie in 1980 basisse in Suid-Afrika gehad nie – aanvalle moes gevolglik van buite die Suid-Afrikaanse grense uitgevoer word. *"The organisation and mobilisation of the masses was the prerequisite for the development not simply of military operations but of a fully-fledged people's war"* (Kasrils, 1993:125).

In Afdeling 4.2 is die gevaar van kommunisme bespreek. In AB- en NP-geledere was die wesenlike gevaar nie ongegrond nie, soos blyk uit die voorafgaande bespreking: Die Sowjetunie en die SAKP was in 1961 instrumenteel om die ANC in 'n gewapende stryd betrokke te kry; die bande tussen die ANC en Moskou het in 1978 gelei tot die People's War, waarvolgens sabotasie en terreur die politieke verset moes versterk. Dit is insiggewend dat, alhoewel die vrese oor Kommunisme gegrond was, was die verset teen apartheid die groter stryd. Die NP kon nooit die morele hoë grond vir sy stryd teen kommunisme betree nie. Die stukrag in die stryd teen apartheid sou in die volgende fase na die wit gebiede verskuif word.

4.3.3.2 Binnelandse terreur

Die besluit dat die tyd vir guerrillaoorlog deur 'n gewapende mag aangebreek het, is reeds volgens Scholtz (2022b:54) by 'n geheime vergadering van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) in Desember 1960 in Johannesburg geneem. Enkele maande later is die besluit deur die ANC gesteun. In Desember is die kragte van die ANC en die SAKP saamgesnoer in Umkhonto we Sizwe (spies van die nasie). Volgens Scholtz (2022b:55) sou dit moontlik verklaar waarom Nelson Mandela (as lid van die SAKP) die leiding in die ANC geneem het in die gewapende opstand.

Teen die middel van die 1980's was MK reeds aktief bedrywig. In die dekade na die Soweto onrus, het MK oor die 500 aanvalle in Suid-Afrika uitgevoer. Die prys was egter hoog vir die omvang van die terreur, wat nie 'n ernstige bedreiging was nie. Waldmeir (1997:46) beraam dat vir elke drie aanvalle 2 MK-soldate gevang of gedood is. Die ANC se gewapende stryd was gerig op terreur teen die regering, veral die wit bevolking van Suid-Afrika. Op 16 Junie 1981 volg 'n vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte en gedurende 1981 en 1982 is daar meer as 60 aanvalle, meestal gerig op polisiestasies, spoorweë, infrastruktuur en elektrisiteitsinstallasies (Welsh, 2009:271).

In 1985 neem die ANC 'n besluit om die gewapende stryd aan te pas om ook die wit gebiede in Suid-Afrika te teiken: In 'n uitsending oor die ANC se Radio Freedom[27] sê Oliver Tambo:

> *We cannot and should not allow a situation of relative peace and tranquillity to obtain in the white areas of our country while the black townships are in flames. We must take the struggle into the white areas of South Africa and there attack the apartheid regime*

[27] Radio Freedom het reeds vanaf Junie 1963 daagliks vir 15 minute vanaf Lilliesleaf in Rivonia uitgesaai. (Klaas, 2019).

> *and its forces of repression in these areas which it considers its rear* (soos aangehaal deur Welsh, 2009:274).

Terreuraanvalle deur 'n ploftoestel in Amanzimtoti volg in Desember 1985 en in Durban ses maande later, en agt mense word gedood. 'n Motorbom op 20 Mei 1983 in Kerkstraat het 19 mense gedood, waaronder 2 ANC-lede, en meer as 200 mense is beseer (Leach, 1987:294). Die Kerkstraat-bom het volgens Esterhuyse (2012:143) die standpunt van die ANC dat sagte teikens (burgerlikes) nie geteiken sou word nie, weerspreek, aangesien 'n groot aantal burgerlikes wel in die aanval dood is. Die gevoel van weerloosheid verhoog verder volgens Welsh (2009:224), toe MK in 1985 en 1986 landelike gebiede teiken. Deur landmyne te plant word doelbewuste aanvalle op plase en boere gedoen. Landmyne onderskei nie wat slagoffers betref nie.

Om die terreur te bekamp is verskeie wetgewingsmaatreëls aanvaar, waaronder:

- Die *Supression of Communism Act (*1950)
- Die *Criminal Law Amendment Act* (1953)
- Die *Unlawful Organisations Act* (1960) – waarvolgens die SAKP, ANC en PAC verban is.
- Die *General Law Amendment Act* (1964), wat aanhouding sonder verhoor vir 90 dae moontlik gemaak het.
- Die *Criminal Procedure Amendment Act* (1965) het aanhouding sonder verhoor na 180 verleng.
- Die *Terrorism Act* (1967) waarvolgens enigeen wat van terreur verdink word, onbepaald aangehou kon word.
- Die Internal Security Act (1982) wat aanhouding sonder verhoor moontlik gemaak het (Leach, 1987:183).

Oor die werklike bedreiging van Umkhonto we Sizwe, die ANC se militêre vleuel, maak Barnard (2017:198) die opmerking dat MK die mees oorskatte militêre mag was, voor en na die onderhandelingsproses. Dat die effektiwiteit van MK ook in die ANC-/SAKP-geledere bevraagteken is, word deur Hani[28] in 1991 in *Umsebenzi*[29] soos volg gestel: *"the military achievements of MK cannot remotely be compared to those of the liberation armies in Cuba,*

[28] Sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party.

[29] Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party.

Vietnam and Zimbabwe. We never liberated and administered territory ..." (soos aangehaal deur Barnard, 2017:198).

Slabbert (2006:42) verwys na militêre dokumente wat aandui dat MK slegs by 4% van SA militêre optredes in die 1980's betrokke was. Genl. George Meiring (soos aangehaal deur Slabbert, 2006:42) het hieroor gesê dat die Suid-Afrikaanse weermag nooit 'n ernstige militêre skermutseling met MK gehad het nie.

In die onderstaande tabel kan gesien word hoe terreur verskuif het vanaf harde teikens (staatsinstellings en personeel) na sagte teikens (burgerlikes).

Tabel 4-1: Terreur en die verskuiwing na sagte teikens

PERIODE	PERSENTASIE VAN HARDE TEIKENS	PERSENTASIE VAN SAGTE TEIKENS
1983	80	20
1984	63	37
1985	33	63
1986	17	83
1987	-	-
1988	31	69
1989	17	83

(Scholtz, 2022b:177 gebaseer op die SAW Generaals se voorlegging aan die WVK)

In die onderstaande tabel is die aantal insidente wat volgens polisiestatistieke aangeteken is vir die tydperk 1976-1990.

Tabel 4-2: Statistiese analise deur die SAP vir 1976-1990

TEIKEN	GETAL INSIDENTE
Polisie	485
Militêr	63
Juridies	36
Staat	242
Ekonomies	339
Burgerlik	369

(Scholtz, 2022b:177)

Die onderstaande tabel gee beide die politieke insidente waarin mense dood is, sowel as die aantal halssnoermoorde vanaf 1984-1989.

Tabel 4-3: Analise van dodelike gevalle weens ANC se optrede

PERIODE	TOTALE POLITIEKE DODELIKE GEVALLE	HALSNOERMOORD STERFTES
1984	175	3
1985	922	67
1986	1 352	306
1987	706	19
1988	1 149	10
1989	1 403	21
Totaal	**5 707**	**± 426[30]**

(Scholtz, 2022b:179 Gebaseer op 'n WVK verslag II)

[30] Die oorspronklike teks van Scholtz verwys na ± 700 halsnoermoorde. Dit klop egter nie met die getal halsnoermoordsterftes in die tabel nie.

Sabotasie en terreur het ’n hele nuwe dimensie by die gewapende stryd gevoeg. Of MK suksesvol was of nie, het terreur en aksies van sabotasie op die wit bevolking ’n bepaalde impak gehad. Swart geweld en proteste was tot swart gebiede beperk en dit het op sigself nie ’n wesenlike effek op die wit gemeenskap gehad nie. Bomme in Wimpy-restaurante, klubs en ander burgerlike teikens het daarenteen ’n wesenlike invloed op die wit moraal gehad. In verskeie besprekingsdokumente en standpuntinnames by Bondsrade is kennis geneem van die verhoogde stryd wat na wit gebiede uitgebrei is. Die druk het begin toeneem vir politieke veranderinge, maar dit moet ook beskou word in die konteks van politieke woelinge in die wit politiek, en die versekering vanuit NP-geledere dat die “totale aanslag” effektief deur sekerheidsmagte teengestaan kan word.

Verstedeliking na hoofsaaklik wit gebiede en die verhoogde swart politieke strewes wat nie binne die bestaande politieke stelsel bevredig is nie, het gelei tot ’n volgende vlak in die verset teen apartheid, naamlik intimidasie en onregeerbare gebiede, wat groter onstabiliteit van die stelsel veroorsaak het.

4.3.4 Swart intimidasie en onregeerbaarheid

Die sogenaamde halssnoermoorde het ’n hoogs suksesvolle en brutale wyse van intimidasie geraak. ’n Motorband word gevul met petrol en om ’n persoon se skouers getrek en aan die brand gesteek. As die rubber brand is dit nog moeiliker om die brand te blus en sterf die persoon op die brutaalste wyse. Dit is gewoonlik toegepas op persone wat geassosieer is met die staat, of wat met die staat saamgewerk het. Winnie Mandela, vrou van Nelson Mandela, sê op 13 April 1986 in Kagiso: *“Together hand-in-hand with our sticks and our matches, with our necklaces, we shall liberate the country”* (Leach, 1987:194).

Volgens Welsh (2009:288) is 406 mense tussen September 1948 en Desember 1989 op die halssnoermetode vermoor. Die metode is volgens Jeffery (2019:78) nooit deur die ANC of die UDF veroordeel nie en ANC-lede het dit soms verwelkom. Alfred Nzo (soos aangehaal deur Jeffery, 2019:79) sê in ’n onderhoud met die Sunday Times: *“Whatever the people decide to use to eliminate these enemy elements is their decision. If they decide to use necklacing, we support it.”*

Hani (soos aangehaal deur Scholtz, 2022b:173) sê in 1986 in ’n onderhoud: *“It is not a weapon of the ANC. It is a weapon of the masses themselves to cleanse the townships from the very disruptive and even lethal activities of the puppets and collaborators.”*

As wyse van intimidasie was die halssnoermoorde besonder effektief. Mense wat geassosieer is met die stelsel of met die stelsel saamgewerk het, is op die wyse vermoor. Nie net is verset op die wyse ooglopend vertoon nie, maar dit het die stelsel ondermyn. Enige stelsel maak staat op mense om dit in stand te hou. Deur mense geassosieer met die stelsel in swart gebiede so te verwyder was uiters effektief. Die uiters sigbare en wrede optrede het diegene wat tot nog toe in die stelsel gefunksioneer het, geïntimideer. Sonder mense in die stelsel in swart gebiede het dienste tot stilstand gekom.

Teen Maart 1986 het swart militante groeperinge begin om selfregering in die onregeerbare gebiede toe te pas. Diegene wat met die owerhede saamgewerk het, is of uitgewerk of geïntimideer. Dit was grootliks gebaseer op die “M-Plan”, soos dertig jaar tevore deur Nelson Mandela opgestel. Die plan het die vestiging van straatkomitees ingesluit as ’n alternatief tot die regering. Swart jeugdiges het deur die straatkomitees begin om die verwydering van vullis en ander dienste te organiseer en te lewer (Leach, 1987:207). Hierdie was ’n hoogs effektiewe wyse om die stelsel van binne af te ondermyn.

Binnelandse oproer het vanaf 1984 tot 1986 toegeneem en ’n groot aantal swart woongebiede in Suid-Afrika is onregeerbaar gemaak. Volgens Waldmeir (1997:46) het die ANC ’n gesig aan die oproer gegee toe die oproep tot onregeerbaarheid vanuit Lusaka in Januarie 1985 gemaak is. Daar moet egter ook aangedui word dat die ANC nie self die onrus begin het of beheer het nie. Honderde plaaslike organisasies – sosiale, maatskaplike, godsdienstige, kulturele, professionele en burgerlike groepe het spontaan na vore gekom en geprotesteer. Welsh (2009:415) is van mening dat beide die ANC en die UDF die strategie van onregeerbaarheid as legitiem beskou het, maar dat selfs hulle nie die strategie na 1990 en nuwe binnelandse omstandighede kon omkeer nie. Dit is verder vererger deur MK-soldate wat na 1990 vanuit die kampe in Afrika na Suid-Afrika teruggekeer het.

In ’n onderhoud met die navorser het Mostert (2022) die mening gehuldig dat Suid-Afrika in die middel 1980’s op ’n kruitvat was en het die veiligheidsmagte het ’n deksel op ’n pruttende pot gehou. Alhoewel sanksies, internasionale isolasie en weerstand ’n groot eksterne bedreiging was, was die land se interne onstabiliteit op alle terreine aanwesig en ’n wesenlike faktor om mee rekening te hou. Die voortstuwende massa-aksie in swart woongebiede en werkplekke was ’n groot faktor van onsekerheid en niemand het geweet waar dit sou eindig nie.

As metode om die stelsel te ondermyn was onregeerbaarheid van swart gebiede besonder effektief. Die effense houvas wat die NP-regering deur swart plaaslike strukture gehad het, is

hierdeur uit die weg geruim. Straatkomitees het die swart gebiede regeer. ’n Alternatiewe stelsel is afsonderlik tot die bestaande stelsel gevorm en kon op die wyse wat uitset betref, gehoor gee aan die eise wat aan die alternatiewe stelsel gestel is. Dit kon nietemin bloot tydelik van aard wees. Elke interne omgewing het toegetree tot die stryd teen apartheid. Onderwys is ’n substelsel in die sosio-maatskaplike interne omgewing. Swart onderwys het ’n besondere rol gespeel in die stryd teen apartheid.

4.3.5 Swart onderwys raak ’n gevegsterrein

Onderwys het ’n vrugbare teelaarde vir protes geskep vanweë die ooglopend minderwaardige posisie van onderwys in die toepassing van die beleid van apartheid. Leach (1987:139) haal 1983-statistiek van die Instituut van Rasseverhoudinge aan, wat aandui dat die *per capita* besteding aan onderwys, insluitend kapitale uitgawes, soos volg was: wit (R1,395), Indiër (R871), bruin (R593) en swart (R192).

Welsh (2009:155) verwys ook na ongelykheid in onderwys in 1975: die onderwyser tot leerling verhouding was 1:20 in wit skole, teenoor 1:54 in swart skole. Wat onderwysbesteding aanbetref was die verskil ook onbillik. Net meer as 10% van swart onderwysers het ’n professionele onderwyskwalifikasie met ’n universiteitsgraad of matriek gehad.

Die omstandighede het die klimaat geskep vir protes. In 1985 begin die stryd uitbrei na swart skole. Skoolboikotte het chaos vir onderrig veroorsaak. Eksamens kon nie afgelê word nie en leerlinge het die strate ingevaar en geprotesteer. Die leerlinge se strydkreet was *“Liberation before education”* (Leach, 1987:202). Swart onderwys en skole sou voortaan “sites of struggle” word (Welsh, 2009:162).

In ’n onderhoud wat die navorser met dr. Stoffel van der Merwe[31] gehad het, is die besondere problematiek van swart onderwys aangeraak. Veral op kabinetsvlak was die argumente wanneer fondse aangevra is tweeledig:

- As die swartmense ophou om skole af te brand sal daar meer geld beskikbaar wees, en
- As geld vir swart onderwys gegee word, moet dit by wit onderwys weggeneem word (Van der Merwe, 2021:3).

[31] Dr. Stoffel van der Merwe dien sedert 1986 in verskeie portefeuljes in die Kabinet – later as minister, spesifiek as Minister van Onderwys en Opleiding (1989-1991) was hy verantwoordelik vir swart onderwys.

Alhoewel die Nasionale Party volgens Van der Merwe (2021:4) swart onderwys sedert 1948 ontwikkel het uit ŉ aanvanklike stelsel van sendingskole, is onderwys afsonderlik, ongelyk en onbillik behandel. In ŉ gesprek tussen die UR van die Afrikaner-Broederbond en P.W. Botha in 1985 is die kwessie van die belang van swart onderwys en opleiding benadruk (Notas van gesprek as bylaag Afrikaner-Broederbond, 1985g:2). Dit blyk uit die gesprek dat indringende sake, onder andere die verstedelikingstrategie en swart plaaslike besture, op die agenda was. Die gesprek sou hoogs reaktief wees op die swart protes, aangesien die 1976-onluste reeds byna 10 jaar voor die gesprek plaasgevind het. Die feit dat dit nietemin met die NP-leier bespreek is en dat kommer op die manier oorgedra is, dui op die klem wat die AB daarop geplaas het dat oplossings gevind moes word. Dit sou egter nie spoedig gebeur nie want die momentum van hervormings het in die NP op daardie stadium nie na wense gevorder nie.

Swart onderwys is bygesleep in die geveg en die stryd teen apartheid, en dit sou vir dekades daarna nog ernstige gevolge inhou. Hieroor sê prof. De Lange in sy Bondsrede in 1993: “Die proses het ook 'n groot strategiese fout ingesluit en dit is naamlik om die jeug intiem te betrek by die geweldskant van die "Struggle" met die haas onafwendbare vernietiging van volwasse gesag – 'n randstandige jeug wat miljoene tel en grootliks buite beheer van die volwasse geslag staan. Baie is nou reeds jong volwassenes wat opleiding in hulle jeug misgeloop het en dreig om 'n las op die totale samelewing te word” (De Lange, 1993:3).

ŉ Volgende subomgewing in enige stelsel is die ekonomie, meer bepaald die werksmag. Ook die swart werksmag, wat in die wit verstedelikte gebiede ŉ faktor geword het, sou in die stryd teen apartheid ingespan word.

4.3.6 Die swart werksmag word ŉ politieke krag

Dit moet vermeld word dat daar in 1969 geen vakbonde vir swart werkers was nie. In 1977 het die regering ŉ kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die onstabiele werksmag en trekarbeiders. Prof. Nic Wiehahn het die wettiging van swart vakbonde aanbeveel en in 1979 het President P.W. Botha die aanbeveling aanvaar (Waldmeir, 1997:27). Teen 1983 was daar reeds ŉ groot aantal vakunies met lidmaatskap wat op 1 545 824 werkers beraam is (Leach, 1987:155-159). Dit kon toe as politieke instrument teen verset ingespan word. Wegblyaksies het in felheid begin toeneem. Toe wegblyaksies op 1 Mei en 16 Junie 1986 georganiseer is, het nagenoeg 1,5 miljoen mense, volgens Jeffery (2019:84), van die werk weggebly.

Die politieke krag van swart vakbonde het nuwe inspirasie gekry en in Desember 1985 kom 30 oorwegend swart vakbonde in Durban byeen om die *Congress of South African Trade Unions* (Cosatu) te vorm. Hierdie vakbond sou later ’n gedugte alliansievennoot van die ANC word. Drastiese eise word uit hulle geledere gestel. Daar is aangedring op ’n tydtafel vir die aftakeling van apartheid en die verbranding van pasboeke binne ses maande indien dit nie geskrap sou word nie (Leach, 1987:159). Volgens Welsh (2009:323) het vakbonde hulle kragte saamgesnoer op die effektiefste wyse beskikbaar, naamlik stakings. Vanaf 1980 het stakings dramaties toegeneem van 207 tot 1148 stakings in 1987 (Welsh, 2009:323).

Die vakbonde wat as rolspelers of deelnemers in die stelsel ook bepaalde eise en verwagtinge aan die stelsel gestel het, was wat inset betref aan die ekonomiese kant ’n besonder effektiewe instrument in die stryd teen apartheid. Wit nywerhede het oorwegend swart werkers in diens gehad. Deur georganiseerd aan stakings deel te neem of weg te bly van werk, is wit nywerhede lamgelê of tydelik buite aksie gestel. Dit het bepaalde implikasies vir die ekonomie gehad. Hiervan het beide die NP en die AB deeglik kennis geneem. Enige politieke oplossing wat gevind moes word, moes ook deeglik rekening hou met die krag van swart vakbonde.

’n Verdere substelsel in die omgewing sou die kerke wees. Aangesien die geloofsbasis vir die Afrikaner van groot belang, en die toepassing van apartheid Bybels gefundeerd was, is kritiek en weerstand uit die kerklike gemeenskap ernstig opgeneem. Volgens Afrikaners moes politiek en kerk geskei wees, maar skeuring in die wit gemeenskap is ook in die kerke gevoel. Dit was ’n terrein wat Afrikaners na aan die hart gelê het, daarom was die rol wat kerke en kerkleiers in die stryd teen apartheid sou speel van groot belang.

4.3.7 Die kerke in die stryd teen apartheid

In Desember 1960 begin spanning tussen kerk en staat ontstaan toe afgevaardigdes van die NG Kerke van Transvaal en die Kaapprovinsie deelneem aan ’n Wêreldraad van Kerke-byeenkoms in Cottesloe. Dit vind plaas op die kampus van die Universiteit van die Witwatersand. Sommige resolusies wat aanvaar is, werp ’n ernstige refleksie vanuit die kerk op die staat en die toepassing van apartheid. Wetgewing wat apartheid moes toepas en reguleer, sowel as die uitsluiting van swartmense uit demokratiese prosesse is bevraagteken. Die Cottesloe-beraad en standpunte daaroor het in Afrikanergeledere sterk reaksies ontlok. Tot op daardie stadium was apartheid stewig geanker op Bybelse gronde, en gesprekke oor teologiese, sosiale en politieke vraagstukke het ernstige rimpelinge by Afrikaners ontlok. In die Afrikaner-Broederbond het dit tot wesenlike gevolge gelei. Dr. Beyers Naude, seun van ’n stigterslid van die Afrikaner-Broederbond, kon nie die Cottesloe-standpunte verwerp nie. Welsh (2009:186-187) en Stals (2021:474-478) beskryf die pad van dr. Beyers Naude in die

opsegging van sy lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond, en sy gevolglike verwerping vanuit die hoofsaaklik wit Afrikanergemeenskap.

Dit sou die begin van intense gesprekke in kerke word, spesifiek in die kerke waartoe Afrikaners lidmaatskap gehad het. Dr. Beyers Naude as 'n Afrikaner se kritiek teen apartheid sou simbolies word van wit verset teen apartheid. Veral was Naude, wat enersyds so intiem deel van die stelsel was, asook andersyds deel van die Afrikanergemeenskap, se kritiek op die ideologie van apartheid op daardie stadium onbegryplik.

Oorwegend swart kerke en swart kerkleiers was om verstaanbare redes deel van die verset teen apartheid. Een van die voorlopers in die stryd teen apartheid was Aartsbiskop Desmond Tutu. Hy word in 1978 die leier van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en sy stem word gereeld gehoor in kritiek teen apartheid en die regering. Hy verwerf internasionale aansien nadat hy die Nobel Vredesprys in Mei 1984 ontvang het (Leach, 1987:152). Hy word in 1985 'n voorstaander van sanksies, ongeag die gevolge vir Suid-Afrika.

Aan die einde van 1985 het 151 kerklikes van 16 hoofstroom- en splinterkerke die Kairos-dokument opgestel waarin Christene opgeroep word in die stryd om bevryding en om burgerlike ongehoorsaamheidsveldtogte en verbruikersboikotte te ondersteun. Veral vanuit regeringsgeledere is die standpunt as 'n direkte ondersteuning vir die gewapende stryd beskou (Leach, 1987:152-153).

Dit sou byna drie dekades later wees dat gevestigde kerke in die Afrikanersamelewing die ideologie van apartheid bevraagteken. In die NG kerk se 1986-beleidstuk,"Kerk en samelewing," het prof. Johan Heyns[32] apartheid bevraagteken. Daarmee het hy: "binne die mure gehelp om die NG Kerk treetjie vir treetjie tot nuwe insigte te bring. Hy het 'n groot bydrae gelewer met dié, en buig of bars daarby gestaan – ook toe dit tot skeuring gelei het en nagenoeg 30 000 lidmate die NG Kerk verlaat het om die Afrikaanse Protestantse Kerk te stig" (Gaum, 2018:2).

Bostaande handel bloot oorsigtelik met die rol van kerke en kerkleiers. Kerke se rol in die stryd teen apartheid was vir Afrikaners 'n bitter pil om te sluk. Dat die Afrikaanse susterskerke

[32] Prof. Johan Heyns was lid van die Afrikaner-Broederbond en is in November 1993 verkies tot ondervoorsitter van die Uitvoerende Raad. Hy is op 5 November 1994 in 'n sluipmoord by sy huis doodgeskiet.

aanvanklik apartheid op Bybelse gronde gesteun het en dit op die wyse kon regverdig was die kern van die worsteling.

> Al drie die Afrikaanse kerke, sowel as die AGS, het op grond van argumente dat verskillende rassegroepe se regte en vryhede beter binne hulle eie etniese verband as binne 'n geïntegreerde samelewing uitgeleef kon word, amptelik hulle steun aan die beleid van rasseskeiding toegesê. Sommige teoloë het ook Bybelse regverdiging vir afsonderlike ontwikkeling uit veral die Ou Testamentiese ervaring en samelewingsordening van die Israelitiese verbondsvolk afgelei (Stals, 2021:470).

Daarom kon daar op grond van morele Skriftuurlike gesag ondersteuning gegee word aan apartheid en die toepassing daarvan. Dat die Afrikaanse kerke die mat onder die voete van Afrikaners uitgeruk het, sou ook op die kerke ’n uitwerking hê.

Die AB het hom rakende die roepingsbewustheid van Afrikaners op 'n soortgelyke grondslag as die Afrikaanse kerke gestel. In die dokument *"Die grondslag en oogmerke van ons strewe"*, wat in 1953 opgestel is, soos aangehaal deur Stals (2021:470), is verklaar dat die Afrikaanse volk deur God aan die suidpunt van Afrika in die lewe geroep was: "met 'n eie bestemming tot eer van sy Naam." Vir die AB, wat op sy grondslag in die Christelike geloof geanker is, moes die bevraagtekening van apartheid vanuit die kerke ook bepaalde wroeging meegebring het. Veral was die wit teenkanting en groeiende wit verset ’n dilemma want die stryd teen apartheid was nie meer net vanuit die swart gemeenskappe nie.

4.3.8 Wit Afrikaanse protesbewegings

In die middel na laat 1980’s het dit duidelik geblyk dat veral jong Afrikaners hulself in protes teen apartheid en die nasionale regering se toepassing van die beleid begin uitdruk het.

Die protes het verskillende variasies gehad, met die Voëlvry-toer van bekende Afrikaanse proteskunstenaars soos Johannes Kerkorrel, Koos Kombuis en Anton Goosen wat op Afrikaanse kampusse gewild was, wie se musiek en veral lirieke hoogs kontroversieel vir die tyd was. Hopkins (2007:1) skryf: “hulle lirieke het teen sosiaal-politieke toestande en die heersende middel- en heersersklaswaardes gerebelleer.”

Dit het uiting gevind in alternatiewe publikasies soos *Vrye Weekblad* van Max du Preez. Hopkins (2007:2) meld dat, alhoewel die Voëlvry-beweging en die *Vrye Weekblad*-publikasie onafhanklik was, daar wel gemeenskaplike doelwitte teen apartheid was. Dit het onder andere

ook uiting gevind in pasifistiese optrede en betrokkenheid by die *End Conscription Campaign* teen verpligte militêre diensplig.

Die Afrikaner establishment moes toenemend handel met teenkanting uit eie geledere. Die aanvanklike protes het slegs uit swart geledere gekom. Daar is gepoog om die uitkringende effek van die protes deur geweld, terreur en sabotasie, deur strenger wetgewing aan te pak. Uit die bostaande kon oorsigtelik gewys word op die swart strewes en verskillende groepe wat op bepaalde wyses protes aangeteken het. Daar word nou na ander faktore, wat op internasionale gebied 'n rol gespeel het, beweeg. Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel moes toenemend ook sy grense verdedig.

4.4 Buurlande en die Verdediging van grense in SWA

In die frontliniestate (Zambië, Botswana, Tanzanië, Angola en Mosambiek) het die invloed van Afrika 'n deeglike vastrapplek gekry. Na die val van die voormalige Portugese kolonies was die klem aanvanklik op Suidwes-Afrika en Rhodesië, maar 'n verenigde blok is mettertyd teen Suid-Afrika gevorm. Hieruit het in April 1980 die *Southern African Development Coordination Conference* (SADCC) gespruit, waarby ook Malawi, Lesotho, Swaziland en die pas onafhanklike Zimbabwe (voormalige Rhodesië) wat in 1980 onafhanklikheid verkry het, aangesluit het (Leach, 1987:222). Heelwat ANC militêre basisse is in daardie lande gevestig. Lesotho het alleen sowat 11 000 ANC-lede gehuisves (Leach, 1987:224).

Aan die einde van 1985 spreek President P.W. Botha die parlement toe en stel die volgende vyf voorwaardes waaronder Suid-Afrika in vrede met die frontliniestate sou lewe: 'n Verbod op oorgrens geweld; die verwydering van magte wat vyandig teenoor lande in die streek sou wees; die vreedsame beslegting van geskille; streeksamewerking, en aanvaarding van die verskillende sosio-ekonomiese en politieke stelsels (Leach, 1987:237).

Alhoewel die NP-regering gepoog het om vriendskaplike verhoudings met buurlande te vestig, was die gety aan die draai in Afrika. Al meer voormalige kolonies het onafhanklik geraak en koloniale moondhede het nie langer belangstelling gehad in die beskerming van hulle belange nie. Ook Suid-Afrika moes sy rol in die voormalige Suidwes-Afrika herevalueer.

4.4.1 Suidwes-Afrika

Suidwes-Afrika was 'n kolonie van Duitsland, maar is na die Eerste Wêreldoorlog in 1920 onder Suid-Afrikaanse administrasie geplaas. Dit is egter in 1966 herroep deur die Verenigde Nasies. Suid-Afrika het op daardie stadium verseg om afstand van die gebied te doen,

aangesien daar vrese was vir ’n Marxistiese staat op sy grense. SWAPO het sy ontstaan aan twee faktore te danke gehad: die golf van nasionalisme wat oor Afrika gespoel het en die Odendaal-plan van 1964 waarin apartheidstipe tuislande in Suidwes-Afrika gevestig sou word (Leach, 1987:247).

Suid-Afrika was genoop om sy belange in Suidwes-Afrika militêr te verdedig. ’n Hewige grensoorlog in die noorde van Suidwes-Afrika het teen SWAPO gewoed. SWAPO, wat geveg het vir die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika en Suid-Afrika, het basisse in Angola gehad. Die grensoorlog wat in 1966 begin het, het nagenoeg 500 Suid-Afrikaanse lewens geëis teenoor 9000 van die SWAPO-magte (Giliomee, 2004:522-524; Leach, 1987:243).

Die koste verbonde aan die grense se beskerming en verwante uitgawes was hoog. Volgens Giliomee (2004:551) het die militêre begroting in 1985/6 en 1988/89 met 25% gestyg en 17,7% van die totale begroting uitgemaak.

In 1989 het Suid-Afrika in ’n ooreenkoms onafhanklikheid aan Suidwes-Afrika gebied. Die ooreenkoms is gefasiliteer deur die VSA en die Sowjetunie. As deel van die ooreenkoms kon Suid-Afrika die ontrekking van Kubaanse troepe uit Angola beding. Die Kubaanse betrokkenheid was die rasionaal vir die grensoorlog. Die ontrekking is grootliks gebaseer op die Sowjetunie se opskorting van betrokkenheid by streekskonflikte, wat Pretoria se besorgdheid oor kommunisme in die streek, sowel as ’n kommunistiese oorname besweer het (Waldmeir, 1997:135).

Later in die hoofstuk word die Sowjetunie se opskorting van betrokkenheid by streekskonflikte weer bespreek aangesien die afnemende kommunistiese invloed ook ter sprake gekom het in die venster van geleentheid wat onstaan het vir staatkundige hervormings in Suid-Afrika.

Alhoewel Suid-Afrika ’n stewige militêre betrokkenheid in Suidwes-Afrika gehad het, kon die militêre mag slegs gebou word op grond van die sterkte van manskappe. Daarom kon Suid-Afrika nie slegs staatmaak op staandemag personeel nie en Suid-Afrika se weermag moes hom ook wend tot diensplichtiges.

4.4.2 Diensplig

Verpligte militêre diensplig van 9 maande is in 1967 vir wit mans vanaf 18-jarige ouderdom ingestel. Dit is in 1977 verleng tot twee jaar. Dit het vir die regering noodsaaklik geraak om soldate op te lei vir die grensoorlog wat in die noorde van Suidwes-Afrika en Angola gevoer

is. Welsh (2009:205) se beraming is dat sowat 600 000 jong mans in die tydperk tot die vroeë 1990's opgelei is.

Die grensoorlog en verpligte diensplig was nie oral gewild nie; die *End Conscription Campaign* is daaruit gebore. Diensplig en die militêre konflik het teen 'n prys gekom en lewensverlies was die gevolg. Die grensoorlog het volgens Leach (1987:243) nagenoeg 500 Suid-Afrikaanse lewens geëis.

Alhoewel die stryd op die Suidwes-Afrikaanse grens aan enersyds die wit, en spesifiek die Afrikanergemeenskap, 'n gevoel van eenheid in die aanslag teen kommunisme gevestig het, was die oorlog en die lewensverlies van jong manne ook 'n rede tot kommer. Volgens (Theron, 2021:2) was een van die gesprekke wat die Uitvoerende Raad van die AB met mnr. P.W. Botha gehad het, juis om oor diensplig en die effek daarvan op die wit gemeenskap te praat.

Daar is oorsigtelik gehandel met die stryd op die Suidwes-Afrikaanse grense asook die konflik met Suid-Afrika se buurlande. Die verset teen apartheid het al groter internasionale dimensies begin aanneem. Internasionale rolspelers in die internasionale omgewing het insette en eise tot die stelsel begin maak. Die eise sou Suid-Afrika al meer as internasionale rolspeler begin isoleer met verlammende ekonomiese gevolge vir die land.

4.5 Suid-Afrika in internasionale konteks

Suid-Afrika het volgens mnr. F.W. de Klerk sewe internasionale krisisse in die gesig gestaar:

> die krisis van moraliteit, want ons politieke standpunte is as immoreel verwerp; die krisis van legitimiteit, want ons regering is al hoe meer beskou as 'n onwettige bewind van 'n minderheid oor 'n meerderheid; die krisis van geloofwaardigheid, want ons politieke integriteit is bevraagteken; die krisis van sekuriteit; die krisis van verwerping, isolasie en sanksies; die krisis van bemoeiing met ons sake; en die krisis van krimpende opsies (De Klerk, 1991:56).

Na besoeke aan verskeie Afrikalande besoek Harold MacMillan, Britse Premier, Suid-Afrika en spreek op 2 Februarie 1960 'n gesamentlike sitting van die parlement toe, waar hy sy bekende "winde van verandering" toespraak lewer. Hy bevestig in die toespraak dat die gety van Afrika-nasionalisme oor die kontinent waai en dat dit nie deur Suid-Afrika gekeer kan word nie (Leach, 1987:102). Dit het wit Suid-Afrikaners, veral Afrikaners, uiteraard omgekrap en is as ongevraagde Britse inmenging beskou. Dit het Verwoerd se hand verstewig om in Oktober

van daardie jaar ’n referendum uit te roep wat ’n Ja-stem ten gunste van ’n republiek tot gevolg gehad het (Giliomee, 2004:474).

Volgens De Klerk (2015:5) het die VN se Algemene Vergadering in November 1966 verklaar dat apartheid ’n misdaad teen die mensdom is, en in 1973 is die *Convention on the Suppression and Punishment of the Crime of Apartheid* aanvaar. Die voorstel is volgens Giliomee (2004:612) deur die Sowjetunie en Guinee ingedien. Beide die resolusie en die Verdrag was politieke inisiatiewe van die Sowjetunie. Suid-Afrika was sedert die Eerste Wêreldoorlog en die totstandkoming van die Verenigde Nasies ’n strategiese bondgenoot van die Weste. Die bondgenootskap was voordelig, beide uit ’n ekonomiese hoek, weens Suid-Afrika se minerale rykdom, en veral ook weens sy geopolitiese ligging as bewaker van die Kaapse seeroetes.

Daaropvolgend stem die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) in Junie 1971 teen enige dialoog met Pretoria en stem implisiet vir die gewapende stryd in Suid-Afrika (Leach, 1987:229).

Vervolgens word die internasionale invloed oorsigtelik beskou, wat verskeie vorme aangeneem het deur sanksies, isolasie en openlike ondersteuning aan die ANC. Suid-Afrika is beskou as ’n muishondland en het homself toenemend in ongewenste internasionale geselskap begin bevind. Die internasionale gemeenskap as omgewing in die politieke stelsel is ’n besonder belangrike en invloedryke stelsel en word vervolgens hanteer.

4.5.1 Ekonomiese sanksies

Enkele maande na die 1976 Soweto-opstande begin hernude internasionale optrede teen Suid-Afrika. In 1979 begin OPEC met ’n olieboikot teen Suid-Afrika, maar Suid-Afrika kon daarin slaag om die verbod te oorkom. Dit is gedoen deur in die geheim olie te bekom en die land se eie olie uit steenkool te ontwikkel (Leach, 1987:281).

Op 4 November 1977 het die VN se veiligheidsraad ’n embargo op die verkope van wapens aan Suid-Afrika aanvaar (Waldmeir, 1997:23). Nieteenstaande die wapenverbod, het Suid-Afrika weliswaar suksesvol daarin geslaag om die verbod te omseil deur die ontwikkeling van sy eie wapenbedryf deur KRYGKOR. Ten spyte van die verbod kon Suid-Afrika ook sy eie kernprogram en wapens ontwikkel (Leach, 1987:281).

Teen 1979 begin Suid-Afrika dit al moeiliker vind om internasionale lenings te bekom. Die land moes ook begin om hoër rentekoerse op korttermynlenings te betaal (Waldmeir, 1997:23).

Die goewerneur van die Suid-Afrikaanse reserwebank is genoop om in Augustus 1985 'n internasionale reddingspoging te loods ten einde hulppakkette te beding vir die land se $24 miljard skuld oor die kort termyn. Hy het die Bank van Engeland, Die Federale Reserwebank en Citibank in die VSA genader. Geen land wou egter die lenings herskeduleer of hernu nie (Leach, 1987:192). Weens die drastiese verswakking van die Rand teen internasionale geldeenhede, het die regering 'n weeklange sluiting van geldmarkte en die effektebeurs aangekondig (Leach, 1987:191). Op die vooraand van die heropening van die effektebeurs en geldmarkte het Barend du Plessis, Minister van Finansies, in 1986 'n eensydige opskorting van die terugbetaling van buitelandse lenings vir vier maande aangekondig (Du Plessis, 2022).

Twee weke voor die sogenaamde Rubicon-toespraak van Eerste Minister P.W. Botha gehou sou word, het Chase Manhattan Bank die besluit geneem om nie verdere lenings aan gebruikers te hernu nie. Dit het 'n internasionale krisis van vertroue in Suid-Afrika se finansies veroorsaak. Die bank het die stap geneem aangesien die politieke onrus in Suid-Afrika, asook die ekonomiese onstabiliteit, al groter risiko's vir die bank se beleggers begin inhou het (Waldmeir, 1997:56; Welsh, 2009:254).

Op 5 Augustus 1986 word Statebondsanksies ingestel. By die Statebond se mini-spitsberaad word 'n breedvoerige lys van vrywillige ekonomiese en ander sanksies aanvaar, waaronder beperkings op visums, toerisme en lugverbindings sowel as 'n verbod op nuwe beleggings en lenings. 'n Invoerverbod is op Suid-Afrikaanse landbouprodukte, steenkool, uraan, yster en staal geplaas (Heunis, 2007:59).

Sanksies het geblyk 'n effektiewe wapen te wees in die internasionale verset teen apartheid. Bankrotskap het die Suid-Afrikaanse regering in die gesig gestaar. Die koste verbonde aan die alternatiewe nywerhede in Suid-Afrika het enorme finansiële implikasies vir die land ingehou, soos later aangetoon word. Op die kort termyn kon Suid-Afrika oorleef maar oor die langer termyn was ekonomiese sanksies rampspoedig. Die ANC het op die internasionale morele hoë grond beweeg en die toepassing van sanksies ondersteun. Versetbewegings in Suid-Afrika het ook sanksies gesteun, alhoewel hulle ook aan die ontvangkant daarvan was. Die internasionale rolspelers in die stelsel het egter nie net sanksies toegepas nie, maar Suid-Afrika toenemend geïsoleer.

4.5.2 Direkte internasionale betrokkenheid

In 1977 begin die ANC, ondersteun deur die Sowjetunie, se internasionale veldtog vrugte afwerp en die beweging word volgens Jeffery (2019:46) deur *Socialist International* geïdentifiseer as die *"authentic liberation movement"* van Suid-Afrika. Gevolglik word die ANC

in 1978 as die enigste ware verteenwoordiger van die mense van Suid-Afrika erken deur Ierland, Noorweë, Swede en Nederland. So begin die ANC se veldtog stukrag kry te midde van die internasionale isolasie van Suid-Afrika; die status van “regering in ballingskap” word aan die beweging toegeken.

4.5.3 Statebond

Hoofde van Statebondslande het in Oktober 1985 in Nassau in die Bahamas ontmoet en in ’n verklaring ’n beroep op die regering in Suid-Afrika gedoen om: apartheid af te takel; Nelson Mandela vry te laat; die ANC te ontban; ’n proses van onderhandelinge te begin, en terselfdertyd is die bestaande sanksies ondersteun. Onder druk van Premier Margaret Thatcher van Brittanje, wat hewig gekant was teen sanksies, het die Statebondlande ’n senior groep van sewe lede saamgestel om onderhandelinge te bevorder. Die *Eminent Persons Group* (EPG) het verskeie senior leiers ingesluit wat Suid-Afrika later sou besoek. Indien die groep nie suksesvol sou wees met hulle besoek aan Suid-Afrika nie, sou strenger teen Suid-Afrika opgetree word met uitgebreide sanksies, ’n lugverbod sou ingestel word, en beperkinge op beleggings sou volg (Leach, 1987:273-274; Welsh, 2009:232-233).

Regeringsleiers is onder andere besoek en die groep is toegelaat om mnr. Nelson Mandela in Pollsmoor gevangenis te besoek. Teen Mei 1986 is ’n raamwerk en tydskale deur die EPG ontwikkel waarvolgens Nelson Mandela vrygelaat en die ANC ontban sou word. Die EPG het die gedagte ontwikkel wat vir die eerste keer in die openbare domein bespreek is, naamlik dié van ’n onderhandelde skikking vir Suid-Afrika (Waldmeir, 1997:95; Welsh, 2009:234).

> *We were satisfied that the ground existed on the basis of which a negotiated solution to South Africa’s problems could be attempted if there was the necessary political will among all concerned. No serious person we met was interested in a fight to the finish: all favoured negotiations and peaceful solution. (Commonwealth, 1986).*

In Julie 1986 besoek Sir Geoffrey Howe, Britse Minister van Buitelandse Sake, Suid-Afrika en dra in ’n ontmoeting met P.W. Botha die internasionale siening vanaf die Statebond oor. Howe beklemtoon, volgens Heunis (2007:58), dat ’n oplossing vir Suid-Afrika se politieke probleme wat internasionaal aanvaarbaar sou wees, gebiedend noodsaaklik geraak het. Uiteraard het Botha nie positief daarop gereageer nie en die instelling van Statebondsanksies het op 5 Augustus 1986 gevolg.

Afgesien van die Statebondslande is Suid-Afrika ook deur ander lande veroordeel vir die voortgesette toepassing van apartheid. Ook die VSA moes reageer en strenger optree met ekonomiese sanksies.

4.5.4 Verenigde State van Amerika

In die VSA het die druk op Suid-Afrika begin verhoog, wat toegeneem het na President Ronald Reagan se verkiesing aan die einde van 1984. By die Suid-Afrikaanse ambassade in Washington is proteste gehou wat na ander stede met Suid-Afrikaanse konsulêre kantore uitgebrei het. Vroeg in 1985 dra die sanger, Stevie Wonder, sy Oscar op aan Nelson Mandela, wat die internasionale simbool van verset teen apartheid geword het (Leach, 1987:265).

Die openbare druk laai op na 'n besoek van Senator Edward Kennedy aan Suid-Afrika in Januarie 1985. Die besoek sou groter blootstelling gee aangesien hy beplan het om in 1988 die Demokratiese Party in die VSA se presidentskandidaat te wees. Met die Republikeinse Party ook verdeeld oor Suid-Afrika, het President Ronald Reagan sy eie sanksiepakket saamgestel:

- Sanksies soos 'n verbod op nuwe lenings aan die Suid-Afrikaanse regering, uitsluitend dit wat verband hou met maatskaplike en onderwysprojekte vir alle rasse;
- Alle Amerikaanse maatskappye is versoek om gehoor te gee aan die sogenaamde Sullivan-beginsels wat in 1977 gevestig is. Die doel met die Sullivan-beginsels was om apartheid uit die werkplek van Amerikaanse maatskappye wat in Suid-Afrika bedrywig was, te verwyder. Die kode het onder andere die beginsel van werkplek de-segregasie en gelyke betaling vir swart en wit vir dieselfde werk, ondersteun. Teen Maart 1985 het 128 van 350 Amerikaanse maatskappye in Suid-Afrika reeds die kode aanvaar (Heunis, 2007:61; Leach, 1987:270; Waldmeir, 1997:56).

Amerikaanse maatskappye het toenemend ook druk van beleggers begin ervaar om te disinvesteer. Gedurende 1985 en 1986 het *General Electric*, *Coca-Cola*, *IBM*, en *Warner Communications* uit Suid-Afrika onttrek (Leach, 1987:271-273).

Na die rampspoedige Rubicon-toespraak in Augustus 1985, het Amerika die *Comprehensive Anti-Apartheid Act* 1986 aanvaar, wat die volgende ingesluit het:

- 'n Verbod op enige nuwe Amerikaanse investeringsbeleggings en geen nuwe lenings aan Suid-Afrika nie;
- 'n Verbod op landingsregte in die VSA vir die Suid-Afrikaanse Lugdiens;

- ’n Verbod op die invoer van Suid-Afrikaanse uraan, steenkool, yster en staal, en landbouprodukte. Die Suid-Afrikaanse besigheidsektor het bereken dat dit sowat 5% van Suid-Afrikaanse uitvoere sou skaad (Leach, 1987:270).

4.5.5 Verdere internasionale isolasie

Die onrus, politieke geweld en noodtoestand van 1985 was midde-in ’n tyd van internasionale isolasie en stram buitelandse verhoudinge. Frankryk het sy ambassadeur herroep en nuwe beleggings in Suid-Afrika is gevries. Die VSA se verteenwoordiger is enkele maande tevore reeds herroep, en die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Washington se akkreditasie is nie aanvaar nie. Noorweë het ook sy senior verteenwoordiger uit Suid-Afrika onttrek. Eweneens het die lidlande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap hul ambassadeurs vir konsultasie teruggeroep en het later ooreengekom op ’n pakket van politieke sankies teen Suid-Afrika (Leach, 1987:190).

Die internasionale druk was nie beperk tot ekonomiese sanksies nie. Suid-Afrika is reeds vroeër geïsoleer op ander terreine, soos sport en kultuur.

4.5.6 Kulturele, akademiese en sport boikot van Suid-Afrika

In 1980, onder toenemende internasionale druk, het die VN se Algemene Vergadering Resolusie 35/206 aanvaar. Die resolusie het verklaar dat die Verenigde Nasies ’n versoek aan state rig om alle kulturele, akademiese, sport- en ander tipe uitruilings met Suid-Afrika te voorkom. Daar is ook ’n beroep op skrywers, kunstenaars, musikante en ander persoonlikhede gedoen om Suid-Afrika te boikot. Die beroep sluit in die beëindiging van alle akademiese en kulturele instellings se bande met Suid-Afrika (SAHO, 2017:1).

As deel van die internasionale veldtog teen apartheid, het regeringshoofde van die Statebond die *Gleneagles*-ooreenkoms in 1977 in Skotland gesluit. Daarvolgens is ooreengekom om kontak en mededinging met sportlui, sportorganisasies, spanne of individuele sportlui van Suid-Afrika te ontmoedig. In 1964 het die Internasionale Olimpiese Komitee sy uitnodiging aan Suid-Afrika teruggetrek om aan die Olimpiese Spele deel te neem, en Suid-Afrika is in 1970 uit die IOK geskors. Voorts is Suid-Afrika se lidmaatskap van die Internasionale Atletiekfederasie ook in 1970 opgeskort, gevolg deur skorsing in 1976. ’n Moratorium op internasionale kriekettoere deur die internasionale krieketliggaam, die ICC, het in 1970 in werking getree. Internasionale boks het Suid-Afrika se deelname in 1975 opgeskort. Ook betreffende rugby kon Suid-Afrika nie aan die Rugby Wêreldbeker kampioenskappe in 1987 en 1991 deelneem nie (Leach, 1987:63).

Mandela was reeds in Suid-Afrika gevestig as ikoon in die stryd teen apartheid en die veldtog word internasionaal verder gevoer. Organisasies wat in die buiteland gevestig is en hulle steun aan die ANC toegesê het, begin hulle beywer vir sy vrylating. Kunstenaars word betrek in die veldtog *Artists against apartheid* en 'n konsert word op 11 Junie 1988 deur *die British Anti-Apartheid Movement* (BAAM) in die Wembley-stadion gehou, waar kunstenaars soos Harry Belafonte, Miriam Makeba en Whitney Houston optree. Tydens die geleentheid word die ANC volgens Esterhuyse (2012:138) voorgehou as: *"a civilised and cultured group of people"* en die propaganda-oorlog teen Suid-Afrika word sodoende al hewiger.

Die internasionale veldtog teen Suid-Afrika wat in die 1960's begin het, het Suid-Afrika aanvanklik op kulture, sport- en akademiese gebiede geïsoleer. Suid-Afrika kon nog in 'n mate optree om die verbod op die voorsiening van olie en wapens te omseil. Dit het tot nuwe nywerhede in Suid-Afrika gelei. Effektiewe ekonomiese sanksies en 'n verbod op verdere lenings kon egter nie omseil word nie. Dit het Suid-Afrika se ekonomie onder geweldige druk geplaas. Die ANC was suksesvol in sy internasionale veldtog om Suid-Afrika te isoleer. Die buitelandse isolasie en sanksies en binnelandse onstabiliteit teweeggebring deur onrus en voortstuwende massa-optrede het ongekende druk op die stelsel geplaas.

In die Afrikaner establishment het groot kommer geheers oor die toenemende onstabiliteit van die stelsel. Veiligheidshoofde se boodskap was dat die stryd op politieke gebied aangepak moes word. Die insette deur binnelandse en buitelandse druk op die stelsel was enorm. Staatkundige hervormings moes volg, met dringende toegewings ten opsigte van die politieke strewes van die swart gemeenskap in Suid-Afrika. Binne die Afrikaner-Broederbond is die situasie noukeurig verreken en die AB se leierskap is oor die situasie voorgelig. Polities-staatkundige oplossings moes gevind word ten einde stabiliteit te bring en die voortbestaan van die Afrikaner te kon verseker.

4.6 Die regering en die Nasionale Party se hervormings

Die Nasionale Party was reeds aan die einde van die 1970's besig met staatkundige hervormings. In 1982 het die Nasionale Party nietemin 'n skeuring in eie geledere ervaar met die stigting van die Konserwatiewe Party. Daar is voortgegaan met die driekamer-parlement om in 'n mate te voldoen aan bruinmense en Indiërs se politieke verwagtinge. Dit was egter nie genoeg nie en swart verset het toegeneem. Meer en vinniger aanpassings was nodig. Intussen moes die NP-regering probeer om binnelandse stabiliteit te verseker.

4.6.1 Die aanvanklike optrede teen verset

Die binnelandse onrus en onstabiliteit in swart gebiede was ŉ saak van groot kommer vir die Nasionale Party-regering. Op 20 Julie 1985 kondig President P.W. Botha ŉ noodtoestand af. Dit was die eerste keer sedert die Sharpeville-insident in 1960 dat ŉ noodtoestand afgekondig is. Aanvanklik was die noodtoestand geldig vir 36 landdrosdistrikte in die areas waar onrus telkens opgevlam het, en het bykomende magte aan die polisie verleen. Die onrus het nietemin toegeneem (Leach, 1987:188; Welsh, 2009:244).

Die noodtoestand is op 7 Maart 1986 opgehef. In die tydperk waarin dit van krag was, is 7996 mense aangehou, waarvan 2100 onder die ouderdom van sestien. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge beraam dat ongeveer 757 mense dood is gedurende die tydperk (Leach, 1987:194).

Gedurende die jare van apartheid het Suid-Afrika berugtheid verwerf vir die toepassing van die doodstraf. Die volgende statistiek is beskikbaar. Tussen 1949 en 1968 is gemiddeld 76 mense per jaar die doodstraf opgelê en gehang. Tussen 1969 en 1987 was die gemiddeld vir die doodstraf 96 per jaar. Die statistieke dui egter nie aan watter doodsvonnisse weens politieke oortredings opgelê is nie. Daar word nietemin verwys na ŉ bord in die Apartheidmuseum[33] wat aangedui het dat 131 persone weens politieke oortredings gehang is (Welsh, 2009:78-79).

Die kragdadigheid van ŉ regering om mense in enige stelsel te onderdruk is nie volhoubaar nie. Deur noodtoestande en die verbanning van organisasies kon daar hoogstens tydelike stabiliteit binne die stelsel bewerkstellig word. Die NP-regering, wat reeds met staatkundige hervormings begin het, was genoodsaak om oplossings te vind. Die stelsel het op die tydstip in die laat 1970's slegs vir wit kiesers politieke deelname gebied. Apartheid is volkome toegepas, maar die toepassing daarvan het gelei tot groot ongeregtigheid en die miskenning van menseregte. Die NP-regering was genoodsaak om te begin om die stelsel van apartheid af te takel.

4.6.2 Driekamer-parlement

Denke in die NP-regering het na die Theron-verslag begin verskuif met betrekking tot die politieke belange en deelname van die bruin kiesers. In 1977 het die Nasionale Party in sy verkiesingsveldtog begin om ŉ nuwe stelsel voor te hou. Die wit parlementêre stelsel sou

[33] Die Apartheidsmuseum bestaan nie meer nie.

vervang word met ’n driekamer-parlement. Dié voorstelle sou ’n parlementêre kamer vir die 4,3 miljoen wit bevolking inhou, ’n kamer vir die 2,4 miljoen bruin bevolking en ’n kamer vir die 700 000 Indiër bevolking. Elke kamer sou wetgewend optree vir die bevolking wat hy verteenwoordig (eie sake), met gesamentlike wetgewende magte vir algemene sake. Geen voorsiening is op daardie stadium gemaak vir die swart bevolking van 19 miljoen mense, wat hulle politieke strewes in die swart tuislande moes uitleef nie (Waldmeir, 1997:31).

In die beoordeling van die Theron-kommissie se aanbevelings oor die Kleurlinge het die regeringskomitee onder leiding van Minister P.W. Botha die aanbevelings van die verslag begin implementeer. Daar is veral onderskei tussen “afsonderlike eie sake vir verskillende rassegroepe en sake van gemeenskaplike belang vir alle rassegroepe” (Cloete, 2021b:19). Die Nasionale Party moes voorsiening maak vir die politieke strewes van bruin en Indiër gemeenskappe, aangesien die swart gemeenskap nog in die tuislandstelsel gehuisves was. Alhoewel dit nie vir ’n oplossing vir die swart strewes buite tuislande voorsiening gemaak het nie, is ’n driekamerstelsel voorgestel waarvolgens wittes, bruines en Indiërs in verskillende kamers of huise in die parlement verteenwoordig kon word. Die stelsel van eie en algemene sake is daarvolgens ingestel. Sake wat al die gemeenskappe raak is as “algemene sake” beskou en sou in ’n gesamentlike parlement hanteer word. Die besondere “eie sake” oftewel sake wat net ’n bepaalde gemeenskap raak, sou volgens bevoegdheid aan hulle toegeken, in die afsonderlike kamers behandel word met die oog op wetgewing daaroor. Wanneer dooiepunte bereik is, sou die sake na die Presidentsraad verwys word wat ’n verskanste meerderheid aan die Volksraad – die wit kamer of huis, sou gee (Heunis, 2007:118-120; Welsh, 2009:218-219). Die insette oor afsonderlike eie en algemene sake is volgens Cloete (2021a) grootliks gebaseer op sy nagraadse navorsing. Met die uitgangspunte van eie en algemene sake is die 1983-grondwet en die driekamer-parlement gevestig, maar dit het steeds nie aan die politieke strewes van swartmense voldoen nie.

Dit blyk volgens Van Wyk (2021:10) dat die begrippe *eie* en *algemene sake*, soos deur Cloete ontwikkel en in die 1983-grondwet gebruik, aanvanklik ook vir ’n vierde kamer vir stedelike swartmense voorsiening gemaak het. Die gedagte was klaarblyklik op daardie stadium te veel, te vinnig, vir die Nasionale Party. Die voorstel van ’n vierde kamer vir stedelike swartmense is ook volgens Zaaiman (2010:139) reeds in die 1980’s in die strukture van die Afrikaner-Broederbond bespreek. Dit was in aanloop tot die ontwikkeling van die driekamer-parlementêre stelsel.

Die grondwetlike voorstelle vir die driekamer-parlement is na ’n referendum, wat op 2 November 1983 gehou is, in Augustus 1984 deur die parlement gevoer. Oor die driekamer-

parlement skryf Slabbert (2006:53) dat: “as daar enige iets was wat Suid-Afrika sou polariseer en isoleer, was dit dié tipe grondwetlike bedrog.”

Uit die voorafgaande blyk dit reeds duidelik dat die aandag toegespits was op die bruin en Indiër bevolkings. Die swart gemeenskap is uitgesluit van enige hervormings. Dit het direk aanleiding gegee tot groter mobilisering teen die stelsel van apartheid in die swart gemeenskappe.

Op 31 Julie 1984 ontbind die wit parlement wat in 1910 met Uniewording gevestig is, om ’n driekamer-parlement te aanvaar wat verteenwoordiging sou bied vir die wit, bruin en Indiër bevolkings. Volgens Welsh (2009:218-219) was die driekamer-parlement *“a disastrous failure that actually hastened the end of apartheid.”*

Waar die driekamer-parlement ernstige konflik en verdeling in wit geledere teweeg gebring het, het dit swartmense in opposisie verenig teen die stelsel omdat hulle uitgesluit gebly het van politieke hervormings (Waldmeir, 1997:45). Hierteenoor is De Klerk (1998:114) van mening, was die driekamergrondwet met sy gebreke ’n stap vorentoe in die grondwetlike ontwikkeling van ons land sowel as ’n *“*simboliese vertrekpunt vir verandering*.”*

Die NP-regering was op daardie stadium met die rug teen die muur. Staatkundige veranderinge in die stelsel was noodsaaklik, maar hoe om dit deur te voer sonder dat ’n swart meerderheidsregering gevorm word, was die struikelblok. Benewens die teoretiese soeke na ’n staatkundige oplossing, moes ander dringende faktore ook in berekening gebring word. Die vrylating van Nelson Mandela was toenemend ’n voorvereiste uit binnelandse en internasionale geledere in hulle eise vir hervorming. Dit wou op daardie stadium blyk asof ’n deurbraak ’n moontlikheid was, en die internasionale gemeenskap het homself voorberei vir bepaalde aankondigings deur mnr. P.W. Botha.

4.6.3 Die gevolge van die Rubicon-toespraak – en die NP

In ’n toespraak geskeduleer vir 15 Augustus 1985 in Durban, sou P.W. Botha die Natalse Nasionale Partykongres toespreek. Dit is voorafgegaan deur, en het gepaardgegaan met groot internasionale verwagtinge. Daar is allerweë verwag, ook uit die geledere van die Nasionale Party, dat die toespraak van 15 Augustus 1986 die geleentheid vir P.W. Botha sou bied om belangrike aankondigings te maak. Die aandag sou veral toegespits wees op grondwetlike en staatkundige hervormings, wat uitsluitsel sou gee oor swart politieke strewes waaraan nie met die 1983-grondwetlike bedeling aandag geskenk is nie.

Voor die Rubicon-toespraak het ’n dinkskrum van ministers en senior amptenare op 2 Augustus plaasgevind, enkele dae voor die Natalse kongres van die Nasionale Party. Die dinkskrum is bygewoon deur lede van die kabinet, adjunkministers en die voorsitters van die Presidentsraad se komitees, en is gehou by die Kollege vir Militêre Intelligensie[34] (Heunis, 2007:79). Dat daar bepaalde gedagtes tydens die gesprek by die Sterrewag ontwikkel, en besluite geneem is wat aangekondig moes word, word deur Van der Merwe (2021:6-7) beaam.

Volgens Waldmeir (1997:55) het ministers Chris Heunis en Kobie Coetzee ’n weergawe geskryf wat sou insluit dat geen ooreenkoms sonder die ANC moontlik is nie. Pik Botha het met Saatchi & Saatchi, ’n kommunikasiemaatskappy, gesprek gevoer om die toespraak te bemark. Hieroor was P.W. Botha uiters ongelukkig. Hy het sy eie weergawe geskryf wat hy by ’n vergadering van die kabinet voorgehou het. “Ek weet dat P.W. Botha geen baanbrekerstreë sou gegee het wat die politieke aspirasies van swart mense betref nie” (Heunis, 2007:69).

Verwagtinge in die buiteland was hoog en die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het met verskeie rolspelers vergader. Een van die ontmoetings was op 8 Augustus 1986 in Wene, met amptenare van die VSA se departement van buitelandse sake. Crocker[35] (soos aangehaal deur Heunis, 2007:79) se weergawe word aangedui as: “Ons het gehoor van planne vir dapper hervormingstappe, nuwe formules wat grondwetlike ontwikkelings betref en verdere gedagtes met betrekking tot die vrylating van Mandela.”

Die toespraak het egter teleurgestel. Volgens Giliomee (2004:569) het Botha se toespraak, alhoewel hy aangekondig dat sy regering die Rubicon oorgesteek het, ver tekortgeskiet. Die media het dit volgens Jeffery (2019:101) as ’n simbool van *“Afrikaner intransigence and unwillingness to surrender”* beskryf.

’n Belangrike perspektief word deur De Klerk (1998:122) verskaf, deurdat hy van mening was dat P.W. Botha in die toespraak wel aangekondig het dat die regering besluit het om *groot apartheid*, oftewel die tuislandbeleid van 25 jaar, te laat vaar. Dié belangrike siening is egter nie korrek en met die regte klem oorgedra nie. Die toekoms van die verstedelikte swartmense is baie laat in die toespraak as ’n enkele paragraaf op bladsy 12 van 18 weggesteek: “Indien enige van die swart volkstate dus sou verkies om nie onafhanklikheid te aanvaar nie, sal

[34] Ou sterrewag.

[35] Korrekte benaming: Assistant Secretary of State for African Affairs.

sodanige state of gemeenskappe deel van die Suid-Afrikaanse nasie bly, is hulle Suid-Afrikaanse burgers en moet hulle in politieke instellings binne die grense van Suid-Afrika geakkommodeer word" (De Klerk, 1998:122).
Die toespraak was volgens Waldmeir (1997:53) deur die internasionale gemeenskap beskou as 'n reuse openbare verwerping van hervormings deur die regering. Volgens Welsh (2009:232) was die Rubicon-toespraak *"An unmitigated disaster."*

Die teleurstelling oor gebrekkige vordering met staatkundige hervormings het ernstige internasionale gevolge vir Suid-Afrika ingehou. Suid-Afrika het, deur sy lenings en skuld op daardie stadium, groot blootstelling op internasionale markte gehad. Tweederdes van Suid-Afrika se $24 miljard skuld was korttermynskuld, en volgens Waldmeir (1997:56) was die markte reeds voor die toespraak onstabiel. Na die Rubicon-toespraak het die Rand merkbaar verswak, kapitaal is wettig en onwettig uit die land onttrek, finansiële markte moes sluit, en die Suid-Afrikaanse regering moes gevolglik 'n eensydige moratorium plaas op die terugbetaling van buitelandse skuld (Du Plessis, 2022). Alhoewel terugbetalings later hervat is, is Suid-Afrika deur die internasionale gemeenskap verwerp op ekonomiese sowel as diplomatieke gebied.

Die NP-regering moes duur lesse leer uit die katastrofiese sogenaamde Rubicon-toespraak. Dit sou vermy kon word as daar 'n eenvormige boodskap uitgedra is, wat verwagtinge kon skep waaraan voldoen kon word. Dit is egter duidelik dat daar nie eensgesindheid was oor die verwagte besluite wat aangekondig sou word, en die latere lewering van die toespraak nie. Enersyds het ministers soos Pik Botha en Barend du Plessis moontlik die dinkskrum verlaat met die oortuiging dat verandering onderweg was. Dit het hulle daartoe gelei om te help met die skep van verwagtinge in die internasionale gemeenskap. Andersyds het P.W. Botha waarskynlik besef dat veranderinge moes kom, maar met 1982 en die skeuring van die NP nog vars in sy geheue wou hy 'n herhaling voorkom. P.W. Botha het klaarblyklik besef dat hy moontlik beide groepe tevrede kon hou en het daarom die aankondiging tot 'n mate verdoesel tot laat in sy toespraak. Hy het nietemin onwetend die krisis vir die Suid-Afrikaanse stelsel vererger en hervormings 'n geweldige knou toegedien. Sy onvermoë om die finale stap te neem sou later die gevolg hê dat die Afrikaner-Broederbond voorstelle begin ontwikkel het om die NP in 'n drukgang te plaas rakende hervormings. Almal het besef dat die stelsel op die rand van onstabiliteit verkeer het. Die ekonomiese werklikhede sou voortaan die gang van hervorming dikteer.

4.7 ’n Nuwe bedeling moes volg

President P.W. Botha kon met die Rubicon-toespraak ’n finale einde aan die beleid van apartheid gebring het. Waldmeir (1997:42) is van mening dat P.W. Botha die doodsvonnis oor apartheid gevel het, maar hy kon dit nie uitvoer of voltrek nie.

In ’n toespraak voor die *American Foreign Policy Association,* op 11 Oktober 1984 in New York pleit Harry Oppenheimer (1985) vir begrip vir hervorming in Suid-Afrika:

> *South Africans, even white South Africans, are not really worse than other people, they are just ordinary men and women who find themselves face to face with problems which require quite exceptional qualities of courage, magnanimity and faith for the solution. The hour may be late, but the way of peaceful change still deserves a chance.*

In 1986, tydens ’n Federale Kongres van die Nasionale Party, is die eerste aanduiding gegee dat die idee van tuislande laat vaar gaan word. Die Kongres aanvaar dat alle Suid-Afrikaners, wit en swart, burgers van een staat sou word (uitgesluit die vier tuislande – Transkei, Ciskei, Bophuthatswana en Venda – wat reeds onafhanklikheid gehad het). Botha het op die stadium aangedui dat swart verteenwoordiging tot op die hoogste vlak sou plaasvind (Waldmeir, 1997:45).

Botha het waarskynlik uit die lesse van die 1985 Rubicon-toespraak geleer en besef dat verandering onvermydelik is. Die binnelandse en buitelandse situasie het die NP in ’n knyptang vasgedruk. Die vraag is of die veranderinge op daardie stadium nie te min, te laat, was nie.

Na die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die staatkundige bedeling nie die druk sou kon hanteer nie. Verandering was onafwendbaar. Die keuse was volgens Leach (1987:295) aan die einde van die 1980’s nie meer tussen vreedsame evolusie of gewelddadige revolusie nie. Die keuse was tussen evolusie wat met geweld gepaardgaan, of bloedige revolusie. Die beste waarop Suid-Afrika sou kon hoop om ’n finale bloedbad af te weer was dat die middelgrond staande sou bly.

Al die voorheen gemelde faktore wat sankies, isolasie en terreur insluit, het ’n enorme effek op die psige van wit Suid-Afrikaners gehad. Waldmeir (1997:57) verwys na dié psige oor die algemeen soos volg: *“If sanctions had a counterproductive effect on the Afrikaner leadership they took their toll on the white morale. Afrikaners felt besieged and the majority did not like it.”*

Die prys van apartheid het vir die wit bevolking te hoog begin raak, en Waldmeir (1997:57) verwys soos volg daarna: *"And they* (whites) *wanted their prosperity, for the economic crisis meant that Pretoria had less and less money to spend on keeping whites sweet."*

Volgens Slabbert (2006:33) is daar teen 1989 reeds binnelands sowel as buitelands redelik algemeen aanvaar dat apartheid in al sy fasette en die 1983-grondwetlike bedeling nie kon slaag nie.

Dit was vanaf 1985 duidelik dat die NP nie op dieselfde trajek kon voortgaan nie. Daar is bevestig dat dit allerweë, ook vanuit die wit gemeenskap, duidelik was dat die *status quo* nie volhoubaar was nie. Al die omgewingsfaktore wat aan die begin van die hoofstuk uitgelig is, het 'n betreffende inset 'n enorme effek op die stelsel gehad. Die NP kon nie veel langer stabiliteit behou in 'n stelsel wat in 'n drukpot verkeer het nie. Al hierdie faktore het 'n rol gespeel in die veranderinge wat sou volg. Die ekonomiese koste van apartheid was waarskynlik die belangrikste faktor wat 'n rol gespeel het.

4.7.1 Die ekonomiese en onvolhoubare koste van apartheid

Die per capita bruto binnelandse produk het aan die begin van die Botha-jare al kleiner begin raak en teen die tyd van die Rubicon-toespraak het dit gedaal tot op die middel sewentigerjare se vlakke. Die ekonomiese koste van apartheid, veral die effek van die Rubicon-toespraak, het volgens Waldmeir (1997:57) einde ten laaste gedui op die finale oomblik van waarheid vir apartheid.

Om sake in perspektief te plaas, is sewe kategorieë van koste vir apartheid bereken:

- Die direkte koste verbonde aan die implementering en instandhouding van apartheid en apartheidsprogramme;
- Die indirekte koste wat met bostaande verband hou;
- Die koste verbonde aan die afdwing met die toepassing en polisiëring van apartheid;
- Die koste verbonde aan verlore geleenthede wat insluit verlore beleggings en beperkings op die ontwikkeling van vaardighede;
- Die strafkoste (*punitive costs*) as gevolg van embargo's en sanksies;
- die menslike koste as gevolg van die lyding wat apartheid veroorsaak het, en
- die koste vir buurstate wat gedwing was om hulself te verdedig.

Met verwysing na berekenings van 1977 en volgens die maatstawwe wat toe gebruik is, is dieselfde maatstawwe konserwatief bereken. Hiervolgens was die koste van apartheid in 1985 sowat R56 miljard (Savage, 1987:601-621).

Die koste was nie volhoubaar in ‘n stelsel wat reeds blootgestel was en onstabiliteit begin ervaar het nie. Die stelsel sou onbepaald kon aangaan, maar niemand het geweet vir hoe lank en met watter gevolge nie.

Toe De Klerk in 1989 president van Suid-Afrika geword het, het Suid-Afrika reeds R30 miljard verloor in kapitaal wat die land verlaat het. Dit kom neer op sowat R2 miljard per jaar. Afgesien van die buitelandse skuld en om die internasionale sanksies die hoof te bied, het Suid-Afrika miljarde spandeer aan die ontwikkeling van strategiese nywerhede om die embargo’s op olie en wapens die hoof te bied. Die gesofistikeerde wapenbedryf onder Krygkor en die olie van die steenkoolbedryf by Sasol, kon aan energiebehoeftes voldoen. Net die Mossgas olie-van-gas aanleg is opgerig teen ’n koste van nagenoeg R11 miljard (Waldmeir, 1997:132-134).

Op die hoogtepunt van Suid-Afrika se vermoë om gesofistikeerde wapens te ontwikkel, was Suid-Afrika een van die min lande ter wêreld wat oor ’n kernvermoë beskik het. Suid-Afrika se eerste atoombom is in 1982 voltooi, waarna nog vyf gevolg het. Die sewende atoombom was volgens Barnard (2017:213), halfpad ontwikkel voor die internasionale kernverdrag[36] aanvaar is. Volgens Giliomee (2004:528) kon die ses bomme met ’n vliegtuig of missiel afgelewer word en was die ses atoombomme die minimum wat vir afskrikking aangewend kon word.

Die vraag is, tot watter mate en waar en hoe sou Suid-Afrika sy kernvermoëns kon inspan teen ’n vyand wat in sy midde is? Barnard (2017:212) is krities in sy oordeel dat De Klerk en sy onderhandelaars: *“oënskynlik nooit die strategiese waarde van ’n kernvermoë, veral tydens die staatkundige onderhandelinge, begryp nie.”*

Die koste van die kernbom-projek sou formidabel gewees het. Die Washington Post se Smith (1993:1) beraam dat die projek waaraan 1 000 mense gewerk het nagenoeg $800 miljoen sou kos. (Volgens ’n 1990-wisselkoerswaarde sou dit nagenoeg R2,1 miljard wees.)

[36] Die *Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons* is op 16 September 1991 in Wene onderteken.

Volgens Jeffery (2019:101) het ’n ondersoek deur Trust Bank in 1989, die kumulatiewe verliese aan buitelandse valuta weens ekonomiese sanksies op sowat R40 miljard beraam, en sy voeg by: *“The macro-multiplier effect of this loss has been a total production loss of about R80 billion and a total spending or standard of living’ loss of about R100 billion.”*

De Klerk (1998:88) se waarneming is dat die sanksiejare in die 1980’s ongeveer 1,5% in die jaarlikse ekonomiese groeikoers gekos het. Die bostaande dui beslis daarop dat Suid-Afrika oor die vaardighede en kundighede beskik het om alternatiewe nywerhede tot stand te kon bring. Dit sou nietemin teen groot koste wees, en beslis goedkoper as produkte op internasionale markte bekom is. Die koste van apartheid het ’n kumulatiewe negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Dit was nie volhoubaar nie en koste uit die begroting wat daarvoor aangegaan is, moes van ander begrotingsitems verhaal word. In die onderhoud met Du Plessis (2022) is dit duidelik gestel dat dit soms tot spanning in die kabinet gelei het. Koste is in kabinetsvergaderings genoem en dan moes daar eenvoudig opgetree word om die geld te vind.

In konflikbeslegting en die vooronderhandelingsfase is dit belangrik dat rolspelers mekaar moet vind. Dit word genoodsaak deur lede van teenoorgestelde en vyandige kampe wat mekaar vir die eerste keer ontmoet en gemene grond probeer vind. Wit interaksie met die ANC het reeds vroeg in die 1980’s begin. ’n Deurbraak moes op een of ander stadium gemaak word.

4.7.2 Wit interaksie met die ANC – buite die regering

Die proses van vooronderhandeling is vooraf bespreek (verwys na Hoofstuk 2 en konflikbeslegting). Daar is aangetoon dat vooronderhandelinge ’n formele deel van die onderhandelingsproses is. In die voorafgaande gesprekke met die ANC kon geen ondernemings namens die Suid-Afrikaanse regering met die ANC aangegaan word nie. Dit is nietemin belangrik om hierdie rol te bespreek ten opsigte van die toenemende besef in wit en Afrikanergeledere dat die ANC deel van die oplossing moes wees. Dit het gevolglik kontak en dialoog met die ANC ingesluit.

In September 1985 het ’n groep senior bestuurders van Anglo American, onder andere die voorsitter, Gavin Relly, en Engelse koerant redakteurs die ANC in Lusaka, Zambië, ontmoet. Dit was die eerste interaksie en word as ’n deurbraak vir die ANC beskou (Waldmeir, 1997:73). Volgens Welsh (2009:261) het Kenneth Kaunda die ontmoeting gefasiliteer. As gasheerland vir die ANC in ballingskap, was Kaunda ook sensitief vir die ekonomiese en militêre gevolge vir Zambië.

'n Afvaardiging van die PFP, 'n wit opposisieparty, het ook in Oktober 1985 met die ANC in Lusaka vergader (Waldmeir, 1997:74). Oor die besoek sê Slabbert (2006:55), was die amptelike standpunt van die ANC dat die gewapende stryd die enigste pad vorentoe is, maar dat Mbeki in sy persoonlike hoedanigheid gesê het dat "praat beter is as doodmaak."

Op 3 en 4 Julie 1987 het die ANC met 'n groep van vyftig Afrikaners in Dakar, Senegal, vergader. Tydens die geleentheid het Thabo Mbeki die vergadering begin met die woorde: *"I'm an Afrikaner"* (Waldmeir, 1997:74). Die ontmoeting was volgens Gevisser (2009:193): *"The apex of Mbeki's seduction campaign."*

Die ontmoetings met die ANC deur 'n verskeidenheid van invloedryke Suid-Afrikaners, het stukrag begin kry en volgens Jeffery (2019:116) het meer as 70 sulke geleenthede vanaf 1985 tot 1989 plaasgevind.

Die doelbewuste strategie van Mbeki om die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap te beïnvloed moet nie in isolasie van die ANC se totale strategie beskou word nie. Die ontmoetings met invloedryke Suid-Afrikaners het na die ANC en Mbeki se besoek aan Viëtnam en die inwerkstelling van die People's War 'n aanvang begin neem. Die inhoud van die gesprekke is dikwels na Moskou herlei (Jeffery, 2019:113-116).

Daar word later in meer besonderhede aandag geskenk aan die ontmoeting tussen die AB se voorsitter, prof. Pieter de Lange, en Mbeki van die ANC, in New York. Op 30 en 31 Mei 1986 (Sommige bronne verwys na Junie 1986) woon De Lange en Mbeki[37] 'n konferensie in New York, gefasiliteer deur die Ford Foundation, by. Dit sou die eerste kontak met die Afrikaner establishment wees.

Bogenoemde ontmoetings het moontlik geraak aangesien daar vanuit die wit gemeenskap 'n besef was dat oplossings nodig was. Die oplossings moes buite die stelsel gesoek word, want die ongeduld met die stelsel en die NP-regering het toegeneem namate die momentum van hervorming afgeneem het. Die dialoog kon ook binne die Sowjetunie se eie beleidsaanpassings, naamlik om nie verder by streekskonflikte betrokke te wees nie, plaasvind. Dit het andersyds ook die ANC gedwing om die weg van dialoog te begin ondersoek.

[37] Mbeki was toe die ANC se direkteur van inligting en Secretary for Presidential Affairs. (Welsh, 2009:200)

Die pad van hervorming in Suid-Afrika moet nie isolasie beskou en geëvalueer word nie. Daar was op internasionale terrein, volgens die internasionale omgewing in die stelsel-analise, vensters van geleenthede wat die klimaat vir Suid-Afrika se staatkundige veranderinge geskep het.

4.7.3 Die internasionale venster van geleentheid vir Suid-Afrika

Die vroeë 1980's sou nie die venster van geleentheid bied nie, want die ANC was op daardie stadium, volgens Van der Merwe (2021:12), deur sy eie besluite daarop gerig om die regering omver te werp. Dit sou bereik word deur gewapende stryd en die bevordering van revolusie. Daarvolgens sou die stelsel slegs deur gewelddadige omverwerping en vernietiging verander word.

Die Sowjetunie, wat die ANC se grootste internasionale vennoot was, was self met interne hervorming besig, wat 'n enorme impak op die land se internasionale rol gehad het. Die Sowjetleier, Mikhail Gorbachev, het volgens Jeffery (2019:110) in 1985 met staatkundige hervormings begin. Die klem en prioriteite het verander en die Sowjetunie kon nie meer finansieel tot die ANC se stryd bydra nie, as gevolg van sy eie swakker binnelandse posisie. Tydens die Reykjavik-beraad in 1986 het Gorbachev teenoor Reagan aangedui dat die Sowjetunie sy betrokkenheid by alle streekskonflikte gaan afskaal. Hiermee is die ANC gevolglik ook gedwing om sy eie beleid aan te pas en die onderhandelingopsie te ondersoek (Waldmeir, 1997:70-71). In werklikheid het die ANC nie veel van 'n keuse gehad nie, want volgens Scholtz (2022b:191) het die ANC druk deur die Kremlin ervaar om met die apartheidsregering te begin onderhandel.

Die val van die Berlynse muur op 9 November 1989 was die tweede venster van geleentheid. Volgens bronne het die Duitse hereniging minder as 'n jaar geneem en die Warskou-verdrag, wat die Kommunistiese weergawe van Navo was, het tot niet gegaan.

Die val van die Berlynse muur in November 1989 het waarskynlik die grootste impak op die staatkundige hervormings onder die leierskap van De Klerk gehad. Indien nie die grootste impak nie, was dit volgens Waldmeir (1997:136) die grootste eksterne faktor rakende hervorming wat sou volg. Dit het nietemin ernstige gevolge vir die ANC gehad aangesien hulle praktiese en ideologiese internasionale steun volgens Scholtz (2022b:192) terselfdertyd tot niet gegaan het. Die NP-regering se vrees vir kommunisme is hierdeur finaal die nek ingeslaan.

Daar is vroeër in die studie (Hoofstuk 4.2), aangetoon dat die stryd teen kommunisme in die 1960's relevant was, maar ook gebruik is om die aanslag teen apartheid verdag te maak. Dekades lank was die stryd teen kommunisme 'n dryfveer binne beide die NP en die AB. Met die aftakeling van apartheid het die stryd teen kommunisme nietemin nie opgehou nie. Die ANC se noue verbintenis met die SAKP en die kommunisme in die Sowjetunie was 'n wesenlike en werklike gevaar. Die ingesteldheidsverandering by Gorbachev, die druk op die ANC, en die val van kommunisme, soos gesimboliseer deur die Berlynse Muur, het beslis die regte klimaat geskep. Daar kon nou oorgegaan word tot hervorming sonder dat daar ander wesenlike ideologiese bedreigings was.

4.7.4 Die staat gelei deur die NP begin self intern met hervorming

President P.W. Botha het die Nasionale Intelligensiediens omskep in 'n private dinkskrum vir sy eie hervormings. Tot in die laat 1980's was die strategie klaarblyklik om gematigde alliansievennote te soek. Senior amptenare in die staatsdiens het reeds in 1984 ernstige voorspraak vir gesprekke met die ANC en die vrylating van Nelson Mandela begin maak. Dit het berus op kommer oor Mandela se gesondheid en die gevolge wat dit sou hê indien hy in die tronk sou sterf (Waldmeir, 1997:50-51).

Die teendeel in die tydraamwerk ter sprake word gestel deur (Barnard, 2017:18), wat sê dat die "nuwe Suid-Afrika" deur P.W. Botha self aangevoor is toe hy in 1988 ingestem het tot "geheime en verkennende, en later lotsbepalende, gesprekke tussen verteenwoordigers van die wit NP-regering en die onbetwisbare simbool van die swart bevrydingstryd, N.R. Mandela."

Die tydperk voor en na die Rubicon-toespraak was 'n tyd van intense worsteling binne die Nasionale Party. Die hervormingsgesindes het dikwels intern die konflik van weerstand teen enige veranderinge ervaar. Volgens Heunis (2007:125) het die hervormingsgesinde lede van die kabinet hulle telkens vasgeloop "teen die hewige weerstand van die bittereinders wat nie oortuig was van die NP se vermoë om die uitkoms van die beoogde veranderings te beheer nie." Cloete[38] (soos aangehaal deur Heunis, 2007:125), verduidelik dat hulle doelbewus met 'n Machiavelliaanse strategie die erosie van apartheid wou versnel. Dit is gedoen ten einde 'n gunstiger klimaat te skep vir 'n evolusionêre grondwetlike oorgang na 'n meer demokratiese bedeling.

[38] Toe 'n senior adviseur vir mnr. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling.

Apartheid het op twee bene berus, naamlik *groot apartheid* wat die vestiging van swart onafhanklike tuislande sou bewerkstellig, en *klein apartheid* wat skeiding deur wetgewing moes bring. Die Nasionale Party se hervormings sou eerstens berus op die skrap van kwetsende wetgewing. Daar moet op die stadium beklemtoon word dat daar toe reeds verskeie besprekingsdokumente in die AB gesirkuleer het wat kwetsende wetgewing uitgelig en sommige daarvan op morele gronde bevraagteken het.

In 1985 is die *Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike (1949)* en die *Ontugwet (1949)* herroep. Volgens Welsh (2009:215) het die herroeping van dié wetgewing nie veel indruk op swart leiers gemaak nie, maar die simboliek was daarin geleë dat dit vir die Nasionale Party deel van ŉ proses was om die pilare van apartheid te laat kantel. Ook die *Wet op Instromingsbeheer* is in 1986 afgeskaf. Hoe futiel die wetgewing was, word bevestig deur statistiek. Gedurende 1960 en 1970 in die tydperk van die strengste toepassing van die wetgewing, was daar ŉ 42% toename in swart verstedeliking. Duidelik het die wetgewing nie in die doel geslaag nie.

Wetgewing as deel van *klein apartheid* moes skeiding tussen rasse bewerkstellig. Die toepassing daarvan was nietemin soms onmenslik en kwetsend. Dit blyk uit die voorafgaande dat wetgewing teen elke prys toegepas is, sonder om die nasleep daarvan te verreken. In ander gevalle was daar wetgewing beskikbaar, maar is dit nie toegepas nie. Om die stelsel van apartheid af te takel moes kwetsende wetgewing geskrap word. Teen die einde van 1988 was reeds meer as 100 apartheidswette afgeskaf. In sommige gevalle was dit bloot simbolies van aard, maar die verwydering daarvan moes sigbaar gebeur. Die skrapping van die wetgewing was nie voldoende nie. Die heersende stelsel moes kantel, maar ŉ ander aanvaarbare stelsel moes dit vervang.

Volgens De Klerk (1998:128) was die 1987-verkiesing en die uitslag daarvan die begin van die doodsvonnis vir apartheid waarna die aftakeling van *klein apartheid* vinniger kon vorder.

Die vooronderhandelingsfase in ŉ situasie van konflik vereis ŉ tydperk van toenadering. Daar was gevolglik, volgens Waldmeir (1997:57), net een rasionale oorblywende reaksie vir die Afrikaner-regering in die middel 1980's. Te midde van die gevolge van politieke, ekonomiese, diplomatieke en sosiale druk was die enigste moontlike reaksie om met die vyand te ontmoet om ŉ ooreenkoms te probeer bereik. Dit was volgens Barnard (2017:113) noodsaaklik aangesien die militêre benadering nie ŉ blywende oplossing gebied het nie. Die land het ŉ politieke en staatkundige antwoord benodig.

Dit het enorme druk en insette uit die omgewing geverg om die NP-regering te oortuig om te aanvaar dat dialoog met die ANC die enigste en mees aanvaarbare uitweg was. Die voorafgaande het bevestig hoe desperaat die situasie vir Suid-Afrika was. Die internasionale venster van geleenthede het dit moontlik gemaak. Dialoog tussen twee uiteenlopende groeperings en wedersydse vyande in konflik met mekaar, was die enigste alternatief.

4.7.5 Die regering se interaksie met Mandela en die ANC

Die NP-regering het reeds in 1976 die eerste gesprek met Mandela gehad toe Kruger[39] Robbeneiland besoek het. Hy het Mandela 'n vermindering van tronkstraf aangebied, in ruil daarvoor dat Mandela in die Transkei, een van die tuislande, sou gaan bly. Mandela was nie te vinde vir die aanbod nie want dit sou legitimiteit aan die Transkei en die stelsel van apartheid gee (Waldmeir, 1997:90).

Die Suid-Afrikaanse regering onder P.W. Botha se leiding het in 1986 begin met gesprekke met mnr. Nelson Mandela terwyl hy in die tronk was. Die gesprekke is deur Nasionale Intelligensie behartig. Heunis (2007:61) is wel krities oor die betrokkenheid van dr. Niel Barnard, destydse hoof van die Nasionale Intelligensiediens, en beskou dit as onvanpas dat die opdrag en verantwoordelikheid aan Barnard as 'n staatsamptenaar gegee is: "... die kwessies aangaande Mandela, sy vrylating en die ontbanning van die ANC was beslis van 'n politieke aard." Volgens Welsh (2009:350) moes Barnard en NI vasstel of Mandela werklik 'n vreedsame oplossing wou vind vir die politieke probleme. Hulle moes ook deur dié interaksie 'n verbintenis kry tot die opskorting van die ANC se gewapende stryd.

Oor toegang tot Mandela en gesprek met die ANC was daar spanning in die leierskap van die NP. Chris Heunis, as Minister van Staatkundige Ontwikkeling, het aansoek gedoen om met Mandela gesprek te voer. Dit is nietemin verskeie kere deur minister Kobie Coetzee, Minister van Korrektiewe Dienste, van die hand gewys (Heunis, 2007:62). Hierdie spanning word verder bevestig deurdat daar teen senior amptenare van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling opgetree is oor interaksie met die ANC. Beide Fanie Cloete en Kobus Jordaan, amptenare van die departement wat kontak met die ANC probeer maak het, se veiligheidsklaring is teruggetrek (Heunis, 2007:68). Die gebeure word deur Waldmeir (1997:72) bevestig as dat Jordaan se klaring teruggetrek is nadat hy met die ANC in Lusaka vergader het. Esterhuyse (2012:79) bevestig bostaande gebeure, maar is van mening dat NI terselfdertyd ook gekant was teen die Departement van Buitelandse Sake, sowel as minister

[39] Jimmy Kruger was minister van Justisie, Polisie en Korrektiewe dienste.

Pik Botha se pogings. Volgens Cloete (2021a) is hulle hierna horisontaal binne die departement verskuif. Dit kom derhalwe voor asof NI die kaarte van gesprekvoering baie styf teen hulle bors gehou het.

Esterhuyse (2012:136) verduidelik later dat NI se uitgangspunt was dat die beplanning, voorbereiding en die aanvanklike begin van ŉ proses wat tot ŉ skikking sou lei, ŉ strategiese veiligheidskwessie was. Cloete (2021a) is van mening dat Barnard en NI breedweg die algemene strategie van die skakeling en interaksie met die ANC beheer het.

Bostaande spanning in die geledere van die kabinet, sowel as die optrede van NI, bevestig hoe sterk die houvas van die “sekurokrate” op die stelsel was. Staatkundige hervorming sou nie kon vorder in ŉ stelsel wat so streng beheer is nie. Dit blyk voorts dat verskillende staatsdepartemente bepaalde rolle probeer speel het in die proses en mekaar trouens in die wiele gery het. Die dilemma van verdeeldheid en beheer oor bronne in die stelsel sou waarskynlik vorentoe in die onderhandelde skikking al sterker na vore tree. Die gevolge van ŉ verdeelde politieke leierskap het reeds diep in die administrasie ingesypel.

P.W. Botha het volgens Waldmeir (1997:93) die mening gehuldig dat Mandela deel van die probleem, eerder as deel van die oplossing was. Botha wou Mandela uit die tronk hê omdat sy gevangeskap meer probleme vir die Nasionale Party en regering ingehou het as enige voordeel. In Januarie 1985 het Botha ŉ aanbod herhaal dat Mandela vrygelaat sou word, mits hy geweld onvoorwaardelik verwerp. Botha was redelik seker dat Mandela die aanbod sou aanvaar (Waldmeir, 1997:93). Die aanbod word nietemin op 10 Februarie 1985, tydens ŉ UDF byeenkoms, deur die Mandela-familie verwerp (Heunis, 2007:63; Leach, 1987:134).

In Maart 1989 het Mandela ŉ memorandum aan PW Botha gestuur waarin die ANC se gewapende stryd verdedig word. Hierin het hy veral uitgebrei oor die politieke dilemma van die tyd en hoe om die strewes van swart meerderheidsregering te versoen met wit vrese van swart oorheersing. Die voorwaardes waaronder die ANC geweld sou opskort indien die regering die struikelblokke tot onderhandelinge uit die weg sou ruim, sluit in die wettiging van die ANC, die vrylating van politieke gevangenes, die opheffing van die noodtoestand en die ontrekking van soldate uit die swart woongebiede (Waldmeir, 1997:104-105).

Op 5 Julie 1989 ontmoet Mandela vir P.W. Botha in Tuynhuys. Verskeie kwessies oor die algemene politieke situasie van die tyd word bespreek. Aan die einde van die gesprek het Mandela ŉ versoek gerig oor die vrylating van alle politieke gevangenes, waarop Botha volgens Waldmeir (1997:106) geantwoord het dat hy dit nie kon doen nie.

Daar is reeds aangetoon dat Mandela die simbool van verset in die stryd teen apartheid was. Dit blyk duidelik dat die NP-regering nie geweet het hoe om die dilemma te hanteer nie. Die vrylating van Mandela sou reeds ’n belangrike toegewing en simbool wees van die NP se voorneme om oplossings te soek. Vanuit die wit gemeenskap het die aandrang op die NP-regering om Mandela vry te laat al groter geword. Sou Mandela, ongeag omstandighede en oorsake, wel in die tyd in die tronk sterf, sou die gevolge katastrofies gewees het. Die NP het dus met ’n tikkende tydbom te make gehad.

Alhoewel Nasionale Intelligensie se eie interaksie met die ANC nog nie as deel van die onderhandelingsproses beskou was nie, het hulle in 1987 met prof. Willie Esterhuyse van die Universiteit van Stellenbosch gekommunikeer om gesprekke met die ANC te voer en terugvoer aan NI te gee. Prof. Esterhuyse was toe reeds besig met reëlings sodat ’n groep Afrikaners Europa sou besoek om met die ANC gesprek te voer. In Desember 1987 het prof. Esterhuyse inderdaad die eerste van ’n aantal gesprekke met Thabo Mbeki in Engeland gevoer (Esterhuyse, 2012:123; Waldmeir, 1997:75-76).

Alhoewel die voorafgaande gesprekke nooit aan die media bekendgemaak is nie, berig die Sunday Times op 1 Oktober 1989 oor ’n ontmoeting tussen die Afrikaner-Broederbond en ANC-leiers by ’n onbekende bestemming in Engeland. Dit het volgens Esterhuyse (2012:241) die Afrikanergespreksgenote genoop om duidelik te stel dat die gesprek nóg namens die regering, nóg namens die Afrikaner-Broederbond gevoer is. Dat heelwat van die deelnemers wel lede van die Afrikaner-Broederbond is of was, is wel belangrik. Ook die ANC moes op 3 Oktober 1989 ontken dat hulle met die Afrikaner-Broederbond gesprek voer. Mbeki moes die bewerings namens die ANC ontken. Volgens Esterhuyse (2012:243) het Mbeki baie gehad om te verloor in sy eie geledere, sou die persepsie ontstaan dat hy amptelik met die Afrikaner-Broederbond ontmoet.

Hierdie gesprek van 1989 volg nadat Mbeki reeds in 1986 met dr. Pieter de Lange, voorsitter van die AB, gesprek gevoer het. Die dilemma van erkenning van ’n ontmoeting met die Afrikaner-Broederbond sou wesenlik problematies wees vir beide kante. Die noue verhouding tussen die AB en die NP-regering is reeds in die studie uitgelig. Voorts het die AB as dinkskrum vir die NP-regering opgetree. Indien ’n ontmoeting tussen die ANC en die AB op daardie stadium bevestig sou word, sou dit waarskynlik bevestig het dat die AB, namens die regering, met vooronderhandelinge besig is. Dit was nie in enige van die twee opponerende kampe se belang dat sulke boodskappe na beide se ondersteunersbasisse versprei word nie.

Die regering se siening oor interaksie met die ANC het in 1989 aansienlik verander aangesien die Staatsveiligheidsraad in Augustus 1989 besluit het dat: “ondersoek ingestel moet word na die moontlikheid om amptelik onderhandelinge met die ANC aan te knoop” (Heunis, 2007:66). Die voorstel aan die Staatsveiligheidsraad (SVR), wat volgens Barnard (2017:19) noukeurig verwoord is, het voor die SVR gedien ’n dag na F.W. De Klerk se verkiesing tot Staatspresident. Volgens Waldmeir (1997:146) was die Nasionale Intelligensiediens nie seker of die nuwe president sou instem tot die proses nie, en daar is besluit om dit aan hom te stel as *fait accompli.*

Dit moes noodwendig volg dat Mandela en De Kerk, as nuwe president, ook moes ontmoet. Die ontmoeting vind plaas op 13 Desember 1989. Die memorandum wat Mandela vroeër in daardie jaar aan Botha gestuur het, dien as basis vir die gesprek. Tydens die gesprek het Mandela genoem dat die idee van groepsregte meer daartoe bydra om swart mense se vrese aan te wakker as om wit vrese te probeer besweer. Hieroor sou Mandela (soos aangehaal deur Waldmeir, 1997:150) in sy biografie skryf:

> *He (De Klerk) did not make any of the reforms with the intention of putting himself out of power. He made them for precisely the opposite reason: to ensure power for the Afrikaner in a new dispensation ... His goal was to create a system of power sharing, based on group rights, which would preserve a modified form of minority power in South Africa.*

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat Mandela toe reeds hewige teenkanting en bedenkinge gehad het oor groepsregte. Dat Mandela die kwessie reeds in sy eerste ontmoeting met De Klerk aanroer en sy bedenkinge op die wyse verwoord, moes reeds vir die NP gevaarligte laat flikker het. Groepsregte was ’n besondere gevaarteken vir die ANC en dit sou in die onderhandelinge duidelik blyk. Op grond hiervan moet gevra word of die NP-regering nie toe reeds moes besef het dat die NP nie die geskikte instrument was om Afrikaners se belange en veral groepsregte, by die onderhandelinge te probeer bevorder nie.

4.8 Die Nasionale Party neem die leiding en begin met hervormings

Uit die voorafgaande word dit duidelik gedemonstreer dat die NP met sy rug teen die muur was. Die stelsel was onstabiel en insette deur eise, beide uit die binneland en die buiteland, het druk laat toeneem. Daar moes dringende aanpassings en hervormings in die staatkundige bestel kom.

Welsh (2009:355) is in sy ontleding van die gebeure en aankondigings rondom 2 Februarie 1990 van mening dat De Klerk reeds in die vroeë 1980's daarvan oortuig geraak het dat apartheid misluk het. Die beleid se menslike koste het ondenkbaar hoog geraak en die beleid kon slegs deur dwang en konfrontasie toegepas word.

Pas nadat De Klerk president geword het, is hy en die kabinet deur NI tydens 'n dinkskrum in Phalaborwa ingelig oor die toedrag van sake op daardie tydstip. NI het in die voorligtingsessie as uitgangspunt voorgehou dat die probleme vele fasette gehad het; sosiaal-maatskaplik asook polities. Die uitdaging en gevaar was, volgens NI, dat die geweld en verset enige oomblik kon toeneem. Daarom was NI se uitgangspunt dat die onstabiliteit in die stelsel aangepak moes word: *"In search of stability not enemies"* (Mostert, 2022).

Volgens Waldmeir (1997:109) is De Klerk tot staatkundige hervorming gedwing deur 'n verskeidenheid faktore. Die gekombineerde kragte van die verloop van die geskiedenis, ekonomie, demografie, moraliteit, sanksies, en disinvestering, sportboikotte en die aansien van Nelson Mandela was van die belangrikstes.

Die aanloop tot belangrike aankondigings het begin met die verkiesing van De Klerk as leier van die Nasionale Party op 2 Februarie 1989. Dit gebeur in 'n tyd toe P.W. Botha desperaat aan die mag probeer vasklou het en as gevolg van gesondheidsredes gevra is om te bedank. De Klerk se politieke strategie was onbekend, maar volgens Stoffel Van der Merwe[40] het De Klerk by 'n byeenkoms van Afrikaners in 1988 gesê dat daar min opsies was, maar een daarvan was die noodsaak vir fundamentele grondwetlike en staatkundige veranderings (Welsh, 2009:356).

Hoe die wind sou waai en dat verandering sou volg word later in daardie jaar duideliker. Reeds op 15 Oktober 1989 word alle ANC-leiers, met die uitsondering van Nelson Mandela, vrygelaat. Hierdie was volgens Waldmeir (1997:140) 'n onomkeerbare stap onderweg na veranderings wat sou volg.

Tydens 'n bosberaad op 3 tot 5 Desember 1989 te d'Nyala naby Ellisras het die kabinet en 'n aantal adviseurs ernstig besin oor die stand van sake en die pad vorentoe. Daar is voorbereidingswerk gedoen vir die besluite wat op 2 Februarie 1990 aangekondig sou word.

[40] Op daardie stadium Minister van Inligting, die Uitsaaiwese en Filmindustrie.

Die bosberaad sou nie ’n gedetailleerde plan hê nie, maar die ontbanning van die ANC was ’n uitgemaakte saak (Waldmeir, 1997:142).

Volgens De Klerk (1998:179) het die besprekinge by die d’Nyala-bosberaad oorweging geskenk aan die risiko’s van staatkundige hervormings. De Klerk het die bosberaad volgens Waldmeir (1997:143-144) verlaat met sekerheid van gemoed oor wat sou volg. Hy het daarom subtiel begin om Westerse diplomate, joernaliste en selfs senior NP-rolspelers voor te berei. Volgens Van der Merwe (2021:6) is daar tydens die bosberaad oor ’n aantal kwessies gesprek gevoer en gedagtes is getoets. Daar is nie vaste besluite geneem nie.

Dat geweld van weerskante nie langer volgens De Klerk ’n opsie was nie, word duidelik toe hy senior polisieoffisiere in Januarie 1990 toespreek en verwys na die geweldsopsie wat nie tot ’n oorwinning sou lei nie, maar eerder tot verwoesting. *“For if this Armageddon takes place – and blood flows ankle deep in our streets and 4 or 5 million people lie dead – the problem will remain exactly the same as it was before the shooting started”* (Waldmeir, 1997:137).

Met die Staatsrede op 2 Februarie 1990 het F.W. De Klerk effektief ’n einde gebring aan baie jare se huiwering om met die nodige hervormings te begin. As deel van ’n pakket van staatkundige hervormings kondig hy aan dat die beperkings en verskonings uit die weg geruim word aangesien: “Feitlik alle leiers saamstem dat onderhandeling ’n sleutel is tot versoening, vrede en ’n nuwe regverdige bedeling” (De Klerk, 1991:52).

Die hervorming wat op daardie dag aangekondig word sluit in:

- Die ontbanning van die ANC, die PAC, SAKP en ’n aantal ander organisasies.
- Persone wat gevangenisstraf uitdien vanweë lidmaatskap van die organisasies word vrygelaat.
- Media-noodregulasies word geskrap.
- Beperkings op 33 organisasies ingevolge noodregulasies word geskrap.
- Die onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela, wat later sou plaasvind.

In sy afsluiting van die staatsrede en na die aankondigings oor hervorming, verklaar President F.W. De Klerk die regering se verbintenis tot onderhandeling:

> Met die stappe wat die Regering gedoen het, bewys hy sy goeie trou en is die tafel gedek vir verstandige leiers om te begin praat oor ’n nuwe bedeling, om langs die weg

> van dialoog en onderhandeling ’n verstandhouding te bereik. Die agenda is oop en die oorhoofse doelwitte wat ons nastreef, behoort vir alle redelike Suid-Afrikaners aanvaarbaar te wees. Daardie doelwitte sluit onder meer in 'n nuwe demokratiese grondwet; algemene stemreg; nie-oorheersing; gelyke beregting voor 'n onafhanklike regbank; beskerming van minderhede sowel as van individuele regte; vryheid van geloof; 'n gesonde ekonomie gegrond op bewese ekonomiese beginsels en bedryfsvryheid; dinamiese programme gerig op beter onderwys, gesondheidsdienste, behuising en maatskaplike omstandighede vir almal (De Klerk, 1991:52).

Met die aankondigings tot staatkundige hervorming word die vorige dekade se onsekerheid en trae pas met hervorming afgesluit. Die verwagtinge van ’n Rubicon-toespraak van 1985 sou eers in 1990 realiseer. Dat staatkundige veranderings moes plaasvind het niemand verras nie. Die wyse waarop De Klerk egter die aankondigings gemaak het, het vriend en vyand verras. Met die proses en die aankondigings kon De Klerk die morele hoë grond betree. Dit is nietemin ook belangrik om reeds daarop te let dat die veranderings nie in isolasie geskied het nie en dat die klimaat daarvoor reeds deur verskeie rolspelers, waaronder die AB, voorberei is.

4.9 Onderhandelinge begin

“Met die stappe wat die Regering gedoen het, bewys hy sy goeie trou en is die tafel gedek vir verstandige leiers om te begin praat oor ’n nuwe bedeling, om langs die weg van dialoog en onderhandeling ’n verstandhouding te bereik” (De Klerk, 1991:52).

Soveel rolspelers het in die voorafgaande jare kontak met die ANC bewerkstellig. Dit was duidelik dat onderhandelinge vir ’n nuwe bedeling moes plaasvind. Die ANC is as die hoofrolspeler aan die een kant van die konflik geïdentifiseer. Informele ontmoetings met die ANC is reeds deur NI onderneem. Met die aankondigings van De Klerk het die regering die inisiatief teruggeneem van die rolspelers buite die stelsel. Die regering was van voorneme om voortaan binne die stelsel te handel om veranderings teweeg te bring.

4.9.1 Die ANC, dialoog en die nuwe bedeling

Die ontbanning van die ANC in 1990 het die organisasie heeltemal onverhoeds betrap. Daar was drie duidelike faksies in die ANC wat verdere beheer wou uitoefen oor die onderhandelinge en die pad vorentoe. Die vrygelate gevangenes, meestal die ouer garde wat in beheer was voor die ANC se verbanning, diegene wat in selfopgelegde ballingskap was (*exiles*) en wat min indien enige ervaring van die binnelandse omgewing van Suid-Afrika

gehad het, en die interne aktiviste wat meestal onder die banier van die UDF die stryd gestry het en aan die brutale ontvangkant van die regime was (Waldmeir, 1997:163-164).

Reeds in 1988 het die ANC in sy veelfasettige strategie ’n dokument genaamd die *Harare Verklaring/Deklarasie* opgestel waarin die ANC se voorwaardes vir onderhandelinge uiteengesit word (Scholtz, 2022b:192; Welsh, 2009:371-378). Van die voorwaardes het ingesluit dat alle politieke gevangenes vrygelaat moes word: alle beperkinge op persone en organisasies moes geskrap word: alle soldate moes vanuit die swart gebiede onttrek word; die noodtoestand moes opgehef word; alle wetgewing wat politieke aktiwiteite reguleer moes opgehef word, en alle politieke verhore sowel as die uitvoering van die doodstraf moes gestaak word. Die Harare Verklaring word ook op 21 Augustus 1989 deur die Organisasies vir Afrika Eenheid bekragtig en deur die OAE bekend gemaak (Esterhuyse, 2012:115). Die OAE se ondersteuning vir die Harare Verklaring het dit, volgens Jeffery (2019:128), moontlik gemaak om in Oktober van dieselfde jaar die onderskrywing van die Statebond te verkry.

Soos aangedui moes die ANC reeds vanaf 1985 die moontlikheid van onderhandelinge oorweeg. Dit het gevolg na die Sowjetunie se afskaling van betrokkenheid by streekskonflikte. Die interaksie met verskeie rolspelers buite die regering was deel van die ANC en Mbeki se sjarme-offensief om die beter en meer aanvaarbare gesig van die ANC te wys.

4.9.2 Die vrylating van Mandela

Een van die fondamente vir die stryd teen apartheid was die veldtogte rondom die vrylating van Nelson Mandela, wat in 1964 tot lewenslange tronkstraf gevonnis is.

Die regering het verskeie kere vir Nelson Mandela vrylating aangebied op voorwaarde dat hy hom in die Transkei sou vestig aangesien hy ’n Xhosa is. Dit het hy telkens geweier omdat hy aangevoer het dat hy ’n Suid-Afrikaner is en nie ’n burger van Transkei nie (Leach, 1987:131).

Alhoewel Mandela se vrylating op 2 Februarie 1990 deur F.W. De Klerk aangekondig is, is die datum van die vrylating nie aangekondig nie. Op 9 Februarie 1990 is Mandela na Tuynhuys genooi waar hy deur De Klerk ingelig is dat hy vrygelaat sou word. Mandela wou nie hê die vrylating moes dadelik plaasvind nie en het ’n week versoek om die ANC die geleentheid te bied om die nodige reëlings vir die geleentheid te tref. Die regering wou Mandela in Johannesburg vrylaat maar hy het daarop aangedring om in die Kaap vrygelaat te word. Die aankondiging van Mandela se vrylating het vervolgens op Saterdag 10 Februarie 1990 plaasgevind. Op Sondag 11 Februarie 1990, om 16:16, het Mandela uit die tronk na sy vryheid gestap (Esterhuyse, 2012:270; Waldmeir, 1997:152-156).

4.9.3 Die onderhandelinge, fases en veronderstellings

Volgens Welsh (2009:367) het belangrike rolspelers aan beide kante van die politieke spektrum, die NP-regering en die ANC, begin besef dat nie een van die groepe se amptelike standpunte die oorhand moes kry nie. ’n Onderhandelde skikking was nodig en was onafwendbaar.

Oor wie by die onderhandelinge moes wees en wie verteenwoordig sou word, blyk dit uit De Klerk (1991:55) se sienswyse dat die politieke partye binne en buite die parlementêre stelsel sou deelneem. Vir ondersteuning van die NP-regering in onderhandeling is slegs een departement aangepas. Volgens De Klerk (1998:192) is die Departement van Staatkundige Ontwikkeling omskep in ’n instrument wat grondwetlike onderhandelinge kon aanvoor, bestuur en ondersteun, om hom met die onderhandelinge by te staan.

Oor die kwessie van net politieke partye by die onderhandelinge word later in die studie verder uitgebrei. Dit sou blyk ’n strategiese fout te gewees het, aangesien die NP-regering soveel belange moes verteenwoordig. Afrikanerbelange sou nie ’n prioriteit vir onderhandelaars wees nie. Dit moet ook bevraagteken word of net een departement ingerig kon word vir die doel van onderhandeling. Soveel staatsfunksies en aktiwiteite was ter sprake dat ’n ander en meer gekoördineerde benadering moontlik gevolg moes gewees het.

By Kodesa 1 is vyf werkgroepe met verteenwoordiging uit al die deelnemende politieke partye gevestig. Die werkgroepe sou die skepping van ’n gelyke politieke speelveld moes beskou; grondwetlike beginsels en ’n nuwe grondwet; ’n oorgangsbedeling totdat die nuwe grondwet in werking tree; die TBVC state en hulle demokratiese regte, en tydskale vir die implementering van die Kodesa ooreenkomste (Barnard, 2017:77; Welsh, 2009).
Dr. Gerrit Viljoen[41] is aan die begin van die onderhandelinge aangestel as die hoofonderhandelaar van die regering en die Nasionale Party se span. As gevolg van gesondheidsredes moes Viljoen as Minister van Konstitusionele Ontwikkeling bedank en uit die onderhandelinge tree (Waldmeir, 1997:200). Hierna is minister Roelf Meyer as die regering se hoofonderhandelaar aangestel.

Die onderhandelinge kon nie in isolasie plaasvind nie. Die formele vooronderhandelingsfase waarin partye toenadering tot mekaar vind sonder dat daar enige verpligting op enige party

[41] Voormalige voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (1974-1980).

rus, kon nou begin. Voordat formele onderhandelinge kon plaasvind moes struikelblokke nietemin eers uit die weg geruim word.

4.9.4 Ooreenkomste onderweg na onderhandelinge om struikelblokke uit die weg te ruim

Die ***Groote Schuur Minuut*** as ooreenkoms is gesluit na gesprekke wat van 2 tot 4 Mei 1990 plaasgevind het. Die ooreenkoms se bedoeling was nie om ooreenkomste oor grondwetlike kwessies te bereik nie, maar om juis die struikelblokke wat in die pad van ooreenkoms was, uit die weg te ruim. Een van die punte van ooreenkoms tussen beide partye was die verbintenis tot die beëindiging van die bestaande klimaat van geweld (De Klerk, 1998:199; Welsh, 2009:388-390).

Reeds voor die volgende byeenkoms wat op 6 Augustus 1990 in Pretoria sou plaasvind, het die ANC eensydig sy gewapende stryd opgeskort (Welsh, 2009:392).

Met ***Die Pretoria Minuut*** wat vrede sou bring en ’n klimaat skep vir onderhandelinge het die ANC die gewapende stryd opgeskort. In die ooreenkoms het die ANC volgens Welsh (2009:393-394) opnuut sy verbintenis tot die opheffing van die gewapende stryd herbevestig; beide party het onderneem om alles moontlik te doen om ’n vreedsame oplossing teweeg te bring, en ooreenkoms is bereik oor die vrylating van politieke gevangenes in fases en vrywaring van vervolging vir terugkerende bannelinge. ’n Belangrike kwessie waaroor ooreengekom is, was dat die regering en die ANC nie die enigste partye in die onderhandelinge is nie. Dit het die weg gebaan vir ander partye om tot die onderhandelinge toe te tree (De Klerk, 1998:204).

Die derde voorbereidende gesprek tussen die ANC en die regering het op 12 Februarie 1991 in Kaapstad plaasgevind. Die ***DF Malan Akkoord*** is na die gesprekke gesluit. Die akkoord het bevestig dat die ANC, met verwysing na Umkhonto we Sizwe, hulself sou weerhou van: aanvalle deur middel van wapens, vuurwapens, plofstof of ploftoestelle; infiltrasie van mense en materiale; die skepping van ondergrondse strukture; verklarings wat geweld aanhits; dreigemente van gewapende optredes, en militêre opleiding binne Suid-Afrika (Welsh, 2009:395). De Klerk was tevrede oor die ooreenkoms, maar het kommer uitgespreek oor die ANC se toepassing van en verbintenis tot die ooreenkoms (De Klerk, 1998:222).

’n ***Vredesooreenkoms*** wat voorsiening sou maak vir gedragskodes vir politieke partye, organisasies en die polisie; ’n Nasionale Vredesekretariaat met uitgebreide plaaslike vredeskomitees, is op 14 September 1991 deur 29 instellings waaronder die regering, die

ANC die IVP, vakbonde en andere onderteken. Een van die voorvereistes wat De Klerk (1998:234) gestel het, was dat die ANC hulle ondernemings waaroor met die DF Malan-Akkoord ooreengekom is, moes nakom. Die ANC het egter nie die Vredesooreenkoms volgens Jeffery (2019:157) as sodanig beskou as dat MK moes ontbind nie.

Selfs in die formele vooronderhandelingsfase was dit al duidelik hoe ingewikkeld die onderhandelinge self sou wees. Dat 'n klimaat eers geskep moes word waarbinne onderhandelinge gevoer kon word, is verstaanbaar. Na dekades van konflik moes die proses eers stabiliseer ten einde die gespreksvennote die geleentheid te gee om in wedersydse vertroue oor te gaan na onderhandeling. Reeds gevestigde strukture van beide kante wat by konflik en geweld betrokke was, moes bestuur word. In die vooronderhandelingsfase was dit onafwendbaar dat slegs die partye wat by konflik betrokke was, sou deelneem. Onderhandelinge wat hierna sou volg, het meer rolspelers geverg omdat soveel belange op die spel was.

4.9.5 Kodesa en veelparty onderhandelinge

Op 20 Desember 1991 kom 19 partye en administrasies byeen by die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark. Voorafgaande is 'n verklaring van voorneme deur 16 van die deelnemende partye onderteken, wat hulself verbind het tot 'n verenigde, demokratiese, nierassige en nieseksistiese staat waarin die soewereine gesag uitgeoefen word oor al Suid-Afrika se grondgebied (Welsh, 2009:433). Die negentien partye wat aan die eerste Kodesa onderhandelinge deelgeneem het, kan in twee groeperinge verdeel word. Eerstens was daar die partye wat as deel van die stelsel beskou kon word, naamlik die Suid-Afrikaanse regering, die NP, DP, IVP, en partye wat tradisioneel in die 1983-grondwetlike bedeling ook deel van die Raad van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes was, sowel as partye uit die tuislande en selfregerende gebiede. Die tweede groep partye kon beskou word as die "teenstelsel" of "*anti-system*" organisasies wat die ANC, SAKP sowel as die *"Natal and Transvaal Indian Congresses (which were represented as a single organisation"* was (Welsh, 2009:434). Slegs die Konserwatiewe Party en die PAC het nie deelgeneem aan die onderhandelinge nie. Die gevolg van die aard en samestelling van Kodesa1 was dat dit die Parlement as die vernaamste liggaam van die politieke omgewing vervang het (Welsh, 2009:439).

Die benadering sal later weer bespreek word, maar die onderhandelinge wat moes plaasvind, was nie net polities van aard nie. 'n Nuwe staatkundige bedeling, soos voorsien is, het 'n uitwerking op elke sfeer van die omgewing. Apartheid as een stelsel moes vervang word met 'n nuwe stelsel. Dit sou implikasies inhou vir baie lewensterreine, waaronder onderwys,

ekonomie, die regstelsel, kultuur en ander terreine. Dit was bloot logies dat die rolspelers binne die lewensterreine deel van onderhandelinge sou wees. Politieke partye dien meer hul eie belang as die belang van hulle ondersteuners. Net so kon die NP-regering ook nie optree as die onderhandelaar namens soveel belange wat ter sprake was nie.

Volgens Welsh (2009:423-425) het die Nasionale Party sy formele voorstelle in September 1991 aangekondig. Die voorstelle sou swaar steun op enkele gedagtes rondom 'n konsensussoekende model; magsdeling ten einde effektiewe beskerming aan minderhede te verleen; wigte en teenwigte as 'n wyse om meerderheidsregering te balanseer, en maksimum devolusie van mag.

Daar moet opnuut beklemtoon word dat die NP se voorstelle ter sprake wel belangrike voorstelle was. Soveel rolspelers is nietemin direk deur die voorstelle geaffekteer dat 'n ander, meer strategiese benadering waarskynlik beter uitkomste tot gevolg sou gehad het. Die onderhandelinge kon nie suiwer net in die hande van politici gelaat word nie. Daar sal later meer hieroor uitgebrei word.

Kodesa1 se breuk binne die werkgroepe het gedurende Mei 1992 plaasgevind. In wese het die breuk gehandel oor die instrument wat die tussentydse grondwet sou skryf (Welsh, 2009:447).

Die opening van die voltallige sitting van Kodesa 2 op 15 Mei 1992, is telkens uitgestel terwyl die werkgroepe nog onderling geworstel het. Gesprekke wou nie behoorlik op dreef kom in 'n reeds gespanne atmosfeer nie. Op 20 Junie 1992 het die ANC uit die onderhandelinge onttrek. Dit was net enkele dae na die Boipatong skietery waarin 48 mense dood is (De Klerk, 1998:257).

In die tydperk Junie tot September 1992, het Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa[42] ongeveer 43 keer vergader om struikelblokke te oorkom en onderhandelinge weer aan die gang te kry. (Waldmeir, 1997:214) Prof. Francois Venter[43] wat toe in die Departement Staatkundige Ontwikkeling werksaam was as regeringsadviseur, het voorstelle saamgestel wat die riglyne sou vorm van 'n oorgangsbedeling. Na kabinetsgoedkeuring word dit die voorstelle van die regering. Die voorstelle het afgewyk van die NP se aanvanklike voorstelle en toegewings is

[42] Informeel bekend as die kanaal; "*the channel*".

[43] Prof. Venter word later voorsitter van die Afrikanerbond (2000-2004).

gemaak om onderhandelinge weer aan die gang te kry. Heelwat later sou De Klerk Meyer se siening van demokrasie of niks nie, ondersteun (Waldmeir, 1997:215-216).

Die omvattende voorstelle het volgens Welsh (2009:457-458) weer stukrag aan onderhandelinge gegee, en 'n *Rekord van Verstandhouding* word op 26 September 1992 deur die Nasionale Party en die ANC onderteken. Die ooreenkoms het die Inkatha Vryheidsparty hewig ontstel aangesien dit Inkatha direk geraak het, byvoorbeeld beheer oor Inkatha-hostelle en dit het die dra van tradisionele wapens ingeperk (Waldmeir, 1997:216).

Dit is nietemin belangrik om daarop te let dat die *Rekord van Verstandhouding* die raamwerk geskep het waarbinne uitgebreide onderhandelinge kon plaasvind. As deel van die ooreenkoms is voorstelle aanvaar vir 'n demokraties verkose grondwetskrywende liggaam wat sou funksioneer binne ooreengekome grondwetlike beginsels en binne 'n ooreengekome tydsraamwerk, met voldoende beslegtingsmeganismes om dooiepunte uit die weg te ruim. Die grondwetskrywende liggaam sou as 'n tussentydse parlement optree, met 'n tussentydse Regering van Nasionale Eenheid; en voorsiening sou gedurende die oorgang gemaak word vir nasionale en streeksregerings, sowel as regsgegronde regte en vryhede (Welsh, 2009:463).

Met die raamwerk soos bo, is enige geleenthede vir die burgerlike samelewing om insette te lewer om instrumenteel deel van onderhandelinge te wees, uit die weg geruim. Dit sou voortaan slegs die politieke partye wees wat aan die uitgebreide onderhandelinge sou deelneem. Die kwessie van 'n elite skikking kan nou reeds ter sprake gebring word, aangesien soveel ekonomiese, geloofs-, maatskaplike, kulturele en ander belangegroepe uitgesluit is van die onderhandelinge. 'n Suiwer politieke basis van onderhandelinge het die potensiaal om een ideologie met 'n ander te vervang. Dit kan voorkom word deur die waardes van 'n breë gemeenskap te veranker in 'n grondwet indien die breë gemeenskap betrokke is by die opstel van die grondwet.

Op 6 Oktober 1992, enkele dae na die ondertekening van die Rekord van Verstandhouding, word die Concerned South Africans Group (COSAG) gestig. Onder leiding van die Inkatha Vryheidsparty was die Konserwatiewe Party, Afrikaner Volksunie, die Afrikaner Vryheidstigting en tuislandleiers van Bophuthatswana en Ciskei, deel van die groep. Hierdie groep het breedweg verskil van die rigting waarin onderhandelinge gevoer is en het aangedring op die afskaffing van Kodesa en die saamstel van 'n meer verteenwoordigende groep. Voorts is geëis dat die uitvoering van die Rekord van Verstandhouding gestaak word, asook dat Umkhonto We Sizwe, die ANC se gewapende vleuel, ontbind word (Welsh, 2009:465).

Die stukrag van onderhandelinge was nietemin sodanig dat dit nie meer gestaak kon word nie en daar is oorgegaan tot die finale onderhandelinge wat tot die tussentydse grondwet sou lei. Die COSAG-groep se aandrang op ’n meer verteenwoordigende groep moes waarskynlik reeds vroeër in die onderhandelinge ’n vereiste geword het. Dit sou op daardie tydstip ’n politieke skikking word net tussen die hoofpartye. Die hoofpartye het elkeen eie gevestigde belange wat bevorder moes word en daar was te veel op die spel om ander rolspelers te betrek.

4.9.6 Finale tussentydse grondwet (18 November 1993)

By die Veelparty Onderhandelingsforum (VPOF) – *Multiparty Negotiating Process (MPNP)* op 1 April 1993 was 26 partye en organisasies teenwoordig. Dit word allerweë beskou as die mees verteenwoordigende byeenkoms ooit in Suid-Afrika se geskiedenis. Die byeenkoms het ook die IVP, die Konserwatiewe Party, die Afrikaner Volksunie, die PAC en drie afvaardigings van tradisionele leiers ingesluit (Welsh, 2009:482).

> *At midnight on November 18, 1993 the new constitution was passed at the Word Trade Centre. That was the moment when white hands truly let go their 350-year grip on the baton of power* (Waldmeir, 1997:233).

Volgens De Klerk (1998:309) het die tussentydse grondwet: “die vermoë beliggaam om individuele en gemeenskapsregte te beskerm.” Dit sou gevolglik magsmisbruik verhoed en regsoewereiniteit sou gehandhaaf word.

In ’n evaluerende perspektief kan daar vandag anders gekyk word na die tussentydse grondwet wat die voorloper van die finale grondwet sou word. Apartheid en al die stelsels wat die ideologie tot uitvoering gebring het moes vervang word. In die studie, en wat tot dusver geëvalueer is, bestaan hieroor geen twyfel nie. ’n Nuwe stelsel moes in die plek daarvan ontwikkel word wat aan almal se verwagtinge en strewes kon voldoen. Nou reeds moet gevra word of die 2 Februarie 1990-hervormings wat aangekondig is en wat onafwendbaar was, vergesel was van ’n strategies bestuurde plan om ’n ordelike oorgang tussen stelsels te bewerkstellig? Onderhandelinge kon alleen binne ’n stabiele stelsel plaasvind. Onstabiliteit bring sy eie dinamika en kan onderhandelinge uiters negatief beïnvloed.

4.9.7 Geweld in die 1990’s en die druk op onderhandelinge

Selfs na die aankondiging van die staatkundige hervormings en die aanloop daartoe, asook gedurende onderhandelinge, was onstabiliteit van die staat steeds ’n faktor. Die onderlinge getwis en gevegte tussen die ANC en die IVP in Natal het voortgeduur. Dit het oral ’n impak

gehad. Die eerste van vele gevegte bars los in Sebokeng op 22 Julie 1990 en sowat 30 mense sterf (Waldmeir, 1997:177). Dit het spanning tussen verskillende politieke groepe in die aanloop tot die onderhandelinge en tydens onderhandelinge, verhoog en die gebeure soms ontwrig. Oorwegend swart en politieke geweld het nie opgehou na 2 Februarie 1990 nie. Volgens Barnard (2017:57) het statistiek daarop gedui dat 14 000 mense sedert middel 1990 toe onderhandelinge begin het, in politieke geweld gesterf het.

Selfs nadat onderhandelinge in 1990 begin het en die ondertekening van die *Groote Schuur Minuut* plaasgevind het, was ŉ faksie binne die ANC steeds daarop gerig om ondergrondse strukture te vestig en die land met geweld oor te neem. Operasie Vula was sedert 1987 in beplanning; selfs na vredesgesprekke in 1990 het Ronnie Kasrils en Mac Maharaj steeds voortgegaan met die vestiging van ondergrondse strukture. In Julie 1990 het die Veiligheidspolisie beslag gelê op onder andere wapens, plofstof, kleefmyne en elemente wat vir motorbomme gebruik kon word. Voorts is beslag gelê op kommunikasietoerusting en "dokumente en rekenaardrukstukke van sowat 4000 bladsye met uitgebreide planne vir ŉ gewelddadige oorname van die land" (Barnard, 2017:47). Maharaj (soos aangehaal deur Waldmeir, 1997:82), het in 1986 magtiging vir die operasie ontvang van die ANC-leier Oliver Tambo. Dit was reeds in die stadium toe dit begin duidelik raak het dat onderhandelinge met Pretoria ŉ toekomstige moontlikheid kon word. Dit kon in die onsekere fase ook beskou word as ŉ soort versekeringspolis, ingeval die onderhandelinge skeefloop (Waldmeir, 1997:82). Deur Operasie Vula is groot bedrae geld die land ingebring, volgens Jeffery (2019:93), en is geheime strukture gevestig, veral in die Durban omgewing.

Dit was op die stadium reeds duidelik dat beide kante in die konflik nie met integriteit gehandel het in die onderhandelingsfases nie. Dit het ernstige skending van vertroue tot gevolg gehad, onafwendbaar ook op onderhandelinge. Die vooronderhandelingsproses kon waarskynlik deur internasionale bemiddeling gehelp het om die konflik en die strukture aan beide kante behoorlik af te takel of te monitor. Onderhandelinge is onder tydsdruk en onderworpe aan ooreenkomste wat nie nagekom is nie, gevoer. Dit het bepaald ŉ uiters negatiewe gevolg gehad in onderhandelinge wat ter wille van onderhandelinge gevoer is; nie met behoorlike uitkomste as oogmerk nie.

Die bestaan van ŉ derde mag en aksies wat daarop gerig is om onstabiliteit in staatsinstellings teweeg te bring, was ŉ verdere faktor wat die onderhandelingsproses onder druk geplaas en by tye ontspoor het. Dae na die ondertekening van die Pretoria Minuut het Mandela teenoor De Klerk die bestaan van ŉ derde mag geopper. Die ANC het toenemend begin om politieke gevegte toe te skryf aan die bestaan van ŉ derde mag. *"The ANC believed that a "third force"*

of dissident security force members used violence to try to prevent the transfer of power" (Waldmeir, 1997:183).

In Julie 1991 moes De Klerk, in die sogenaamde Inkatha-gate skandaal, erken dat sy regering deur sy sekerheidsinstellings Inkatha-byeenkomste en Inkatha se vakbond Uwusa befonds het (Waldmeir, 1997:185). Veel later in Desember 1992 moes hy ook optree teen 23 senior offisiere in die Suid-Afrikaanse Weermag en hulle van hul pligte onthef oor hulle beweerde aandadigheid in sommige aktiwiteite.

'n Verdere terugslag was die moord op Chris Hani op 10 April 1993. Beide Mandela en De Klerk het besef dat die moord enorme implikasies vir Suid-Afrika kon inhou. Mandela is toegelaat om die aand op nasionale televisie te pleit vir kalmte (Waldmeir, 1997:223).

Dit was duidelik dat daar roeringe onder die oppervlak in beide die swart en die wit gemeenskappe was. In die swart gemeenskap het dit gelei tot onrus en bloedige geweld. Vele partye en staatsinstellings was in die konflik betrokke. In die wit gemeenskap is die onrus oor politieke verwikkelinge tot 'n groter mate by die stembus gedemonstreer. Die NP was onder druk, ook by die stembus, en die wit kiesers se steun vir hervormings moes getoets word. 'n Referendum was 'n strategiese opsie.

4.10 Die referendum – 1992

Op 17 Maart 1992 het die laaste wit referendum in Suid-Afrika plaasgevind. Die referendum is op 20 Februarie 1992 aangekondig. Dit volg 'n dag nadat die Nasionale Party die derde tussenverkiesing in Potchefstroom verloor het. In die voorafgaande tydperk het die NP ernstige verliese aan steun in ander tussenverkiesings getoon. Die Konserwatiewe Party, wat reeds 'n paar veilige setels by die NP afgeneem het, se veldtogte was geskoei daarop dat kiesers nie meer die hervormings steun nie.

Alhoewel daar aanvanklik groot steun was vir De Klerk se hervormings, het dit in die tydperk daarna geblyk dat kiesers se onsekerheid en gepaardgaande politieke weerstand by die stembus bevestig word. Op 22 Mei 1991 het die Konserwatiewe Party die Ladybrand-setel in die Vrystaat teenoor die Nasionale Party gewen met 6 276 stemme teenoor 5 018. 'n Paar maande later op 28 November 1991 is die Nasionale Party verder geskok met die uitslag van 'n tussenverkiesing in Virginia. Weer het die Konserwatiewe Party 'n setel van die Nasionale Party verower met 'n meerderheid van 3166 stemme. Met die afsterwe van Louis le Grange en die vakature wat gelaat is, was die Potchefstroomse tussenverkiesing op 19 Februarie

1992 die volgende groot toets vir die Nasionale Party. Die Nasionale Party was platgeslaan toe die Konserwatiewe Party hierdie setel by hom afneem met ’n meerderheid van 2 140 stemme. Die pil was nog bitterder deurdat die Nasionale Party dié setel in 1948 gewen het, en net ’n paar jaar tevore met die algemene verkiesing van 1989, nog ’n gesonde meerderheid van 1 580 stemme gehad het (Welsh, 2009:410-412).

Net ’n paar uur na die groot nederlaag in Potchefstroom kondig F.W. De Klerk die referendum op 20 Februarie 1992 aan. ’n Ongekende mobiliseringsveldtog het gevolg. Dit was ’n besliste strategiese skuif om stukrag te gee aan die hervormingsproses, sonder om by die stembus getoets te word. Volgens De Klerk (1998:247) is regeringslede reeds by die d’Nyala bosberaad in Desember 1989 oor ’n moontlike referendum gepols.

Op 17 Maart 1992 het wit Suid-Afrikaanse kiesers aan ’n referendum deelgeneem met die vraag om te beantwoord: “Ondersteun u die voortsetting van die hervormingsproses wat die Staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat op ’n nuwe grondwet deur onderhandeling gemik is?” Sowat 85% van wit kiesers het hul kruisie in die referendum getrek en van die 2,804,947 uitgebragte stemme het ’n oorweldigende meerderheid, 68,73% van die kiesers, “ja” gestem (Waldmeir (1997:199). Met hierdie mandaat kon veeleisende onderhandelinge voortgaan ten einde ’n nuwe demokratiese bedeling te vestig.

Daar was ’n verwagting dat wit kiesers ’n mening sou kon uitspreek oor die uitkoms van die onderhandelde skikking. Hieroor sê Giliomee: “Die NP het ook beloof dat indien die skikking te ver afwyk van die voorstelle vir magsdeling wat die NP op sy federale kongres van September 1992 aanvaar het, daar ’n tweede referendum gehou sou word. Ook hierdie belofte is nie nagekom nie” (Giliomee, 2017:4).

Met die 1992-referendum is daar wel in verskeie bronne verslag gedoen oor die vooruitsig en die belofte van 'n tweede referendum. De Klerk (soos aangehaal deur Giliomee, 2004:597) word op 31 Maart 1990 uit Die Burger aangehaal na ’n toespraak voor die Kaapse Persklub, dat: “die grondwetlike voorstelle op 'n grondwetlike wyse by die kiesers getoets [sal] word en net met hul toestemming sal 'n nuwe bedeling ingevoer word".

In ’n Besprekingsdokument van die AB in 1991 word die kwessie van ’n referendum oor finale goedkeuring van ’n onderhandelde grondwet ook indringend bespreek:

> Die Regering het reeds by herhaling die versekering gegee dat alvorens die nuwe grondwet geïmplementeer sal word, dit aan onder meer die blankes in 'n referendum vir

> goed- of afkeuring voorgelê sal word. President de Klerk het onlangs in ’n televisie onderhoud onderneem dat blankes oor ’n vetoreg sal beskik en indien hulle die grondwet afkeur, sal daar weer vanaf meet onderhandel word. Hierdie verbintenis mag mettertyd vir die Regering in ’n verleentheid plaas (Afrikaner-Broederbond, 1991b:20).

Toe De Klerk sy gedagtes met ander NP-leiers toets, het Pik Botha volgens Esterhuyse (2012:293) gemeen ’n tweede referendum moes ook beloof word om die onderhandelde grondwet by kiesers te toets. Dit sou gevolglik: “’n soort vetoreg aan wit kiesers gee, iets waaroor sommige NP-ondersteuners sterk gevoel het.” Oudminister Barend Du Plessis bevestig ook in ’n onderhoud met die navorser dat ’n tweede referendum beloof is (Du Plessis, 2022).

Volgens Van Wyk (2021) was die 1991-referendum juis ’n poging om ondersteuning te kry vir die nuwe bedeling wat ’n waardige bestaan vir alle Suid-Afrikaners sou verseker. In ’n onderhoud deur die navorser met Van Wyk (2021) word bevestig dat ’n tweede referendum belowe is.

Hierdie kwessie word later in die studie bespreek. Wit kiesers moes met die referendum in Maart 1992 ’n geleentheid kry om in ’n referendum te toon of hulle hervorming steun. Dit was ook ’n morele standpunt wat kiesers met die ondersteuning van die hervorming uitgespreek het . Dit sou nietemin die laaste wit verkiesing in Suid-Afrika wees, en wit kiesers sou nie weer enige geleentheid kry om ondersteuning of voorbehoud uit te spreek oor die onderhandelinge of die uitkomste daarvan nie. Hierdie besluit sou deur politieke partye geneem word. Suid-Afrika het nou op die punt gestaan om die eerste demokratiese verkiesing te voer.

4.11 Die verkiesing op 27 April 1994

Negentien partye het aan die verkiesing op nasionale vlak deelgeneem en sewe het verteenwoordiging gekry. Altesaam het die ANC, NP en IVP meer as 93% van die stemme gekry, en 377 van die 400 setels in die Nasionale Vergadering (Welsh, 2009:540).

Volgens De Klerk (1998:351) het daar sowat 19,5 miljoen kiesers gestem. Hiervan was sowat 3 miljoen uit die wit bevolking, 2 miljoen bruin, nagenoeg 500 000 Indiër stemme en meer as 14 miljoen swart stemme.

Die uitslag van die eerste demokratiese verkiesing was volgens De Klerk (1998:353) soos volg: ANC 62.6%, Nasionale Party 20%, IVP 10,5%, Vryheidsfront 2,2% en Demokratiese

Party 1,7%. Alhoewel daar bedenkinge was oor die uitslag, is die verkiesingsuitslag algemeen aanvaar.

> *It was a quintessentially South African compromise. Rather than insisting on the principle that voting must be free and fair, they chose to take what they could get: an election that was manifestly flawed, but better than no election at all* (Waldmeir, 1997:261).

Hiermee is die apartheidshoofstuk finaal afgesluit. Die een stelsel het plek vir ŉ ander stelsel gemaak. Nuwe rolspelers het in die stelsel inbeweeg, wat nuwe vereistes en eise aan die stelsel sou stel. Die algehele omgewing moes nou aanpassings maak volgens die nuwe stelsel. Die bedeling ingevolge die tussentydse grondwet sou ŉ nuwe stelsel vestig binne ŉ nuwe en finale grondwet. Die kwessie rakende wit kiesers was nietemin nie heeltemal afgehandel nie.

4.12 Wit konserwatiewe optredes

In Mei 1993 is die Afrikaner Volksfront onder die leiding van genl. Constant Viljoen tot stand gebring. Onder sy leierskap is afsonderlike gesprekke met die ANC en Mandela gevoer. Die eerste ontmoeting met Mandela was op 12 Augustus 1993. Viljoen het die werklike vrese van konserwatiewe of behoudende Afrikaners onder die ANC se aandag gebring. Dit het ingesluit sake soos kultuur, geloof en taal (Waldmeir, 1997:239). Volgens Welsh (2009:506) het Mbeki se gesprekke en interaksie met Viljoen gespruit uit sy simpatie en empatie met Afrikaners.

In Desember 1993, slegs maande voor die verkiesing, het die ANC en die Afrikaner Volksfront aangekondig dat ŉ ooreenkoms oor ŉ volkstaat onderteken sou word. Die ooreenkoms was vaag en het in hoofsaak ŉ verklaring van voorneme bevat om ŉ oplossing vir die aandrang op ŉ volkstaat te vind. Viljoen moes egter op die dag van die ondertekening van die ooreenkoms onttrek. Dit het gevolg op onderhandelinge van ŉ groter groepering onder die naam Vryheidsalliansie. Dit het ingesluit die Afrikaner Volksfront, die Konserwatiewe Party, Inkatha, en regerings van Ciskei en Bophuthatswana, wat afsonderlik voortgegaan het met onderhandelinge wat op ŉ dooiepunt uitgeloop het. Die Volkstaat-akkoord is wel onderteken drie dae voor die verkiesing op 27 April 1994 (Waldmeir, 1997:240 - 250; Welsh, 2009:500-501).

Oor die akkoord en die onderhandelinge met Mbeki is Viljoen (soos aangehaal deur Welsh, 2009:514) van mening dat Mbeki se siening gevestig was binne die ANC se Vryheidsmanifes,

waarin verklaar word dat alle nasionale groepe gelyke regte het. Hiervolgens sou nasionale groepe geïnterpreteer word as etniese groepe. Op die basis het Mbeki aangedui dat etnisiteit as sodanig aanvaar word en 'n ooreenkoms is bereik dat groepsregte in die grondwet ingesluit sou word.

Terugskouend is dit inderdaad jammer dat meer tyd en aandag nie ook deur die NP aan die kwessie van Viljoen se geldige besorgdheid geskenk is nie. Afrikanerbelange is op die tydstip net deur Viljoen bevorder en dit was inderdaad op 'n laat stadium. Die breë raamwerk vir die tussentydse grondwet was toe reeds in plek en die ooreenkoms met Viljoen sou bloot in die Akkoord opgeneem word. Die stukrag van tydskale en gevestigde belange het die twee groot partye in onderhandelinge op ander kwessies laat fokus.

Die AWB se inval in Bophuthatswana op 11 Maart 1994 was 'n verdere demper in die aanloop tot die 1994-verkiesing. Die optrede van die AWB het genl. Viljoen oortuig om enige voorneme van gewapende weerstand teen die nuwe bedeling te laat vaar en aan die verkiesing deel te neem (Waldmeir, 1997:244-247; Welsh, 2009:513).

Buthelezi en die Inkatha Vryheidsparty was die laaste groepering wat tot die einde vasgeskop het teen enige deelname aan die nuwe bedeling. Buthelezi het van meet af daarop aangedring dat die nuwe Suid-Afrikaanse grondwetlike bestel op 'n federale stelsel geskoei moes wees. Daarvolgens sou Inkatha 'n goeie kans staan om Natal te regeer. Vir die ANC wat sterk sentralisties in benadering was, was Inkatha se eise 'n rooi vlag (Barnard, 2017:161). Teen Desember 1993 was daar steeds nie 'n oplossing nie en Inkatha se deelname aan die verkiesing was onseker. Sonder Buthelezi en die IVP sou 'n verkiesing nie in Natal kon plaasvind nie, wat op gewelddadige konflik sou afstuur. Die opruk van Inkatha impi's met tradisionele wapens na Shell House[44] op 28 Maart 1994 het gelei tot die dood van 8 lede van Inkatha deur veiligheidsbeamptes van die ANC. Die Suid-Afrikaanse Polisie is deur Mandela verbied om Shell House te deursoek. In die wydverspreide konflik tussen die ANC en Inkatha-ondersteuners is 53 mense gedood. Verskeie bemiddelingspogings om 'n oplossing in die geskil met die IVP te vind, het misluk. Met die bemiddeling van Washington Okumo van Kenia, net dae voor die verkiesing, kon 'n ooreenkoms wel bereik word. Op 19 April 1994 het Buthelezi en die Inkatha Vryheidsparty die laaste party geword wat deel van die verkiesing met deelname aan die nuwe bedeling sou word (Waldmeir, 1997:246-249; Welsh, 2009:516).

[44] Die ANC se hoofkantoor in Johannesburg.

Die laaste moontlikheid wat ook oorweeg en in gedagte gehou moet word was die moontlikheid van ’n staatsgreep. Alhoewel dit gekwalifiseer word, word genl. Viljoen aangehaal in ’n onderhoud met Lyman (2002:170-171):

> *My idea was not to start a new Anglo-Boer War with people joining in. My idea was to demarcate, like the UDI [Unilateral Declaration of Independence in Rhodesia /Zimbabwe], a certain area say the Eastern Transvaal, and say to the negotiating persons, ‘look here, you either demarcate this into a Volkstaat for the Afrikaner, or if you attack us, we will resist. We’re not going to attack you.*

Volgens Welsh (2009:503) het Viljoen die moontlikheid van ’n staatsgreep oorweeg op grond van die moontlikheid dat hy sowat 50 000-100 000 manskappe bymekaar sou kon kry uit staandemag- en burgermag-eenhede wat kon aansluit. Dit word ook deur Giliomee (2004:607), wat die moontlikheid noem dat Viljoen moontlik in staat kon wees om De Klerk te verwyder, die verkiesing te ontwrig en van voor af met onderhandelinge te begin.

Genl. George Meiring[45] het die regering en die ANC (Giliomee, 2004:607) gewaarsku dat, indien Viljoen se planne sou realiseer, daar bloedige gevolge kon wees. Viljoen het voor die ondertekening van die Akkoord en met die herhaalde uitstel van die ondertekening gedreig dat indien die Akkoord nie voor 23 April 1994 deur die ANC en regering geteken is nie, hy uit die verkiesing sou onttrek en oorlog maak (Welsh, 2009:554).

Die besorgdheid van Viljoen en die IVP asook dringende haas om voor die verkiesing geldige besware af te handel het ernstige gevolge ingehou. Die onderhandelaars het deur onmoontlike tydskale en kompromieë wat buite die formele onderhandelinge aangegaan is, nie in die beste belang van ’n groot groep Suid-Afrikaners opgetree nie. In die tydperk sedert die formele aankondigings op 2 Februarie 1990 het die NP die stukrag en eienaarskap van die proses verloor. Die NP kon met behoorlike strategiese beplanning en dominansie van onderhandelinge, en vanuit ’n posisie van mag, moontlik sterkter standpunte ingeneem het.

4.13 Die siening dat die NP-regering nog ’n tyd lank kon uithou

Die stelling word voortdurend gemaak dat die tyd vir verandering te gou was, dat die Nasionale Party nog lank kon uithou, en dat omstandighede nie gunstig was nie. Die siening is ook dat die Nasionale Party kon uithou aangesien hy al die mag gehad het. Waldmeir (1997:53)

[45] Hoof van die SA Weermag.

verwys na prof. Pieter de Lange wat sê: “Met brutale mag kon die Afrikaner nog steeds aan die bewind vasgehou het tot vroeg in die volgende eeu, maar dit was beslis nie die koste van ekonomiese vernietiging werd nie.” ‘

De Klerk (soos aangehaal deur Waldmeir, 1997:273) het in ’n onderhoud met die joernalis ’n jaar na die 1994 verkiesing gesê: “Ons kon aan die mag vasgehou het vir nog vyf na tien jaar, ek kon president gebly het tot die einde van my politieke loopbaan ... “Maar dit sou ’n pad na absolute verwoesting gewees het.”

By die Afrikanerbond se Bondsraad in 2015 sê De Klerk (2015:1-2) dat, om aan mag vas te klou vir nog 15-20 jaar, nie ’n opsie was nie. Suid-Afrika sou al meer geïsoleerd geraak het, die ekonomie sou lamgelê wees, ons sou meer diensplig moes hê om die grense en die binneland te beskerm.

Die Suid-Afrikaanse Weermag het volgens Welsh (2009:248) die siening gehuldig dat die konflik 20% militêr en 80% polities, psigologies en ekonomies was. Hiervolgens het die weermag hulle taak beskou as die voorhou van ’n skild om stabiliteit te handhaaf tydens die oorgang na ’n vreedsame politieke skikking. Hierdie siening word deurgaans bevestig en weerspieël die siening dat die sekerheidsmagte as magshefboom gedurende onderhandelinge voorgehou kon word. Die weermag se siening dat die staat tyd gegee moes word om planne te maak word bevestig deur Meiring (2013:8), maar die veranderinge het ook tot weerstand gelei. In ’n onderhoud met De Lange (2006:30) meld hy die verskillende dinkskrums wat die Afrikaner-Broederbond gehou het waarby senior lede van die weermag betrokke was. Hiervolgens word bevestig dat die weermag die politici ’n kans wou gee om die probleem op te los: “Hulle is suiwer besig om te verhoed dat hier ’n militêre of staatsgreep plaasvind sodat die politici die politieke probleme kan oplos.”

Slabbert (2006:22) bevestig dat senior militêre personeel geweet het ’n beleidsverandering moes kom en dat daar nie ’n militêre oplossing was nie; ’n politieke oplossing moes gevind word. Die omvang van 2 Februarie 1990 se veranderinge en die gebrekkige voorafgaande oorlegpleging het die veiligheidstrukture nietemin onverhoeds betrap.

Voorts word verwys na die rol van Nasionale Intelligensie in die ontmoetings met die ANC. Barnard (soos aangehaal deur Welsh, 2009:251) het gesê dat NI sedert die vroeë 1980’s die regering geadviseer het dat: *“there was no answer in trying to fight it out.”* Hierdie siening word deur Mostert (2022) beaam met die siening dat Nasionale Intelligensie reeds in 1985 die

standpunt gehuldig het dat die ANC deel moes wees van enige politieke skikking en dat die weermag die strukture en stelsel in stand moes hou.

Dit blyk derhalwe uit die voorafgaande dat die NP-regering deur die “sekurokrate” in die stelsel tyd gegee is om ’n oplossing te vind. Die bedreiging was nie soseer geleë in die weerstand teen verandering nie, maar in die wyse hoe verandering plaasgevind het. Deur beter strategiese bestuur en met oorlegpleging van rolspelers kon die NP-regering waarskynlik self ’n beter uitkoms beding het.

4.14 Samevatting

Binne die algehele stelsel word onderskei tussen die interne gemeenskapsomgewing en die eksterne gemeenskapsomgewing, wat almal rolspelers was in die stryd teen die politieke orde in Suid-Afrika in sy toepassing van apartheid. Die sosiaal-maatskaplike en ekonomiese stelsels in Suid-Afrika was veral onder druk met opbouende weerstand wat bepaalde stelselonstabiliteit tot gevolg gehad het. In die eksterne gemeenskapsomgewing het internasionale politieke stelsels sowel as internasionale ekonomiese stelsels toenemend begin bydra tot die internasionale isolasie van Suid-Afrika. Dit het gelei tot groter onstabiliteit in die stelsel.

In die voorafgaande afdelings is die gevolge van die stryd teen apartheid oorsigtelik bespreek. Dit is veral duidelik dat daar ernstige binnelandse onstabiliteit geheers het met terreur, opstande en veral ook voortstuwende massa-aksie. Dit is duidelik dat, wat die binneland aanbetref, die weermag en Nasionale Intelligensie veral die mening gehuldig het dat ’n polities-staatkundige oplossing gesoek moes word. Dit was gevolglik in die hande van die regerende Nasionale Party om ’n oplossing te soek wat volhoubare stabiliteit kon bring. Deur noodtoestande en die verbanning van organisasies is die probleem nie oorkom nie. Dit het bloot gelei tot ondergrondse bewegings en die versterking van die ANC se hand.

Die skrapping van apartheidwetgewing alleen was nie meer genoeg nie en die probleem is net vererger. Die totstandkoming van die driekamer-parlement was hoogstens ’n tydelike oplossing en het trouens gelei tot groter spanning en die groter blootstelling van die UDF in die binneland.
In die venster van geleentheid met die val van die Berlynse muur en kommunisme kon die Nasionale Party en F.W. de Klerk hoogstens tydelik die morele hoë grond beklee. Dit het die ruimte geskep vir die 2 Februarie 1990-aankondigings. Uit die bostaande is dit duidelik dat veranderinge moes kom vanweë toenemende druk in die stelsel:

- Die internasionale druk wat deur sanksies en isolasie teweeggebring is.
- Die ekonomiese onvolhoubaarheid van apartheid.
- Die demografie en verstedeliking, wat die teenoorgestelde effek gehad het as wat met die tuislandbeleid beoog is.
- Die ANC se toenemend internasionale invloed en ondersteuning en die morele hoë grond wat hulle daardeur beklee het.
- Binnelandse opstande en toenemende onstabiliteit om die land onregeerbaar te maak.
- Al meer druk vanuit wit en Afrikanergeledere, waaronder die Afrikaner-Broederbond en ander Afrikaner intellektuele.
- 'n Toenemende besef dat die apartheidstelsel met onreg en onmenslikheid gepaard gegaan het.

Dat swart protes teen die stelsel 'n bepaalde rol gespeel het, word deur prof. De Lange aangetoon in sy Bondsrede in 1993:

> Die wat oor eeue van formele mag uitgesluit was, het die 'Struggle' ontwikkel as metode om formele staatsmag te bekom. In die proses het hulle alternatiewe magsbasisse geskep: stakings, boikotte, protesoptogte, ontreddering van die normale lewensvloei van stede, verset teen die sogenaamde eensydige rekonstruksie, en die oorgangsforums. Die proses het ook 'n groot strategiese fout ingesluit en dit is naamlik om die jeug intiem te betrek by die geweldskant van die 'Struggle' met die haas onafwendbare vernietiging van volwasse gesag (De Lange, 1993:3).

Wat ook reeds duidelik geblyk het, is dat die 2 Februarie 1990-toespraak en aankondigings 'n onomkeerbare momentum van sy eie gehad het. Daarna het prosesse en gebeure plaasgevind wat nie meer gestuit kon word nie.

Hierdie navorsing se fokus eindig by, en is beperk tot die laaste wit referendum van 17 Maart 1992. Die onderhandelinge daarna en die uitkomste daarvan verg verdere diepgaande navorsing. Die Afrikaner-Broederbond as 'n rolspeler van verandering wat insette tot die stelsel gelewer het, se rol en invloed eindig met die laaste referendum. Aangesien die Afrikaner-Broederbond nie 'n spesifieke rol en plek in die onderhandelinge gehad het nie, kan die proses nie daarvolgens geëvalueer word nie.

Die rol van die Afrikaner-Broederbond as ’n vertroulike belange-organisasie wat opreg bekommerd was oor die Afrikanerbelang in ’n toenemend onstabiele stelsel, word vervolgens bespreek. Die Afrikaner se bestaansvoorwaardes in ’n nuwe bedeling het daartoe gelei dat die AB in 1986 staatkundige voorstelle gemaak het. In Hoofstuk 5 word die bevraagtekening van die stelsel voortgesit, maar die rol van die Afrikaner-Broederbond word verder ondersoek. Dit word gebaseer op die spesifieke voorstelle in die ***Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner***-dokument van 1986. Die verdere voorstelle deur ander kritiese dokumente wat voortbou op die BSV-dokument sal voorts bespreek word. Die voorstelle was die gevolg van die Afrikaner-Broederbond se betrokkenheid by die aktuele sake van die dag, die binnelandse onstabiliteit asook die ekonomiese omgewing, veral na die Rubicon-toespraak. Die grootste risiko sou wees om nie risiko’s te neem nie.

HOOFSTUK 5: DIE AFRIKANER-BROEDERBOND: POLITIEKE IDEOLOGIE EN STRATEGIESE VISIE

5.1 Inleiding

In die stelsel-analise se totale omgewing is daar verskeie rolspelers of deelnemers wat insette en eise tot die politieke stelsel maak. Deur die insette en eise word beleid beïnvloed. Met die oog op hierdie studie word politiek verbind met die stryd om mag waarin politieke partye hul bestaansreg vind, en dit vorm dit die basis vir die interpretasie van die politieke stelsel as die interaksie waardeur waardes gesaghebbend en met inbegrip van skaars middele vir 'n samelewing toebedeel word (Easton, 1965:21).

Volgens voorafgaande hoofstukke en bespreking van die stelsel-analise word stabiliteit verkry as die politieke stelsel in staat is om die landsburgers se sosio-ekonomiese omstandighede deur sy uitsette soos beleid, handelinge en praktiese stappe te verbeter of bevredigend kan hanteer. As 'n stelsel se veranderinge doelmatig en doelbewus bestuur word en eise in haalbare en realistiese uitsette omskep word, kan 'n bepaalde positiewe uitkoms ten opsigte van stabiliteit in die politieke stelsel bereik word.

Die Afrikaner-Broederbond se rol binne die voorbereiding van denke in Afrikanergeledere en beïnvloeding van die stelsel, met spesifieke verwysing na die Nasionale Party en regering, is metodologies ontwikkel en teoreties verklaar. Die teorie en die instrument van ontleding is gegrond op Easton se stelsel-analitiese benadering, wat besonder waardevol is vanuit 'n polities-staatkundige perspektief. Dit is binne dié stelsel-analise wat die AB se rol aan die inset- en uitsetkant in die hoofstuk verder bespreek sal word.

Wat die deelnemers of rolspelers aanbetref is dit belangrik om daarop te let hoe hulle deur insette en eise 'n impak of invloed mag hê op die ander rolspelers in die stelsel. Die rolspelers probeer in die uitkomste van die stelsel, deur die bepaling van beleid en ander uitsette, 'n direkte en bepalende invloed op die stelsel uitoefen. Wanneer die druk deur insette te groot raak verhoog dit die moontlikhede van onstabiliteit in die stelsel. Die onstabiele stelsel is op die studie van toepassing deur die krisis van die staatkundige bestel in die 1980's. Dit is binne die Suid-Afrikaanse stelsel waarin die Afrikaner-Broederbond, as rolspeler van verandering opgetree het. Dit sal verder in die hoofstuk toegelig word.

In die totale omgewing van die stelsel, soos in Hoofstuk 4 bespreek, is die krisis van die staatkundige bestel soos in die 1980's uiteengesit. In die totale omgewing is druk deur insette op die stelsel aangetoon.

Die Afrikaner-Broederbond is in Hoofstuk 2 as 'n vertroulike Afrikanerbelange-organisasie en 'n hoogs invloedryke rolspeler in die stelsel beskryf. (Sien Figuur 5.1 wat die stelsel-analise van toepassing maak op die AB, en die insette in die noue verhouding met die Nasionale Party.) Die noue verhouding en interaksie met die Nasionale Party is in Hoofstuk 3 bevestig. apartheid, en die gevolglike sosiaal-maatskaplike ingenieurswese wat deur die Nasionale Party in die stelsel uitgevoer is, is in die studie bespreek.

Die krisis van die staatkundige bestel was die direkte gevolg van internasionale druk deur ekonomiese sanksies en isolasie, sowel as binnelandse onstabiliteit deur geweld en terreur. Hierdie faktore het 'n invloed gehad op staatkundige veranderinge wat in 1990 deur die Nasionale Party begin is. Die gevolge van die insette, beide binnelands en internasionaal, was uiteindelik 'n hoogs onstabiele stelsel. Die staatkundige bestel moes drasties aangepas word ten einde aan swart politieke verwagtinge te kon voldoen.



Figuur 5-1: Die Stelsel-analise soos van toepassing op die AB in die verhouding met die NP

In hierdie hoofstuk sal die Afrikaner-Broederbond as Afrikanerbelange-organisasie se spesifieke rol en bydrae binne die stelsel uitgelig en bespreek word (sien figuur 5.1). Veral

aan die insetkant was die Afrikaner-Broederbond instrumenteel deur standpunte, beïnvloeding, dinkskrum vir die NP, en veral wedersydse interaksie. Hier word opnuut beklemtoon dat die meeste eerste ministers en lede van die kabinet lede van die AB was. Aan die uitsetkant het die Afrikaner-Broederbond (soos in Hoofstuk 3 uitgewys) opgetree as ’n dinkskrum en om veranderinge te toets, wat na die stelsel teruggevoer is.

Die dringende noodsaak aan veranderinge is in Hoofstuk 4 uitgelig, wat bevestig dat daar in die 1980’s al meer onstabiliteit was wat op sosiale, ekonomiese en politieke terreine van die stelsel ’n groot invloed gehad het.

Met die stelsel-analitiese model as vertrekpunt sal die Afrikaner-Broederbond vervolgens as ’n deelnemer of rolspeler in die stelsel beskou word; hoe insette gelewer is deur besprekingsdokumente wat die bestaande orde bevraagteken het en voorstelle gemaak het, wat die minimum voorwaardes vir die oorlewing van die Afrikaner in ’n veranderde omgewing ingesluit het.

In die tydperk was die Afrikaner-Broederbond direk gemoeid, nie soseer in die aktiewe politieke omgewing nie, maar op staatkundige terrein. Die hoofstuk sal verskillende fases in die proses behandel, vanaf die bevraagtekening van die stelsel, die groeiende frustrasie met ’n regering wat die noodsaak aan verandering besef maar dit nie kon deurvoer nie, die eerste dokumente wat ’n wesenlike breuk met die status quo van die tyd weerspieël, en daarna die verskillende voorstelle tot ’n aanvaarbare staatsbestel. Veral van belang is die rol wat die Afrikaner-Broederbond gespeel het om die klimaat te skep waarbinne Afrikaners die noodwendige veranderinge kon aanvaar en ondersteun.

Daar moet ook duidelik gestel word dat die omvang van die studie in werklikheid eindig met die 17 Maart 1992-referendum, aangesien die Afrikaner-Broederbond (AB) se rol op staatkundige terrein uitgespeel was. Toe reeds was onderhandelinge aan die gang waarby net politieke partye en politieke organisasies betrokke was.

Met die Afrikaner-Broederbond se dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* wat in Julie 1986 na lede gesirkuleer is, word die breuk met apartheid finaal bevestig. Hierin verbind die organisasie homself tot ’n proses van onderhandeling, gesprekvoering en dialoog ten einde ’n nuwe staatkundige bestel te vestig. As gevolg van die besondere verhouding met die regering en die Nasionale Party (soos in Hoofstuk 3 aangetoon is), het die Afrikaner-Broederbond ’n bepalende invloed gehad.

Die BSV-dokument het nietemin nie in isolasie die lig gesien nie. Dit was die gevolg van verskeie standpunte wat gestel is, en besprekingsdokumente waarin die toepassing van die beleid bevraagteken is.

5.2 Die AB bevraagteken die stelsel

Vir 'n groot deel van die laat 1970's en in die 1980's het die Afrikaner-Broederbond alternatiewe grondwetlike en staatkundige modelle bestudeer en beoordeel. Volgens Welsh (2009:201) se waarneming is daar reeds in 1977 tot die besef gekom dat die Kleurling- en Indiërminderhede politieke deelname en insluiting in die wit politieke stelsel moet ontvang en dat die Westminster-stelsel aangepas of gewysig moes word. Die Afrikaner-Broederbond het in die tydperk voorstelle gemaak ten gunste van verskillende verteenwoordigende liggame om die “eie sake” wat van belang was of spesifiek gerig was op die sake van elke groep, te behartig. Daar moes ook voorsiening gemaak word vir 'n gemeenskaplike stelsel vir gesamentlike besluite of sake wat al drie die groepe raak. Die klem was deurentyd steeds op wit belange wat beskerm moes word. Dieselfde voorstelle is ook in die Nasionale Party se 1977-verkiesingsveldtog geopper maar het toe nog nie tot uitvoering gekom nie. Trouens, dit kom volgens Zaaiman (2010:137) voor asof die Nasionale Party-regering in die laat 1970’s en vroeë 1980’s die Afrikaner-Broederbond op ’n syspoor geplaas het. Dit sou ook klop met die steun van die “sekurokrate” vir P.W. Botha, wat al meer toegeneem het.

Volgens Giliomee (2004:514) het Boshoff en Viljoen besprekings en pogings gelei om ’n moderne meesterplan vir afsonderlike ontwikkeling te ontwikkel. Dat daar ook wisselende denke in die Afrikaner-Broederbond was oor die stand van sake in die vroeë 1980’s blyk uit ’n besprekingsdokument van 1981: “Daar word sterk geargumenteer dat Swart politieke aansprake van binne en internasionale bedreiging van buite op die duur nie weerstaan sal kan word nie, tensy ingrypende verandering in die status quo aangebring word nie.” (Afrikaner-Broederbond, 1981:1) Die vertrekpunt was nietemin steeds dat afsonderlike swart state ’n essensiële voorvereiste was maar dan word gesê dat die konstitusionele model wat die beste sou werk gegewe die omstandighede “is ’n konfederasie wat uit soewerein onafhanklike state saamgestel is en wat formeel met mekaar saamwerk vir spesifieke doeleindes.” (Afrikaner-Broederbond, 1981:2)

Die vernuwende denke in die Afrikaner-Broederbond het volgens Welsh (2009:198) by dr. Gerrit Viljoen[46] begin. Alhoewel daar nie twyfel was oor die verbintenis tot nasionalisme, en

[46] Voorsitter van die Afrikaner-Broederbond 1974-1980.

aanvanklik ook vir afsonderlike ontwikkeling nie, het Viljoen daarteen gewaak dat nasionalisme verhef moes word tot Christelike waardes; afsonderlike ontwikkeling is nie as ideologie beskou nie, maar as 'n metode om die oorlewing van die Afrikaner te verseker.

Die siening is nie uit vae idealisme gebore nie. Die Afrikaner se oorlewing en voortbestaan was direk gekoppel aan die siening dat Afrikaners as 'n inheemse, aparte en selfstandige Westerse kultuurgemeenskap in Afrika teenwoordig is. Deur apartheid en die toepassing van afsonderlike ontwikkeling kon Afrikaners op grond van die 1966-siening van dr. Piet Meyer oorleef: "Dus, hoe suiwerder, hoe sterker, hoe meer selfbewus die Afrikanervolk op alle lewensterreine in Suid-Afrika optree, hoe beter sal dit met al die mensegroepe van ons land gaan, hoe veiliger is hulle toekoms" (Meyer, 1966:2).

Bogenoemde siening kon geldig wees vir beide die AB en die NP in die 1960's en vroeë 1970's. Die stelsel moes nietemin teen die agtergrond van die ondersoeke na veral die politieke verteenwoordiging van die bruinmense en die aanbevelings van die Theron-kommissie aangepak word. Hiervoor moes verteenwoordiging in die parlement vir bruin en Indiër kiesers moontlik gemaak word, wat grondwetlike wysigings tot gevolg gehad het. Dit het politieke gevolge vir beide die NP en die AB ingehou. Die AB het op die tydstip ondersteunend tot veranderinge opgetree.

Prof. Carel Boshoff[47] was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond in die tydperk toe ondersteuning gegee is vir die driekamer-parlementêre stelsel wat in 1983 gevestig is. Hy het as gevolg daarvan as voorsitter van die Afrikaner-Broederbond in Julie 1983 bedank, en later ook later as lid. Welsh (2009:200) is van mening dat prof. Boshoff se redes vir sy bedanking wel geoorloof kon wees aangesien die Afrikaner-Broederbond se uitgangspunt was om nie standpunt oor politieke kwessies in te neem wat sy lede kon verdeel nie. Volgens Theron (2021:2) was Boshoff se SABRA-standpunte en sy rol in die AB in konflik met mekaar. Boshoff se voortgesette SABRA-ondersteuning vir 'n vorm van afsonderlike ontwikkeling het nie by almal in die UR van die Afrikaner-Broederbond byval gevind nie.

Die siening strook ook met die agtergronddokumente oor hervorming in prof. De Lange se persoonlike dokumentebundel, en bevestig dat prof. Boshoff in die tydperk ter sprake voorsitter van beide SABRA en die Afrikaner-Broederbond was:

[47] Prof. Carel Boshoff was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond 1980-1983.

> Die meerderheidstandpunt binne die AB se Uitvoerende Raad het geneig tot 'n oplossing vir die konstitusionele probleme van die land in die rigting van 'n groter demokratisering binne 'n enkele land, terwyl die standpunt van die Uitvoerende Raad van SABRA geneig het tot die afskeiding, in ’n mindere of 'n meerdere mate, van 'n volkstaat vir die Afrikaners en ook volkstate vir elk van die ander bevolkingsgroepe. (Afrikaner-Broederbond, 1996:2)

Toe prof. Boshoff ’n keuse tussen die twee standpunte moes uitoefen het hy die SABRA-standpunt gekies en bedank uit die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond en later ook as lid van die Afrikaner-Broederbond.

Dat die hervormings reeds in die Afrikaner-Broederbond onder die leierskap van dr. Gerrit Viljoen stukrag gekry het word bevestig deur dr. Willem de Klerk:[48] “... aanvanklik was apartheid vir hom ’n enigste opsie, stap vir stap het hy reserwes uitgespreek oor sekere aspekte van apartheid, dit het ontwikkel tot ondervraging van apartheid; baie versigtig het dit gegroei tot die soek na alternatiewe vir apartheid.” (De Klerk, 1997:175) Later skryf De Klerk (1997:190): “... het die AB die profiel gekry van veranderingsagent.” Dit word ook soos volg verduidelik: “Dat die AB veranderingsagent geword het, is nie uitsluitlik aan Gerrit Viljoen te dankie nie, maar in beduidende mate het sy leiding nuwe leivore vir politieke denke binne die AB getrek.”

Volgens De Lange (soos aangehaal deur Du Preez, 2012:xxviii) het die Afrikaner-Broederbond in die laat 1970’s bedenkinge gehad oor apartheid en hy bevestig dat die Afrikaner-Broederbond ’n ferm standpunt gehad het ten gunste van ’n onderhandelde skikking in plaas van oorlog. De Lange sou by geleentheid in 1983 toe daar meningsverskil in die UR van die Afrikaner-Broederbond was, geleentheid aan elkeen bied om op te staan en sy posisie te verklaar. Twee uit agtien was gekant teen die gedagtes oor hervormings; die res was bereid om die pad wat risiko’s ingehou het, te loop. In die onderhoud wat die navorser met Theron (2021:2) gehad het, word bevestig dat De Lange se uitgangspunt deurentyd was dat die status quo nie gehandhaaf kon word nie.

Oor dié tydperk skryf De Klerk (1998:61) dat, gedurende die laat 1970’s en die hervormingsjare, die Broederbond en die Ruiterwag ’n belangrike rol gespeel het om meningsvormers te beïnvloed tot aanvaarding van hernuwings- en hervormingsidees.

[48] Lid van die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond.

As ’n Afrikanerbelange-organisasie het die AB hom bepaald met die belange van Afrikaners besig gehou. Veral die polities-staatkundige rol wat die AB gespeel het, was ’n belangrike fokusarea. Dit blyk uit die standpunte wat reeds gestel is dat die AB hom nooit uitsluitlik met kultuurtake bemoei het nie. Om die kultuurtaak aan die AB op te dra sou nie strook met die AB se eie taakstelling nie. Die interaksie met die Nasionale Party en die party leierskap het dit op ’n politieke basis in die burgerlike gemeenskap gevestig. Daarom moet die vraag reeds gevra word in wie se belang dit nodig was dat die AB ’n politieke taak en rol vervul het.

Dat die werklikhede van die staatsomgewing reeds deeglik deur die Afrikaner-Broederbond in die 1970’s verreken is, word bevestig in ’n toespraak deur dr. Viljoen by ’n Bondsraad[49] in 1976. Benewens die militêre en buitelandse bedreiging wat geskets is tesame met die situasie in Suid-Afrika se buurlande, is die binnelandse onstabiliteit met gepaardgaande onrus en die groepe deur wie onrus aangevuur is, ook breedvoerig aangedui. ’n Gedeelte van die toespraak handel oor die benarde ekonomiese situasie en die ongunstige buitelandse betalingsbalans: “In 1975 was ons tekort R1600 miljoen – tans ver oor die R2000 miljoen” (Viljoen, 1976:3). Later in die toespraak bevestig Viljoen die geskiedenis van politieke stabiliteit te midde van ’n veelvolkige land. Die regering se poging om stabiliteit deur die toepassing van wet en orde te verkry, word bevestig deur Viljoen: “Daar is groot agting vir ons vernuf om in beheer te bly.” (Viljoen, 1976:4) Hy bevestig dat die regering besin en debat voer oor staatkundige kwessies en stel dit aan die AB as ’n taak vir deelname aan ’n omvattende meesterplan, en die: “noodsaak van groter koördinering van ons breë staatkundige taktiek en strategie” (Viljoen, 1976:8). Opvallend in die toespraak is ook reeds die stille erkenning dat die tuislandbeleid en instromingsbeheer nie slaag nie, in sy verwysing na: “groot getalle swartes wat in die wit gebied woon en nog lank sal bly woon veral diegene wat verstedelik het moet verseker word dat lewensomstandighede menswaardig is: “ ... asook die reeds duidelik standpunt dat: “die swartes moet ’n vorm van selfverantwoordelikheid kry vir die handhaaf van interne wet en orde...” (Viljoen, 1976:9). In nog ’n taakstelling vir die Afrikaner-Broederbond tydens die Bondsrede maak hy die belangwekkende stelling dat apartheid die wittes bevoordeel as hy verwys na: “hersiening van wette of wetstoepassing wat lei tot selfsugtige bevoordeling van onsself ten koste van ander, bv. aspekte van die Groepsgebiedewet” (Viljoen, 1976:9).

Die AB se taakstelling tydens die Bondsraad dui daarop dat die AB se rol as dinkskrum daardeur bevestig is. Dit was nie ’n vreemde opdrag wat die AB-leierskap aan die organisasie

[49] Die Bondsraad is die hoogste gesagsliggaam van die Afrikaner-Broederbond.

en sy lede gee nie. Trouens, die rol word duideliker gedefinieer en omskryf binne die stelsel. Dit is in ooreenstemming met beide die insette sowel as die terugvoer tot die stelsel. As't ware hou die taakstelling van die AB soos omskryf in die 1976-Bondsraad direk verband met die regeerfunksie, met die verwysing na die "omvattende meesterplan" en die noodsaak van groter koördinering van "ons" breë staatkundige taktiek en strategie. Die "ons" in die standpunt kan net die Nasionale Party wees.

Twee jaar later maak Viljoen 'n volgende belangrike stelling in sy toespraak by die Afrikaner-Broederbond se Bondsraad op 3 Oktober 1978. Hy vra gedurende die Bondsrede of dit nie tyd is om sommige maatreëls krities te beskou nie, wat vir Afrikaners soms te selfbeskermend is of selfs bevoordelend, en om veral met meer billikheid teenoor ander op te tree? Hy stel die belangwekkende standpunt wat vir die tydsgees besonder uitdagend en selfs ook aanvegbaar kon wees, as hy sê dit is politieke leiers uit Afrikanergeledere wat die begrip van afsonderlike ontwikkeling, waarvan tuislande deel is, bekendgestel het; Afrikaner politieke leiers wat 'n grondwetlike oplossing wou vind vir die politieke belange van blank en bruin binne dieselfde staatsgebied, en dit sal Afrikaners wees: "wat vorentoe aan 'n bevredigende, doeltreffende staatsreëling sal moet bly werk om die politieke aspirasies van die swartes wat buite hulle tuislande verstedelik is, te akkommodeer" (Viljoen, 1978:6). In 'n latere verwysing plaas hy klem op Afrikaners se rol in die toekoms: "… om in ons verhoudings en onderhandelings met ander volksgroepe 'n vars, nuwe politieke styl van gesamentlike oorlegpleging, onderhandeling, oorreding, dialoog uit te bou ter vervanging van 'n uitgediende eensydige en paternalistiese styl van besluitneming oor en vir andere wat 'n anachronisme uit 'n verbygaande bedeling geword het" (Viljoen, 1978:6).

In 1978 en binne die bepaalde tydsgees onder die NP-leierskap van John Vorster, is dit reeds 'n dringende bevraagtekening van die polities-staatkundige orde, nie net van die toepassing op die ideologie van apartheid nie, maar bepaald ook die bevraagtekening van die grondwetlike bedeling. As 'n lid van die NP-regering betrek Viljoen die AB direk by die politieke stelsel. Dit is nietemin insiggewend dat hy verwys na die rol van die Afrikaners in die verlede asook die rol wat Afrikaners in die toekoms moes speel. Die NP kon sy Afrikaner-dinkskrum inspan om oplossings vir die rasvraagstuk van Suid-Afrika te help soek. Hiervoor was die AB op die tydstip uitnemend geskik. Die vertroulike aard en karakter van die AB, sowel as die politieke ingesteldheid en bewustheid, kon daarom die NP ondersteun met die beste denke beskikbaar in Afrikanergeledere.

Viljoen brei twee jaar later verder hierop uit in sy Bondsraadsrede in 1980, en skets die interne problematiek van Suid-Afrika se veelvolkigheid. Hy erken voorts dat die tuislandbeleid nie

suksesvol is nie, aangesien hulle nie onafhanklikheid wil aanvaar nie. Die problematiek word duideliker as hy verwys na swart verstedeliking en die politieke verwagtinge en strewes van die verstedelikte swartmense. Dit verg ŉ nuwe beleidsraamwerk wat nuwe denke na vore moet bring. Hy is krities oor die paternalistiese styl wat deur die regering voorgehou word en vra of ander groepe nie ook self besluite moet neem oor kulturele, morele en politieke beskermingsmaatreëls nie (Viljoen, 1980:4-6).

Met hierdie taakstellings wat Viljoen, as voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, reeds vanaf 1976 opper by verskillende Bondsrade, die belangrikste besluitnemingstruktuur van die Afrikaner-Broederbond, verwoord hy duidelik die taak en rol. Die taakstellings sou nie in isolasie plaasgevind het nie en was bes moontlik deel van die interne gesprekke in daardie tyd. As Afrikaner-dinkskrum en belangegroep en ŉ invloedryke rolspeler in die stelsel is die verpligting op die Afrikaner-Broederbond geplaas om deel te word van die soeke na oplossings. Dit sou nietemin nog ŉ paar jaar duur voordat die Afrikaner-Broederbond gerat sou wees om hieraan te voldoen.

Die NP het in 1983 met die driekamer-parlement ŉ stelsel ontwikkel wat sou kon voldoen aan die behoeftes van bruin en Indiër kiesers. Swart politieke verwagtinge kon egter nie binne die stelsel geakkommodeer word nie. Dit het bepaalde eise aan die stelsel gestel en verdere staatkundige hervormings was nodig. Die hervormings het nietemin op ŉ stadium stukrag verloor.

5.3 Frustrasie met PW Botha wat nie kon hervorm nie

Die momentum van veranderinge en hervormings was onstuitbaar. Waldmeir (1997:53) neem die momentum soos volg waar: Teen die middel 1980's het die Broederbond, Nasionale Intelligensie en die hele Afrikanermagsblok wat Afrikanerdom en apartheid in stand gehou het, begin om die Afrikaanse gemeenskap tot sy sinne te bring. Self die NG Kerk, volgens Waldmeir die mees konserwatiewe instelling van hoofstroom instellings, het in 1986 begin om homself versigtig los te maak van apartheid. *"At last, the Afrikaner nation was on the move"* (Waldmeir, 1997:53).

As kernrolspeler in die Afrikanerstelsel, was dit ook duidelik dat die Rubicon-toespraak (waarna in Hoofstuk 4 verwys is), ernstige spanning in Afrikanergeledere ontlok het. Esterhuyse (2012:38) is gevolglik van mening dat die denkskuif by verligte Afrikaners posgevat het en dat die van-binne-af strategie nie meer voldoende of selfs aanvaarbaar was

nie: “Botha is veral deur die intellektuele van die nuwe generasie Afrikaners beskou as deel van die apartheidsprobleem en nie as deelgenoot in die aftakeling daarvan nie.”

Die AB was in sy verhouding tot die NP in ’n besondere bevoorregte, maar ook invloedryke posisie. Die Uitvoerende Raad kon dikwels tap uit die voordeel van die verhouding en met die NP-leierskap gesprek voer. Dikwels kon bepaalde en spesifieke belange direk met die NP-regering in ’n gespreksomgewing plaasvind. Die vertroulike aard en karakter van die AB het die voordeel ingehou dat daar nooit oor die gesprekke en die inhoud verslag gedoen is nie. Die AB het nietemin sy strukture ingelig, daarom was AB-lede op ’n stil maar ingeligte wyse besig om hulle onderskeie omgewings te beïnvloed. Dikwels het die AB-leierskap ook lede se kommer en sieninge aan die NP-leierskap oorgedra en so is terugvoer in die stelsel gegee.

In ’n gesprek met die Uitvoerende Raad van die AB en P.W. Botha op 19 Februarie 1985 oor die verstedeliking van die swartman, is Botha van mening dat die Nasionale Party versigtig moes optree: “Die gees van revolusie in stede is ’n les wat ons moet leer. As ons nie van die situasie werk maak nie, gaan die verstedelikte Swartman in die revolusie op” (Notas van gesprek as bylaag tot Afrikaner-Broederbond, 1985g). In ’n latere gesprek tussen P.W. Botha en die Uitvoerende Raad sê Theron (2021:1), is die kwessie van nasionale diensplig en die impak daarvan op wit gesinne ook deeglik bespreek.

Tydens die vergadering van die Uitvoerende Raad op 3 en 4 Mei 1985 dien ’n memorandum as Bylaag J oor die Ontugwet en die verbod op Gemengde Huwelike (Afrikaner-Broederbond, 1985b), waarin die vraag gevra word of die “behoud van hierdie wette werklik betekenisvol is vir die Blanke se bestaanstryd” (Bylaag J (Die ontugwet en die verbod van Gemengde Huwelike) Afrikaner-Broederbond, 1985b).

In verskillende Afrikaner-strukture, meer bepaald by die AB, maar ook in staatsinstellings soos die Departement van Staatkundige Ontwikkeling, was daar volgens (Van Wyk, 2021) die hoop en verwagting dat daar beweging en stukrag sou kom. Dit was veral so nadat die opening van die Parlement in 1985 bepaalde verwagtinge geskep het. By Botha het nietemin onverwags ’n blokkasie of huiwering ontstaan. Daar was gevolglik nie verdere beweging nie.

Wit politiek was op die stadium uiters vloeibaar. Die NP het enkele jare tevore ’n skeuring beleef met die stigting van die Konserwatiewe Party. Die skeuring is wyd gevoel en het ’n effek op die kerk en die AB gehad. Die NP-leierskap, onder P.W. Botha wat met hervormings begin het wat aanleiding tot die skeuring gegee het, sou lugtig wees vir oorhaastige optrede. Veral sou enige optrede op toekomstige verkiesings en die impak op wit stemme gerig wees. Die

NP was op daardie tydstip vasgevang tussen enersyds wit politiek wat hervorming teengestaan het en andersyds die druk en eise op die stelsel. Internasionale druk was aan die toeneem.

Die AB het ook noukeurige inligting ontvang en kennis geneem van die druk op die stelsel, veral internasionale druk. Dit blyk uit ŉ verslag wat op 2 en 3 Augustus 1985, enkele dae voor die Rubicon-toespraak van 15 Augustus, by die AB gedien het. Die verslag *Die Internasionale Disinvesteringsaksie teen Suid-Afrika* bespreek in duidelike besonderhede die stand van buitelandse beleggings in Suid-Afrika asook disinvesteringsmaatreëls. Die aanbeveling word gemaak dat dringende optrede nodig is om komende Amerikaanse wetgewing en verdere sanksies te stuit (Bylaag tot Afrikaner-Broederbond, 1985h).

Die politieke omgewing en die stelsel waarbinne dit gefunksioneer het, het toenemend onstabiel geraak. Die eise en insette tot die stelsel het ongekende druk geplaas op die NP-regering om staatkundige hervormings binne die stelsel te maak. Die polities-staatkundige omgewing het nie voldoen aan die politieke verwagtinge van die swart gemeenskap in Suid-Afrika nie. *Groot apartheid* het tuislande vir swart etniese groeperinge van Suid-Afrika tot gevolg gehad, maar die stelsel het misluk. Al meer swartmense het in wit stede kom vestig en die demografiese werklikheid het die toepassing van *klein apartheid* onmoontlik gemaak. Daar was steeds nie ŉ stelsel wat kon voldoen aan die politieke verwagtinge van die swartmense wat verstedelik het nie.

By dieselfde UR-vergadering op 2-3 Augustus dien ook ŉ verslag van die AB se Komitee i.v.m. die Staatkundige Ontwikkeling van die Swartman, met die volgende uitgangspunt: “ŉ Staatkundige model moet gevind word waarin politieke magsdeling met swartmense gerealiseer kan word op so ŉ wyse dat dit oorheersing van een groep deur die ander, uitskakel en wat die verdere konflik tussen swart en wit vermy” (Bylaag tot Afrikaner-Broederbond, 1985h).

Weens bogenoemde was daar gevolglik ook in die AB die verwagting dat hervormings sou kom. Die Rubicon-toespraak van 15 Augustus 1985 is gevolglik ook vanuit die AB waargeneem. Die Rubicon-toespraak by die NP Kongres in Durban op 15 Augustus 1985 het nie aan die verwagtinge wat NP ampsdraers en senior regeringslede vooraf gehad het, voldoen nie (soos in Hoofstuk 5 verduidelik). Die impak op die internasionale terrein was enorm, met meer en kragtiger ekonomiese sanksies, en selfs Suid-Afrika se internasionale bondgenote kon nie langer die druk weerstaan om sanksies toe te pas nie.

Dat P.W. Botha wel die saak van hervorming aangeroer het is inderdaad so, maar die aanbieding en oordrag het verlore geraak as ŉ enkele paragraaf op bladsy 12 van 18: “Indien enige van die swart volkstate dus sou verkies om nie onafhanklikheid te aanvaar nie, sal sodanige state of gemeenskappe deel van die Suid-Afrikaanse nasie bly, is hulle Suid-Afrikaanse burgers en moet hulle in politieke instellings binne die grense van Suid-Afrika geakkommodeer word” (De Klerk, 1998:122).

Die strategiese oorhoofse rigting is kortliks in die toespraak geskets, maar die praktiese stappe wat daaruit moes spruit, het ontbreek. Dit sou die aard en tempo van hervormings bepaal het en sou ŉ ander dimensie aan die Rubicon-toespraak gegee het. Dit was ŉ verspeelde geleenheid met ernstige en nadelige gevolge.

Enkele maande na die Rubicon-toespraak, teen die agtergrond van die besondere kritiek wat uitgespreek is teenoor Botha en die Nasionale Party, sowel as die verslegtende binnelandse en buitelandse situasie, hou die Afrikaner-Broederbond weer op 11 Oktober 1985 ŉ Bondsraad. Prof Pieter de Lange sê by die geleentheid met verwysing na die verslegtende binnelandse situasie en swart onrus: “Die AB, die regering, die blanke kan hierdie kragte nie teëhou met Maginot-linies nie, dit wil sê verouderde strategieë” (De Lange, 1985:7). Hy het vervolgens gepleit dat, terwyl Afrikaners nog die inisiatief kon neem en terwyl Afrikaners nog die mag gehad het, daar na oplossings gesoek moes word. Die oplossings sou wees om te onderhandel en hierin het hy vir die AB ŉ taak gesien in die soeke na vryheid en geregtigheid vir almal, met behoud van geregtigheid vir Afrikaners: “Dit is vanselfsprekend ŉ saak vol risiko’s maar laat ons daarop bedag wees dat die grootste risiko is om geen risiko’s te neem nie” (De Lange, 1985:8).

Dié belangwekkende opmerkings sou die politieke sirkel voltooi. Sedert 1948 het Afrikaners in regering gelei en is die beleid van apartheid ontwikkel om Afrikaners te beskerm en hulle voortbestaan in Afrika te verseker. Afrikaners het die beleid begin bevraagteken en later ook hervormings begin bevorder. Dit sou ook Afrikaners moes wees wat die stelsel van apartheid aftakel en ŉ nuwe stelsel in die plek daarvan moes stel. Ook moes die stelsel met behoud van geregtigheid vir Afrikaners onderhandel word. Uit die perspektiewe en standpunte wat reeds voorafgaande gestel is, het dit voorgekom asof die tyd vir die soeke na oplossings min begin raak het. Op dié stadium het dit al hoe duideliker geraak dat oplossings nie in die NP gevind sou word nie.

Dat die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond deurgaans die situasie in die land bespreek en geëvalueer het aan die hand van insette deur voorleggings en voorstelle van

kundiges, word deur Theron (2021:2) bevestig. In die aanloop tot die politieke en staatkundige veranderinge en die opstel van die dokument *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* (BSV) was daar volgens 1Theron (2021) groot realisme by die UR oor die toedrag van sake in die land. Baie voorleggings is ontvang oor die ekonomie, die militêre situasie, die internasionale isolasie en veral ook interne bedreigings deur onrus en terreur. Die vraag volgens Theron (2021:2) was: "dus nie meer of daar veranderinge moes kom nie, maar hoe en wanneer?"

Volgens Dr Chris Stals[50] van die Reserwebank het hy die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond gereeld ingelig oor die ekonomie en die effek van sanksies. Onder andere is die stelling gemaak dat die ekonomie vir 40 miljoen mense in die apartheidstelsel nie deur 4 miljoen mense aan die gang gehou kon word nie (Stals (2013:10). Die effek van apartheid en internasionale isolasie was uiteraard 'n bron van kommer: "Suid-Afrika was bankrot in die sin dat ons nie meer buitelandse valuta gehad het ons buitelandse verpligtinge na te kom nie" Stals (2013:22). Daarvoor moes die skuldstilstand ingestel word, soos bevestig deur Du Plessis (2022) en 'n program moes onderhandel word om dit oor 12 jaar terug te betaal. Die druk op die begroting, met al groter verdedigingsuitgawes, was nie volhoubaar nie. Stals (2013:11) se boodskap aan die UR van die Afrikaner-Broederbond was dat die politiek in Suid-Afrika moes verander want die ekonomiese realiteite dwing ons daarnatoe.

Onder amptenare by die Departement van Staatkundige ontwikkeling het ook frustrasie geheers oor die stadige pas van hervorming deur P.W. Botha en die Nasionale Party. Na die Rubicon-fiasko was daar volgens Van Wyk (2021) 'n doelbewuste strategie om die hervormingsagenda deur die Afrikaner-Broederbond te laat dryf.

In die UR van die Afrikaner-Broederbond was daar volgens Van Wyk (2021) druk bespreking oor die kwessie en een van die UR lede het pertinent gevra wat die "*bottom line*" is as ons hervormings wou kry. Hieruit is die staatkunde-komitee getaak om die minimum bestaansvoorwaardes te ontwikkel.

Dat daar in die tyd met die opstel en finalisering van die BSV-dokument 'n gees van frustrasie geheers het, word bevestig deur (Van Deventer, 2021:5), wat ook teleurstelling uitspreek dat die regering nie vinniger met hervormings gevorder het nie.

[50] Dr. Chris Stals dien as Goewerneur van die SA Reserwebank van 8 Augustus 1989 tot 7 Augustus 1999.

Die Afrikaner-Broederbond se bevraagtekening van apartheid en soeke na oplossings het aan die organisasie, volgens Knecht (2008:62), die rol gebied om ’n agent van verandering te word in die demokratiseringsfase van Suid-Afrika. Die Rubicon-toespraak het nie aan verwagtinge voldoen nie en ekonomiese en ander omgewingsrealiteite en eise aan die stelsel het ander en dringende aanpassings geverg. Dit is in dié klimaat dat die AB as ’n rolspeler tot die stelsel toegetree het met die ontwikkeling van voorstelle.

5.4 ’n Oorsigtelike siening oor die AB se rol om leiding te neem met die onwikkeling van voorstelle

In ’n bespreking oor Afrikanerskap en hoe ’n Afrikaner omskryf word, tydens die UR vergadering van 17-19 Januarie 1985 word ’n Afrikaner soos volg gedefinieer: “Die Afrikaner is ’n Blanke wat Afrikaans praat en ’n Christelike lewensbeskouing het soos in die Calvinisme na vore kom” (1Afrikaner-Broederbond, 1985d). Dit was vir dié Afrikaners, soos gekonseptualiseer, dat bestaansvoorwaardes ontwikkel moes word.

Uit die voorafgaande besprekings is dit duidelik dat die AB reeds besonder verstrengel was in die politieke stelsel. Sy intense betrokkenheid in die polities-staatkundige omgewing het die organisasie besondere invloed laat uitoefen. Deur sy vertroulike werkswyse kon daar openhartig besin word oor die vraagstukke van die dag. Sy verweefdheid met die Nasionale Party het die organisasie in ’n besondere posisie geplaas vir die taak wat nodig was om opnuut stukrag te gee aan staatkundige hervormings.

Tydens ’n vergadering van die Uitvoerende Raad gehou op 17-19 Januarie 1985, word weer besin oor die “staatkundige ontwikkeling van die swartman”. Gevolglik word ’n komitee saamgestel om swart plaaslike owerhede, burgerskap en nasionaliteite, ’n beraad en gesprekstrukture, ’n verstedelikingstrategie, en die ontwikkeling van ’n bevolkingsbeleid te ondersoek (Afrikaner-Broederbond, 1985d:3).

Die Afrikaner-Broederbond was volgens Waldmeir (1997:52) ’n geheime geleikanaal na die elite Afrikaner, en dit sou nodig wees om Afrikaners se denke positief te beïnvloed oor staatkundige kwessies. Prof. Pieter de Lange sou die kanaal gebruik om verandering te bewerkstellig.

Staatkundige hervormings sou op daardie stadium volgens Scholtz (2022a:3): “nie met die tradisionele apartheidsbenadering opgelos kon word nie. Iets heeltemal nuuts was nodig.” Alhoewel die hervormings eers later in die dekade sou volg, was ’n katalisator vanuit die

Afrikaner establishment nodig. Die prosesse wat in die Afrikaner-Broederbond ontketen is, het hierdie funksie vervul.

Indien Afrikaners nie voorbereid was op die veranderinge wat moes kom na aanleiding van die rol wat die Afrikaner-Broederbond moes speel nie, sou die dobbelspel met hervormings nie kon slaag nie (Waldmeir, 1997:52).

In die Afrikaner-Broederbond is Aksie86 in 1986 van stapel gestuur. Dit was ’n “teenrevolusionêre aksie in die sin dat dit gematigdes bymekaar wou bring om onderlinge vertroue, ’n gemeenskaplike basis vir aksie vorentoe te skep en om ook mee te werk aan die ophef van die omstandighede wat die voedingsbodem vir revolusionêre optrede was” (Afrikaner-Broederbond, 1996:5).

Volgens Matisonn (2015:215) was die Afrikaner-Broederbond in Januarie 1987 reeds intern besig met gesprekke oor ’n onderhandelde skikking, wat uitgeloop het op ’n dinkskrum in die volgende maand.

Op 7 Februarie 1987 vind ’n besonder belangrike dinkskrum in die Afrikaner-Broederbond in verband met staatkundige ontwikkeling plaas. Van die temas wat by die dinkskrum hanteer sou word, sluit in: die proses van staatkundige ontwikkeling; konfederasie, federasie en ander staatkundige modelle; die positiewe en negatiewe kenmerke van die 1983-grondwet, en verskeie ander temas waaronder ook die rol van ’n regering ten opsigte van ’n onderhandelde skikking (Esterhuyse, 2012:26; Moodie, 2012). (Sien die latere verwysing in Hoofstuk 5 oor die dinkskrum.)

In Junie 1988, by ’n Bondsraad met temas soos erfenis, ekonomie en staatkunde, spreek De Lange die Bondsraad toe en stel die volgende keuse vir Afrikaners: “om in totale armoede te leef met ’n klein elite wat ’n hoë lewenspeil met geweld handhaaf, of: die skep van ’n samelewing waarin ‘reg en geregtigheid, voorspoed en verdraagsaamheid, individuele en groepsregte, vryheid van spraak, assosiasie en geloof binne ’n demokratiese bestel werklikheid word’” (De Lange, 1988:4). Hy verduidelik verder in die toespraak twee opsies wat albei geweld sou ontketen. Eerstens, wat mag in die hande van ’n klein minderheid laat en tweedens die wenner-vat-alles benadering. Dit blyk dus hiervolgens duidelik dat ander oplossings oorweeg moes word.

Die tydperk het vereis dat ’n staatkundige bedeling tot stand moes kom waarin in De Lange (1988:4) se vereistes, naamlik: “... reg en geregtigheid, voorspoed en verdraagsaamheid,

individuele en groepsregte, vryheid van spraak, assosiasie en geloof binne 'n demokratiese bestel ..." verwesenlik moes word. Die AB se frustrasie met 'n NP-regering wat nie kon of wou vorder nie, het die AB gedwing om leiding te neem. Die AB se ontwikkeling van die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* was 'n eerste stap.

5.5 Die voorstelle vir 'n staatkundige bedeling en PW Botha

Die NP-regering se gebrek aan vordering en die groeiende frustrasie en ongemak wat ook in die Afrikaner establishment ontstaan het, kon nie onbepaald voortduur nie. Die stelsel het toenemend eise gestel en die NP-regering kon nie daaraan voldoen nie. Daarom moes 'n ander instansie of rolspeler wat na aan die NP gestaan het, die rol oorneem.

> *But however limited the brothers' thinking may have been at that stage, De Lange reckons it was at least another year before a majority in the cabinet came round to the same conclusion. And by then Botha had stalled. Though he had a great opportunity to make a historic breakthrough, an unassailable political power base, encouraging reports from the committee meeting with Mandela and from his most trusted think-tank, and a personal impression of his own of Mandela's stature and reasonableness, President Botha had gone into a freeze* (Sparks, 1995:75).

Vir lede van die NP-koukus wat direk deel van die NP-regering en stelsel was moes dit ook toenemend onhoudbaar geraak het. Sparks (1995:75) verwys na 'n herinnering wat De Lange sou gedeel het oor sy ervaring met die frustrasie. De Lange meld dat 'n NP-lid van die parlement, waarvan die naam nie genoem word nie, teenoor De Lange sou aangedui het dat die AB saam met 'n groep verligte parlementslede van die NP betrokke moet raak by 'n poging om van P.W. Botha ontslae te raak: *"To mount a revolt against the president."* De Lange het geweier om hierby betrokke te raak (Sparks, 1995:75). Die verwysing na so 'n vermelding of so 'n herinnering is die enigste verwysing na so 'n insident. Dit kon nie deur ander bronne of verwysings bevestig word nie. Moontlik sou so 'n opsie gemeld kon word, maar die Afrikaner-Broederbond sou uit die aard van sy werkswyse en sy doelstellings hoegenaamd nie by so iets betrokke geraak het nie. Alhoewel daar frustrasies met Botha sou gewees het, sou die AB se werkswyse bepaal het dat die regering deur rede en oortuiging beïnvloed moes word om voort te gaan met hervormings.

Ondertussen het die AB voortgegaan om apartheid en die toepassing daarvan in die geledere van die AB te bevraagteken. In Augustus 1985 is 'n "Kwetsende Wetgewing"-besprekingsdokument na lede gesirkuleer. Die besprekingsdokument verwys onder andere

na die: “houdbaarheid van bepaalde wette onder huidige omstandighede en veral in die lig van konstitusionele ontwikkelinge” (Afrikaner-Broederbond, 1985f:1).

Interaksie met die ANC was op daardie stadium nie moontlik nie aangesien die ANC ’n verbode organisasie was en dus nie formele strukture in Suid-Afrika gehad het nie. As belangrike rolspeler in enige nuwe staatkundige bedeling kon die ANC nie uitgesluit word nie. Dit was veral belangrik om ’n Afrikaner-perspektief aan die ANC oor te dra. ’n Gesprek met die ANC was onafwendbaar.

5.6 Gesprekvoering met die ANC

Vir prof. Pieter de Lange, wat toe voorsitter van die Afrikaner-Broederbond was, was dit ’n duidelik gestelde taak vanuit die Afrikaner-Broederbond om by te dra tot die einde van apartheid en die totstandkoming van ’n nuwe bedeling vir Suid-Afrika. In sy eie siening oor apartheid sê De Lange (2013:8) dat dit ’n beleid was wat eerstens nie uitvoerbaar was nie en tweedens immoreel was.

In ’n AB-dokument word net terloops verwys na vorige gesprekke wat met ANC-uitgewekenes gevoer is. Die dokument verwys na die UR-voorsitter, prof. Pieter de Lange: wat reeds “einde 1983 (meer toevallig) gesprek gevoer (het) met 1976-uitgewekenes in Washington” (Afrikaner-Broederbond, 1996:1). Oor hierdie gesprek of die inhoud daarvan is geen verdere inligting beskikbaar nie en daar kon nie in ander bronne bevestiging daarvan gevind word nie. Daar word dus nie verder hiermee gehandel in die studie nie. Dit sou nietemin moontlik wees dat die kontak ’n basis geskep het op grond waarvan verdere gesprekke kon plaasvind.

Enkele maande na die Rubicon-toespraak en die gebrek aan enige verdere staatkundige hervorming, vind die eerste interaksie uit Afrikaner-binnekringe met die ANC plaas. Oor die toenadering en presies hoe die gesprek gefasiliteer is, is daar nie besonderhede nie. In so ’n vooronderhandelingsfase word partye nie verbind tot uitkomste nie. In ’n situasie van konflik is dit bloot ’n voorlopige proses. Vir die ANC was dit waarskynlik op daardie stadium die vinnigste wyse om op vertroulike basis met die NP-regering kontak te maak.

Op 30 en 31 Mei 1986 (sommige bronne verwys na Junie 1986) ontmoet prof. Pieter de Lange, toe voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, vir Thabo Mbeki[51] van die ANC by ’n konferensie

[51] Mbeki was toe die ANC se direkteur van inligting en Secretary for Presidential Affairs. (Welsh, 2009:200)

in New York. Die konferensie is gefasiliteer deur die Ford Foundation (Sparks, 1995:72-73; Waldmeir, 1997:63; Welsh, 2009:200-201). Dit was op daardie tydstip en in die omstandighede binne Suid-Afrika 'n ongekende en ongehoorde ontmoeting. Hieroor skryf Waldmeir (1997:63): *"In coming to New York both sides had violated the chief political commandment of the day, that the ANC should meet the Afrikaner only on the field of battle."*

Die gesprek tussen mnr. Thabo Mbeki en prof. Pieter de Lange is skynbaar gefasiliteer deur Frederik van Zyl Slabbert, maar is ook net in een bevestigde bron so opgeteken. Dit het sy oorsprong gehad in 'n besoek van die Progressiewe Federale Party aan Lusaka in Oktober 1985. Volgens Gevisser (2009:192) het Mbeki en Slabbert na die gesprekke saam lughawe toe gery en het die gesprek gehandel oor die geweld in Suid-Afrika en die verskillende benaderings hieroor in die ANC. Mbeki sou blykbaar gesê het dat dit beter is om te praat as om dood te maak. Ses maande later het Van Zyl Slabbert uit die parlement bedank en IDASA (*Institute for a Democratic Alternative for South Africa*) gestig. Vanuit dié posisie en sy interaksie met Mbeki in Lusaka het Van Zyl Slabbert met Mbeki ooreengekom om prof. Pieter de Lange te ontmoet.

Gevisser (2009:192) beskryf De Lange as: *"... one of P.W. Botha's closest advisors and academic and the chairman of the Afrikaner-Broederbond – the secret society that was the ideological custodian of Afrikaner nationalism."*

In sy verwysings na die gesprekke tussen die ANC en die Afrikaner groeperinge in die laat jarige tagtig, verwys (Slabbert, 2006:37) bloot na die Mbeki en De Lange gesprek, sonder om na sy eie fasiliteringsrol te verwys.

Of Slabbert by die aanvanklike fasilitering betrokke was is nie ter sake nie. Wat belangrik is, is dat die Afrikaner establishment die ANC beskou het as deel van die toekomstige oplossing. Afrikaners moes ook hulle eie posisie en voorwaardes in 'n toekomstige bedeling vestig. Op daardie stadium kon die NP nie vertrou word met staatkundige hervormings nie, en nog minder om Afrikanerbelange te bevorder.

Hoe gespanne verhoudinge in dié tyd tussen opponerende kampe en vyande was, word aangedui deur 'n insident tydens die gemelde konferensie. Terwyl prof. De Lange aan die woord was tydens die konferensie, het Seretse Choabe van die ANC opgespring en na De Lange gewys en geskreeu. "*I'll shoot you, you Broederbonder"* (Waldmeir, 1997:63). Hierop het Mac Maharaj van die ANC toegetree en aangedring dat prof. de Lange die geleentheid gebied word om klaar te maak. *"We don't agree with you but you have the right to put your*

views" Waldmeir (1997:64). Dit dui daarop dat Maharaj moes bevestig en ook moes verseker dat die gesprek noodsaaklik was. Hierop volg Gevisser (2009:192) se weergawe dat Maharaj later die dag vir De Lange omhels het en verskoning gemaak het: *"Two steps behind was Mbeki, who pulled De Lange aside: 'Prof, let's talk.'"*

Volgens Sparks (1995:72) was De Lange in die gesprek uitgesproke in die siening dat politieke veranderinge moes plaasvind. Hy was van mening dat indien dit nie voor 1990 gebeur nie, Suid-Afrika ernstige probleme sou hê. Mbeki was tydens die gesprek skepties, juis omdat iemand soos P.W. Botha aan bewind was.

Mbeki het, na sy interaksie met De Lange, volgens Waldmeir (1997:68), besef dat net die ANC oor die mag beskik het om aan Afrikaners te gee waarna hulle gesmag het, naamlik die reg om trotse Suid-Afrikaners te wees. Volgens Waldmeir (1997:68) het geen ander Afrikaner so 'n brandende begeerte gehad om die goeie reputasie van Afrikaners te herstel, as wat prof. Pieter de Lange gehad het nie. Vir Welsh (2009:201) is die betekenis van die ontmoeting dat: *"it signalled that influential sectors of the Afrikaner establishment were beginning to grasp the nettle: that no settlement would be possible without the ANC's involvement."*

Hierdie gesprek tussen De Lange en Mbeki sou net die middag plaasvind, maar het later oor aandete voortgeduur, waartydens prof. De Lange se gade by hulle aangesluit het. Dit was die eerste keer dat Mbeki saam met 'n Afrikanervrou 'n ete geniet het (Waldmeir, 1997:69). Mbeki wou volgens Gevisser (2009:193), by De Lange verneem wat die Afrikaners se minimum vereiste sou wees. Tydens die gesprek het De Lange verduidelik dat Afrikaners meer angstig was oor die verlies van hulle kulturele identiteit, as om die ekonomiese en politieke mag in 'n demokratiese Suid-Afrika te verloor.

Tydens die gesprekke tussen De Lange en Mbeki is 'n verskeidenheid sake behandel. Van die sake het ingesluit die hervormings van P.W. Botha en die herroeping van apartheidswetgewing, spesifiek die *Wet op Gemengde Huwelike* en die *Groepsgebiedewet* (Waldmeir, 1997:69).

Volgens Mbeki se weergawe het daar tydens die ontmoeting by hom groot begrip ontstaan vir Afrikaners en het die gesprek hom die meeste voorberei op sy latere ontmoetings met die Suid-Afrikaanse regering: *"for he understood for the first time how threatened Afrikaners were and how they needed to be reassured"* (Gevisser, 2009:193).

De Lange het aan Mbeki gesê dat fundamentele veranderinge in Suid-Afrika onderweg is. Hiervoor moes die wit bevolking voorberei word. Die veranderinge sou deur werklike onderhandelinge plaasvind, maar Afrikaners sou volgens De Lange (soos aangehaal deur Du Preez, 2012:xxx) aandring op die bewaring en beskerming van hulle kulturele identiteit.

Mbeki het begrip gehad vir die Afrikaners se siening en hy het die vrylating van Nelson Mandela as die ANC se minimum vereiste gestel. Wat nietemin belangrik is, was die subtiele boodskap van die gesprek. De Lange moes die interaksie met Mbeki en die ANC evalueer as: *"… that I am a reasonable man and therefore there are other reasonable men where I come from. You can do business with us"* (Gevisser, 2009:193).

Uit die bostaande was dit duidelik dat verwag is dat De Lange die gesprek en die inhoud daarvan aan die NP-regering moes kommunikeer. Die ANC het deur Mbeki sy bereidheid begin toon vir gesprek en onderhandeling. De Lange het in sy gereelde ontmoetings met P.W. Botha wel die boodskap van die gesprek en die inhoud daarvan oorgedra. Volgens Sparks (1995:74) het De Lange teenoor Botha aangedui dat die ANC meer gematigd is as wat Afrikaners besef, en dat gereelde kontak die stereotipes aan beide kante sou afbreek.

Die ANC se gesindheid oor gesprekvoering was nie weens eie keuse nie. Soos reeds in die studie uitgelig is (verwys na Hoofstuk 4), was die ANC se doelbewuste strategie om verandering deur die gewapende stryd te bewerkstellig. Die ANC moes egter volgens Scholtz (2022b:191), deur die Sowjetunie gedwing word om die weg van onderhandeling te volg. Dit was nadat die Sowjetunie deur sy eie ekonomiese posisie gedwing is om betrokkenheid by streekskonflikte af te skaal. Mbeki was die gesig van onderhandelinge, terwyl die gewapende stryd voortgeduur het.

De Lange het op 7 Julie 1986 by die Dagbestuur van die Uitvoerende Raad verslag gedoen oor die gesprek met Mbeki (Afrikaner-Broederbond, 1986e). Daar was skynbaar ongelukkigheid onder sommige lede op die Uitvoerende Raad, omdat hulle eerstens nie vooraf ingelig is nie en tweedens is kommer uitgespreek dat die gesprek in konflik was met die regering se amptelike standpunte oor gesprekke met die ANC (Theron, 2021:2).

Uit 'n latere besprekingsdokument van die Afrikaner-Broederbond in 1987, blyk dit duidelik dat daar baie deeglik besin is oor gesprekvoering met die ANC en dat daar bewustheid was van die ANC se strategie met gesprekke. Die dokument word saamgevat deur die standpunt dat die: "ANC enersyds so 'n situasie (gesprekvoering) uitbuit om sy eie aansien te verhoog en andersyds om die RSA regering se status en magsbasis te ondermyn" (Afrikaner-

Broederbond, 1987a:3). Die besprekingsdokument kom tot die gevolgtrekking dat, as: “samesprekings op ’n ad hoc grondslag met die ANC gereël word dra dit by tot die vestiging van ’n beeld dat die ANC die enigste en die belangrikste alternatiewe regering in die RSA is,” en stel dan die teenvoorwaarde dat daar: “ook gepoog moet word om soortgelyke samesprekings met ander belenghebbende binnelandse organisasie te voer” (Afrikaner-Broederbond, 1987a:6).

Die gesprek met De Lange het volgens Esterhuyse (2012:36) ’n groot indruk op Mbeki gemaak, veral aangesien die Afrikaner-Broederbond toe reeds in ’n ernstige fase van besinning was. By ’n latere geleentheid bevestig Esterhuyse (2013:7) opnuut die siening dat daar by die ANC en Mbeki die oortuiging was dat daar nie vordering sou wees sonder De Lange of die Afrikaner-Broederbond nie.

Mbeki se herinnering aan die gesprek was dat De Lange tydens hul ontmoeting aangedui het dat hy hom gaan beywer vir versoening en hervorming. Mbeki was hieroor skepties. Toe De Lange wel ’n paar maande later as rektor van RAU bedank en meer voltyds in ’n kantoor by die Afrikaner-Broederbond gewerk het, was Mbeki se indruk: *“What it meant was that he was going to go on the road as chairman of the Broederbond to convince his people that there had to be movement”* (Sparks, 1995:73).

Dat Mandela self ook in die duister gehou is oor die ontmoeting tussen De Lange en Mbeki blyk uit die feit dat Mandela die besonderhede van die gesprek by minister Kobie Coetzee moes kry, want Lusaka kon of wou dit nie aan Mandela voorsien nie (Waldmeir, 1997:99).

’n Ander perspektief wat ook dui op die soms nydige konflik met staatsinstellings word gestel deur Barnard (2017:21), wat verwys na dié en ander gesprekke met die ANC met binnelandse individue en organisasies. Hy huldig die siening dat hulle optree as: “selfaangestelde tussengangers” tussen die regering en die ANC wat soms “verwarrende en soms kruiperige boodskappe aan Lusaka” (verwysende na die ANC) oorgedra het.

Dat die NP-regering deur staatsinstellings self die proses bestuur het en nie gemaklik was met ander rolspelers se pogings nie word soos volg bevestig: “Die regering kon eenvoudig nie bekostig om die situasie sy gang te laat gaan en op ’n manier die inisiatief prys te gee nie” (Barnard, 2017:20). Dat daar elemente in die staatstrukture was wat die kontak nie as gewens geag het nie, word deur Van der Merwe (2021:14) bevestig, aangesien dit nie aktiwiteite was wat beheer kon word nie, en daar was ook onsekerheid oor die inhoud van gesprekke.

Daar was op die stadium nie by die NP-regering enige gewilligheid of vermoë om met staatkundige hervormings voort te gaan nie. Vir die Afrikaner establishment en rolspelers in die stelsel was dit ’n frustrasie. Daarom is die leiding geneem om buite die NP-stelsel kontak met die ANC te bewerkstellig.

Die Afrikaner-Broederbond het gevolglik die kontak met die ANC bewerkstellig. Daar is aangedui dat daar gewilligheid was vir verdere toenadering. Dit sou noodwendig lei tot ’n meer formele proses van onderhandeling. Vir die AB, wat Afrikanerbelange bevorder het, was dit belangrik dat riglyne ontwikkel moes word waarbinne gesprek gevoer kon word. Die basiese voorwaardes waaronder Afrikaners se kulturele identiteit sou kon voortbestaan moes ontwikkel word. Dit was tesame met die besef dat dit in ’n omgewing en stelsel sou wees waarin die ekonomiese en politieke mag in ’n demokratiese Suid-Afrika, moontlik afgestaan moes word.

5.7 1986: Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner (BSV)

Hierdie is waarskynlik die belangrikste dokument van die Afrikaner-Broederbond, wat ook die eerste formele dokument in georganiseerde Afrikanergeledere was wat op die spesifieke tydstip en met soveel ondersteuning die lig gesien het. Verskeie weergawes is ontwikkel maar die finale beleidsdokument is in November 1986 finaal deur die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond goedgekeur (Afrikanerbond, 1997:20).

Die grondwerk en aanvoorwerk vir die Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner word gelê by die besprekinge van die Afrikaner-Broederbond se Bondsraad op 11 en 12 Oktober 1985, waartydens staatkundige ontwikkelinge bespreek is. Daar moet in gedagte gehou word dat die Bondsraad gehou is twee maande na die ramspoedige Rubicon-toespraak van P.W. Botha. Die leierskap en lede sou gevolglik met kommer kennis geneem het van die internasionale en binnelandse gevolge (soos in Hoofstuk 4 uitgewys is). Na aanleiding van insette en besprekings by die Bondsraad dat die Afrikaner die inisiatief moet behou om ’n nuwe staatkundige bedeling uit te werk, word die volgende besluit genotuleer: “Die Bondsraad besluit dat die UR versoek word om deur middel van deurlopende studie en gepaardgaande optrede aandag aan die ontwikkeling van die nuwe staatkundige bedeling te gee en inligting en leiding in verband daarmee aan afdelings te verstrek” (Afrikaner-Broederbond, 1985e:3). Die volgende mosie word hiermee saam aanvaar: “Die Bondsraad spreek sy waardering teenoor die UR uit oor die betrokkenheid by gesprekke rondom die staatkundige hervorming in die RSA en dra dit aan die UR op om

inisiatief te neem ten opsigte van die gesprekke met Swart leiers in verband met die skepping van 'n samewerkingsbasis met die oog op 'n aanvaarbare staatkundige bedeling" (Afrikaner-Broederbond, 1985e:4).

In ’n ongewone stap ontmoet die Uitvoerende Raad se dagbestuur direk na afloop van die Bondsraad op 12 Oktober 1985, en daar word, na besprekinge oor die staatkundige ontwikkelinge, onder andere besluit:

- Ons sal moet bepaal wat die basiese vertrekpunte in verband met die voortbestaan van die blanke en die Afrikaner in die RSA is."
- "Die RSA bevind hom staatkundig in ’n oorgangsfase. Die uiteindelike model wat bereik word, kan alleen deur middel van kundige besinning bereik word."
- "Die AB moet ’n metode vind om sy mening oor die staatkundige ontwikkeling aan Broers in die owerheid voor te lê. (Afrikaner-Broederbond, 1985c:2)

Die NP-regering se gebrek aan momentum en die toenemend onstabiele omgewing verplaas gevolglik die rol waarin die AB regeringsbeleid probeer beïnvloed. Met sy direkte betrokkenheid in die staatkundige omgewing neem die AB reeds in Oktober 1985 die leiding binne die stelsel. Die AB begin gevolglik as drukgroep in die stelsel optree.

Ten einde diepgaande gesprekke oor hervormings te beïnvloed moes die AB ook sy werksgroepe aanpas. Gevolglik word meer kundige lede in die Staatkunde Komitee gekoöpteer om kundigheid by te voeg (Afrikaner-Broederbond, 1986a:8). Met die kundigheid tot sy beskikking kon daar nou gefokus word op die ontwikkeling van die staatkundige voorstelle. Die aanvanklike *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* besprekingsdokument (BSV) is binne die Staatkunde Komitee van die AB ontwikkel en verfyn met die hulp van kundiges binne die AB (Van Wyk, 2021:2).

Die UR se uitgangspunt met die BSV-dokument was dat:

> die ver-linkse en -regse groeperinge nie die staatkundige toneel moet oorheers nie, maar dat die groot middelgroep van gematigdes, onder alle bevolkingsgroepe, in staat gestel moet word om deur onderhandelinge 'n nuwe bedeling daar te stel. Die BSV-dokument was bedoel om so 'n bedingingsproses aan die gang te help kry, om leiding in die proses te gee, en om self 'n konstruktiewe bydrae te lewer. Dit was nie bedoel om spesifieke modelle uit te spel nie, wat as die taak van die regering en ander leiers gesien is. Dit was

eerder bedoel om gebruik te word om enige voorgestelde model mee te toets (Afrikaner-Broederbond, 1996:9).

Die BSV-dokument was ’n ernstige en opregte poging vanuit die Afrikaner-Broederbond om ’n demokratiese bestel daar te stel. In die demokratiese bestel moes daar politieke deelname van alle Suid-Afrikaners in die stelsel wees. ’n Balans moes ook gevind word om Afrikanerbelange te beskerm in ’n stelsel van magsdeling.

Die BSV-besprekingsdokument is in Desember 1986 aan AB-lede gesirkuleer vir bespreking. In die inleidende teks van die BSV word gestel dat: “Die voorwaardes moet ook gesien word as die mees basiese voorwaardes waarsonder die Afrikaner nie as Afrikaner kan voortbestaan nie” (Afrikaner-Broederbond, 1986c:1-7).

In breë trekke het die BSV-dokument die volgende uitgangspunte bevat, wat in die besonder vereistes stel vir die voortbestaan van die Afrikaner, maar ook uitgangspunte vir ’n moontlike staatkundige bedeling waarin dit bereik kan word:

- Die eerste gedeelte (Afdeling 2) voorsien breë doelstellings binne ’n mensregtekultuur, met basiese regte soos die erkenning en beskerming van vryheid van geloof, onafhanklikheid van die regbank; menswaardigheid, lewe, vryheid en eiendomsreg; selfbeskikking van bevolkingsgroepe en volke wat bevorder, eerbiedig en beskerm moet word; erkenning en beskerming van taal- en kultuurregte.
- Die bostaande basiese regte word verder toegelig met die vereiste dat: “kultuurgebonde moedertaalonderrig in eie skole met ’n Christelike karakter vir die Afrikaner ’n voorwaarde vir sinvolle voortbestaan is”.
- Afdeling 3 word onder die opskrif *Spesifieke Staatkundige Voorwaardes* behandel en bevat oorsigtelik die volgende:
- Die verskeidenheid van groepe en gemeenskappe binne die grense van die RSA moet erken word.
- Uitsluiting van swart deelname in staatkundige prosesse word beskou as ’n bedreiging vir wit (blanke) voortbestaan en kan nie met die behoud van die status quo afgeweer word nie.
- Deelname op alle vlakke van besluitneming.
- Die erkenning dat ’n staatshoof in ’n toekomstige model nie noodwendig wit sal wees nie.
- Magsdeling kan nie groepsoorheersing insluit nie, gevolglik moet dit wit of swart verskanste regering en dominansie uitskakel.

- Afdeling 4 verwys na verskillende modelle waarbinne bogenoemde bereik kan word, soos desentralisasie van mag of besluitneming, streeks- of stateregerings, of segmentele of eie sake.
- Dit sluit nietemin ook bepaalde stelsels uit, soos die status quo of groepsoorheersing, verskanste meerderheidsdominasie, sosialistiese of militêre diktature, of geografiese skeiding of raspartisie.

Die dokument vereis ten slotte:

- Dat: Afrikaners se skeppingskrag aangewend word om onderhandelde strukture tot stand te bring; indien dit nie gebeur nie "is dit onvermydelik dat strukture op hom afgedwing sal word waarin hy geen medeseggenskap sal hê nie."
- Dat: "verteenwoordigers van verskeie magsgroeperinge aan die opstel van 'n nuwe grondwet deelneem."
- Laastens: "die aanvaarbaarheid van so 'n nuwe bestel vir die meerderheid van die landsburgers, en uiteraard ook vir die meerderheid van Afrikaners, is een van die belangrikste voorwaardes vir sy voortbestaan" (Afrikaner-Broederbond, 1986c:1-7).

Bogenoemde BSV-dokument is deur 'n deeglike proses van besinning en bespreking in strukture gefinaliseer en het uiteindelik daartoe gelei dat 89% van die Afdelings en 86% van die individuele lede die algemene strekking daarvan aanvaar het (Afrikanerbond, 1997:20).

Die Afrikaner-Broederbond, wat sedert 1948 met bewindsoorname van die Nasionale Party teenwoordig was en gevolglik intiem deel van die stelsel was, het weggebreek van die ideologie van die stelsel. Hiermee is die uitdaging aan die NP gerig om die uitvoering van en ideologie van apartheid te vervang deur 'n nuwe stelsel. Dit was dus nie meer net kritiek op die stelsel nie, maar 'n aandrang en voorvereiste vir 'n nuwe stelsel. Sosiale ingenieurswese op grond van ras en bevoorregting kom met die voorstelle tot 'n einde. Dit was op sy eie nie 'n meesterplan nie en moet gelees word saam met ander opvolgende dokumente wat meer toegespits na die voorstelle en moontlike prosesse gekyk het.

Binne die Afrikaner-Broederbond was daar ongetwyfeld 'n finale breuk met die status quo en leidinggewende rigting is aan beide die regering en die Nasionale Party verskaf. Die dokument sou volgens Zaaiman (2010:140) met NP-politici bespreek word ten einde ook die NP se modelle en voorstelle te beïnvloed. Volgens Cloete (2021a) het die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*-dokument, veel verder gestrek as

voorstelle wat in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling bespreek is. Soortgelyke voorstelle is ontwikkel maar kon nie in die staatkundige prosesse, veral nie in die kabinet, goedkeuring kry nie.

Hieruit kan afgelei word dat die AB in sommige opsigte gebruik is om die hervormingsagenda te bevorder, beide deur verligte individue in die Nasionale Party, maar ook deur amptenare wat in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling nie kon vorder met voorstelle nie.

Volgens Waldmeir (1997:52-53) is die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* van 1986 feitelik onmiddellik na De Lange se voorsitterskap in 1983 gesirkuleer (sic), wat aandui dat die uitsluiting van effektiewe swart deelname 'n bedreiging vir wit oorlewing inhou. Waldmeir maak die verdere stelling: *"In a momentous reversal of the logic of apartheid, the document (BSV) argued that the scrapping of statutory discrimination is a condition for the continued existence of the Afrikaner"* (Waldmeir, 1997:52-53).

Ook Welsh (2009:201) beskryf die BSV-dokument as die Afrikaner-Broederbond se finale wegbreek van apartheid. In die BSV-dokument, soos aangehaal deur Welsh (2009:200-203) word verwys na die politieke omgewing met onrus, terreur en sanksies, en die algemene stand van die ekonomie. Hy vra die vraag: *"The Broederbond statement appeared to imply that a revolution was in the making: what else could the comment about having 'structures forced on them' mean?"*

Tweedens verwys hy daarna dat die voorstelle baie ooreenstem met die latere voorstelle van die Nasionale Party in 1991: "*This was not because the Broederbond dictated to the government, as conspiracy theorists were wanting to argue; rather the resemblance reflected the extent of interpenetration and cross-fertilisation between the two organisations"* (Welsh, 2009:202).
Volgens Mostert (2022) het die BSV-besprekingsdokument se krag daarin gelê dat Afrikaners met 'n gesprek kon begin waardeur gemeenskappe beïnvloed is. Dit was voorts geleë in die invloed van die Afrikaner-Broederbond op sy lede, wat gelei het tot die uitkringende effek van veranderinge.

Die AB se Uitvoerende Raad het ook die BSV met senior lede van die NP-regering bespreek, waaronder P.W. Botha, F.W. De Klerk en Barend du Plessis. Daar was volgens De Lange gemengde geesdrif, maar dit is in die breë onder die aandag van die denkende en bewuste

Afrikaners se aandag vir bespreking gebring. De Lange se indruk was: “as mense eers die goed bespreek, dan kom hulle tot die oortuiging, dit is so of ’n bloedbad” (De Lange, 2006:4).

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die AB na deeglike oorweging van die stelsel deeglik bewus was van die faktore wat inspeel op die omgewing wat ’n onstabiele stelsel skep. Dit was gevolglik nodig om ’n proses van bestuurde stelseltransformasie deur te gaan, wat ’n sogenaamde “bloedbad” sou voorkom. Stelseltransformasie word deur Duvenhage (2020:248) voorgehou word as ’n poging tot die radikale, omvangryke, snelle en fundamentele verandering van ’n stelsel deur ’n meer progressiewe uitkoms te verseker. Die wegbreek van die stelsel, asook die staatkundige voorstelle in die BSV-dokument is in ooreenstemming met die siening van stelseltransformasie.

Deur self leiding te neem en self die proses aan die gang te sit kon ’n stelsel wat op Afrikaners afgedwing word, voorkom word. Met dié uitgangspunte van die AB kan daar nie verskil word nie. Die uitkoms soos dit later deur die NP bestuur is, het egter nie die beoogde resultaat verkry nie. (Dit word later in die Hoofstuk bespreek.)

Oor die verwysing na groepe en groepregte in die BSV-dokument en die gevolglike NP-voorstelle is Welsh van mening dat dié voorstelle en die ANC se grondwetlike voorstelle baie ver verwyderd van mekaar is. Hy is van mening dat die ANC dit sou beskou as: *“manifestations of neo-apartheid thinking that were inimical to their quest for hegemony in a unitary system un which groups, however configured, would have no role as prescribed political unities”* (Welsh, 2009:202-203).

’n Deeglike evaluering en interpretasie van die BSV-besprekingsdokument weerlê ’n ongegronde stelling dat die AB nie wou gehad het dat wittes hulself uit die posisie van mag moes onderhandel nie. Die stelling, volgens Waldmeir (1997:53), sluit ook in dat die enjinkamer van mag in wit hande bly, al was die kaptein van die skip swart. Die BSV-dokument se inhoud en bedoeling het beslis nie so ’n uitkoms voorsien nie. Wat wel korrek is, is die oortuiging dat, na dekades van Nasionale Party-regering, die Afrikaner se oorlewing net deur apartheidswetgewing verseker kon word. Dit hou onomwonde in dat die Afrikaner as stelsel sy oorlewing en voortbestaan binne die wit bevolking, gebaseer op ’n rassegrondslag, uitgekontrakteer het aan die staat. Dit bevestig voorts dat die staat die verantwoordelikheid en verpligting deur dekades heen op hom geneem het om hieraan uitvoering te gee. Dit is onder andere bewerkstellig deur die toepassing van *klein apartheid* deur gedwonge skeidingsmaatreëls.

Toe hierdie bestaande orde in 1986 in die BSV-besprekingsdokument bevraagteken en omgekeer is, het dit negatiewe gevolge vir die AB en Afrikaners gehad. Giliomee (2004:577) skryf dat ongeveer ’n derde van die lede van die Afrikaner-Broederbond na die vrystelling van die dokument bedank het.

Piet Cillié[52] het in reaksie gesê: Die ou beleid van afsonderlike vryheid is dood, en die Afrikaners moet nou die "weg van gesamentlike vryheid beproef, 'n weg wat hulle geleer was om ten ene male te verwerp as selfmoord". Wat nou voorlê, "is die skuif na 'n orde van vryheid, gelykheid en broederskap en om te kyk of ons dit kan doen sonder om ons beskawing, insluitende die Afrikanervolk, te gronde te rig. Ons weet dat ons dit moet probeer omdat ons geen ander keuse meer het nie" (Stals, 2021:579).

Die BSV-dokument is nie net aan lede vir besprekings in afdelings gestuur nie. Volgens Van Deventer (2021:4) was daar ’n intensiewe proses van byeenkomste in verskillende gebiede en provinsies om die dokument en die agtergrond daarvan te beskryf en te verduidelik. Hierdie proses word deur Theron (2021:1) bevestig as sou die Afrikaner-Broederbond oneindige bronne en fondse beskikbaar gestel het om die strukture volledig in te lig. Die lede van die Uitvoerende Raad is oor die lengte en breedte van die land ontplooi om die strukture in afdelings en gebiede in te lig.

In die tydperk en op die spesifieke tydstip, en weens die stagnasie op grondwetlike terrein, was die BSV-dokument beslis ’n rigtinggewende wegbreking en standpuntstelling, maar wat beslis ook heelwat risiko's ingehou het. In die Afrikaner-Broederbond se eie evaluering van die BSV-dokument het dit 'n skeiding in staatkundige denke en rigting verteenwoordig. Dit het die grondslag gelê vir die wegbeweeg van diskriminasie en die daarstel van 'n demokratiese bestel waaraan alle inwoners van die land kon deelneem. Dit het gevolglik ook 'n beduidende invloed gehad op sy lede wat in verantwoordelike regeringsposisies was. Dit was nie op sigself 'n meesterplan nie, maar het oor baie fundamentele sake die rigting aangedui en aan 'n betreklik dormante proses 'n hupstoot gegee (Afrikanerbond, 1997:20-21).

Die BSV is ook in die politieke arena ingespan, volgens (Van Deventer, 2021:17), deurdat die Herstigte Nasionale Party (HNP) die dokument bekom het, in groot maat gedupliseer en versprei het met die boodskap dat die Afrikaner-Broederbond witmense wil uitverkoop.

[52] Oudredakteur van Die Burger en lid van Afdeling van die AB in Kaapstad.

Vanuit die Afrikaner-Broederbond het die eerste konkrete voorstelle vir ’n nuwe staatkundige bedeling derhalwe na vore gekom. As inset tot die stelsel het die AB as ’n invloedryke rolspeler hiermee die rol van dinkskrum vervul. Die AB-strukture asook die NP-leierskap is hierdeur beïnvloed. Omvattende voorstelle en konsepte is aangeraak, wat die basis van toekomstige gesprekke sou vorm. Een van die beginsels wat toenemend na vore getree het, was groepsregte.

5.7.1 Groepsregte

By al die Afrikaner groeperinge wat voor 1990 met die ANC gesprek gevoer het, is die gedagte van groepsregte sterk bevorder. Daar was redelike algemene eensgesindheid, volgens Esterhuyse (2012:175), dat daar ’n oplossing gevind moes word tesame met strukturele of grondwetlike waarborge wat sou verhoed dat ’n meerderheidsregering minderheidsgroepe en hulle belange sou oorheers.

In sy 1985-konseptualisering van Afrikaners het die Afrikaner-Broederbond dit soos volg gestel: “Die Afrikaner is ’n Blanke wat Afrikaans praat en ’n Christelike lewensbeskouing het soos in die Calvinisme na vore kom” (Afrikaner-Broederbond, 1985d:1).

Die omskrywing moes nou binne ’n term inpas waarvolgens daar op staatkundige vlak onderhandel kon word, maar wat eweneens ook op ander gemeenskappe of groepe van toepassing kon wees. Afrikaners se kulturele identiteit, wat volgens die 1985-omskrywing sterk rasgedrewe sou wees, moes gevolglik sterker staatmaak op groepsregte as op regte wat op ’n rassegrondslag toegeken word. Daar sou veel meer denke aan die bevordering van groepsregte wat nie rasgedrewe is nie, gewy moes word.

Volgens ’n AB-Besprekingsdokument oor “Groepe, Groepvorming, en Staatkundige Strukture” het groepe die volgende kenmerke:

- Kulturele kenmerke: taal, godsdiens, waardes, tradisies en gebruike.
- Sosio-ekonomiese kenmerke: beroep, opvoedingspeil, lewenstandaard.
- Biogenetiese kenmerke: velkleur, gelaatstrekke, en ander fisiese eienskappe.
- Afkoms: voorouers, geskiedenis of herkoms.
- Demografiese kenmerke: vestiging in ’n bepaalde plek of streek. (Afrikaner-Broederbond, 1986c)

Die Afrikaner soos gekonseptualiseer kon nou inpas binne die kenmerke van groepe en dit kon dit vervolgens toegepas word in gesprekke en besprekingsdokumente.

Vir die ANC was groepregte egter ’n gevaarteken wat, alhoewel hulle die vrese van minderhede en veral Afrikaners verstaan het, pogings om die belange te beskerm gesien het as ’n verskanste vorm van apartheid. Volgens Esterhuyse (2012:226-227) se gesprekke voor 1990 in die buiteland met die ANC, was dit vir die ANC belangrik om te weet tot watter mate die NP en F.W. De Klerk se siening oor groepsregte ’n struikelblok tot ’n onderhandelde skikking sou wees. Die algemene verwagting was dat dit hoog op die agenda sou wees. Dit was inderdaad aan die begin ’n besonder belangrike beginsel.

Die gedagte van groepsregte sou volgens Esterhuyse (2012:227) egter reeds in Maart 1989 ernstige teenstand kry, toe die Suid-Afrikaanse Regskommissie in sy verslag die juridiese aanvaarbaarheid van die idee van groepsregte kelder. Die basis dat groepsregte enige staanplek in die toekoms met onderhandelinge sou geniet, is ook hiermee die nekslag toegedien. Volgens Venter (2022) het die klem verskuif na individuele regte waarbinne ’n groep se regte beskerm kon word. Die omskrywing is veel later soos volg geïnterpreteer vir oorweging en uitdrukking in die 1996 finale grondwet, deurdat die individu die belangrikste kultuurdraer is, maar kultuur kry, volgens Wiechers (2010:1), eers volledige lewenskrag en bekendheid as dit deur: “‘n groep mense ervaar en bewaar word, met ander woorde, binne ’n besondere kultuurgemeenskap beleef word.”

Die uitgangspunt dat Afrikaners se kulturele identiteit in groepsregte gevestig was, moes van nuuts af oordink word. Ras is gesien as ’n uitsluitende kenmerk en het reeds onder apartheid wesenlike gevolge gehad. ’n Nuwe stelsel wat ras definieer en hulpbronne toewys op grond daarvan sou gedoem wees.

In sy ontleding oor die debat oor Groepsregte in die Afrikaner-Broederbond, is (Moodie, 2012:13) van mening dat daar ook nie interne konsensus oor die kwessie was nie. Verskeie studiestukke en besprekinge in die Staatkunde Komitee van die AB het vasgeval met groepregte as ’n begrip. Daar is telkens teruggeval op ’n rasse- en etniese begrip. Die siening word eweneens deur Venter (2022) bevestig dat die aanvanklike konsensus in die Staatkunde Komitee van die AB was om met die term groepsregte te volstaan. Volgens Venter was daar onder die regskundiges in die komitee ’n verskil van mening of groepsregte anders as volgens ras of etnisiteit omskryf kon word.

Dit sou waarskynlik die rede wees waarom die volgende dokument wat in 1990 gefinaliseer is, die *Riglyne vir staatkundige gesprek,* sterker steun op die term *deeleenhede,* wat later in die hoofstuk in breë trekke behandel sal word.

In ’n 1991-besprekingsdokument meld die Afrikaner-Broederbond dat groepsbeskerming steeds aandag kry en:

> Die Regering is steeds daartoe verbind dat minderheidsgroepe of gemeenskappe se regte in 'n grondwet erken en beskerm moet word. Dit is egter opmerklik dat die Regering poog om meer balans in die debat te bewerkstellig, deur onder meer die belang van nasionale eenheid en 'n gemeenskaplike patriotisme te beklemtoon. Die verskil tussen die Regering en die ANC is nie soseer of minderheidsgroepe beskerm moet word nie, maar eerder of sodanige beskerming by wyse van formele grondwetlike bepalinge moet geskied” (Afrikaner-Broederbond, 1991b:27).

Groepsregte sou in latere onderhandelinge ’n tameletjie bly. Die Nasionale Party het groepsregte aanvanklik sterk bevorder, maar het later die aanvanklike sterk beklemtoning laat vaar. Daar was nietemin nie ’n geskikte plaasvervangende begrip nie, behalwe individuele regte, waarbinne kulturele identiteit bevorder kon word. Die NP het derhalwe die Afrikaner-Broederbond as dinkskrum in die proses van onderhandelinge gemarginaliseer en gepaste alternatiewe is gevolglik nie verreken nie.

Die 1986 BSV-besprekingsdokument moes sy doel dien in die volgende logiese stap in bestuurde stelseltransformasie. Die voorstelle is ontwikkel en moes nou in praktiese stappe omgeskakel word. ’n Dinkskrum van die Afrikaner establishment moes besin oor die dokument en die uitkomste daarvan.

5.8 Februarie 1987 Staatkunde Dinkskrum

Tydens ’n UR-vergadering van die Afrikaner-Broederbond, met die verdere uitrol van die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* waarmee begin is, word daar op 15 September 1986 besluit dat: *“*Die AB dit as een van sy take van hoogste prioriteit moet beskou om die proses van onderhandeling oor ’n staatkundige bedeling aan die gang te kry en te hou. Die organisasie moet in die proses klimaatskeppend en voorbereidend optree” (Afrikaner-Broederbond, 1986d:2).

Na ’n voorstel van die Staatkunde Komitee van die AB word op 10 Oktober 1986 besluit om ’n staatkunde dinkskrum te skeduleer vir 7 Februarie 1987. ’n Lys name word voorgehou, waaronder regeringslede, lede van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Universiteitsrektore en akademici, lede van die parlement, lede van die Presidentsraad, lede van die media, verteenwoordigers uit die tuislande, senior staatsamptenare, lede vanuit die veiligheid- en sekerheidstrukture, sakelui, kultuurorganisasies, nyweraars, onderwys- en landboukundiges, provinsiale en plaaslike bestuurslede.

In die voorgestelde sakelys word temas vir bespreking in die vooruitsig gestel, soos:

- Evaluering van die 1983-grondwet.
- Identifisering en omskrywing van minderheidsgroepe.
- Evaluering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.
- Evaluering van staatkundige modelle.
- ’n Onderhandelde skikking en praktiese stappe om dit te bereik. (Bylaag D by die Notule Afrikaner-Broederbond, 1986b:5)

In die oorsigtelike verslag van die uitkomste van die Staatkunde-dinkskrum van 7 Februarie 1987 (Bylaag D by die NotuleAfrikaner-Broederbond, 1987b), wat in April 1987 voor die Uitvoerende Raad gedien het, is die volgende items wat bespreek is, van belang:

- Die verdere ontwikkeling van moontlike staatkundige modelle, wat insluit ’n konfederale model, ’n federale model, gedesentraliseerde gesag.
- Die status quo (soos in 1987) is deeglik bespreek met inbegrip van stemreg in die republiek en die tuislande.
- Die neiging van opposisiepartye om by buite-parlementêre aksies betrokke te raak.
- Die oortuiging dat ’n buite-parlementêre vooronderhandelingsaksie nodig is. Dit is nietemin deeglik gekwalifiseer in die verslag, as dat dit:
  - komplementêr tot die werk van die parlement moes wees, en
  - nie ‘n vyandige aksie teen die regering sou wees nie.
- Indien ’n handves van menseregte oorweeg word moet dit vir individuele sowel as groepsregte voorsiening maak.
- Enige voorstelle ten opsigte van staatkundige ontwikkeling moes berus op die grootste mate van stabiliteit en moes oorweging gee aan ’n vreedsame politieke oplossing.
- Groot klem is geplaas op die inisiatief wat Afrikaners in die bovermelde prosesse moes neem.

- Die rol van groepe en die erkenning dat Suid-Afrika ’n land is wat bestaan uit groepe en minderhede is beklemtoon. Hiervolgens sou die bestaande groepsindeling van die BSV as vertrekpunt dien, tesame met vryheid van assosiasie en disassosiasie. Die moontlikheid en ruimte van “oop groepe” is ingesluit – gedwonge groepsklassifikasie moes eerder vervang word met “spontane groepsvorming”. (Bylaag D,Afrikaner-Broederbond, 1987b)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ’n groot aantal meningsvormers by die staatkunde-dinkskrum van 7 Februarie 1987 betrokke was. Die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* is met erns benader as toepaslik op feitlik alle samelewingsterreine waarin Afrikaners die leidende rol gespeel het en beïnvloeding plaasgevind het. Vanuit die besprekings en die kommer onder Afrikaners kan afgelei word dat:

- Afrikaners die inisiatief moes neem in die ontwikkeling van ’n staatkundige model, alhoewel daar nog nie duidelikheid was oor die aard van die model nie;
- dat dit moes gebeur met die klem daarop om stabiliteit teweeg te bring. Die aandag moes opnuut weer gevestig word op die aard van die staatkundige krisis (soos uitgelig in Hoofstuk 4). Die besprekings in die dinkskrum het plaasgevind teen ’n agtergrond van voortslepende onrus, terreur en groeiende internasionale isolasie van Suid-Afrika.

Die Afrikaner-Broederbond het met die dinkskrum daarin geslaag om opnuut die leidende rol in die staatkundige hervormings te neem. Heel tereg is die aanname gemaak dat hervormings op alle lewensterreine in die totale omgewing ’n impak sou hê. Daarom was die samestelling van die dinkskrum so uiteenlopend. Dit sou nietemin ’n besonder waardevolle oefenlopie kon wees as die latere onderhandelinge so ’n wye spektrum belange ingesluit het.

Daar sou voorlopig in die interne strukture van die AB klem geplaas word op die BSV-dokument, terwyl daar in die staatkunde komitee van die AB verdere dokumente en standpunte ontwikkel is. Riglyne moes ontwikkel word vir die staatkundige gesprekke wat onafwendbaar in die toekoms sou volg.

5.9 1989: Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek-dokument

Voortvloeiend uit die besprekings tydens die 1987-dinkskrum is die ernstige behoefte gestel dat Afrikaners die inisiatief moes neem in die ontwikkeling van ’n staatkundige model. Daarom is daar intens en agter die skerms in die Afrikaner-Broederbond gewoel om staatkundige modelle te ontwikkel en as besprekingsdokumente voor te berei. In 1989, wat ’n politieke jaar

vol woelinge vir die Nasionale Party was, dien die volgende dokument voor die UR van die Afrikaner-Broederbond.

Die *Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek*-besprekingsdokument, wat grootliks deur dr. Bertus de Villiers saamgestel is, het sy oorsprong in die Ruiterwag[53] gehad. Dit is daarna op 6 November 1990 deur De Villiers by die AB se Staatkunde Komitee ingedien. Die doel van die besprekingsdokument was om ’n grondwetlike model te begin ontwikkel wat as riglyn vir toekomstige onderhandelinge kon dien (De Villiers, 2022), wat soos volg verwoord is:

Die doel van die besprekingsdokument *Konsep-Riglyne vir die Staatkundige gesprek* is om:

> voortbouend op die beleidsdokument Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner, en met inagneming van die voortgaande gesprek, bepaalde grondwetlike riglyne in konsepvorm uit te werk. Hierdie konsepriglyne beweeg nader aan die konkrete, maar maak nog geen bloudruk of model uit nie. Dit sal wel as maatstaf by die beoordeling van eventuele bloudrukke of modelle kan dien (Afrikaner-Broederbond, 1989b:1).

Die dokument *Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek* aanvaar die volgende staatkundige doelwitte as uitgangspunt vir grondwetlike ontwikkeling:

> Die daarstelling van 'n ekonomies haalbare staatkundige bedeling waarbinne:
> - vryheid en gelyke regte en geleenthede vir elke Suid-Afrikaanse burger verseker word, en
> - die selfbeskikkingsreg van die verskillende Suid-Afrikaanse volke, bevolkingsgroepe en gemeenskappe verseker word, en
> - die interafhanklikheid van die verskillende Suid-Afrikaanse gemeenskappe erkenning vind.

Die dokument stel verder dat dit nodig is om ter bereiking van die gestelde doelwit:

> elke Suid-Afrikaanse burger se individuele en groepsregte beskerm word en hy binne deeleenheidverband (gebaseer op groep en/of geografiese streek) op alle vlakke van regering effektiewe deelname en medeseggenskap het in alle owerheidsbesluite wat

[53] Vertroulike jeugvleuel van die Afrikaner-Broederbond.

> hom raak sonder dat oorheersing van een deeleenheid deur 'n ander kan plaasvind. (Afrikaner-Broederbond, 1989b:1)

Die dokument lys verder die algemene norme en staatkundige beginsels wat ook verskeie fundamentele regte insluit. In die omskrywing van deeleenhede word gestel dat dit vir: *"die* Afrikaner belangrik is dat hy, alleen of saam met ander met wie hy wil assosieer, op beskerming as groep geregtig is." (Afrikaner-Broederbond, 1989b:3)

In die omskrywing van deeleenhede word daar gestel dat dit alleenstaande of in kombinasie gebruik kan word: Vier opsies vir die omskrywing van deeleenhede word moontlik gemaak:

1) Dat 'n deeleenheid uit 'n rassegroep sal bestaan en die grondwetlike indeling van blank, kleurling, Indiër en swart word gebruik. In die opsie kan 'n persoon óf by 'n rasgroep aansluit óf in 'n "oop" of "onverbonde" groep inskakel, wat uit lede van alle rasse kan bestaan. Ten einde stemreg te kan verkry moet 'n individu by een van die vier deeleenhede of by die oop groep inskakel. Die begrip vrye assosiasie impliseer dat 'n lid wil assosieer met 'n groep, maar dat die groep ook die lid moet aanvaar. Laastens kan elke deeleenheid besluit oor sake van eie belang, maar sodanige eenhede neem as gelykes deel op alle vlakke van regering (Afrikaner-Broederbond, 1989b:6-8).
2) Die volgende opsie maak voorsiening vir deeleenhede op etniese basis en elke etniese groep wat wil, kan as sodanig registreer. Net so word voorsiening vir oop groepe gemaak met dieselfde keuse van assosiasie deur 'n individu. Die keuse word gebied vir 'n eie-sake wetgewer vir elke etniese groep, en die oop groep waarin daar ook oor algemene sake besluit kan word op alle regeringsvlakke.
3) Die derde opsie sou geografiese deeleenhede wees. Die voorbeeld word genoem dat die land in geografiese gebiede verdeel kan word, hetsy 4 provinsies, 9 ontwikkelingstreke of 47 streekdiensterade. Die keuse sou ook aan die 6 selfregerende gebiede gebied word om te bly voortbestaan of in 'n nuwe streek saam te smelt. So kan elke individu besluit in watter streek hy wil woon, en in daardie streek is daar net een gesamentlike kieserslys. Elke streek verkry sy eie wetgewer en uitvoerende gesag (Afrikaner-Broederbond, 1989b:6-8).
4) Die laaste opsie in die dokument maak voorsiening vir 'n kombinasie van die voorafgaande, met die indeling van die land in streke. Die streke besluit self watter vorm van besluitneming hulle verkies, met as keuse om deel van 'n algemene kieserslys te wees, of nie (Afrikaner-Broederbond, 1989b:6-8).

Hierdie dokument is ook volgens Van Deventer (2021:19) deur ’n kollega in die koerantwese na Engels vertaal onder die titel *Draft: Guidelines for Constitutional Discussion.* Beide die Afrikaanse en Engelse dokumente is wyd versprei buite die geledere van die Afrikaner-Broederbond. In die Engelse teks word daar na “*Component Unit”* verwys vir die Afrikaanse term deeleenhede. Die vertaling van die vier opsies is korrek, maar daar word in die Engelse teks ’n byvoeging in die vierde opsie gemaak dat elke streek op gelyke basis verteenwoordig word in die sentrale parlement, en dat ras of etniese groepe volgens opsies 1 en 2 die keuse mag verkry om ’n tweede Huis te vestig met soortgelyke regte as die Huis wat streke verteenwoordig (Afrikaner-Broederbond, 1989a:8).

Die term deeleenhede word gebruik om die staatkundige model of modelle te formuleer binne ras, etniese, geografiese of ’n kombinasie van die opsies, en was reeds ’n betekenisvolle inset tot toekomstige staatkundige gesprekke wat noodwendig moes volg.

Daar moet telkens beklemtoon word dat die voorstelle gemaak is in ’n tydperk wat enersyds in groot onsekerheid gehul was aangesien daar woelinge in die Nasionale Party was, en andersyds het ’n onstabiele binnelandse omgewing geheers.

Tot op daardie tydstip was die Afrikaner-Broederbond die leidende organisasie in die ontwikkeling van staatkundige voorstelle. Die AB-voorstelle wat ’n ingrypende effek op die politieke stelsel sou hê, is gemaak in die afwesigheid van, of tydens ’n dormante proses van staatkundige hervorming deur die NP-regering. Daar is op daardie stadium al meer besef dat daar verandering moes kom en dat tyd besig was om min te raak vir die regering. Die NP-regering moes die inisiatief neem. Hoe groot en hoe diepliggend die veranderinge sou wees, is nietemin nie dadelik besef nie.

5.10 2 Februarie 1990 staatkundige hervormings en die AB

In informele gespreksaantekeninge wat ingebind is by die UR van die Afrikaner-Broederbond se notule van 8 Februarie 1990, ses dae na die belangwekkende aankondigings van President F.W. De Klerk, word die volgende belangrike kwessies aangeteken:

- Die UR is nie vooraf ingelig oor die 2 Februarie 1990 aankondigings deur De Klerk nie.
- Dat daar by Afrikaners onsekerheid en twyfel en selfs vrees bestaan oor die toekoms. Die kommer sou in ’n vergadering met President de Klerk, wat op 10 Februarie sou plaasvind, bespreek word.

- Dat Afrikaners nog in ’n bepaalde anti-kommunistiese denkpatroon vasgevang was na voorafgaande dekades (Afrikaner-Broederbond, 1990d:1).

Uit die informele aantekeninge blyk dit duidelik dat die AB, wat die aanvoorwerk vir veranderinge gedoen het, onkant betrap is. Die voorafgaande jare se beleidsdokumente en diepgaande interne gesprekke oor staatkundige modelle en die prosesse wat moes volg, het op 2 Februarie 1990 skielik tot ’n einde gekom. Die NP-regering se aankondigings word hierna wel formeel bespreek, soos blyk uit die geskeduleerde sakelys en stukke van die vergadering van die Uitvoerende Raad se vergadering op 9 en 10 Februarie 1990 (Afrikaner-Broederbond, 1990c:1-2).

Uit die notule dui dit daarop dat die Afrikaner-Broederbond se leierskap die volgende reeds as van groot belang geag het as reaksie:

- Tydens toekomstige onderhandelinge sal “Die probleem wees om minderheidsregte en groepe in die Grondwet in te skryf”.
- Dat die proses van staatkundige hervormings met die aankondigings van 2 Februarie 1990 reeds aan die gang is. Gevolglik het die AB ’n gulde geleentheid misgeloop (uit hoofde van feit dat die regering die inisiatief geneem het).

Daar word ook in die notule bevestig dat daar later die middag van 10 Februarie 1990 ’n informele ontmoeting was met senior kabinetslede, waaronder De Klerk (Afrikaner-Broederbond, 1990c:2-3).

In aantekeninge vir die gesprek met De Klerk, dr. Gerrit Viljoen en andere wat op 10 Februarie 1990 sou plaasvind, is die volgende waardevolle item in die notule van die vergadering ingebind, wat met De Klerk bespreek sou word: “Die oorweging van minderheidsregte, groepsregte en verwante sake ten opsigte van toekomstige staatkundige ontwikkeling” (Afrikaner-Broederbond, 1990b:1).

Volgens Theron (2021:2) het die Uitvoerende Raad op 9 en 10 Februarie in Kaapstad ontmoet. De Klerk sou die UR wel later op 10 Februarie ontmoet het, maar is op die nippertjie deur dr. Gerrit Viljoen vervang. De Klerk was toe volgens Viljoen met dringende regeringsake besig. Later is verneem dat De Klerk met ’n perskonferensie besig was om Mandela se vrylating aan te kondig. De Klerk het wel later by die Uitvoerende Raad op die plaas waar die vergadering plaasgevind het aangesluit, en hulle kon die aankondiging van Mandela se vrylating saam

dophou. Daar was volgens Theron (2021:2) nie ’n oomblik se stilte nie, want wêreldleiers het aanhoudend gebel om De Klerk geluk te wens.

Uit die gespreksnotas wat in die notule ingebind is, het die gesprek met Viljoen wel plaasgevind en is die volgende van belang:

- ’n Nuwe aanvaarbare definisie van groepe en minderhede losstaande van apartheid moes gevind word.
- Vrae is gevra oor die leiers wat by die samesprekings sou wees (Afrikaner-Broederbond, 1990a:1).

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die AB reeds direk na die De Klerk se aankondigings van 2 Februarie 1990, bepaalde voorbehoude gehad het. Van besondere belang was die wyse waarop Afrikaner-identiteit en -belange in die nuwe bedeling geakkommodeer sou word. Dit is opvallend dat die AB ook reeds besorg was oor die samestelling van die afvaardigings by die onderhandelinge. Die AB het reeds waarskynlik die vooruitsig en veronderstelling gehad dat hy as die NP se dinkskrum sou deelneem aan die staatkundige proses vorentoe.

Dat die AB die staatkundige hervormings met erns benader het en voortgegaan het om met die aktuele kwessies na 2 Februarie 1990 te handel, blyk uit verdere amptelike dokumentasie van die AB. In ’n AB-voorlegging oor staatkundige opsies op 23 Junie 1990, is daar sterk klem geplaas op die rol van die veiligheidsmagte en die kwessie van stabiliteit word opnuut beklemtoon, asook die handhawing van veiligheid in die tydperk van onderhandelinge. Opnuut word die klem in die voorlegging op die erkenning van minderhede geplaas, met die besef dat dit nie op grond van ras aanvaarbaar is nie. ’n Nuwe benadering tot staatkundige denke was volgens die besprekings by die vergadering nodig, wat oorkom kon word deur ’n handves van menseregte. Die erkenning van minderhede deur deelname op sentrale vlak behoort grondwetlik moontlik gemaak te word (Afrikaner-Broederbond, 1990f:1-2).
Hieruit blyk dit duidelik dat die AB sy staatkundige rol ernstig opgeneem het en dié rol steeds as dinkskrum en vennoot van die Nasionale Party beskou het. Sy verkennende gesprekke met die ANC en die ontwikkeling van staatkundige modelle was ’n waardevolle proses. Die strewe na die voortbestaan van die Afrikaner in ’n stelsel van geregtigheid vir almal, het die AB in ’n ideale posisie geplaas om ’n waardevolle inset tydens onderhandelinge te kon lewer.

Met die Bondsraad op 10 Oktober 1990, binne ’n nuwe tydperk met nuwe eise, sê prof. De Lange in sy voorsittersrede dat daar wegbeweeg moes word van ’n onhoudbare situasie van magsmonopolie wat eties onhoudbaar was. Hy waarsku: “Maar ewe onhoudbaar sou ’n

situasie van magsabdikasie wees. Daar moet sterk seine uitgaan dat ons nie van plan is om ons in magteloosheid in te onderhandel nie." Hy definieer die Afrikaner-Broederbond se rol soos volg: "Ons moet ons invloed gebruik en op ons terrein daaraan help werk sodat stabiliteit, sekuriteit en ekonomiese groei die proses van oorgang van omvorming, steun" (De Lange, 1990:7).

Daar kan uit bogenoemde afgelei word dat De Lange van mening was dat "ons" die AB sou moes insluit. Die leiding en inisiatief sou inderdaad by die NP-regering berus, maar dit sou op grond van dié aanspraak 'n gesamentlike span wees wat sou onderhandel. Hiervolgens sou die AB 'n rol moes speel. Ewe insiggewend en veelseggend is die waarskuwing wat reeds in Oktober 1990 oor magsabdikasie gerig is. Dit is nie duidelik uit die dokumente en bronne wat geraadpleeg is of De Lange 'n verwagting gehad het oor sy en die AB se deelname nie. Dit is voorts nie duidelik waarom hy toe reeds die waarskuwing gerig het nie, maar in die maande wat sou volg was dit duidelik dat sy kommer gegrond was.

In 'n interne dokument oor die grondwetlike hervormings sê die Afrikaner-Broederbond in April 1991 dat die 2 Februarie 1990 aankondigings en die gevolglike hervormingstappe gedoen is en veral genoodsaak is om die politieke klimaat te stabiliseer. Dit "was 'n noodsaaklike voorvereiste waarsonder verdere grondwetlike ontwikkeling en onderhandeling nie kon plaasvind nie" (Afrikaner-Broederbond, 1991b:10).

Dit blyk hieruit duidelik dat die AB die kwessie van nasionale stabiliteit deurlopend hoog geag het en dit as prioriteit en voorvereiste vir suksesvolle onderhandelinge beskou het. Die AB het die kulturele identiteit van die Afrikaner deurlopend na waarde geag. As 'n rolspeler in onderhandelinge kon die AB die Afrikanerbelang beskerm en bevorder.

5.11 AB-verteenwoordiging tydens onderhandelinge as 'n moontlikheid

Oor die kwessie van die verteenwoordiging en beskerming van Afrikanerbelange by die onderhandelinge wat moes volg, het die Uitvoerende Raad op 18 Mei 1990 uitvoerig besin:

> Dit is belangrik om te bepaal wie namens die Afrikaner sitting om die onderhandelingstafel gaan inneem. Iemand sal die Afrikaner se belange moet behartig, sy taal, ekonomie, die regstelsel, onderwys, die menseregte ens. As 'n politieke party oor die regte en voorregte van blankes gaan praat, kan die Afrikaner die verloorder wees (Afrikaner-Broederbond, 1990e:5).

Met bogenoemde in gedagte is dit duidelik dat die Afrikaner-Broederbond dit as prioriteit voorsien het dat Afrikaners as groep of as minderheid direkte verteenwoordiging by onderhandelinge moes gehad het. Die AB het die rol as vanselfsprekend aanvaar aangesien hy reeds geruime tyd geworstel het met ŉ staatkundige bedeling waarin die Afrikaner kon voortbestaan.

Die noue assosiasie en verbintenis met die NP in voorafgaande dekades was ŉ simbiotiese verhouding. In gereelde interaksie kon die NP-regering die AB as dinkskrum gebruik. Dit is daarom vanselfsprekend dat die AB vir homself ŉ toekomstige rol in die onderhandelinge gesien het. Dit is verder reeds duidelik uit die voorafgaande besinning dat die AB van mening was dat ŉ politieke party nie die belange van Afrikaners sou kon stel nie.

Die kwessie is op 23 Oktober 1990 weer by die UR Dagbestuur opgehaal en ŉ aanbeveling is na die UR gemaak: “Om ŉ geskikte persoon te benoem om vir ŉ tyd lank voltyds namens die organisasie en in belang van die Afrikanersaak op te tree” (Afrikaner-Broederbond, 1990g:7). Dat die persoon moontlik De Lange sou wees, het bepaalde verwagtinge geskep en is informeel aanvaar.

Hier moet weer beklemtoon word dat De Lange reeds in die gesprek met Mbeki in 1986 aangedui het dat hy hom gaan beywer vir versoening en hervorming. Hy het gevolglik in 1987 bedank as Rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit en daarna as voorsitter, voltyds ŉ kantoor by die Afrikaner-Broederbond betrek. Die afleiding hieruit is dat De Lange op ŉ voltydse basis betrokke was by die AB se polities-staatkundige prosesse. Hy sou waarskynlik op die basis beskikbaar kon wees in die formele onderhandelingsproses. Daar is nietemin nie bronne wat dit bevestig nie. Die navorser het staatgemaak op ander rolspelers se insette en waarnemings.

Dat groeps- en belangeverteenwoordiging by die onderhandelinge ŉ besondere plek moes inneem, word duidelik gedemonstreer deur Van Heerden (1991:5), wat stel dat belangegroepe en beroepsliggame moet help skryf aan die nuwe grondwet en dat die Afrikaner-Broederbond: “as dinkskrum en drukgroep op die Regering ook nou sy eie sitplek aan die onderhandelingstafel soek.” Die standpunt word onder andere gebaseer op ŉ siening van die hoof van die RGN se Sentrum vir Konstitusionele Analise, dr. Bertus de Villiers, dat die onderhandelingsproses: “meer inklusief moet word en wesensbelangrike drukgroepe ook deelname moet kry.” Hiervolgens kon die Nasionale Party as regerende party, of die Konserwatiewe Party, wat op daardie stadium nie deel van onderhandelinge was nie, “nie as alleen-kampvegter vir Afrikanerbelange optree nie.” Dit gaan verder en sê: “Saam met ander

burgerlike organisasies op kerklike, sosiale, arbeids- en ekonomiese gebied moet die Afrikaner na vore tree as ’n onderhandelingsparty waarsonder sekere ooreenkomste nie gesluit mag word nie” (De Villiers soos aangehaal deur Van Heerden, 1991:5).

Die basis vir die denke soos hier bo uiteengesit, is te vinde in die feit dat die Nasionale Party nie meer as kampvegter vir “enger” Afrikanerbelange kon optree nie. Daarteenoor was die Konserwatiewe Party vasgevang in “sy eie rassisme” en die toepassing van apartheid in ’n groter Suid-Afrika of ’n tuisland in ’n kleiner Suid-Afrika. Dít sou aan die Afrikaner-Broederbond, volgens Van Heerden (1991:5), die geleentheid bied om “duiwelsadvokaat” te speel vir konserwatiewe Afrikanerbelange – ’n kwessie wat die Regering asook die ANC geglo het, om die onderhandelingstafel verwoord moes word.

Oor die kwessie van die verteenwoordiging van Afrikanerbelange by die onderhandelinge het die Staatkundige Komitee op 27 September 1991 gesprek gevoer. Daar is tydens die ontmoeting veronderstel dat die Afrikaner tydens die werklike onderhandelinge nie as ’n groep teenwoordig sou kon wees nie. Dit sou nietemin moontlik wees om in sekondêre gesprekke, byvoorbeeld in studiegroepe, te kon toetree (Afrikaner-Broederbond, 1991c:1).

Die Uitvoerende Raad spreek tydens ’n vergadering van 1 en 2 November 1991 weer sy besorgdheid uit oor die saak van die Afrikaner by die onderhandelinge. Daar moes aandag gegee word aan: “wie namens die Afrikaner by die onderhandelingstafel moet optree.” Kommer is ook tydens die vergadering uitgespreek oor die afwesigheid van Afrikaans in amptelike en ook onderhandelingsgesprekke (Afrikaner-Broederbond, 1991a:3).

Dat die regering ander planne gehad het met die onderhandelinge en verteenwoordiging by onderhandelinge, begin op die tydstip in die vordering van die hervormingsproses al duideliker blyk. Volgens Stals (2021:619) was daar ’n ontmoeting op 3 September 1990 met lede van die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond, waartydens De Klerk gemaan het dat die AB hom eerder met kultuur moet besig hou en moet waak teen die drang om deel van die regering te word. Die gesprek en die inhoud daarvan word bevestig deur Van Deventer (2021:24), wat deel van die AB-afvaardiging was. Die gesprek was in reaksie op die terugvoer en advies aan De Klerk dat die regering meer moet kommunikeer na die grondvlak om onsekerheid te vermy. Met sy siening het De Klerk ’n duidelike sein na die AB gestuur dat hulle doelstellings anders deur hom geïnterpreteer word en dat die AB afwyk van sy kultuurtaak.

Hierdie opmerking was beslissend vir die Nasionale Party in sy verhouding met die AB. Hieruit kan afgelei word dat De Klerk van mening was dat die hervormingsinisiatiewe suiwer op die

partypolitieke terrein was. Al die voorafgaande werk van die AB, veral die rol as dinkskrum vir die Nasionale Party, word hiermee beëindig. Wat die NP-leier aanbetref is die AB se rol op die polities-staatkundige terrein afgehandel en moes die AB terugkeer na sy kultuurtaak. Die opregte en geregverdigde kommer van die AB oor Afrikanerbelange tydens die onderhandelinge bly hiermee onopgelos.

Dat die AB nie deel van die proses sou wees nie word opnuut duidelik gestel deur De Klerk (1998:190): “Ek was van mening dat wanneer die tyd ryp is, die regering, – en niemand anders van ons kant nie – die tydsberekening en rigting van die proses moes bepaal. Ons was bekommerd dat goed bedoelde pogings van sakemanne en akademici net sake sou vertroebel en die regering se taak bemoeilik.” Dit was van die begin af die uitgangspunt en die AB en sy staatkundige voorstelle wat sedert 1986 gemaak is, asook die Afrikanerbelange wat hy moes stel en verteenwoordig, sou nooit deel van enige proses wees nie.

Tydens die Staatkunde Komitee vergadering op 22 Junie 1990 is erken dat staatkundige kwessies vinnig op mekaar vorder, buite die AB. Die AB het op ’n stadium voor die regering met hervormingsvoorstelle gekom, maar nou was die inisiatief by die regering en is daar reeds verby die aktiwiteite van die komitee van die Afrikaner-Broederbond gevorder (Moodie, 2012:21).

Die AB se frustrasie was geldig. Die NP-regering het die inisiatief op 2 Februarie 1990 teruggeneem en binne die staat teruggeplaas. Die strategiese bestuur van die proses is nietemin bevraagteken, want so baie rolspelers in die stelsel was op daardie stadium uitgesluit en gemarginaliseer. As dinkskrum vir die NP sou die AB ook in die aanvanklike proses na die gemelde aankondigings ’n bydrae kon lewer om oplossings te vind vir die knelpunte wat reeds geïdentifiseer was. Die momentum van 2 Februarie 1990 het derhalwe ook moontlike latere deelname van die AB aan beheer en bestuur van die proses, deur die NP-regering onmoontlik gemaak.

Oor die onderhandelinge en deelnemers aan die proses sê De Lange op 11 Oktober 1991 in sy Bondsraad voorsittersrede: “Daar is geen twyfel dat die broers wat namens die Nasionale Party gaan onderhandel ook die Afrikaner se saak (taal, onderwys en dies meer) sal stel nie” (De Lange, 1991:3). Dit kom voor asof hy toe reeds bedenkinge hieroor gehad het as die kwalifikasie byvoeg: “Feit is ook dat die Nasionale Party nie meer net die party van die blanke Afrikaner is nie.”

Dit was die kern van die dilemma wat later sou volg, waarin die Afrikaners se belange nie na behore tydens onderhandelinge verteenwoordig is nie. Groepsregte wat in latere AB-dokumente na deeleenhede gewysig is, sou nooit ’n formele ononderhandelbare posisie word nie. Dit sou in die ideaal en interpretasie van individuele regte in die onderhandelde skikking staanplek kon kry. Die AB-leierskap het in Mei 1990, soos voorheen reeds, opnuut kommer uitgespreek oor wie namens die Afrikaner by die onderhandelinge teenwoordig sou wees. Daar is pertinent verwys na die bevordering van Afrikanerbelange soos onderwys. Hierdie sake sou deur kundige rolspelers vanuit hulle onderskeie kundigheidsvelde by die onderhandelinge bevorder kon word. Politieke partye is nie in ’n posisie om die fyner besonderhede van spesialisvelde en die spesifieke belange van groepe te kan bevorder nie.

Volgens Theron (2021:2), is die gedagte dat die Afrikaner-Broederbond of De Lange by die onderhandelinge betrokke sou wees, nooit formeel in die Uitvoerende Raad bespreek nie, maar die verwagtinge is wel informeel onder mekaar bespreek. De Lange sou veral deur sy wye onderwys- en kultuurervaring ’n besondere rol kon speel in die onderhandelinge.

Van Deventer (2021:24) bevestig dat De Lange ’n waardevolle aanwins vir die onderhandelingspan sou wees en ook sterker klem kon plaas op Afrikanerbelange. De Lange het volgens Van Deventer die vaardighede gehad vir onderhandelinge, sowel as die vermoë om kwessies te formuleer. De Lange sou bepaald gewig en statuur verleen het, maar dit is sterk te betwyfel of hy ander resultate sou bereik. Laasgenoemde siening word onder andere bevestig deur Cloete (2021a), wat van mening is dat De Lange se teenwoordigheid waarskynlik nie ’n verskil sou gemaak het nie.

In ’n besprekingsdokument van die Afrikaner-Broederbond gedateer April 1991, oor die stand van onderhandelinge, word verwys na die deelnemers aan die onderhandelinge. Hiervolgens sou alle partye wat redelike en bewese steun het aan die onderhandelinge deelneem. Die belangrike punt word nietemin uitgewys dat daar nog nie eenstemmigheid was of ander belangegroepe soos kerke en arbeidsorganisasies sou kon deelneem nie (Afrikaner-Broederbond, 1991b:14). Dit sou bepaald ook aansluiting vind by die gedagte dat rolspelers uit die burgerlike samelewing, soos belangegroepe waaronder die Afrikaner-Broederbond, ook Afrikanerbelange by die onderhandelingstafel sou verteenwoordig.

Ten minste sou die AB as dinkskrum kon help met sekondêre onderhandelinge deur werksgroepe oor bepaalde kwessies. Dit was een van die moontlikhede wat aanvanklik deur die AB as opsie gemeld is, en is reeds in die studie behandel. Die AB is nietemin heeltemal gemarginaliseer in die prosesse waarby slegs die politieke partye betrokke sou wees.

Dat die Afrikaner-Broederbond se taak uitgespeel was toe onderhandelinge begin het, word bevestig deur De Lange (2013:19) se mening dat die onderhandelinge nou ’n politieke aangeleentheid was. De Lange huldig nietemin die mening dat die onderhandelinge-span ook mense moes insluit soos Bobby Godsell van Anglo American en Adv. Dawid De Villiers, wat in die 1960’s by die Wêreldhof in Den Haag, Suid-Afrika se saak oor Suidwes-Afrika gestel het. Die advies oor bogenoemde onderhandelaars is volgens De Lange met De Klerk gedeel. Hierdie sentiment oor onderhandelaars word met die navorser gedeel in ’n onderhoud met Du Plessis (2022). Hy is van mening dat daar baie sterker adviseurs vir die Nasionale Party vanuit verskillende sektore moes gewees het, waaronder De Lange om Afrikanerbelange en onderwyskwessies te behartig.

Tydens die Bondsraad in 1991, nadat dit geblyk het dat net politieke partye aan die onderhandelinge sou deelneem, is De Lange in sy voorsittersrede bekommerd oor die toekomstige posisie van Afrikaans. Daar rus gevolglik op Afrikaners en die Afrikaanstalige gemeenskap ’n verantwoordelikheid om die kwessie oor Afrikaans as amptelike taal en as medium van onderrig by al die onderhandelaars as nie-onderhandelbaar te bevorder (De Lange, 1991:3).

Die onderhandelinge sou voortaan net deur politieke partye gevoer word en die Afrikaner-Broederbond, wat wesenlike voorstelle gemaak het en intens betrokke was om Afrikaners se ingesteldheid te verander en ’n omgewing te vestig waarin Afrikaners die leiding kon neem, moes sy saak aan die Nasionale Party toevertrou. Volgens Stals (2021:620) was dit vir prof Pieter de Lange, wat so intens betrokke was by voorbereidende gesprekke, en wat ook kritiek vanuit sy eie geledere moes duld en verduur, “'n teleurstellende gewaarwording.” De Lange was: “onrustig gestem deur die geweldige onsekerheid oor die toekoms wat by Afrikaners posgevat het. Veral die vraag of veiligheid en orde genoegsaam verseker sou kon word, het hom gekwel.”

Dat daar op die tydstip nog by die regering en Nasionale Party moontlike illusies was oor die belang van die proses wat sou volg, is duidelik en Stals (2021:620) voeg by dat De Lange verklaar het: “dat dit nog steeds nie werklik tot die Afrikaner deurgedring het dat 'n nuwe orde besig was om tot stand te kom nie. Die Afrikaner het nog in die waan van 'n magsmonopolie voortgeleef” (Stals, 2021:595).

Oor die toekoms van die wit bevolking en Afrikaners in die besonder verwys De Lange na die oorgangsgrondwet en sê dat blankes en Afrikaners se alleengreep op mag tot ’n einde gekom

het. Magsverlies sou volgens De Lange die: “blanke en die Afrikaner dwing om so gou moontlik alternatiewe magsbasisse te ontwikkel en om die sterkte van sy gemeenskapslewe uit te bou”. (De Lange, 1993:2).

Afgesien van die feit dat die Afrikaner die politieke mag deur onderhandelinge afgestaan het, was die Afrikaner se kulturele identiteit ook in gedrang. Dit was volgens die voorafgaande ’n fout om te aanvaar dat die Nasionale Party die belang tydens onderhandelinge sou verdedig. Die kwessie van voortgesette hervormings, teen die agtergrond van NP-verliese in tussenverkiesings, sou eers deur ’n referendum getoets word.

5.12 Die AB en die laaste wit referendum

Soos bespreek in Hoofstuk 4 het die Nasionale Party sedert 1991 swak vertoon in ’n aantal tussenverkiesings. Pas nadat die laaste sterk NP-kiesafdeling in Potchefstroom aan die Konserwatiewe Party afgestaan is, moes die NP verlore aansien herwin. Gevolglik is ’n referendum op 20 Februarie 1992, ’n dag na die Potchefstroom tussenverkiesing, aangekondig. Die referendum sou op 17 Maart 1992 plaasvind.

Kort nadat die referendum aangekondig is, het die Uitvoerende Raad van die AB ’n buitengewone vergadering op 25 Februarie 1992 byeengeroep. Die vergadering het spesifiek met die referendum gehandel. Uit die besprekings in die notule blyk dit dat daar verskillende standpunte oor die kwessie was. Menings van prominente AB-lede is terselfdertyd ingewin. Uit die standpunte tydens die vergadering blyk dit dat die AB nie neutraal kon staan teenoor die referendum nie. Die AB het die proses van ’n onderhandelde skikking sedert 1986 begin bepleit en daarvoor voorbrand gemaak. Tydens die gesprek is nietemin bedenkinge uitgespreek oor hoe die proses in die regering sedertdien verloop het en hoe onderhandelinge gevoer sou word (Afrikaner-Broederbond, 1992d:1).

Van pertinente belang is twee aspekte wat die verhouding met die NP-regering in die toekoms sou rig.

Eerstens word tydens die vergadering gewys op die moontlikheid van ernstige verdeeldheid in die AB indien die referendum ondersteun sou word. Daar word gewys op hoe die aanbeveling na lede gemaak word, wat “verdere verdeeldheid en moontlik skeuring in die organisasie tot gevolg hê” (Afrikaner-Broederbond, 1992d:1).

Tweedens word die konteks deur die voorsitter, prof. De Lange, gestel waarbinne die bespreking gevoer word, naamlik: ”die vertrouensbreuk tussen regering en kieser, die regerende party en die organisasie” (Afrikaner-Broederbond, 1992d:1).

Hoe die vertrouensbreuk tussen die AB en die NP ontstaan het, is nie bekend nie. Dit kon nie in enige ander bron bevestig word nie. Die afleiding is egter dat dit strek sedert De Klerk die AB tereggewys het op die AB se rol. Vir De Lange om dit in die UR-vergadering te bespreek as ’n gegewe en te verwoord in ’n goedgekeurde (27 Maart 1992) en getekende notule, wys daarop dat dit korrek weergegee is. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die vertrouensbreuk net kon ontstaan in die aanloop en proses van onderhandelinge en die uitsluiting of marginalisering van die AB.

Die volgende belangrike punt wat tydens die vergadering na vore kom, is die verwysing daarna dat ’n onderneming gegee is dat nog ’n wit referendum gehou sou word om die finale grondwet goed te keur. Dit sou gebeur indien daar van die NP se voorstelle afgewyk word (Afrikaner-Broederbond, 1992d:2). Hierdie punt is telkens in Hoofstuk 4 geopper en verskeie bronne bevestig dat die onderneming gegee is. Op grond hiervan het die AB dus ook sy besluit geneem en verdere aksie geneem. Voortspruitend uit die byeenkoms het De Lange gevolglik in 'n brief aan lede op die belangrikheid en deurslaggewende betekenis van die referendum gewys en daarmee vir lede by implikasie aanbeveel om 'n "Ja"-stem in die referendum uit te bring. (Afrikaner-Broederbond, 1992d:3). Die Ja-stem is wel by implikasie bevorder maar daar was, volgens (Theron, 2021:2), beslis nie eenstemmigheid daaroor in die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond nie.

Ten spyte van die vertrouensbreuk tussen die AB en die NP op daardie stadium, het die AB voortgegaan met die ontwikkeling van staatkundige voorstelle. Daar is ook tydens die bogenoemde vergadering op 25 Februarie 1992 besluit om die *“Konsepriglyne vir die Staatkundige Gesprek”* (waarna in Afdeling 5.9 verwys is) te verwerk, met die oog op ’n moontlike voorlegging aan Kodesa onder die naam van die FAK (Afrikaner-Broederbond, 1992d:5).

Die AB se ondersteuning in die referendum van 17 Maart 1992 is volgens Knecht (2008:63) geleë in die stille ondersteuning vir die hervormingsinisiatiewe en die diepgaande gesprekke in die Afrikaner-Broederbond in die tydperk voor en na die referendum.

De Klerk kon die 17 Maart 1992-referendum aankondig wetende dat dit ’n risiko is, maar hy het volgens prof. Andreas van Wyk geweet dat die Afrikaner-Broederbond as ’n invloedryke

groepering van Afrikaners, hom gesteun het. Hy bevestig nietemin ook dat FW De Klerk “'n tweede referendum belowe het wat toe gerieflik vergete geraak het” (Van Wyk, 2021:14).

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Raad van die AB op 27 en 28 Maart 1992 is die uitslag van die referendum en die implikasies daarvan ook indringend bespreek. Uit die besprekings soos genotuleer blyk dit dat die besprekings aangedui het dat die uitslag 'n nee vir apartheid en 'n ja vir onderhandeling was (Afrikaner-Broederbond, 1992c:1). Ten slotte is genotuleer dat die onduidelikheid oor 'n verdere referendum met F.W. De Klerk opgeneem moet word (Afrikaner-Broederbond, 1992c:5).

Met die ondersteuning van die referendum, ten spyte van die vertrouensbreuk met die NP, het die klem hierna verskuif na die onderhandelinge waarby die AB uitgesluit was. Die AB kon voortaan hoogstens 'n toeskouer wees. Van sy lede sou wel vanuit hulle amptelike hoedanighede in die regering en in die Nasionale Party, daarby betrokke wees. Die Afrikaner-Broederbond het bepaalde verwagtinge gehad oor deelname maar dit het nie gerealiseer nie. Die Afrikanerbelang en die posisie van groepsregte wat taal en kultuur en onderrig aanbetref, sou voortaan by die onderhandelaars berus. Wat die toekoms aanbetref kon die AB hoogstens teoretiese insette lewer aangesien die AB se staatkundige rol, volgens die NP, uitgedien was.

5.13 Ander beleidsdokumente wat gesirkuleer en openbaar gemaak is

Alhoewel die klem in die studie geval het op die kerndokumente wat groot veranderinge teweeg gebring het, was dit nie die enigste dokumente wat die AB in die tydperk na 1990 gegenereer het nie. Die AB het met groot verantwoordelikheid en omsigtigheid te werk gegaan en 'n verskeidenheid standpunte is steeds in besprekingsdokumente gepubliseer, wat sy lede bemagtig het om met insig met aktuele kwessies om te gaan. Dit is ook reeds uitgelig (verwys na Hoofstuk 3), dat 'n groot aantal lede in die regering en die Nasionale Party, op die stadium lede van die AB was. Hulle het gevolglik ook toegang en insae gehad in die dokumente en die besprekings wat gevolg het.

Die temas en onderwerpe van die besprekings, soos gelys in die onderstaande tabel, bevestig die wyse spektrum van denke en werkskomitees in die AB en besprekingsdokumente is opgestel en gesirkuleer, wat insluit:

Tabel 5-1: Lys van AB-studiedokumente sedert 1990

Studiestuk oor partisie – Februarie 1990	*'n Groep- en Geografiese Federasie as Moontlike Staatkundige alternatief* – Maart 1990
Staatkundige modelle – Maart 1990	*Gewysigde weergawe van die Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaner* – September 1990
Stand van grondwetlike hervormings – April 1991	*'n Evaluasie van Staatkundige stelsels* – Mei 1991
Ekonomiese aangeleenthede in 'n nuwe konstitusionele bedeling – Oktober 1991	*Perspektiewe op 'n veranderde Suid-Afrika* –Vierde kwartaal van 1991
Die Nasionale Vredesverdrag – September 1991	*Selfbeskikking* – Maart 1992
Die onderhandelingsproses binne die konteks van die soeke na 'n ideale staatsvorm vir Suid-Afrika (Onbekende datum)	*Politieke implikasies van 'n handves van regte* (Onbekende datum)

Die AB se dokumente dui op die erns waarmee die soeke na 'n staatkundige bestel benader is. As rolspeler in die stelsel was die dokumente van besondere belang om die beleid wat uitset betref, te beïnvloed. Die onderhandelinge was 'n proses van transformasie vanaf een stelsel na 'n ander stelsel. Die rolspelers sou verander; daarin sou die AB nie 'n rol speel nie.

5.14 Onderhandelinge en die uitsluiting van belange rolspelers

"In die moderne wêreld sal ooreenkomste wat in die geheim in rookgevulde kamers onderhandel word sonder om die burgery deel daarvan te maak, net nooit in die finale uitvoering slaag nie" (Barnard, 2017:77).

In Afdeling 5.11 van hierdie hoofstuk is verwys na die AB wat vir homself aanvanklik 'n rol gesien het om tydens onderhandelinge Afrikanerbelange te verteenwoordig, of ten minste deel van die regeringsafvaardiging te wees.

Dat dit 'n elite-skikking was waarin slegs die politieke partye deelname gehad het en politieke belange verteenwoordig het, word uitgelig deur die volgende standpunte:

> Ek voel persoonlik dat die opstellers van ons Grondwet van 1993-1996 in sommige opsigte te ver van die werklikhede van ons samelewing verwyderd was omdat die

> onderhandelingsproses in Kemptonpark tot politieke rolspelers beperk was. Leiers uit die burgerlike samelewing sou heel waarskynlik ander sienings en dimensies oor die sleutelkwessie van waardes op die tafel geplaas het (Van Wyk, 2008:8).

In ’n verdere gesprek met Van Wyk (2021:6) herbevestig hy die standpunt, maar noem ook kwessies soos aborsie, doodstraf en ander regs- en sosiale kwessies wat nie behoorlik aandag tydens onderhandelinge gekry het nie aangesien slegs politici by die onderhandelinge betrokke was. In dié verband moes swart kerke en Afrikaanse standpunte ten opsigte van taal ook aangehoor gewees het.

Dat die Afrikaner-Broederbond in April 1991 reeds bedenkinge gehad het oor die verloop van die proses word bevestig in die uittreksel uit ’n besprekingsdokument oor die stand van hervormings. Onder die subtitel ***Elite-skikking*** word die AB se standpunt hieroor onomwonde gestel:

> Dit is opmerklik dat sedert 2 Februarie 1990 die leiers van die Regering en die ANC goed met mekaar oor die weg kom terwyl die onderskeie steungroepe steeds ver van mekaar verwyderd is! Alhoewel dit deels te verwagte was, is die gevaar dat die leiers onderling tot `n skikking ooreenkom wat nie vir hul steungroepe aanvaarbaar is nie. Een van die aspekte waarvoor die ANC leierskap tydens hul kongres in Desember 1990 die meeste gekritiseer was, was juis dat die "*grassroots*" nie behoorlik betrek word nie. 'n Elite skikking kan voorts daartoe lei dat die grondwet om die persoon van bepaalde leiers gebou word en dat die vervanging van 'n leiers tot 'n grondwetlike krisis aanleiding gee. Dit is gevolglik noodsaaklik dat die proses van onderhandelinge na haarwortelvlak uitgebrei word (Afrikaner-Broederbond, 1991b:33).

Van Wyk (2021:9) spreek verder die mening uit dat die grondwetlike bedeling deur die Duitse bedeling beïnvloed is. Groepsregte sou waarskynlik deur sterker bedinging deur die Nasionale Party moontlik geakkommodeer kon word; hulle “het te vinning handdoek ingegooi.” Groepsregte kon moontlik nie as ’n pilaar nie, maar as ’n meganisme die nodige beskerming aan taalregte bied. Oor die gedagte van groeps- of gemeenskapsregte, moes daar vanuit: “sosiale groeperinge, die verteenwoordigers van sosiale groeperinge” sterker insette gewees het.

Die uitsluiting van sosiale groeperinge plaas die klem sterker op die neiging na ’n elite-skikking. Die skikking was uiteindelik net tussen die politieke partye wat teenwoordig was. Binne die

vertrouensbreuk wat ontstaan het, is staatkundige dokumente wat tydens onderhandelinge ingedien is, in die AB geëvalueer.

5.15 Evaluasie van onlangse staatkundige dokumente

Dat daar in ’n gevorderde stadium van die onderhandelinge reeds meningsverskil begin onstaan het, word getoon deur die dokument *Evaluasie van onlangse staatkundige dokumente,* wat op 27 en 28 Maart 1992 by die UR van die Afrikaner-Broederbond gedien het en goedgekeur is vir verspreiding na lede en afdelings (Afrikaner-Broederbond, 1992c).

Dit was die laaste inset wat die Afrikaner-Broederbond kon lewer om weer te klem te plaas op vorige kerndokumente. Met die *Evaluasie van onlangse staatkundige dokumente* het die Afrikaner-Broederbond gepoog om sy aanvanklike voorstelle te vergelyk en te evalueer binne die NP-voorstelle en die Regskommissie se Menseregteverslag. As die doel van die dokument word gestel dat: “Tot watter mate die voorstelle van die NP en MRV versoenbaar is met die staatkundige uitgangspunte van ons organisasie” (Afrikaner-Broederbond, 1992e:1)

Die Basiese Staatkundige Voorwaardes en *Riglyne vir ’n Staatkundige gesprek*-dokumente is as ’n maatstaf gebruik om die Nasionale Party se staatkundige voorstelle te evalueer. Dit is insiggewend dat dit net vir interne bespreking bedoel was en dat net die NP-voorstelle geëvalueer is. In die-UR dokument word gemeld dat dit verkieslik sou wees om ook die ANC en DP se voorstelle te bespreek, maar met die oog op interne bespreking is dit nie gedoen nie.

Die AB se besprekingsdokumente *Die Basiese Staatkundige Voorwaardes* en *Riglyne vir ’n Staatkundige gesprek* is saamgevat en vorm die kern van, en grondliggende beginsels en doelwitte waarmee die NP-voorstelle geëvalueer is:

- *Geregtigheid:* ’n nuwe staatkundige orde in ’n regstaat.
- *Staatkundige eenheid:* medeseggenskap op alle vlakke deur alle Suid-Afrikaners.
- *Verskeidenheid:* ’n staatkundige stelsel wat voldoende rekening hou met die volkereverskeidenheid, veral met die vryheidstrewe en kulturele, taalkundige en onderwyskundige verwagtinge van verskillende gemeenskappe.
- *Demokrasie*: ’n regering wat die hele bevolking verteenwoordig en verantwoording aan almal verskuldig is.
- *Vryemarkstelsel*: uitgangspunt vir die ekonomiese stelsel.

In die evaluering is daar onder andere verskilpunte aangetoon betreffende die menseregteverslag en ook wat die NP-voorstelle aanbetref. Die dokument bring reeds duidelike beleidsverskille na vore wat betref die Nasionale Party se voorstelle en kwessies soos die aanstelling van regters, regstellende aksie, afskeiding van streke, taal, kultuur en godsdiens, onderwys, desentralisasie, groepsdeeleenhede, gemeenskapsoutonomie, magsdeling, en sosiale regte aan die hand van die AB se grondliggende beginsels word kortliks en voorlopig geëvalueer. Die laaste gedeelte van die dokument lees soos volg:

> Ten spyte van bepaalde moontlike bedenkings kan die NP na mening wel in sy huidige vorm aan die wesenlike norme van die BSV en die RSG voldoen, mits bepaalde onduidelikhede ten opsigte van veral maksimale desentralisasie, geskilbeslegting, onderwys en gemeenskapsoutonomie in die sin van die BSV en RSG opgeklaar word. Dit word dan ook aanbeveel dat die verwydering van hierdie spesifieke onduidelikhede dringende aandag moet geniet. (Afrikaner-Broederbond, 1992e:10)

Die dokument *Evaluasie van onlangse staatkundige dokumente* word goedgekeur om in ’n gewysigde weergawe as ’n FAK-dokument, *Beginsels vir ’n nuwe Staatkundige Stelsel: Die FAK se standpunt,* by Kodesa ingedien te word (Afrikaner-Broederbond, 1992b).

Tydens ’n vergadering van die Staatkundige Komitee van die Afrikaner-Broederbond op 16 Mei 1992 is die kwessie van skakeling met Kodesa indringend bespreek. Daar word versoek dat ’n gereelde kanaal van inligting ingestel moes word oor gebeure en verwikkelinge by Kodesa. Die moontlikheid is geopper om professionele advies in te win en iemand: “met die regte kwalifikasies as ’n permanente adviseur aan te stel” (Afrikaner-Broederbond, 1992a:3).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die AB nog ’n poging aangewend het om onderhandelingsuitkomste te beïnvloed. Die AB-dokument, met ’n samevatting van standpunte wat oor jare ontwikkel en deeglik in interne prosesse ontwikkel is, was in reaksie en ter evaluering van die NP se voorstelle. Die AB het sy ongemak en kommer uitgespreek oor die onduidelikhede ten opsigte van veral maksimale desentralisasie, geskilbeslegting, onderwys en gemeenskapsoutonomie. Benewens die dokument het die AB ook oorweging geskenk aan die moontlikheid van ’n permanente adviseur. Dit is nie duidelik op watter stadium die moontlikheid nie verder oorweeg, of laat vaar is nie. Dit is veral opvallend dat die dokument ingedien is onder die naam van die FAK, aangesien die AB as vertroulike organisasie gefunksioneer het. Dit sou moontlik ’n ander verloop gehad het as dit as dokument van die Afrikaner-Broederbond gedien het. Dit is nietemin waarskynlik dat, aangesien daar ’n vertrouensbreuk met die NP was, die AB dit nie kon of wou doen nie. Die AB het met die

evaluering sy Afrikanerbelang weer voorop gestel en op dié grondslag is die NP-voorstelle oorweeg.

5.16 Samevatting

Hierdie hoofstuk het die rol van die Afrikaner-Broederbond in die totstandkoming van ’n nuwe staatkundige bedeling uitgelig. Dat die Afrikaner-Broederbond ’n klein maar instrumentele rat was in die groter opvolging van gebeure kan nie betwyfel word nie. Die staatkundige omgewing na 1985 en die frustrasie met die Nasionale Party wat nie kon of wou vorder met dringende en noodsaaklike staatkundige hervormings nie, is in die bostaande bespreking uitgelig. Dat die Afrikaner-Broederbond in die belang van die Afrikaner opgetree het en dringende koersaanpassings in eie geledere begin ondersoek het, is aangetoon in die dokumente wat ontwikkel en versprei is.

In die stelsel-analise het die Afrikaner-Broederbond as rolspeler opgetree om beleid te beïnvloed. Daar was ’n wedersyds voordelige verhouding tussen die AB en die Nasionale Party. In die interaksie met die NP is apartheid ontwikkel, maar in die uitvoering van die sosiale ingenieurswese waarin apartheid toegepas is, het die AB die ideologie begin bevraagteken.

Binne die stelsel moes apartheid beëindig word, wat alleen deur bestuurde stelseltransformasie kon plaasvind. Die nodige staatkundige hervormings wat die Afrikaner se voortbestaan in ’n nuwe stelsel kon verseker, maar ook gelyke regte aan Suid-Afrikaners sou bied, moes ontwikkel word. Geleidelike hervormings kon die weg baan. Die Nasionale Party onder die leiding van P.W. Botha het egter vasgesteek, terwyl onstabiliteit van die stelsel al groter geraak het.

Dit is in daardie leemte dat die Afrikaner-Broederbond ’n groter staatkundige rol begin speel het. Die groter besef dat die ANC ’n leidende rol sou speel in die nuwe staatkundige bedeling het die skakeling met die ANC genoodsaak. Op die wyse kon die Afrikaner se behoefte en noodsaak aan ’n kulturele identiteit aan die ANC oorgedra word. Dit was gevolglik nodig dat begrip vir die Afrikaner se situasie op ’n direkte wyse met die ANC bespreek word.

In die volgende stap het die AB die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* ontwikkel as minimum vereistes vir die behoud van die Afrikaner se kulturele identiteit in ’n nuwe staatkundige bedeling. Dit is aangevul deur verdere dokumente wat die staatkundige moontlikhede ondersoek het.

Die BSV het verwagtinge gestel wat deur politieke prosesse verder verwesenlik moes word. Die noue interaksie met die NP-regering kon die ideale voertuig ontwikkel om die gestelde uitkoms te bereik.

Daar is aangetoon dat die aankondigings van 2 Februarie 1990 deur F.W. De Klerk die AB onverhoeds betrap het. Die onafwendbare proses wat daarna gevolg het, het momentum geskep wat die NP nie kon beheer nie, en nog minder die AB. Dit sou moontlik verhoed kon wees deur 'n deeglike strategiese raamwerk vir onderhandelinge, waarin die AB 'n rol kon speel, 'n ooreengekome uitkoms tussen Afrikaners kon volg, waarvolgens Afrikanerbelange bevorder kon word.

Uit die voorafgaande besprekings blyk dit duidelik dat die kloof tussen die NP en die AB reeds kort na die 2 Februarie 1990-aankondigings al groter geword het. Die geldige kommer van die AB oor die samestelling en verteenwoordiging by onderhandelinge, veral hoe groepsregte bevorder sou word, is toenemend deur die Nasionale Party geïgnoreer. Inteendeel, die AB is al meer gemarginaliseer en terugforseer tot buite die staatkundige dampkring. Daar is deur die NP-leierskap van die AB verwag om weg te staan van staatkundige belange en hom eerder op sy kultuurtaak toe te spits. Binne die AB het die besef toenemend posgevat dat die Afrikaner nie net politieke en ekonomiese mag gaan afstaan nie, maar ook sy kulturele identiteit kan verloor. Dit moes tot elke prys verhoed word.

Binne die stelsel was die Afrikaner-Broederbond 'n intellektuele klankbord in die politieke bemagtiging van die Afrikaner sedert die Nasionale Party se bewindsoorname in 1948. Die AB het dieselfde rol gespeel in die totstandkoming van die republikeinse ideaal. Staatkundige voorstelle is deur die AB ontwikkel toe die NP 'n krisisuur in sy bewind beleef het in die 1980's. Die Afrikaner-Broederbond het die weg gebaan vir 'n onderhandelde oplossing wat die regte en vryhede van alle Suid-Afrikaners sou beskerm. Die NP het die AB nietemin uitgeskuif uit enige moontlikheid om mee te werk aan 'n oplossing wat Afrikaners behoorlik en effektief sou beskerm.

Die latere elite-skikking tussen politieke partye het belangegroepe en grondvlak rolspelers in die samelewing uitgesluit. (Dit sal verder toegelig word in die evaluerende perspektief in Hoofstuk 6.)

De Lange se standpunt in die Uitvoerende Raad kort voor die referendum van 17 Maart 1992, dat daar 'n vertrouensbreuk tussen die AB en die NP ontwikkel het, is aanduidend van die groot kloof wat onstaan het. Die finale gevolgtrekking in die verband is dat die NP die keuse

uitgeoefen het om die pad van onderhandelinge alleen te stap. Ook die Afrikaner-Broederbond as dinkskrum is in die proses uitgeskuif. Daardeur is die bondgenootskap wat oor dekades in belang van Afrikaners ontstaan en ontwikkel het, tot ’n einde gebring.

HOOFSTUK 6: EVALUERING: DIE AFRIKANER-BROEDERBOND AS ROLSPELER VAN VERANDERING MAAR NIE AS ’n ROLSPELER IN DIE ONDERHANDELDE SKIKKING NIE

“...as we advance into the terra incognita of tomorrow, it is better to have a general and incomplete map, subject to revision and correction, than to have no map it all.” (Alvin Toffler, 1991)

6.1 Inleiding

Die doel van die studie was om die rol van die Afrikaner-Broederbond te bespreek in die totstandkoming van die onderhandelde skikking. As teoretiese basis vir die studie is die stelsel-analise gebruik, wat ’n waardevolle raamwerk bied waarbinne die studie geplaas kon word.

In die studie is die rol van die Afrikaner-Broederbond oorsigtelik beskou, wat aanvanklik as Afrikanerbelangegroep opgetree het en later toenemend as ’n dinkskrum vir die NP-regering. Hierdie verskillende fases is bespreek en analities verken. Dit moes die agtergrond skets waarbinne die AB die uitvoering van die ideologie van apartheid moes bevraagteken.

Daar is aangetoon dat die toepassing van apartheid deur die skeiding van rasse, die bestaansekerheid van die wit bevolking en veral Afrikaners moes vestig. Die sosiale en maatskaplike ingenieurswese van apartheid het nietemin ondeurdagte en onbeplande gevolge gehad. Apartheid was ’n stelsel wat onreg gebring het en onmenslik toegepas is. Die Afrikaner-Broederbond het die ideologie begin bevraagteken. Dit sou stelselaanpassings verg wat gelyke regte kon bring, insluitend politieke regte vir almal, maar dit moes terselfdertyd ook ruimte bied vir die voortbestaan van Afrikaners, binne bepaalde voorwaardes.

Hierdie staatkundige hervormings het sy grondslag gevind in die voorstelle wat die AB reeds sedert 1986 ontwikkel het, waardeur die klimaat geskep is vir die verandering in denke by Afrikaners, sowel as die veranderinge in denke binne die regerende Nasionale Party.

In die strukture van die AB is gewerk aan staatkundige voorstelle en modelle vir ’n moontlike nuwe bedeling. Die AB het deurentyd die knellende vraag probeer beantwoord, naamlik hoe om Afrikanerbelange te bevorder binne ’n nuwe staatkundige bedeling. Die NP het dit nie so ingesien nie, en die AB as kultuurorganisasie beskou. Die AB is uit ’n direkte staatkundige rol geskuif. Die NP het die taak op homself geneem om Afrikanerbelange, tesame met ’n groot

aantal ander belange, te bevorder tydens onderhandelinge en die gevolglike skikking. Hieroor het die AB sy bedenkinge uitgespreek en van meet af aan gewaarsku dat die rol nie deur politieke partye gespeel of vervul behoort te word nie. Die AB het sedert die 1980's onder die toenemende besef gekom dat die Afrikaner politieke en ekonomiese mag sou inboet. Die wesenlike gevaar onder 'n swart meerderheidsregering sou wees dat Afrikaners ook hulle kulturele identiteit sou afstaan.

Die studie poog om die Afrikaner-Broederbond se rol binne die konteks van die vorige staatkundige bedeling te plaas deur sy interaksie met die Nasionale Party. Afrikanerbelange is deurentyd voorop gestel in die ontwikkeling van die Afrikaner-Broederbond sedert 1918. Op grond daarvan kon kernvrae, soos die AB se polities-staatkundige rol, die bevraagtekening van apartheid, en die soeke na oplossings vir alternatiewe, beantwoord word.

In hierdie hoofstuk word die fasiliteringsrol wat die AB as 'n Afrikanerbelange-organisasie en dinkskrum in die 1980's gespeel het, geëvalueer binne die staatkundige hervormings van die vroeë 1990's wat tot die elite-skikking gelei het. Die uitkomste word kripties saamgevat en teenoor die sentrale teoretiese stelling soos volg behandel:

- Die teoretiese begronding van Easton se stelsel-analitiese benadering soos van toepassing op die Afrikaner-Broederbond in sy rol in die staatkundige omgewing van die 1980's en 1990's.
- Die aanvanklike rol van die AB sedert sy ontstaangeskiedenis en die noue verbintenis met die Nasionale Party.
- Die krisis in die staatkundige bedeling en die onstabiliteit van die 1980's.
- Die AB se wegbeweeg van apartheid en die klimaatskeppende rol vir veranderinge in die 1980's.
- Waarnemings ten opsigte van die uitkomste van die AB se rol tot en met die referendum van 17 Maart 1992 – die vertrouensbreuk met die NP word veral behandel.
- Evaluering van die tema en gevolgtrekking.

6.2 Die teoretiese begronding van die studie

In Hoofstuk 1, Afdeling 1.5, is die vraag gevra watter rol die Afrikaner-Broederbond in die 1980's gespeel het in die ontwikkeling van staatkundige voorstelle en die vorming van denke in Afrikanergeledere, sowel as klimaatskepping ter aanvaarding en voorbereiding van die onderhandelde skikking wat gelei het tot die nuwe demokratiese bedeling.

Om die vraag te kon beantwoord moes daar eers ’n teoretiese onderbou ontwikkel word waarin die politieke stelsel ontleed kon word. Die werkswyse sou dikwels daartoe neig dat die studie grotendeels op ’n historiese basis berus, en dat daar min of geen politieke model was wat kon dien as vertrekpunt nie.

Daarom vorm Hoofstuk 2 die grondslag vir die studie en is konseptualisering van die begrippe gedoen wat later in die studie gebruik sou word. Veral is die konseptualisering van begrippe soos staat (Hoofstuk 2 Afd. 2.3.3.1), politiek en politieke partye (Hoofstuk 2 Afd. 2.3.3.2), druk- en belangegroepe (Hoofstuk 2 Afd. 2.3.3.3) aangepak. Die begrip *Afrikaner* is bespreek, veral teen agtergrond van die 1980’s (Hoofstuk2 Afd 2.3.3.5), asook die begrippe konflik en onderhandelde skikking (Hoofstuk 2 Afd. 2.3.3.6).

Met die stelselteorie van Easton as breë raamwerk (verwys Hoofstuk 2, Afd. 2.4) en die toepassing van die stelselteorie op die Suid-Afrikaanse konteks vanaf 1976 tot 1992, kon daar bepaal word watter rol die Afrikaner-Broederbond as ’n vertroulike Afrikanerbelangegroep gespeel het, met insette tot die politieke stelsel, meer spesifiek die regering en die Nasionale Party. Dit het gelei tot bepaalde uitsette wat moes bydra tot verandering en hernuwing van die stelsel of polities-staatkundige hervormings.

Die veranderinge moes beskou word teen die aard van die Suid-Afrikaanse staatkundige bedeling wat al meer begin neig het na ’n onstabiele stelsel in die 1980’s. Die verband tussen die noodsaak vir ’n stelselverandering, en veral die prioritisering van ’n stabiele stelsel binne verandering, is aangetoon (Hoofstuk 2, Afd. 2.5).

Die gevolgtrekking waartoe gekom kon word, is dat die stelsel-analise soos deur Easton ontwikkel, die teoretiese grondslag gevorm het waarbinne die studie verder ontwikkel kon word. Die AB het as rolspeler in die politieke stelsel sy insette gelewer en eise aan die Nasionale Party gestel, waardeur beleid beïnvloed is. Dit was vir die grootste gedeelte sedert 1948 tot en met die vroeë 1990’s die geval, en die stelsel-analise kon ’n voldoende teoretiese raamwerk bied. Die Afrikaner-Broederbond het deur proaktiewe beïnvloeding en as aktiewe rolspeler bygedra tot stelseltransformasie van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel.

6.3 Die rol van die AB teenoor die NP in die aanloop tot ’n nuwe bedeling

Hierdie afdeling konsentreer op die rol wat die AB gespeel het, ondersteunend tot die NP in die aanloop tot die nuwe bedeling (1980-1993).

6.3.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 is die geskiedenis van die AB oorsigtelik uitgelig. As Afrikanerbelange-organisasie is die oorsigtelike bydraes van die AB in die ontwikkeling van die Afrikaner uiteengesit. Daar is voorts klem gelê op die sterker verhouding met die Nasionale Party.

6.3.2 Die AB as belangegroep in die verhouding tot die Nasionale Party

In Hoofstuk 3 is die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond uiteengesit. Die doelstellings van die organisasie was om die Afrikaner te bemagtig na aanleiding van sy diep minderwaardigheidskompleks na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog.

'n Sterk gevoel van Afrikanernasionalisme was die gevolg hiervan. Die rol van die AB in die 1948-verkiesing en die al nouer verbintenis met die Nasionale Party is bevestig en ontleed. Die simbiotiese verhouding tussen die Nasionale Party en die Afrikanerbond-Broederbond en die ontwikkeling van apartheid is veral in Hoofstuk 3 uitgelig en bespreek. *Groot apartheid*, naamlik die skep van tuislande en die gedwonge verskuiwing van swartmense na die tuislande, asook die verwysing na *klein apartheid* as die skeidingsmaatreëls wat wit en Afrikanerbelange moes beskerm, is in Hoofstuk 3 Afdelings 3.6 tot 3.10 verder bespreek.

Die Afrikaner-Broederbond se rol binne die voorbereiding van denke in Afrikanergeledere om apartheid en sy toepassing te bevraagteken, is bespreek vanaf Hoofstuk 3 Afd. 3.13 en die bevraagtekening en aanvanklike hervormings het gelei tot ernstige spanning en skeuring in Afrikaner-geledere.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat Afrikaners die stelsel gebruik het om wit Afrikaners se belange te beskerm. Die implikasie daarvan bevestig onomwonde dat die Afrikaner as deelnemer binne die stelsel, sy oorlewing en voortbestaan binne die wit bevolking en gebaseer op 'n rassegrondslag, uitgekontrakteer het aan die staat. Deur die uitvoering van die beleid van apartheid het die staat die verantwoordelikheid en verpligting deur dekades heen op hom geneem. Dit is onder andere gedoen deur die tuislande te vestig op grond van groot apartheid en deur die toepassing van *klein apartheid* deur gedwonge skeidingsmaatreëls. Die AB het die eenheid van Afrikaners belangrik geag en het reeds in 1934 'n beleidsdokument ontwikkel wat skeidingsmaatreëls voorgestel het om witmense selfstandig te ontwikkel. Die voorstelle is later deur die Nasionale Party in die apartheidsideologie omskep. Die toepassing van die beleid van apartheid was 'n onmenslike onreg teenoor die mense van Suid-Afrika en die bedoeling van die studie was geensins om dit op enige wyse te regverdig nie.

Afrikanernasionalisme kon tot op ’n punt deur die georganiseerde kultuurlewe van die Afrikaner bevorder word, maar deur die politieke beheer van die Nasionale Party na 1948 is die stelsel sodanig gemanipuleer dat waardes en hulpbronne, met inbegrip van skaars middele, gesaghebbend deur die Nasionale Party vir ’n wit samelewing toebedeel is ten koste van die res van die samelewing. Dit het onreg tot gevolg gehad.

6.3.3 Gevolgtrekking

Die AB het as belangegroep en deur die noue verhouding met die Nasionale Party sy eie rol begin verwater. Die aanvanklike bedoeling en sukses van die AB was dat dit as ’n vertroulike Afrikanerbelangegroep kon waak oor die belange van Afrikaners. Waar daar leemtes was in die Afrikaner samelewing is daar deur die bemiddeling van die AB organisasies gestig wat na die spesifieke belange kon omsien. Deurentyd was die AB in ’n koördinerende posisie ten opsigte van die Afrikanerkultuurhuishouding.

Die AB het nietemin die rol in die 1940’s tot laat in die vorige eeu ongedaan begin maak met die nouerwordende verhouding met die Nasionale Party – soveel so dat die AB tydens Bondsrade mosies ter ondersteuning van die Nasionale Party en die NP-leierskap aanvaar het. Dit het die volgende tot gevolg gehad:

Eerstens is die Afrikaner-Broederbond geassosieer met die Nasionale Party en by implikasie met apartheid. Dit het vir die AB onberekenbare skade aan sy beeld berokken, veral onder nie-Afrikaners.

Tweedens het die AB voorskriftelik teenoor sy lede opgetree deur die ondersteuning, soms openlik en blatant, van die Nasionale Party. Dit het ernstige gevolge vir Afrikanerpolitiek ingehou deur skeurings, wat op feitlik elke sfeer van die Afrikaner as ’n stelsel, plaasgevind het. Die AB-lede het deur sodanige optrede nie in Afrikanerbelang opgetree nie, maar in die belang van die Nasionale Party. Dit het vandag nog ’n impak op verhoudinge tussen organisasies.

Die vertroulike karakter en werkswyse het verskeie implikasies gehad. Dit was later die doel en nie die werkswyse nie. Die vertroulike aard van die AB het persepsies tot gevolg gehad, waarvan sommige vandag nog heers. Wanneer dit nodig was om in die openbaar te reageer op sommige gebeurtenisse was die gevolge vir vertroulikheid soms ’n sterker oorweging. Die vertroulike karakter was veral in die 1990’s ’n probleem. Toe dit krities noodsaaklik was dat die Afrikaner-Broederbond moes optree om Afrikanerbelange te beskerm in die oorgang na ’n

nuwe bedeling kon dit nie gebeur nie, aangesien hy dan sy vertroulike karakter sou moes prysgee.

Laastens was die AB vir die NP en veral beroepspolitici, ’n ideale instrument. Nie net het die AB as dinkskrum opgetree nie, maar politieke loopbane is gebou op lidmaatskap binne die AB. Waarskynlik is meriete nie prysgegee nie, maar “vriende in verantwoordelike kringe” het ’n besondere status geniet binne die AB.

6.4 Die noodsaak van verandering gesien in die lig van die onstabiliteit van die 1980’s

In die afdeling is die fokus op die staatkundige krisis soos geskep deur die onstabiele omgewing van die 1980’s en wat veranderinge genoodsaak het.

6.4.1 Inleiding

In Hoofstuk 4 is die krisis van die staatkundige bestel in die 1980’s bespreek. Uit die hoofstuk word ’n totale omgewing, soos binne die stelsel-analise, bespreek wat internasionaal geïsoleer was deur binnelandse onstabiliteit.

6.4.2 Suid-Afrika as onstabiele stelsel en die staatkundige krisis

Hoofstuk 4 het oorsigtelik gehandel met al die faktore wat bygedra het tot die onstabiele stelsel. Wat binnelandse faktore aanbetref is die swart politieke strewes en verwagtinge uitgelig, wat nie deur die NP se tuislandbeleid bevredig kon word nie. Die gevolge daarvan was die gewapende stryd en terreur (Hoofstuk 4.3.3). Daarna is oorgegaan tot die internasionale omgewing met Suid-Afrika se buurlande (Hoofstuk 4.5). Die agtergrond tot ekonomiese sanksies en disinvestering is oorsigtelik hanteer. (Hoofstuk 4.5.2 tot 4.5.6)

Die Nasionale Party se staatkundige hervormings om die gevolge van apartheid aan te pak is hierna bespreek. Die toepassing van apartheid is deur al meer mense en instansies binne die stelsel gekritiseer. Apartheid is bevraagteken vanuit die volgende perspektiewe soos aangetoon in Hoofstuk 4:

- Die internasionale druk wat deur sanksies en isolasie teweeggebring is.
- Die ekonomiese onvolhoubaarheid van apartheid.
- Die demografie en verstedeliking wat die teenoorgestelde effek gehad het as wat met die tuislandbeleid beoog is.

- Die ANC se toenemend internasionale invloed en ondersteuning en die morele hoë grond wat hulle daardeur beklee het.
- Binnelandse opstande en toenemende onstabiliteit om die land onregeerbaar te maak.
- Al meer druk vanuit wit en Afrikanergeledere, waaronder die Afrikaner-Broederbond en ander Afrikaner intellektuele.
- 'n Toenemende besef dat die apartheidstelsel met onreg en onmenslikheid gepaard gegaan het.

Al hierdie faktore is in voorleggings en besprekingsdokumente deur die Afrikaner-Broederbond oorweeg. Staatkundige hervormings was gevolglik onafwendbaar. Nadat die Nasionale Party aanvanklik huiwerig was, het omvattende staatkundige hervormings en onderhandelinge begin. Alhoewel die onderhandelinge oorsigtelik bespreek is (Hoofstuk 4.9), bied dit 'n blik op die proses. Die proses het nietemin soveel nuanses en veranderlikes dat dit 'n volledige studie verg. Die finale uitkomste is ook nie in die hoofstuk bespreek nie aangesien die studie om verstaanbare redes (Hoofstuk 5) alleen binne die raamwerk tot en met die laaste wit referendum van 17 Maart 1992 handel.

6.4.3 Gevolgtrekking

> *Going from bad to worse does not always mean a slide into revolution. More often than not, it occurs when a nation which has endured without complaint – almost without feeling them – the most burdensome laws rejects them with violence the moment the weight of them lightens. The regime destroyed by a revolution is almost always better than the one that immediately preceded it and experience teaches us that the the most hazardous moment for a bad government is normally when it is beginning to reform.*
> De Tocqueville (2008:227)

Die Suid-Afrikaanse regering kon (verwys Hoofstuk 4, Afdeling 4.13) moontlik onbepaald voortgegaan het met die toepassing van die status quo. Daar kon op grond van die magsmiddele tot sy beskikking, soos die weermag en polisie, vanuit 'n posisie van krag gehandel word.

Suid-Afrika is ook een van die min lande in die wêreld wat oor 'n kernvermoë beskik het. Suid-Afrika se eerste atoombom is in 1982 voltooi, waarna nog vyf ander gevolg het, met 'n sewende atoombom halfpad in die proses van voltooiing. Barnard (2017:212) is krities in sy oordeel dat De Klerk en sy onderhandelaars: "oënskynlik nooit die strategiese waarde van 'n kernvermoë, veral tydens die staatkundige onderhandelinge, begryp het nie."

Die afleiding is derhalwe dat Suid-Afrika langer kon voortgaan en die onstabiele situasie probeer bestuur, maar dan moet gevra word, teen watter prys? Voortstuwende massa-aksie, toenemende terreur en binnelandse onrus en die ekonomiese knyptang het die Nasionale Party-regering gedwing om die internasionale vensters van geleenthede aan te gryp, naamlik:

- Die val van kommunisme
- Die val van die Berlynse muur

Sou die Nasionale Party en De Klerk verby die venster van geleentheid beweeg het, sou en kon die situasie binnelands en internasionaal net vererger het. Tesame hiermee moet ook die moontlikheid oorweeg word dat die Nasionale Party op enige tydstip as gevolg van groeiende ongeduld oor veranderinge, steun na die linkerkant kon verloor het, maar dat ongelukkigheid en spanning oor hervormings terselfdertyd steun na die regterkant kon laat groei het. Die vraag is dus nie of die Nasionale Party en De Klerk met staatkundige veranderinge en hervorming moes voortgaan nie. Uit die voorafgaande (Hoofstuk 4) blyk dit duidelik dat die onstabiliteit groter en bloedige gevolge kon inhou vir die stelsel.

Veel belangriker is die vraag oor die wyse waarop dit gebeur het en hoe dit bestuur is. Daar is duidelik aangetoon dat die aankondigings gemaak is sonder dat die sekuriteitsinstellings vooraf daaroor ingelig of geraadpleeg is. Ook die Afrikaner-Broederbond, wat as dinkskrum opgetree het, is onverhoeds betrap. Die feitestel soos in Hoofstuk 4 beskryf, is aanduidend dat die NP self onkant betrap is deur die stukrag wat deur 2 Februarie 1990 bereik is. Gevolglik dui alles daarop dat die momentum van die proses van onderhandelinge die NP vooruit was en die NP het die gesag en beheer verloor. Teen die einde was dit ’n politieke en elite-skikking aangesien soveel belangegroepe wat insette tot onderhandelinge kon lewer, uitgesluit is.

6.5 Die AB se wegbreek van apartheid en die klimaatskeppende rol vir veranderinge in die 1980’s

Hierdie afdeling fokus op die AB as instelling wat ’n omgewing help daarstel het vir politieke verandering en gesprekke wat daaruit voortgevloei het.

6.5.1 Inleiding

In Hoofstuk 5 is die AB se rol as Afrikanerbelangegroep en dinkskrum duidelik aangetoon. Die studie kon veral staatmaak op interne dokumente en notules van vergaderings, sowel as onderhoude met rolspelers uit die tydperk. Sodoende kon interne perspektiewe in die spesifieke tydsraamwerk verkry en geïnterpreteer word.

6.5.2 Die AB se rol op staatkundige terrein

“Die immoraliteit van apartheid het teen die hemele geskreeu.”
“Ons (Suid-Afrika) was besig om in bankrotskap te gaan, en teen die einde van die 1990’s sal als in duie gestort het”.
“Ons sal mekaar in die strate begin doodmaak het” (De Lange, 2006:2-6).

Daar was (soos bespreek in Hoofstuk 5) 'n beduidende aantal faktore wat 'n invloed op die Afrikaner-Broederbond se direkte rol en werkswyse en die soeke na 'n geskikte politieke oplossing uitgeoefen het:

- In die geledere van die Afrikaner-Broederbond is die Christelik etiese en morele houdbaarheid en geregverdigdheid van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en apartheid toenemend bevraagteken.
- Die politieke eise en verwagtinge van die swart bevolking het al meer begin word. Hierin het die ANC die leidende rol gespeel om die strewes te verwoord. Dit was vir die AB belangrik om Afrikaners se vrese en bekommernisse direk met die ANC te deel.
- Die politieke verdelingslyne onder Afrikaners was merkbaar, en het sy eie spanning geskep met verskillende polities-staatkundige oplossings wat voorgehou is. In die tydperk van “*verligtes*” en “*verkramptes*” in die Afrikaner se politieke omgewing het die Afrikaner-Broederbond met realisme opgetree.
- Die Afrikaner-Broederbond was deurentyd besig met die soeke na oplossings vir Afrikaners binne ’n staatkundige bestel. Hieruit het die eerste belangrike staatkundige voorstelle na vore gekom – *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner*.
- Die interne konflik vanweë onrus en terreur en gewapende stryd ter bevordering van swart politieke verwagtinge was ’n ernstige bedreiging vir staatsveiligheid en interne stabiliteit. Hieroor is die AB gereeld voorgelig en kon die AB besluite neem op grond van eerstehandse inligting.
- Die voortbestaan van die Afrikaner kon nie langer afhanklik wees van skeidingsmaatreëls en diskriminerende maatreëls deur wetgewing nie.

Die NP se onvermoë om op die eise in die stelsel te reageer het die AB genoop om groter en meer druk op die NP te plaas. Die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan*-dokument was ’n finale breuk met die verlede en apartheid. Die dokument en die uitkringende effek daarvan op lede, hulle interaksie met ander en binne die gemeenskap kan nie onderskat

word nie. Dat dit ’n bydrae gelewer het tot die bevraagtekening van apartheid binne die bestaande stelsel en die soeke na oplossings is in Hoofstuk 5 uitgelig.

Soos uitgelig (verwys na Hoofstuk 3), is die Afrikaner-Broederbond se geskiedenis en rol in staatkundige hervormings een wat gestrek het vanaf die ondersteuning van afsonderlike ontwikkeling tot die bevraagtekening van die stelsel, die toepassing daarvan, en die realiteitsbesef van die onwerkbaarheid en ongeregtigheid daarvan. In die 1980’s was die AB deel van die soeke na ’n alternatief vir afsonderlike ontwikkeling en ’n werkbare moontlikheid op ’n grondslag van 'n breë demokrasie (soos in Hoofstuk 5 uitgewys).

6.5.3 Gevolgtrekking

Uit die perspektiewe (wat later in Hoofstuk 5 gestel is), was daar ’n aanvanklike verwagting dat die Afrikaner-Broederbond sou deelneem aan die onderhandelinge om die Afrikanerbelang te verteenwoordig. Dit is nietemin vroeg reeds duidelik gemaak dat die onderhandelinge alleen deur politieke partye gevoer sou word; tog het die Afrikaner-Broederbond gepoog om die belange sodoende indirek te bevorder. Dit sou later blyk nie suksesvol te wees nie.

Die aanloop tot die referendum van 17 Maart 1992 het diep verskille tussen die AB en die NP tot gevolg gehad. Die uiteinde was ’n vertrouensbreuk tussen die twee organisasies. Die NP het die AB toenemend geïsoleer in die proses van onderhandelinge en het verkies om alleen die pad van onderhandeling te loop. Die finale uitkomste van onderhandelinge sou volgens ondernemings aan ’n tweede referendum onderwerp word, wat nooit gerealiseer het nie.

Ten slotte was dit ’n elite-skikking tussen die NP en die ANC as die hoofrolspelers. Die ironie is dat die NP, wat Afrikanerbelange sou bevorder, in die nuwe bedeling in die ANC opgeneem is – ’n tragiese einde vir die Nasionale Party en die staatkundige prosesse wat dit begin het. Met dié inploffing, het die NP sy verantwoordelikheid in die nuwe staatkundige bedeling teenoor sy ondersteuners, veral Afrikaners, ontduik.

6.6 Is die navorsingsvrae beantwoord en die doelstellings bereik?

Die navorsing het ten doel gehad om die volgende navorsingsvrae te beantwoord. Die vrae is in Hoofstuk 1.3.1 gestel, gevolg deur die navorsingsdoelwitte in Hoofstuk 1.4. Ter wille van die evaluering is die volgende vrae gevra:

1) Kan die stelsel-teorie toegepas word op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel van die 1980's en wat was die Afrikaner-Broederbond se rol as vertroulike belangegroep met betrekking tot die politieke stelsel waarna verwys word?
2) Hoe het die geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond sedert sy ontstaan in 1918 verloop, veral met betrekking tot die opvoedkundige, ekonomiese en politieke bemagtiging van die Afrikaner in sy verhouding met die regerende Nasionale Party en die toepassing van apartheid?
3) Wat was die breë staatkundige omgewing van die 1980's, veral beskou in die politieke en ekonomiese krisistyd waarin Suid-Afrika hom bevind het?
4) Watter polities-strategiese rol het die Afrikaner-Broederbond gespeel in hierdie tydperk van politieke en staatkundige onstabiliteit, en wat was die inhoud en effek van die belangrike *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voorbestaan van die Afrikaner* en ander soortgelyke dokumente en aksies wat tot die nuwe bedeling gelei het?
5) Was die Afrikaner-Broederbond 'n katalisator tot denkeveranderinge by Afrikaners, wat uiteindelik tot die onderhandelde skikking en die nuwe staatkundige bedeling gelei het? 'n Evaluering en beoordeling van die rol van die Afrikaner-Broederbond.

Die teoretiese begronding is volledig in Hoofstuk 2 behandel en die stelsel-analise dien as volledige raamwerk waarbinne die navorsing aangepak en afgehandel is. Die stelselkenmerke plaas die Afrikaner-Broederbond volledig binne die politieke stelsel. Die AB het deur insette wel beleid beïnvloed. Die noue interaksie met die Nasionale Party binne die stelsel is volledig omskryf in Hoofstuk 3. Die insette en eise tot die stelsel het enorme druk geplaas met gevolglike stelselonstabiliteit in die 1980's deur sanksies, isolasie en binnelandse terreur en massa-aksie. Hoofstuk 4 het die vraag beantwoord oor die staatkundige krisis. Die kern van die studie is vasgevang in Hoofstuk 5 met die polities-staatkundige rol wat die AB gespeel het om beleid te beïnvloed. Dit moes die leemte vul wat die Nasionale Party op daardie stadium nie kon vul nie. Die AB se rol was nietemin beperk as 'n rolspeler in die skikking en die AB se rol het gevolglik geëindig met die referendum van 17 Maart 1992.

6.7 Evaluering en gevolgtrekking

"Die grootste risiko wat ons vandag neem is om nie risiko te neem nie." (Prof. Pieter de Lange in sy termyn as voorsitter van die Afrikaner-Broederbond.)

Reeds in die sestigerjare, maar duideliker in die sewentiger- en tagtigerjare, het dit geblyk dat apartheid ter beskerming van die wit bevolking en meer spesifiek Afrikaners onbedoelde negatiewe gevolge gehad het. Die beleid van apartheid het deur sy uitvoering op 'n kwetsende

wyse en deur onreg mense ontneem van waardigheid en basiese menseregte. Dit het die Afrikaner-Broederbond genoop om deur sy kundigheid in sy strukture te soek na ’n nuwe ordelike en aanvaarbare politieke oplossing of staatkundige oplossing. Die staatkundige oplossing moes nietemin ook vir Afrikaners se volledige uitlewing van kulturele identiteit voorsiening maak.

In die studie word die onderhandelingsproses en die gevolglike skikking nie breedvoerig gedek nie. Dit word eerder beskou as ’n elite-skikking tussen die politieke groeperinge wat die burgerlike samelewing se insette nie in berekening gebring het of daarvoor gevra het nie. Net die politieke partye het onderhandel en net politieke belange is gedien. Daarom het sake soos groepregte, taalregte en ander morele kwessies op die kantlyn beland.

Die 2 Februarie 1990-aankondigings deur pres. F.W. De Klerk was onafwendbaar. Dit is gedoen binne die omgewingsfaktore en veral die eise wat in die voorafgaande studie-afdelings uitgelig en bespreek is. Die uiteindelike proses en wat in die navorsing uitgelig is, dui op die volgende gevolgtrekkings:

- De Klerk kon vir ’n wyle die morele hoë grond betree met die aankondigings. Vanweë die afwesigheid van ’n onderhandelingsmeesterplan kon die momentum wat daarop gevolg het, nie gestuit word nie. ’n Strategiese meesterplan en -bestuur kon die rigting en pas van die momentum moontlik beïnvloed het.
- Die 2 Februarie 1990-aankondigings was onafwendbaar. Indien De Klerk vooraf belangegroepe soos die Afrikaner-Broederbond en regeringsinstellings geraadpleeg het, kon die momentum wat gevolg het moontlik sinvol bestuur word binne ’n strategiese raamwerk.
- Die Afrikaner-Broederbond het met sy aanvoorwerk en insette gehelp om die klimaat in die Afrikaner establishment te vestig wat sou lei tot die beëindiging van die ideologie en die toepassing van apartheid. Die Afrikaner-Broederbond sou nietemin nie toegelaat word om as dinkskrum mee te werk aan ’n sinvolle en volhoubare alternatief nie.
- Aangesien die skikking en bedeling wat daarop gevolg het alle lewensfere sou raak, kon dit nie bloot ’n politieke skikking wees, soos dit uiteindelik was nie. Ander rolspelers wat bepaalde belange kon behartig en bevorder tydens onderhandelinge, kon moontlik ’n ander uitkoms help bewerkstellig het. Omdat dit net ’n politieke skikking was kan dit as ’n elite-skikking beskryf word.
- Afrikanerbelange soos duidelik gedefinieer in die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner* van 1986 het bepaalde veronderstellings gehad. Die

Nasionale Party het die Afrikaner-Broederbond op ’n wyse gemanipuleer en later gemarginaliseer. Die Afrikanerbelange sou deur die Nasionale Party en ander partye bevorder word, maar in die proses van skikking en onderhandelinge het die belange verwater geraak en is dit later op ’n syspoor geplaas.

- Die Afrikaner-Broederbond het deurgaans sy kommer uitgespreek oor Afrikanerbelange wat binne ’n duidelike omskrywing van groepsregte met wigte en teenwigte in ’n grondwet gestalte en beskerming moes kry. Dit is deurlopend met die Nasionale Party en regering opgeneem.
- Die druk van onderhandelinge het die proses beïnvloed om later ter wille van enige skikking en teen elke prys wel ’n skikking te bereik. Die implikasies hiervan is vandag nog voelbaar.
- Dat die 17 Maart 1992-referendum oorweldigende steun met ’n Ja-stem kon verkry, was grotendeels op ’n wanvoorstelling gegrond. Die Afrikaner-Broederbond het die Ja-stem by implikasie bevorder, maar dit was op grond van die veronderstelling van ’n opvolg referendum om die finale voorstelle vir die grondwet by die wit bevolking te toets. Die tweede referendum het nooit plaasgevind nie.
- Die bevestiging van ’n vertrouensbreuk tussen die NP en die AB in ’n geslote vergadering van die Afrikaner-Broederbond se Uitvoerende Raad is van besondere belang. Hierdie vertrouensbreuk het waarskynlik plaasgevind in die aanloop tot onderhandelinge en die marginalisering van die AB.
- Deur die voorafgaande blyk dit duidelik dat die Afrikaner-Broederbond nie as ’n rolspeler saam met die Nasionale Party verantwoordelik gehou kan word vir die finale uitkoms van die skikking nie.
- Die Afrikaner-Broederbond was reeds gemarginaliseer in die rol en taak rondom die aanleidende prosesse van die onderhandelinge waarin net die Nasionale Party en regering die leiding en pas aangegee het. Die Afrikaner-Broederbond se rol het gevolglik geëindig met die 17 Maart 1992-referendum.
- Toe die onderhandelinge begin het en insette tot onderhandelinge veral oor Afrikanerbelange op sy mees kritieke punt was, het die Nasionale Party alleen die proses hanteer. Terugskouend was dit ’n fout. Afrikanerbelange is in die steek gelaat. Die AB se kommer oor die behoud van die kulturele identiteit van die Afrikaners in ’n nuwe staatkundige bedeling is nooit behoorlik behandel nie.
- Die Afrikaner-Broederbond het deurgaans in sy besprekings as dinkskrum opgetree en het sedert 1986 voorstelle ter tafel geplaas oor die moontlike politieke hervormings met staatkundige modelle wat later die voorstelle aangevul het. Hierdie voorstelle is moontlik

deur die Nasionale Party oorweeg in sy beleidsraamwerke, maar die voorstelle het nooit enige status of oorweging geniet in die onderhandelinge en die skikking nie.

- Die studie het aangetoon dat die AB lojaal betrokke was binne die stelsel en die Nasionale Party ondersteun het. Die marginalisering en uitsluiting van die AB as rolspeler in latere beleidsprosesse en onderhandelinge het nadelige gevolge gehad vir Afrikanerbelange. Alhoewel van die NP se onderhandelaars lede van die AB was, is die AB of Afrikanerbelange nooit oorgedra of direk bevorder nie. Hierdeur is die Afrikanerbelange te na gekom.
- Die staatkundige voorstelle van die Afrikaner-Broederbond was nie as strooihalms uit die lug gegryp of op idealisme gebaseer nie, maar was die gevolg van ŉ deeglike besinning oor die hoogs vloeibare en onvolhoubare polities-staatkundige omgewing.
- In die finale plek moet die Afrikaner-Broederbond se rol gesien word as ŉ Afrikanerbelangegroep en dinkskrum wat belangrike insette kon lewer tot die omgewing en stelsel waarbinne hy gefunksioneer het. Die stelsel het nietemin verkies om die Afrikaner-Broederbond en sy dinkskrumrol te marginaliseer.
- Die motiewe van die stelsel met die Nasionale Party in die leidende rol moet gevolglik bevraagteken word. Die indruk word gelaat dat die Afrikaner-Broederbond deur die NP misbruik is.
- Die AB het ŉ prys betaal vir sy noue verhouding met die NP. Die AB het gevolglik ten minste twee direkte skeurings van soortgelyke aard as die NP-skeurings beleef. Deur sy nougesette optrede sedert 1985 wou die AB deurentyd kulturele skeidings of skeurings vermy.

In 1986 het die *Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan* van die Afrikaner-Broederbond die volgende drie voorwaardes gestel:

- dat Afrikaners se skeppingskrag aangewend word om onderhandelde strukture tot stand te bring en indien dit nie gebeur nie: “is dit onvermydelik dat strukture op hom afgedwing sal word waarin hy geen medeseggenskap sal hê nie.”
- Dat: “verteenwoordigers van verskeie magsgroeperinge aan die opstel van ŉ nuwe grondwet deelneem.”
- Laastens: “die aanvaarbaarheid van so ŉ nuwe bestel vir die meerderheid van die landsburgers, en uiteraard ook vir die meerderheid van Afrikaners, is een van die belangrikste voorwaardes vir sy voortbestaan” (Afrikaner-Broederbond, 1986c:1-7).

Die navorsing asook die uitkomste van die nuwe staatkundige bedeling het aangetoon dat aan al drie die bestaansvoorwaardes nie voldoen is nie of net gedeeltelik voldoen is. Met die perspektiewe wat mense vandag oor die staatkundige bedeling het, in teenstelling met dit wat in 1986 in die vooruitsig gestel is, kon sake anders verloop het.

6.7.1 ’n Moontlike aanbeveling

In die navorsing is die term Afrikaner gekontekstualiseer binne die tydraamwerk ter sprake. In die moderne, huidige tydperk het Afrikanerskap ’n besondere inklusiewe betekenis. Dit sluit nie uit dat Afrikaners steeds bepaalde vrese en bekommernisse het oor die uitlewing van kulturele identiteit nie.

Dit impliseer dat organisasies wat binne die inklusiewe benadering van Afrikanerskap werk, deurentyd die Afrikanerbelange moet bevorder binne ’n omgewingsonvriendelike stelsel. Dit bring die perspektief na vore dat organisasies hulself binne ’n toepaslike stelsel moet plaas en op so ’n wyse probeer om deur insette beleid te beïnvloed.

Afrikaners se politieke verdelingspatrone van die verlede is verby. Vandag bevind Afrikaners hulself in verskillende politieke partye met wyd uiteendlopende ideologiese verskille. Dit sluit nietemin nie uit dat Afrikaners vanuit verskillende agtergronde openhartig met mekaar moet, en kan praat oor ’n staatkundige toekoms nie. Leer uit die lesse van die verlede. Dit verg ’n balans in optrede oor sake wat Afrikaner-spesifiek is en sake wat elke Suid-Afrikaner, ook Afrikaners, raak.

6.7.2 Ruimte vir verdere studie

In die tydperk na die referendum van 17 Maart 1992 het die Afrikaner-Broederbond drastiese veranderinge in sy struktuur, lidmaatskap, naam en werkswyse gemaak. Lidmaatskap is oopgestel, vertroulikheid afgeskud en die naam het verander na die Afrikanerbond. Met die nuwe staatkundige bedeling het die AB ’n nuwe rol probeer speel. Dit mag ’n moontlike oorweging vir verdere navorsing bied.

In die 1986-besprekingsdokument *Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner,* is een van die bestaansvoorwaardes: “die aanvaarbaarheid van so ’n nuwe bestel vir die meerderheid van die landsburgers, en uiteraard ook vir die meerderheid van Afrikaners, is een van die belangrikste voorwaardes vir sy voortbestaan.” (Afrikaner-Broederbond, 1986c:1-7). Daar het nou reeds byna drie dekades binne die nuwe staatkundige bestel verloop. Dit sou die ideale ruimte bied vir navorsing om die aanvaarbaarheid van die stelsel vir Afrikaners, vanuit ’n hedendaagse perspektief te evalueer.

'n Evaluerende studie oor die gevolge van die elite-skikking kan meer as 30 jaar sedert die belangwekkende aankondigings van 2 Februarie 1990, die gevolge en die probleme kon uitwys. Kwessies soos regstellende aksie, probleme in onderwys, Swart Ekonomiese Bemagtiging, veiligheid, verswakkende dienslewering is sigbaar en word veral ook beleef deur Afrikaners. Dit sou egter nie in die voorafgaande navorsing en binne die aanvanklike doelwitte van die studie geval het nie. Dit bied egter voldoende ruimte vir verdere navorsing.

BIBLIOGRAFIE

Afrikaner-Broederbond. 1968. 'n Historiese oorsig: Die Afrikaner-Broederbond (50 jaar) 1 Oktober 1968 AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1977. Meesterplan vir afsonderlike ontwikkeling met die oog op 'n blanke toekoms, veral met betrekking tot die Bantoe JUnie 1977. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1981. Ons organisasie se Afrikanerstrategie vorentoe. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985a. Notule: Uitvoerende Raad, 10 Oktober 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985b. Notule: Uitvoerende Raad, 3 en 4 Mei 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985c. Notule: Dagbestuur Uitvoerende Raad 12 Oktober 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985d. Notule: Uitvoerende Raad 17-19 Januarie 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985e. Notule: Bondsraad 11 en 12 Oktober 1985 Hartbeesjeugterrein. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1985f. Kwetsende Wetgewing, Bylae E by UR Agenda 2 en 3 Augustus, 24 April 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985g. Notule: Uitvoerende Raad 18 en 19 Februarie 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1985h. Notule: Uitvoerende Raad 2 en 3 Augustus 1985. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1986a. Notule: Uitvoerende Raad, 8 en 9 Augustus 1986. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1986b. Notule: Uitvoerende Raad, 10 Oktober 1986 AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1986c. Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner. (BSV) , November 1986. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1986d. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur, 15 September 1986. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1986e. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur, 7 Julie 1986. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1987a. Moontlike onderhandelinge met die ANC: Is dit haalbaar of aan te bevele? (De Lange Dokumente). AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1987b. Notule: Uitvoerende Raad (Bylaag D Resultate van Dinkskrum - Staatkundige ontwikkeling), 3 April 1987. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1989a. Draft: Guidelines for Constitutional Discussion, 1989 [Besprekingsdokument]. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1989b. Konsep-riglyne vir die Staatkundige Gesprek, 1989. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990a. Notule: Uitvoerende Raad Opsommende Notas na gesprek Viljoen, 10 Februarie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990b. Notule: Uitvoerende Raad Notas vir gesprek met De Klerk, Viljoen en ander lede van kabinet, 10 Februarie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990c. Notule: Uitvoerende Raad, 9 Februarie 1990 AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1990d. Notule: Uitvoerende Raad Informele notas in reaksie op die 2 Februarie 1990 aankondigings, 8 Februarie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1990e. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur, 18 Mei 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990f. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur Bylaag: Notas oor 'n Voorlegging oor staatkundige opsies, 23 Junie 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1990g. Notule: Uitvoerende Raad Dagbestuur, 23 Oktober 1990. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1991a. Notule: Uitvoerende Raad, 1 en 2 November 1991. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1991b. Stand van Grondwetlike Hervorming in Suid-Afrika, April 1991. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1991c. Notule: Staatkundige Komitee, 27 September 1991. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1992a. Notule: Uitvoerende Raad, 26 Mei 1992 AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg:

Afrikaner-Broederbond. 1992b. Bylaag I by UR agenda. Beginsels vir 'n nuwe staatkundige stelsel: Die FAK se standpunt, 27 en 28 Maart 1992. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1992c. Notule: Uitvoerende Raad, 27 en 28 Maart 1992 AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1992d. Notule: Uitvoerende Raad (Buitengewone vergadering), 25 Februarie 1992 AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1992e. Evaluasie van onlangse staatkundige dokumente, Februarie 1992. AB Argiewe, Erfenisstigting. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikaner-Broederbond. 1996. Die AB se rol in die hervormingsproses dokumentebundel - 1 (Prof de Lange dokumentel) AB Hoofkantoor. Johannesburg: Afrikaner-Broederbond.

Afrikanerbond. 1997. Draer van 'n Ideaal. AB Hoofkantoor. Johannesburg Die Afrikanerbond.

Ahmad, R. & Eijaz, A. 2011. Demands, Capabilities, Decisions and Outcome. *International Journal of Business and Social Science*, Vol. 2 No. 15; August 2011:190-198. https://www.researchgate.net/publication/344781431_DEMANDS_CAPABILITIES_DECISIONS_AND_OUTCOME Date of access: 2 July 2022.

Ake, C. 1975. A Definition of Political Stability. *Comparative Politics*, 7(2):271-283. http://www.jstor.org/stable/421552 Date of access: 24 Maart 2022. 10.2307/421552

ANC. 1984. Statement Of The National Executive Committee On The Occasion Of The 73th Anniversary Of The ANC. *Address by ANC President Oliver Tambo*.

Anstey, M. 2010. *Managing change : negotiating conflict*. Third edition reprint. Landsdowne: Juta & Co.

Babbie, E. 2013. *The Practise of Social Reaserch (International Edition) 13th Edition*. Canada: Wadsworth Cengage Learning.

Barnard, N. 2017. *Vreedsame revolusie : uit die enjinkamer van die onderhandelinge*. Kaapstad: Tafelberg.

Boshoff, C. 1982. *Die AB as evalueringsliggaam midde in die Afrikanervolk, 8 Oktober 1982*. Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hawekwajeugterrein, 8 Oktober 1982.

Cloete, F. 2021a. Onderhoud met Prof Fanie Cloete, 13 Desember 2021 via Zoom [Personal interview]. 13 Desember 2021, Onderhoud deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Cloete, F. 2021b. Beleidsdiskriminasie, -verandering en entrepreneurskap: Beperkte politieke regte vir “Kleurlinge” in Suid-Afrika tot 1979. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,*, Jaargang 61 No. 4-2::1-27. http://www.scielo.org.za/pdf/tvg/v61n4-2/03.pdf

Coetzee, T. & Wessels, D. 2004. Van stelselonstabiliteit na stelselstabiliteit - 'n Transformasie-perspektief. *Southern Journal for Contemporary History Universiteit van die Vrystaat*, 29(1):60-81. https://journals.ufs.ac.za/index.php/jch/article/view/401 Date of access: 2022/02/07.

Commonwealth, S. 1986. *Mission to South Africa : the Commonwealth report : report of the Commonwealth Group of Eminent Persons appointed under the Nassau Accord on Southern Africa*. London: Commonwealth Secretariat.

Coser, L. 1968. *Conflict: social aspects*. New York: Collier and Macmillan.

Cresswell, J. 1998. *Qualitative inquiry and research design: Choosing aming five traditions*. California: Sage Publications Inc.

Cronje, F. 2013. *Beyond the High Road: A scenario analysis of the prospects for political stability or instability in South Africa over the period to 2024.* Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Cronje, F. 2014. *A time traveller's guide to our next ten years*. Kaapstad: Tafelberg.

De Klerk, F.W. 1998. *Die outobiografie: Die laaste trek, 'n nuwe begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, F.W. 2015. Ons toekoms is in ons eie hande. AB Hoofkantoor. Voortrekkermonument, Pretoria: Afrikanerbond.

De Klerk, W. 1991. *FW De Klerk : Die man en sy tyd*. Tafelberg.

De Klerk, W. 1997. Gerrit Viljoen se leierskap van die Afrikaner-Broederbond. In: Bernhard Louw & Van Rensburg, F., eds. *Bestendige binnevuur : perspektiewe op Gerrit Viljoen by geleentheid van sy een en sewentigste verjaardag op 11 September 1997*. Kaapstad: Tafelberg.

De Klerk, W. 1999. *Afrikaners, Kroes, kras, Kordaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Lange, P. 1985. *AB se take en doelwitte vir die Afrikaner in die jare tagtig, 11 Oktober 1985.* Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 11 Oktober 1985.

De Lange, P. 1988. *Wees sterk mbt erfenis, ekonomie staatkunde en geloof, 3-4 Junie 1988*. Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 3-4 Junie 1988.

De Lange, P. 1990. *Die AB in die negentiger jare*. Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 10 Oktober 1990.

De Lange, P. 1991. *Afrikaans en onderwys in die nuwe bedeling*. Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hawekwajeugterrein, 11 Oktober 1991.

De Lange, P. 1993. *Die omvorming van die AB*. Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 25 September 1993.

De Lange, P. 2006. Onderhoud met Pieter de Lange deur Max Du Preez [Personal interview]. 2006, Ongepubliseerd. AB Hoofkantoor, Randburg.

De Lange, P. 2013. Onderhoud vir Broerskap [Personal interview]. 24 Oktober 2013, Ongepubliseerd: AB Rekord Onderhoud deur dr. Jan-Ad Stemmet. AB Hoofkantoor, Randburg.

De Tocqueville, A. 2008. *The Ancien Régime and the French Revolution*. London: Penguin Books.

De Villiers, B. 2022. AB en onderhandelinge [11 Julie 2022, E-pos kommunikasie met navorser.

Dixon, M. 2013. *Textbook on international law*. 4e Uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

Du Plessis, B. 2022. Onderhoud met Barend du Plessis (By die Voortrekkermonument) deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg [Personal interview]. 20 September 2022.

Du Preez, M. 2012. Intruduction to the 2012 Edition. In: Wilkins, I. & Strydom, H., eds. *The Super-Afrikaners Inside the Afrikaner Broederbond*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

Duvenhage, A. 1994. Die Transformasie van Politieke Instellings in Oorgangstye - 'n Rekonstruksie, Interpretasie en Evaluasie van SP Huntington se Teoretiese Bydrae. . Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Duvenhage, A. 2007. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n strategiese ontleding en sceario analise. *Wetenskaplike bydraes*, Reeks H: Intreerede 214(Intreerede Nr. 214),

Duvenhage, A. 2020. Suid-Afrika by 'n kantelpunt - 'n slegte-saak-scenario? *LitNet Akademies*, Jaargang 17(3):241-268. https://www.litnet.co.za/suid-afrika-by-n-kantelpunt-n-slegte-saak-scenario/ Date of access: 25 Junie 2022.

Easton, D. 1965. *A Systems Analysis of political life*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Engelbrecht, A. 2021. Kwalitatiewe navorsing:data insameling en-analise. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K., eds. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik. pp. 109-127.

Esterhuyse, W.P. 2012. *Eindstryd: Geheime gesprekke en die einde van apartheid*. Kaapstad: Tafelberg.

Esterhuyse, W.P. 2013. Onderhoud vir Broerskap [Personal interview]. Mei 2013, Ongepubliseerd: AB Rekord Onderhoud deur dr. Jan-Ad Stemmet. AB Hoofkantoor, Randburg.

Gaum, F. 2018. Heyns en Naudé - Binne of buite die mure? . *Kerkbode*(Issue). https://kerkbode.christians.co.za/2018/10/15/heyns-en-naude-binne-of-buite-die-mure/ Date of access: 25 Augustus 2022.

Geldenhuys, D. 2022. *Betwiste staatskap: Die TBVC-state in vergelykende internasionale perspektief*. (LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)). https://www.litnet.co.za/betwiste-staatskap-die-tbvc-state-in-vergelykende-internasionale-perspektief/ Date of access: 24 Maart 2022.

Gevisser, M. 2009. *Thabo Mbeki : the dream deferred*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners : 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2017. Hermann Giliomee – 'n onderhoud oor sy outobiografie. *LitNet Akademies*, https://www.litnet.co.za/hermann-giliomee-n-onderhoud-oor-sy-outobiografie/ Date of access: 15 Maart 2022.

Giliomee, H. 2021. Voorwoord. In: Stals, E., ed. *Die Broederbond - Die geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond 1918-1994*. Johannesburg: Die Afrikanerbond.

Hartell, C. & Bosman, L. 2021. Beplanning van 'n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K., eds. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik. pp. 19-49.

Heunis, J.C. 2007. *Die binnekring : terugblikke op die laaste dae van blanke regering*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Heywood, A. 2013. *Politics*. Fourth Edition. Hampshire: Palgrave Macmillan.

Hopkins, P. 2007. Die Voëlvry-beweging se groter konteks. https://www.litnet.co.za/die-voelvry-beweging-se-groter-konteks-2007/ Date of access: 29 Junie 2007.

Hugo, P. & Kotzé, H. 1983. *Suid-Afrika : oorlewing in politieke perspektief*. Braamfontein, Johannesburg: Jonathan Ball Uitgewers. (Tweede Hersiene Uitgawe).

Jackson, J. 2015. *The World's Most Dangerous Secret Societies*. Make Profits Easy LLC.

Jacoby, T. 2008. *Understanding conflict and violence : Theoretical and interdisciplinary approaches*. London; New York: Routledge.

Jeffery, A. 2019. *People's war: New light on the struggle for South Africa*. Jeppestown: Jonathan Ball Uitgewers.

Kaplan, A. 2017. The conduct of inquiry : methodology for behavioral science. http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1564005

Kasrils, R. 1993. *Armed and dangerous : my undercover struggle against apartheid*. Oxford: Heinemann.

Kerlinger, F. & Lee, H. 2000. *Foundations of behavorial research. FourthEdtion*. 4th. Belmont: Cengage Learning.

Klaas, L. 2019. Radio Freedom comes home. https://www.news24.com/News24/radio-freedom-comes-home-20190516 Date of access: 6 Augustus 2022.

Knecht, A. 2008. The Afrikaner-Broederbond: From 'Devil of Apartheid' to an Actor of Change in the Transformation Process of South Africa. In: Pretorius, J., ed. *African Politics: Beyond the Third Wave of Democatisation*. Kaapstad: Juta. pp. 52-66.

Kotzé, H. & Van Wyk, K. 1986. *Politieke konsepte*. Johannesburg: Lex Patria - Perskor.

Kriek, D. 1984. Easton. In: Faure, A.K., DJ, ed. *Die moderne politieke teorie*. Durban/Pretoria: Butterworth. pp. 537-578.

Kriek, D. 1991. David Easton die profiel van 'n politieke wetenskaplike. *Politikon: South African Journal of Political Studies*, Vol 19 No1:102-119.

Labuschagne, P. 2021. *SA was ryp vir revolusie en gevaar is nog nie verby*. https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/sa-was-ryp-vir-revolusie-en-gevaar-is-nog-nie-verby-20210727 Date of access: 26 September 2021.

Leach, G. 1987. *South Africa : no easy path to peace*. London: Methuen Mandarin.

Levinger, G. & Rubin, J.Z. 1994. Bridges and Barriers to a More General Theory of Conflict. https://doi.org/10.1007/BF03391246

Lombard, K. 2021. 'n Inleiding tot navorsing. In: Hartell, I.J.C. & Lombard, K., eds. *Navorsing: 'n Gids vir die beginner navorser*. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Lyman, P.N. 2002. *Partner to history: the U.S. role in South Africa's transition to democracy*. Washington, D.C: United States Institute of Peace.

Matisonn, J. 2015. *God, spies and lies : finding South Africa's future through its past*. Ideas for Africa and Missing Ink.

Matisonn, J. 2022. How the Broederbond's tentacles penetrated deep into the heart of South Africa. https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2022-04-19-how-the-broederbonds-tentacles-penetrated-deep-into-the-heart-of-south-africa/ Date of access: 15 Julie 2022.

Meiring, G. 2013. Onderhoud vir Broerskap [Personal interview]. Mei 2013, Ongepubliseerd: AB Rekord Onderhoud deur dr. Jan-Ad Stemmet. AB Hoofkantoor, Randburg.

Meyer, P. 1963. *Ons taak vorentoe*. Paper presented at the Bondsraad van die Afrikaner-Broederbond, Tweefontein, Bapsfontein, 21 Mei 1963.

Meyer, P. 1964. *Opdrag en verslag*. Paper presented at the Bondsraad van die Afrikaner-Broederbond, Tweefontein, Bapsfontein, 29-30 September 1964.

Meyer, P. 1965. *Praktiese optrede mbt kommunisme, jeug en kultuur.* . Paper presented at the Bondsraad van die Afrikaner-Broederbond, Vergenoeg, 6-7 April 1965.

Meyer, P. 1966. *Die voortbestaan van die Afrikanervolk*. Paper presented at the Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Tweefontein in Bapsfontein, 3-4 Oktober 1966.

Meyer, P. 1968. *Die geskiedenis van die AB en die AB in die hede*. Paper presented at the Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Tweefontein in Bapsfontein, 1 Oktober 1968.

Meyer, P. 1970. *Die aanslae teen die AB*. Paper presented at the Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Johannesburg, 29 September 1970.

Meyer, R. 2013. Onderhoud vir Broerskap [Personal interview]. Oktober 2013, Ongepubliseerd: AB Rekord Onderhoud deur dr. Jan-Ad Stemmet. AB Hoofkantoor, Randburg.

Moodie, D. 2012. "Cyril's eyes lit up." Roelf Meyer, Francois Venter, the Afrikaner Broederbond and the decision to abandon "group rights" in favour of a "regstaat" (constitutional state). WiSER: WiSER (Wits Institute for Social and Economic Research.

Mostert, J. 2022. Onderhoud met Johan Mostert [Personal interview]. 30 Mei 2022, Ongepubliseerd: Navorsing onderhoud in Pretoria, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Mouton, J. & Marais, H. 1992. *Basiese begrippe: Metodilogie van die Geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Nelson, C. 2018. *Die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings, met spesiale verwysing na eietydse Suid-Afrika*. (LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)). https://www.litnet.co.za/die-rol-van-politieke-partye-en-verkiesings-in-die-konsolidering-van-demokrasie-in-samelewings-met-spesiale-verwysing-na-eietydse-suid-afrika/ Date of access: 22 Maart 2022.

Oppenheimer, H.F.F.P.A. 1985. *Apartheid under pressure : an address to the governors of the Foreign Policy Association, New York, October 11, 1984*. Cape Town: CTP Book Printers.

Pantev, P. 2000. *Negotiating in the Balkans: The Pre-negotiation Perspective*. (National Security and the Future). https://www.e-ir.info/2012/08/15/pre-negotiations-a-necessary-pre-requisite-for-success-in-diplomatic-negotiations/ Date of access: 30 Augustus 2022.

Pelzer, A. 1979. *Die Afrikaner-Broederbond: Eerste 50 Jaar*. Kaapstad: Tafelberg.

Plano, J.C. 1976. *Political science dictionary*. Hinsdale, Ill.: Dryden P.

Rogers, H.L.P.A. 1949. *Native administration in the Union of South Africa*. Pretoria (S.A.): Published by authority, printed in the U. of S.A. by the Govt. Printer.

Roskin, M.G.C.R.L.M.J.A. 1991. *Political science : an introduction*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

SAHO. 2017. *South Africa's Academic and cultural Boycott*. https://www.sahistory.org.za/article/south-africas-academic-and-cultural-boycott#:~:text=The%20ANC's%20original%20call%20for,the%20following%20year%20in%20London. Date of access: 13 Augustus 2022.

Savage, M. 1987. The Cost of Apartheid. *Third World Quarterly*, 9(2):601-621. http://www.jstor.org/stable/3991899 Date of access: 2022/08/09/.

Scholtz, L. 2022a. Die prys van hervorming *Beeld*, 1 September 2022. https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/aktueel/gorbatsjof-wou-nes-fw-die-regte-ding-doen-teen-n-prys-20220831 Date of access: 1 September 2022.

Scholtz, L. 2022b. *Terreur en bevryding : die ANC/SAKP, die kommunisme en geweld (1961-1990)*. Jeppestown: Jonathan Ball Uitgewers

Shonk, K. 2021. *What is Conflict Resolution, and How Does It Work?* https://www.pon.harvard.edu/daily/conflict-resolution/what-is-conflict-resolution-and-how-does-it-work/ Date of access: 22 Maart 2022.

Slabbert, F.v.Z. 2006. *Duskant die geskiedenis : 'n persoonlike terugblik op die politieke oorgang in Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Sluka, J. 1996. *"National Liberation Movements in Global Context"*.

Smith, N. 2009. *Die Afrikaner Broederbond: Belewinge van die binnekant*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Smith, R.J. 1993. South Africa's 16-year secret: The nuclear bomb. *Washingtion Post Online* https://www.washingtonpost.com/archive/politics/1993/05/12/south-africas-16-year-secret-the-nuclear-bomb/6713a0ec-30bd-4bf8-9623-816e8a15fa50/ Date of access: 22 August 2022.

Sparks, A. 1995. *Tomorrow is another country : the inside story of South Africa's negotiated revolution*. Sandton: Struik.

Spence, R.T.G.C.K. 2019. The Real History of Secret Societies. https://torontopl.kanopy.com/node/6161628

Stals, C. 2013. Onderhoud vir Broerskap [Personal interview]. 7 November 2013, Ongepubliseerd: AB Rekord Onderhoud deur dr. Jan-Ad Stemmet. AB Hoofkantoor, Randburg.

Stals, E. 1995. *Generaal JBM Hertzog en die Afrikaner-Broederbond*. Paper presented at the JBM Hertzog Gedenklesing: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, September 1995.

Stals, E.L.P. 2021. *Die Broederbond: Die Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond, 1918-1994*. Johannesburg: Die Afrikanerbond.

Steyn, J. 2015. *Afrikaners in die branding - NP van Wyk Louw se "Kultuur en krisis" vandag*. Pretoria: FAK.

Theron, P. 2021. Onderhoud met Prof. Piérre Theron [Personal interview]. 15 Desember 2021, Ongepubliseerd: Navorsing onderhoud in Groot-Brakrivier, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Treurnicht, A. 1974. *Rekenskap in 'n tyd soos hierdie*. Paper presented at the Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Hartbeesjeuterrein, 1 Oktober 1974.

Van der Merwe, S. 2021. Onderhoud en transkripsie [Personal interview]. 3 Desember 2021, Ongepubliseerd: Navorsing onderhoud in Kameeldrift, Pretoria, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Van Deventer, H. 2021. Onderhoud en transkripsie [Personal interview]. 14 Desember 2021, Ongepubliseerd: Navorsing onderhoud in Melkbosstrand, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Van Heerden, D. 1991. Gaan Broederbond 'Afrikaners' verteenwoordig? . *Die Suid-Afrikaan*, Oktober - November 1991.

Van Rooy, J. 1933. *Voorsittersrede by Bondsraad*. Paper presented at the Bondsraad, Johannesburg, 29 en 30 September 1933.

Van Wyk, A. 2008. *Vryheid en verantwoordelikheid: die openbare gesprek in Suid-Afrika vyftien jaar na 1993*. Paper presented at the Gariepgesprek, Kimberley, 29 Augustus 2008.

Van Wyk, A. 2021. Onderhoud en transkripsie [Personal interview]. 15 Desember 2021, Ongepubliseerd: Navorsing onderhoud in Hermanus, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Venter, F. 2022. Onderhoud met Prof Francois Venter [Personal interview]. 15 Julie 2022, Ongepubliseerd: Navorsing onderhoud in Potchefstroom, deur Jan Bosman. AB Hoofkantoor, Randburg.

Verloren van Themaat, J. & Wiechers, M. 1985. *Staatsreg*. Durban: Butterworth.

Viljoen, G. 1976. *Taakstelling en voorraadopname*. Paper presented at the Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Hartbeesjeuterrein, 28 September 1976.

Viljoen, G. 1978. *Die Afrikaner se strydvaardigheid - uit kulturele perspektief*. Paper presented at the Bondsraad (Afrikaner-Broederbond), Hartbeesjeuterrein, 3 Oktober 1978.

Viljoen, G. 1980. *Die balans tussen ideaal en werklikheid* Paper presented at the Afrikaner-Broederbond Bondsraad, Hartbeesjeugterrein, 2 September 1980.

Waldmeir, P. 1997. *Anatomy of a miracle : the end of Apartheid and the birth of a new nation*. London: VIKING.

Welsh, D. 2009. *The rise and fall of apartheid*. Johannesburg; Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Wiechers, M. 2010. Taal en kultuur in die Suid-Afrikaanse grondwet AB Hoofkantoor. Johannesburg Die Afrikanerbond.

Wilkins, I. & Strydom, H. 2012. *The Super-Afrikaners Inside the Afrikaner Broederbond*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

Zaaiman, J. 2010. The local role of a Wellington Afrikaner Broederbond branch, 1937-1994. *Historia : amptelike orgaan*, 55(2):121-146.

Zartman, I. 1987. *The 50% solution: How to bargain successfully with hijackers, strikers, bosses, oil magnates, Arabs, Russians, and other worthy opponents in this modern world*. Yale University Press: New Haven and London:.

BYLAAG A: LYS VAN DIE AFRIKANER-BROEDERBOND SE VOORSITTERS EN UITVOERENDE HOOFAMPTENARE

Voorsitters Afrikaner Broederbond (1918-1992)

Afrikanerbond (1992-2018)

DATUM	NAAM
1918-1924	H.J. Klopper (Henning)
1924-1925	Wm Nicol (William)
1925-1928	Ds. J.H. Greijbe
1928-1930	J.W. Potgieter
1930-1932	Prof. L.J. du Plessis
1932-1938	Prof. J.C. van Rooy (Joon)
1938-1942	Dr. N.J.N. Diederichs (Nic)
1942-1952	Prof. J.C. van Rooy (Joon)
1952-1960	Prof. H.B. Thom
1960-1972	Dr. P.J. Meyer (Piet)
1972-1974	Dr. A.P. Treurnicht (Andries)
1974-1980	Dr. G.van N. Viljoen (Gerrit)
1980-1983	Prof. C.W.H. Boshoff (Carel)
1983-1993	Prof. J.P. de Lange (Pieter)
1993-2000	T.L. de Beer (Tom)
2000-2004	Prof. F. Venter (Francois)
2004-2007	D.S. van Garderen (Deon)
2007-2010	Prof. P.F. Theron (Piérre)
2010-2014	P.J. Vorster (Pieter)
2014-2020	J.G. Schoeman (Jaco)
2020-	A.T. Wiese (Dries)

Lys van AB Voorsitters

Uitvoerende beamptes:

Sekretaris/Hoofsekretaris (1925-1995)
(1995-2010) Uitvoerende Direkteur
2010- (Hoofsekretaris)

Afrikaner-Broederbond (1918-1992)
Afrikanerbond (1992-2018)

1922-1925	L.J. Erasmus
1925-1952	I.M. Lombard (Ivan)
1952-1962	J.P. van der Spuy (Johan)
1962-1964	Dr. P.G.J. Koornhof (Piet)
1964-1993	T.J.N. Botha (Naudé)
1995-2000	Dr. J.H. Schoeman (Boet)
2000-2006	Dr. J.P.C. Mostert (Kobus)
2007-	J.P.G. Bosman (Jan)

Lys van AB Uitvoerende Hoofbeamptes